VIR ELKE DAG

'n Bybelse Dagboek
ten dienste van
die daaglikse gebruik
deur gelowiges.

1973

VOORWOORD.

Met die agste opeenvolgende uitgawe van **Vir Elke Dag** groet die redaksie alle lesers en spreek hy die hoop uit dat hierdie oordenkings mag bydra tot die opbou van leer en lewe in die kerk. Die bedoeling bly steeds dat die oordenkings saam met die aangegewe Skrifgedeeltes gelees sal word. Aan die medewerkers wat hierdie uitgawe moontlik gemaak het, ons hartlike dank, net soos aan ds. P. M. Smith wat die dagboek versorg het.

F. J. VAN ZYL.
B. J. ENGELBRECHT.
J. P. OBERHOLZER.

MEDEWERKERS:

1 — 6 Januarie: A. D. Pont.
7 — 13 Januarie: W. G. Habig.
14 — 20 Januarie: J. P. J. Wagenaar.
21 — 27 Januarie: F. G. J. Loots.
28 Januarie — 3 Februarie: L. A. Breedt.
4 — 10 Februarie: G. C. Velthuysen.
11 — 17 Februarie: C. J. J. van Rensburg.
18 — 24 Februarie: J. J. C. du Plooy.
25 Februarie — 3 Maart: J. H. Breytenbach.
4 — 10 Maart: M. J. du P. Beukes.
11 — 17 Maart: J. N. Wolmarans.
18 — 24 Maart: P. M. Smith.
25 — 31 Maart: J. H. Steenekamp.
1 — 7 April: J. A. A. Schroeder.
8 — 14 April: A. N. J. D. Alberts.
15 — 21 April: C. J. Viljoen.
22 — 28 April: F. J. H. Buitendag.
29 April — 5 Mei: S. J. Swanepoel.
6 — 12 Mei: J. W. Rhoda.
3 — 19 Mei: J. C. Kruger.
20 — 26 Mei: P. T. Jacobs.
27 Mei — 2 Junie: B. J. van Staden.
3 — 9 Junie: L. J. J. Nel.
10 — 16 Junie: D. J. C. van Wyk.
17 — 23 Junie: J. J. du Toit.
24 — 30 Junie: P. D. Smit.
1 — 7 Julie: A. J. G. Dreyer.
8 — 14 Julie: A. J. Zwarts.

15 — 21 Julie: G. J. van Staden.
22 — 28 Julie: J. H. Viljoen.
29 Julie — 4 Augustus: P. J. Kruger.
5 — 11 Augustus: W. C. van Wyk.
12 — 18 Augustus: A. T. McDonald.
19 — 25 Augustus: J. P. Oberholzer.
26 Augustus — 1 September: D. J. Booysen.
2 — 8 September: D. J. Dreyer.
9 — 15 September: J. M. Labuschagne.
16 — 22 September: A. T. McDonald.
23 — 29 September: C. J. van Schalkwyk.
30 September — 6 Oktober: D. J. A. G. du Toit.
7 — 13 Oktober: S. J. Botha.
14 — 20 Oktober: J. H. van Staden.
21 — 27 Oktober: H. M. E. Dreyer.
28 Oktober — 3 November: W. P. van der Merwe.
4 — 10 November: S. E. Young.
11 — 17 November: P. M. Smith.
18 — 24 November: J. G. M. Dreyer (Snr.).
25 November — 1 Desember T. F. J. Dreyer (Snr.).
2 — 8 Desember: P. W. Venter.
9 — 15 Desember: D. J. P. Stoltz.
16 — 22 Desember: A. Ras.
23 — 29 Desember: C. S. van H. Steenekamp.
30 — 31 Desember: G. C. Coetzee.

1 Januarie. **Lees** Matt. 3:1-12. **Teks:** Matt. 3:2.

DIE MESSIAS.

Johannes die Doper is die aankondiger van die Messias, die voorloper wat volk en land wakkerskud met die boodskap: „Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom." 'n Nuwe tyd het aangebreek. Tussen die afsluiting van die ou bedeling en aan die begin van 'n nuwe bedeling staan Johannes, die profeet, en roep die volk op.

In sy prediking waarsku Johannes dat die koms van die Messias 'n tyd van beoordeling sal inlui. „Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand." Johannes preek van bekering tot God en afkeer van die goddeloses en die God-vyandige. Hy bring 'n boodskap van 'n Messias wat kom om die wat aan Hom behoort bymekaar te maak.

Baie later, wanneer Johannes as 'n gevangene in die tronk sit, as alles anders is as wat hy dit verwag het, stuur hy na Jesus en laat vra: „Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Dan antwoord Jesus met 'n ou Jesajawoord: „ . . . blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig."

Die koninkryk van God waarvan Johannes preek en wat deur Jesus Christus verwerklik word is die oorwinning oor die sonde en die dood. Daarom sien die blindes, loop die kreupeles, hoor die dowes en word die dooies opgewek. Dit is miskien anders as die koninkryk wat die mens verwag. Omdat dit egter van God is, is sy koninkryk die antwoord op al die mens se diepste node. Die sonde word oorwin en aan die mens die gemeenskap met God geskenk.

Aan die begin van 'n nuwe kalenderjaar is dit goed om na te dink oor die nuwe waarvan Johannes gepraat het en wat deur Jesus Christus verwerklik is. Dit is die ewig-nuwe.

2 Januarie. **Lees** Matt. 4:1-11. **Teks:** Matt. 4:4.

DIE VERSOEKINGS.

Net nadat Hy in die Jordaan gedoop is, trek Jesus Hom in die woestyn terug. Net voordat Hy begin met sy openbare optrede word Jesus deur die Duiwel versoek. Al drie versoekings hang saam met Jesus se taak as Messias. Al drie versoekings bied aan Jesus aardse mag, glorie en heerlikheid sonder 'n lydingsweg en sonder 'n kruis.

Eers word Jesus gevra om brood te maak van die klippe. As dit sou gebeur, dan kan Jesus verseker wees van 'n algemene aanvaarding. Immers diegene wat voedsel uit klippe kan maak, kan die mensdom beheer want die mens moet eet om te kan lewe.

Dan word Jesus gevra om God te versoek en om Hom sodoende van God los te maak. As Hy hier toegee sal Hy 'n ander pad gaan as wat God bepaal het en God verloën.

Ten laaste word al die koninkryke van die wêreld Jesus aangebied. Hy moet Hom net aan die duiwel onderwerp. Dan sal Jesus die onbetwiste wêreldheerser word.

Jesus wys al drie hierdie versoekings af. Later antwoord Hy op hierdie versoekings as Hy ons leer om ons daaglikse brood van God te vra; om God te bid om ons nie in versoeking te lei nie maar van die Bose te verlos; om te bid dat God se koninkryk mag kom.

Daar is siniese mense wat sê dat die Christendom voor elkeen van hierdie versoekings wat deur Jesus afgewys is, geswig het. Daar is dan ook baie christene wat vergeet dat Jesus se afwysing van hierdie versoekings vir ons ook 'n bepaalde grens trek.

Ons moet leer om uit die geloof en die vertroue te leef. Want „die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Eers dan leef die mens.

3 Januarie. **Lees** Matt. 4:12-25. **Teks:** Matt. 4:22.

VOLGELINGE VAN JESUS

As Jesus begin preek dan gebruik Hy dieselfde wekroep as Johannes die Doper. Hy roep die mens op om deel te hê en deel te kry aan God se koninkryk. Die koninkryk is anders as die koninkryke van die wêreld. Dit blyk baie duidelik uit Jesus se optrede (Matt. 4:23). Later sê die apostel Paulus: „Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees." Dit is 'n koninkryk van sonde-vergiffenis, vrede met God en ewige blydskap.

Aan die begin van sy optrede roep Jesus manne om Hom te volg, manne wat die evangelie van die koninkryk eendag verder sal moet dra. Die merkwaardige is dat hulle terstond, ter wille van Jesus Christus, alles agterlaat: hulle nering, hulle familie, hulle tuiste. Die geloof in die koninkryk stel groot eise, maar die werklikheid van God se koninkryk is vir hulle meer as al hulle aardse verbondenhede.

Ons probleem is dat ons Jesus wel navolg maar dat ons al ons menslike insigte, opvattings en ideale ook met ons saamdra. Ons wil die evangelie, die kerk, die geloof gebruik om ons ideale, ter wille van onsself, te bevorder.

Voordat ons Jesus kan volg, kom die eis: Bekeer julle! Die volgende eis is om alles agter te laat en ons volkome oor te gee aan die evangelie, aan Jesus Christus en om Hom alleen te glo, te vertrou en te volg.

Wat dit beteken, druk die apostel so uit: „ . . . en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

4 Januarie. **Lees** Matt. 5:13-16. **Teks:** Matt. 5:13.

SOUTLOOS.

Hierdie teksvers is seker een van die mees bekende uitsprake van die Heer Jesus Christus. Dit word dan ook baie aangehaal en te pas en onpas gebruik. Die vraag is natuurlik wie Jesus aandui as „die sout van die aarde". Dit is duidelik dat dit 'n aanduiding is van die gelowiges, diegene wat Jesus Christus as ewige Seun van God en as Verlosser uit die sonde glo en aanvaar.

Dit is egter dan ook duidelik dat die ware gelowiges nie groot in getal is nie. Hulle is maar net sout van die aarde, nie die aarde self nie. Maar hoewel hulle getalle klein is, is die resultate van die geloof wat hulle ontvang het, byna buite verhouding groot. Daarom word die gelowiges ook aangedui as „die lig van die wêreld". 'n Klein bietjie sout kan baie voedsel smaaklik maak. 'n Klein liggie kan al 'n groot duisternis verlig.

Die donker kant van hierdie vergelyking is egter dat die sout laf kan word. Dit beteken dat dit nie meer 'n ware, suiwer geloof en evangelie is wat deur die gelowiges uitgedra word nie. As die kerk ophou om Jesus Christus as gekruisigde en opgestane Heer van die wêreld te bely, as die gelowiges nie meer die Bybelse geloof uitleef in die wêreld nie, nie meer lewende getuies van Jesus Christus, die Seun van God wil wees nie, dan het die sout laf geword.

Die evangelie wat ons van God ontvang is nie 'n rustige besit nie. Die gelykenis van die talente leer ons dat ons geroep word om met die evangelie te woeker. Of soos dit hier staan: om goeie werke te doen. Dit wil sê werke waarmee ons ons dankbaarheid uitdruk omdat die Here God ons uit die sonde verlos het, ons bevry het van die angs vir die dood en ons 'n ewige toekoms in sy komende koninkryk gegee het.

5 Januarie. **Lees** Matt. 6:19-24. **Teks:** Matt. 6:24.

DIENSBAARHEID.

Daar is twee groot magte wat oor die mens staan. God en teenoor God die Antichris, die Duiwel, die nie-goddelike. Dit is die goeie boodskap van die evangelie: Jesus Christus, die Seun van God, het gekom om ons, wat ellendige slawe van die sonde en die dood is, te bevry van ons onderhorigheid aan die Duiwel. Daarvoor is Jesus Christus gekruisig en het Hy uit die dood opgestaan as die groot oorwinnaar.

God skenk aan ons, wat dit nie verdien nie, die bevryding uit die slawerny. Soos die apostel Paulus dit stel: Julle is duur gekoop! Die losprys wat betaal moes word, was Jesus Christus self. Met die oog daarop sê Jesus dat dit onmoontlik is om twee here te dien. Fisies en geestelik is dit onmoontlik om sowel God as die nie-goddelike te dien. Of ons is kinders van God in die vryheid of ons is slawe van Mammon — daar bestaan nie 'n tussen-moontlikheid nie.

Ons mense is natuurlik van mening dat dit wel moontlik is om op twee stoele te sit. Die slawerny van die sonde is vir ons die bekende wat ons nie graag wil mis nie. Die vryheid van die kind van God is vir ons die vreemde en daarom begeer ons dit nie. Feitlik beteken dit dat ons nog nooit werklik probeer besef het wat dit beteken dat Jesus Christus ter wille van ons gekruisig is nie.

Die apostel Paulus sê: Julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. Losgekoop uit die mag van die sonde behoort ons met ons hele mens-wees aan God, in alles wat ons doen en dink. Daarom is die diens van God nie 'n nuwe wet of 'n straf nie, maar 'n vreugde, 'n totale lewenshouding want ons behoort aan God en kan geen ander heer dien nie.

6 Januarie. **Lees** Matt. 6:25-34. **Teks**: Matt. 6:33.

DIE BELANGRIKSTE.

As die Seun van God op aarde gebore word, gaan die hemele oop en sing die engele „Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae." Dit is die begin van 'n nuwe tyd. Daarom as Jesus met sy prediking begin, roep Hy die mense toe: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. God tree in in ons mense wêreld en sy koninkryk kom baie naby aan ons. Jesus se wonders en tekens is dan ook om die mense te wys hoe God se koninkryk is en sal wees, hoe dit is en sal wees as die sonde nie meer bestaan nie en die mens in geregtigheid voor Gods aangesig leef.

Die koninkryk van God het naby gekom maar nog nie ons aardse, sondige bestaan vervang nie. Nog leef ons in die sonde, nog is ons ellendige slawe van die dood, nog worstel ons met die reste van die mag van die Duiwel oor ons. Deur die geloof weet ons egter dat die sonde en dood geen finale seggenskap meer oor ons het nie. Ons is mos losgekoop uit ons slawerny om kinders van God te wees. Nou wag ons vir die voltooiing wanneer God se koninkryk ons aardse bedeling sal vervang en al God se beloftes aan ons waar gemaak sal word.

Hier leer Jesus Christus ons dat die koninkryk van God, die vrede met God, die lewe in geregtigheid voor God die alles-oorheersende, die belangrikste in ons lewe moet wees. Die sonde en die dood is na Jesus se opstanding werklik oorwonne vyande. Ons moet ons nie te veel oor die reste van hulle mag oor ons verknies nie. Ons word opgeroep om allereers die koninkryk van God se soek, te lewe uit die hoop en die verwagting van die toekoms. God skenk ons in Jesus Christus die groot verlossing — daarmee saam, daarna, sal Hy, die Almagtige, ons ook alles gee wat ons nodig het sodat ons kan lewe en in die geloof staande kan bly.

Die belangrikste is God se dade en beloftes. Daarvolgens moet ons leef.

7 Januarie. **Lees** Luk. 7:1-10. **Teks**: Luk. 7:6 en 7.

OP PAD MET DIE ONWAARDIGES.

Jesus was besig om Homself aan die wêreld te openbaar. Hy het na die in-nood-gedompelde mens gekom om die mens in nood op te hef.

Terwyl Jesus werkend op pad was het ouderlinge na Hom gekom met 'n boodskap van 'n Romeinse offisier, wie se kneg op sterwe gelê het. Die ouderlinge het hom waardig geag om deur Jesus gehelp te word. Die ouderlinge verklaar die offisier waardig op grond van sy goeie gesindheid teenoor die volk; op grond van wat hy as heiden al vir die volk gedoen het.

Daardie offisier het anders gedink, want toe Jesus nie ver van sy huis af was nie, het hy vriende na Jesus gestuur met die woorde: „Here moenie moeite doen nie want ek is nie werd dat u onder my dak inkom nie." Hierdie hoofman het van Jesus gehoor. Dit was genoeg. Hy het sy eie onwaardigheid geken en bely. Jesus se woord was vir hom genoeg — vir hom en vir sy mense. Hyself het geen aansprake gehad nie. Miskien het hy besef hoe groot sy sonde en ellende was. (Heidelbergse Kategismus Vr. 2).

Daarom „sê dit maar net met 'n woord en my kneg sal gesond word."

Ook vir ons wat nie anders as onwaardig voor Jesus Christus te staan kom nie, is sy Woord genoeg. Die hoofman oor honderd se geloof in Jesus Christus is bevestig deur die woord wat hy gehoor het. God het ook aan ons sy Woord gegee — aan ons die onwaardiges, die sondaars, ja juis vir ons wat weet dat ons onwaardig is. Deur sy Woord is daar ook vir ons geloof en daarom verlossing.

8 Januarie. **Lees** Lukas 7:11-17. **Teks:** Luk. 7:13.

OP PAD MET DIE WENENDES.

Op pad na Jerusalem en die kruis is Jesus steeds besig om te werk. Hy het met sy lewe op aarde te staan gekom midde in die nood van die mensdom. Sy pad het ook deur 'n stad met die naam van Nain gegaan. Naby die poort van die stad het Hy iets gesien wat vir ons bekend is — 'n begrafnisstoet, waaroor daar, soos vandag nog, 'n gees van somberheid en droefheid en trane gehang het, Jesus Christus, die Lewensvors, die Maghebber oor lewe en dood, het ook tyd vir die weduwee van Nain, want Jesus het die dood geken. Jesus het die ontwrigting en die vereensaming wat die dood te weeg bring, geken. Kan daar groter eensaamheid wees as die eensaamheid wat die dood te weeg bring?

Maar Hy die Lewensvors is ook op pad na die eensames; op pad na ons. Hy het die mag van die dood oorwin. 'n Leë graf in die tuin van Josef van Arimathea was daarvan die getuie.

Ook vir ons die eensame klein mensies van hierdie wêreld is daar vertroosting. Jesus Christus het ook ons nie sonder hoop gelaat nie. Hy kom ook na my. Ons moet maar net wag.

9 Januarie. **Lees** Luk. 7:18-35. **Teks:** Luk. 7:29-30, 31.

DIE WOORD BRING OOK SPANNING.

Van die kant van die mens is daar altyd aksie of reaksie op die spreke van God. Die Woord is 'n twee snydende swaard. Wie glo word behou vir die lewe. Wie nie glo nie word verwerp.

Nou lees ons dat die volk en die tollenaars, toe hulle die Woord van Jesus die Christus gehoor het, God geregverdig het deur hulle te laat doop met die doop van Johannes. Dit beteken dat hulle met geloof na God gaan gryp het, by die besef dat God in Christus sy hand na 'n verloregaande mensdom uitgesteek het. Hulle het erken en bely dat God die reg het om die mens en sy bekering tot God, te eis. Daarom het hulle met dankbaarheid nie net gehoor nie maar gedoen. Hulle het hulle deur Johannes laat doop. Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het geweier. Hulle het die voorloper van Jesus naamlik Johannes nie geglo nie. Hulle het daarmee Christus self verwerp. Hulle wou in eie geregtigheid lewe. Hulle het hulle daarom doof gehou vir die Woord en blind vir die sakramente. Die volk en die tollenaars het teenoor die Fariseers te staan gekom. Die kerk het teenoor die wêreld te staan gekom. Van die begin af was daar spanning. Die Woord van Jesus Christus bring altyd spanning maar ook hemelse vreugde vir hulle wat waarlik glo.

10 Januarie. **Lees** Luk. 7:36-50. **Teks:** Luk. 7:47.

DIE WOORD BRING VREDE.

Hierdie vrou van wie ons gelees het, was 'n sondares. Sy was wat ons sal bestempel 'n slegte vrou. Sy was een van daardie deel van die mensdom wat deur baie mense in die kerk, as die verlorenes beskou word. Aan haar was daar, volgens die Fariseër, geen salf te smeer nie. Sy was slavin van die sonde. Maar die blye boodskap van verlossing dring baie dieper deur as wat die mens ooit kan aanvaar. Jesus Christus se boodskap van vergewing en lewe, het ook in haar lewe werklikheid geword. Deur die werking van Gods Gees is sy omskep tot diensmaagd van die Here. 'n Diensmaagd van die sonde het diensmaagd van die Here geword.

Soos dit 'n diensmaagd van die Here betaam gaan sy dan na Jesus toe. Maar Simon die Fariseër, het Fariseër gebly. Vir hom was daardie vrou verlore. Haar trane en berou en haar diensbetoning het vir hom niks gesê nie. Hy wou nie Gods genade begryp nie. Uit dankbaarheid doen die sondares baie meer as die Fariseër. Sy was Jesus se voete met haar hare. Sy soen Jesus se voete. Sy salf Jesus se voete. Dit het sy uit dankbaarheid gedoen, en aan haar word gesê: „Jou sondes is vergewe. Jou geloof het jou gered, gaan in vrede." Die vrede van God wat elke verstand te bowe gaan het deel van haar lewe geword.

11 Januarie. **Lees** Luk. 8:1-15. **Teks:** Luk. 8:11.

ONS DEEL VAN GOD SE SAAILAND.

Deur Jesus se prediking het Hy die verborge raad van God en Gods koninkryk aan die mense bekend gemaak. Jesus het in 'n taal gespreek wat die mense kon verstaan en deur die gelykenis wat Hy vertel het, kon hulle nog beter verstaan.

Die bekende gelykenis van die saaier was vir die mens 'n alledaagse vertelling. Hulle het tog immers 'n saaier geken. Hulle het die grond geken waarin die saad te lande gekom het. Hulle het geweet van die saad wat ontkiem en wat groei. Vir hulle was dit bekend dat saad wat op die pad uitval deur die voëls opgepik word; dat die saad wat op rotsagtige grond val later tog deur die son doodgebrand word; dat onkruid die saad laat verstik; dat saad wat in goeie grond val, groei en sal vrug dra. Hierdie beeld was vir hulle alledaags. Wat wou Jesus tog daarmee sê.

Die saad is die Woord van God. Die hart van die mens is die saailand. Ons is God se saailande. Hy wil dat die Woord tot ons sal kom, want wie die Woord reg ontvang het, en dit in goedbereide grond, sal veel vrug dra. Hy sal beantwoord aan die doel wat God met hom het.

12 Januarie. **Lees** Luk. 8:16-18. **Teks:** Luk. 8:18.

ONS IS GOD SE LAMPE.

„Heer u Woord is my fakkel wat sy ligglans voor my dra. Voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja." Die Woord van God is bestem om ons soos 'n lamp, die geestelike duisternis uit die mens se lewe te verdryf. Deur die sonde heers daar geestelike duisternis in die lewe van die mens. Dit is 'n duisternis wat die mens op dwaalweë plaas; die mens laat soek na valse lewensankers en valse lewenswaardes.

Die saad van die saaier, die Woord van God bring egter verandering en vernuwing in ons lewe. Die Woord gee rigting en maak ons doelgerig. Dit is 'n blye boodskap. Dit leer ons van blywende en ware lewenswaardes. Gods Woord is 'n magtige vingerwysing na die Anker in lewe wat ewig is. Maar nou dat die duisternis deur die Woord uit ons lewens verdryf is, kan ons ons nie in 'n donker hoekie daarin gaan verlustig nie, want genade ontvang en dissipel van die Here word, kan nie van mekaar geskei word nie. Wanneer die lig van Gods genade in my lewe dus 'n werklikheid geword het, dan gaan deur my lewe, sy lig in die wêreld skyn, sodat die donker uit die lewe van my mede-reisigers verdryf kan word.

13 Januarie. **Lees** Luk. 8:26-39. **Teks:** Luk. 8:37.

SONDER GELD EN SONDER PRYS.

Deur Jesus Christus het God sy liefde aan die wêreld openbaar. Ook daar in Gadara gaan die Here voort met sy taak. Hy ontmoet 'n man wat van duiwels besete was: 'n lewenswrak; 'n uitgeworpene wat die samelewing aangaan: 'n gevaar vir sy medemens.

Ongevraagd en teen die man se sin ontferm Jesus Hom oor hierdie man. Hy genees hom. Hy openbaar Gods genade aan hom. Dit doen Jesus sonder prys en rekening. Hy maak van die besetene 'n nuwe mens. Maar hulle wat altyd vir hom gevlug het, kom en sien die man sit aan die voete van Jesus, gekleed en by sy verstand. Deur die man sien hulle God se genade en liefde vir 'n besete mensdom. Vir hulle was dit moeilik te verstaan. God se genade aan die mensdom is nie te verstaan nie. Ons kan dit net glo. Wie dit wil verstaan sal met vrees en onsekerheid vervul word. Die Gadareners wil daarom niks met Jesus te doen hê nie. Hulle wil Hom weg hê.

Waarom vlug ons dikwels vir die Here? „O, almal wat dors het kom na die waters en wie geen geld het nie, kom koop en eet sonder geld en sonder prys . . . " Hoe sal ons dit ooit verstaan? Gods genade is nie te begryp nie, want dit is God se werk aan die mens. God se genade is nie te koop nie. Wie daarin deel ontvang dit sonder geld en sonder prys. Jesus Christus is God se genadegawe aan die mens.

14 Januarie. **Lees** Matt. 8:5-13. **Teks:** Matt. 8:8.

MENSWAARDIGHEID.

Na afloop van die bergrede kom Jesus weer na Kapernaum. Hier vind die voorval dan plaas tussen Jesus en die hoofman oor honderd. Hierdie hoofman was 'n offisier van Herodes Antipas, die viervors van Galilea. In Lukas, wat hierdie gebeure in meer besonderhede as Matt. vermeld, hoor ons dat hierdie hoofman in noue verbondenheid en liefde met die Joodse volk geleef het. Sodanig dat hy selfs vir hulle 'n sinagoge laat bou het.

Wanneer Jesus dan in Kapernaum kom, is 'n geliefde kneg van hierdie hoofman ernstig siek. Lukas vertel dat hy van die Joodse ouderlinge stuur om by Jesus te pleit om sy kneg te genees. In hierdie smeking by Jesus vir die hoofman, sê hulle: „Hy is dit werd dat U dit vir hom doen."

Maar wanneer Jesus by sy huis kom dan sê hierdie gelowige hoofman: „Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie."

Die mense dink geweldig baie van die hoofman. Daarom sê hulle vir Jesus dat hy Jesus se hulp en liefde waardig is. Maar wanneer hy voor die Seun van God staan, besef hy sy sonde en onwaardigheid.

Juis in die besef van sy eie onwaardigheid en dat hy sonder verdienste staan, blyk sy geloof. Daarom ontvang sy kneg van Jesus genesing.

Die mens was nog altyd so dat dit vir hom belangrik is wat ander mense van hom dink en sê. Die mens is baie keer tevrede as ander veel van hom dink en as hy 'n goeie indruk voor die mense maak. Tegelyk word daar dikwels in ons tyd oor menswaardigheid en die regte van die mens gepraat.

Nou leer die Woord van die Here ons egter dat dit voor die Here nie saak maak wat die mense van ons dink of sê nie; dat menswaardigheid en menseregte voor Hom nie bestaan nie. Voor Hom kan ons alleen sê: „Here ek is nie werd . . . . . ." Deur die geloof in Jesus Christus alleen, kry die mens waardigheid. Deur die geloof alleen word die sondaarmens kind van God wat genade en die lewe ontvang.

15 Januarie. **Lees** Matt. 8:14-17. **Teks:** Matt. 8:16 en 17.

VERVULDE PROFESIE.

In die bekende Jesaja 53 spreek die profeet oor die koms van die Messias, die lydende Kneg van die Here. Hy profeteer oor Hom wat ter wille van die oortredinge van die mens deurboor sal word en wat die straf op Hom sal neem om vir die mens vrede te bring.

Met die koms van Jesus Christus na die aarde toe, gaan hierdie profesie in vervulling. Op 'n besondere wyse word die woorde van Jesaja vervul in die gebeure van Matt. 8. Toe dit aand geword het op 'n sekere sabbat, word 'n groot aantal siekes en lydendes na Jesus gebring. Hulle kom in die aand omdat die sabbat na sononder eindig. Al hierdie siekes en lydendes word deur Jesus op daardie aand gesond gemaak.

Mattheus sluit die vertelling van hierdie gebeure af deur te sê: „sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra." Dit is die teken dat die Messias, die Verlosser, gekom het.

Siektes en ellendes en beproewinge in die algemeen, is die gevolg van die sondeval van die mens. Die mens wat teen God gesondig het, het van God gehoor dat hy smarte en moeite sal ken; dat hy met moeite van die aarde sal eet, al die dae van sy lewe.

Maar in sy liefde en genade het God Hom oor die mens ontferm. Daarom het die Messias, Jesus Christus, na die aarde gekom. Die oorsaak van al die ellendes en beproewinge van die mens, naamlik sonde, het Hy deur sy lyde en sterwe oorwin. Deur sy verlossingsdade van genesing op aarde, wys Jesus dat deur sy volkome verlossingswerk aan die kruis van Golgotha, die volmaakte en heerlike op die gelowige wag in die koninkryk van God. Daar waar geen trane en geen dood en geen droefheid en geween en moeite meer is nie.

16 Januarie. **Lees** Matt. 8:18-22. **Teks**: Matt. 8:22.

LEWE OF DOOD.

Wanneer Jesus hier aan 'n man sê: „Volg My," dan lyk dit asof hier nou een geval is waar iemand werklik goeie rede het waarom hy nie onvoorwaardelik 'n volgeling van Jesus kan wees nie. Hy willig in om Jesus te volg maar vra eers uitstel om sy vader te gaan begrawe. Dit is die verpligting van 'n seun wat die Jode uiters belangrik geag het. So het Josef byvoorbeeld van Farao toestemming gevra om sy vader te gaan begrawe en is ook Abraham deur sy seuns te ruste gelê.

Onverwags kom die antwoord van Jesus egter: „. . laat die dooies hul eie dooies begrawe." Wie is hierdie „dooies" wat hulle oor die gestorwenes moet ontferm? Dit is hulle wat in Jesus nie glo en Hom nie dien nie. Diegene dus, wat geestelik dood is. Hulle moet hulle maar oor die dooies bekommer.. Daarenteen is Jesus die openbaring van die ware lewe. Daarom het Hy ook gesê: „Wie in My glo, het die ewige lewe."

Lewe is dus meer as om net te bestaan en asem te haal. Om te lewe beteken om in Jesus Christus te glo en Hom te dien- Hy wat moes sterf sodat ons kan lewe. Wie hierdie lewe met Christus soek, moet onvoorwaardelik breek met die wêreld van hulle wat geestelik dood is. Die teks leer ons dat ons nie albei kan kies nie. Weens ons sonde en oortredinge lê ons midde in die dood. Daarom soek ons die lewe en vind ons dit ook in Jesus Christus. Wie in Hom glo en Hom volg en Hom dien vind die ware lewe. Dit is die lewe wat vir ons werklik vrede en vreugde en vryheid inhou. Dit is die lewe wat selfs oor graf en dood heen reik want Jesus self het gesê: „Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."

17 Januarie. **Lees** Matt. 8:23-27. **Teks**: Matt. 8:26.

DIE OORWINNAAR OOR DIE BOSE.

Jesus en sy dissipels is saam op 'n boot op die See van Galilea. Hulle vaar na die grondgebied aan die oostekant van die see. Die dissipels wat ervare en geharde vissers is hanteer die boot op hierdie vaart. In die agterstewe lê Jesus en slaap. Dan tref 'n geweldige storm die boot. Die geweld van die wind en die golwe is sodanig dat dit dreig om die boot en sy bemanning te vernietig. As die bevreesde dissipels vir Jesus uit sy slaap wek en beangs smeek dat Hy hulle moet red, bestraf Hy hulle: „Waarom is julle bang, kleingelowiges?" Op die bestraffing van Jesus bedaar die wind en die golwe en 'n groot stilte en kalmte bring veiligheid aan die bemanning van die boot. Die woorde van die psalmdigter in Psalm 89 het hier in vervulling gegaan: „U heers oor die trotsheid van die see; as sy golwe hulle verhef, bring U hulle tot bedaring."

Volgens die denkwyse van daardie tyd was die see die simbool van die dood en die onheilsmagte van satan. Ons lees ook in Openbaring dat die tyd van die nuwe hemel en aarde sal aanbreek en dat die see nie meer daar sal wees nie. Christus se oorwinning oor die bose het dan volkome geword.

Nou bestraf Jesus die dissipels hier vanweë hulle kleingeloof. Hulle het die aanslag van die bose gevrees terwyl die Here wat oor alles mag het, in hulle midde was.

In ons tyd woed die aanslae van die bose steeds voort en dreig dit steeds om ons te vernietig. In tientalle verskillende vorms poog die satan om die kerk en die gelowiges in sy mag te kry. Ons troos lê egter in een feit: Aan die kruis van Golgotha het Jesus Christus reeds die oorwinning behaal. Deur sy Woord en Gees is die Here nou met ons en lei Hy ons in die stryd van die geloof wat ons stry totdat ons eendag saam met Hom in sy koninkryk oorwinnaars kan wees.

18 Januarie. **Lees** Matt. 9:1-8. **Teks:** Matt. 9:2.

DIE GROOTSTE NOOD.

Nadat Jesus en sy dissipels die platteland van Galilea deurreis het, keer Hy nou terug na Kapernaum. Toe die nuus versprei het dat Jesus in die dorp is, kom daar talle na die huis waar Hy was. Onder die groot skare is ook die skrifgeleerdes en Fariseërs wat kritiek luister en kyk na alles wat Jesus sê en doen.

Na hierdie samedromming van mense word 'n verlamde man op 'n bed na Jesus gedra. Markus en Lukas verhaal hoe hy deur sy draers deur die dak van die huis tot aan die voete van Jesus laat sak is.

'n Man in nood lê daar aan die voete van Jesus. Hy is verlam en aan sy bed vasgekluister. Baie vreugdes in die lewe moet hy ontbeer. Hy is aangewys op ander mense om hom deur die lewe te help.

Maar dan wend Jesus Hom tot daardie man in sy nood en onverwags spreek Hy hom met die woorde aan: „Seun, jou sondes is jou vergewe." Deurdat Jesus dit vir hom sê, wys Hy aan daardie man en aan almal wat daar teenwoordig is wat daardie verlamde se grootste nood en grootste behoefte is. Sy grootste nood is nie sy aardse behoeftes of sy gebrek aan geluk op aarde vanweë die feit dat hy verlam is nie. Sy grootste nood is sy sondenood en daarvan verlos Jesus hom en gee so aan hom ware vreugde in die lewe.

Volgens die gedagtewêreld van daardie tyd was 'n siekte of ellende die direkte gevolg van een of ander sonde teen God. Om daarom vir almal daar teenwoordig te wys dat hierdie man se sonde werklik vergewe is, genees Jesus hom en stuur hom gesond na sy huis terug.

Die mens van vandag is met al sy krag besig om die volmaakte hier op aarde te soek. Met al sy mag streef die mens daarna om die hoogste geluk en vreugde hier en nou te vind. Die grootste nood en behoefte van die mens is egter nie sy aardse nood nie, maar sy sondenood. En daaruit is daar alleen deur Jesus Christus verlossing. Sodanige verlossing dat die volmaakte en die heerlike in die koninkryk van God vir die mens moontlik word.

19 Januarie. **Lees** Matt. 9:9-13. **Teks:** Matt. 9:13.

UITERLIKE GODSDIENS.

Dit is opmerklik dat Jesus algaande die klem sterker lê op die vergewing van sondes en dat Hy gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem en aan die berouvolle sondaar sy vergifnis en genade te skenk. Dit blyk ook in hierdie botsing tussen Jesus en die Fariseërs, nadat Hy Mattheus die tollenaar, as dissipel geroep het.

Die tollenaars van daardie tyd is as veragtelik beskou. Deur hul optrede in diens van die Romeine en hulle voortdurende aanraking met heidene, is hulle as onrein beskou en uit die Joodse samelewing uitgeskuif.

So 'n tollenaar word deur Jesus as dissipel geroep en Hy en sy dissipels gaan saam met sulke tollenaars aan tafel. Hierdie optrede van Jesus word deur die Fariseërs afgekeur omdat Hy die ingewortelde sosiale gebruike en voorskrifte verontagsaam.

Toe Jesus hulle ontevredenheid verneem, spreek Hy hulle aan deur Hosea 6:6 aan te haal, wat hulle immers goed behoort te ken: „Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie." Hosea het die volk van sy tyd al bestraf omdat hulle veel klem gelê het op die uiterlike optrede soos die offers, terwyl die gesindheid van hulle hart nie geloof en liefde vir God is nie. Wat help dit om die uiterlike voorskrifte te behou, terwyl die liefde tot God en die naaste ontbreek? In teenstelling met die Fariseërs verkondig Jesus nie net vergifnis nie, maar skenk Hy dit in sy genade en liefde aan die grootste sondaar.

Vir die kerkmens van vandag lê hier 'n belangrike waarskuwing in. Ons moet waak daarteen om nie maar tevrede te wees met ons uiterlike godsdiensbeoefening — natuurlik is dit uiters belangrik — terwyl die geloof in Jesus Christus en ons diens aan Hom nie in ons hart en lewe tot sy reg kom nie.

20 Januarie. **Lees** Matt. 10:32-42. **Teks:** Matt. 10:34.

SKYNBARE TEENSTRYDIGHEID.

By die geboorte van Jesus Christus het die engelelied oor die velde weerklink: „Eer aan God in hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae." Hierdie lied dra dus die boodskap dat die koms van die Messias vrede op aarde beteken.

Nou hoor ons egter hier uit die mond van Jesus self hierdie woorde: „Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard."

Die engelelied sê: Vrede op aarde. Maar Jesus sê: Ek het nie gekom om vrede te bring nie. Op die oog af lyk dit na 'n duidelike teenstrydigheid. En tog is albei hierdie sinne deel van die een boodskap dat Jesus Christus na die aarde gekom het vir die verlossing van die mens.

Sy koms het vrede gebring. Weens sy sonde is daar skeiding en stryd tussen God en die mens. Maar deur Jesus se koms is hierdie afstand oorbrug en het die mens vrede met God omdat hy kind van God geword het. In Christus het die mens ook nou vrede met sy naaste wat nou sy broer geword het.

Maar Jesus se koms het ook die swaard gebring. Die tweesnydende swaard wat die beeld is van stryd en verdeeldheid. Ook dit hou Jesus se koms in want nou moet elke mens kies: of vir Hom of teen Hom. Selfs deur die nouste familiebande kloof hierdie swaard.

Elke dag van ons lewe staan ons in die geloofstryd waar ons die keuse moet maak: of vir die Here of teen Hom. En as ons dan kies om Hom te dien en glo, dan vind ons die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

21 Januarie. **Lees** Matt. 11:1-15. **Teks:** Matt. 11:3.

TWYFELVRAE.

Het hierdie vraag nog nooit in ons denke plek ingeneem nie: hoe kan Jesus Christus die Verlosser wees as daar nog soveel pyn en smart, ongelukke en onheil op aarde is? Ons moet ook in hierdie verband maar eerlik wees. Ons is tog seker nie sterker en standvastiger in ons geloof as Johannes die Doper nie.

Terwyl hy in die gevangenis opgesluit sit, terwyl hy hom verlate van almal gevoel het, het daar 'n kwellende vraag in sy gemoed navore gekom. Daarom het hy twee van dissipels na Jesus gestuur met hierdie indringende vraag: „Is U die Een wat sou kom of moet ons 'n ander een verwag?" Johannes se vraag is ons vraag. Wanneer donker onheilsnagte ons tref, dan vra ons, murmureer en twyfel ons.

Johannes het in die tronk beland, omdat hy as voorloper van die Verlosser opgetree het. In sy lewenswandel het Johannes gepoog om hom te hou aan dit wat hy in die woestyn verkondig het: „Bekeer julle." Nou is dit hierdie selfde Johannes wat 'n twyfelvraag uiter: „Is U die Een wat sou kom?"

Wat was Jesus se reaksie hierop? Is Hy verleë, bly Hy hulle 'n antwoord skuldig? Nee, hierdie aangrypende woorde word hulle toegevoeg: „Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig."

Dit is wat Jesus kom doen het. Hy het die werk wat God die Vader aan Hom opgedra het, kom uitvoer. Hy het nie gekom om Johannes die Doper of enige ander mens se werkopdragte uit te voer nie. Daar hoef geen twyfel te bestaan nie, want Hy is Jesus wat sy volk van hulle sondes kom verlos het.

22 Januarie. **Lees** Luk. 7:18-35. **Teks:** Matt. 11:6.

JESUS DIEN AS STRUIKELBLOK.

'n Struikelblok op die lewensweg dien vir die mens as iets waaraan jy jou stoot, waarteen jy stamp, waaroor jy val. Dit dien as 'n verhindering sodat jy nie jou lewenspad sonder ongerief kan aandurf nie. Dit is nie alleen natuurlike dinge soos klippe, ongelukke en rampe wat 'n mens laat struikel nie, maar daar is ook talle hindernisse in die geestelike weg.

As ons die teks noukeurig gelees het, sien ons dat Jesus as aanstoot kan dien. Terwyl Johannes in die kerker opgesluit sit, is daar talle twyfelvrae wat in sy binneste opborrel. Die padregmaker, die voorloper van Jesus sit in die tronk. Hy wat van die Lig getuig het, hy wat hierdie Jesus gedoop het, hy struikel in die geloof. Hy wat in sy prediking betuig het dat die waaragtige Lig in die wêreld kom skyn het, vir hom is daar iets waaraan hy hom stoot. Moontlik kon hy nie begryp waarom hy in die gevangenis moes sit nie. Moontlik het hy verwag dat Jesus vir Herodes van sy troon moes ruk en hom, Johannes, uit die tronk moes bevry.

Maar Jesus het nie gekom om 'n hemel op aarde te vestig nie. Hy is nie maar net 'n wonderdoener wat aan die uiterlike sake sy aandag moet wy nie. Hy is die Christus in wie ons moet glo, sodat ons in die hoop kan seëvier, in die verwagting kan voortleef.

Elkeen dan wat Jesus Christus net vir die uiterlike wins in sy lewe opsoek, hy word jammerlik teleurgestel. Vir hom word Jesus 'n aanstoot. Weet dan dat Hy gekom het om ter wille van ons sy lewe aan die kruis af te lê, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

23 Januarie. **Lees** Matt. 11:25-30. **Teks:** Matt. 11:28.

'N DRINGENDE UITNODIGING (1)

Elkeen van ons ken die woelinge en onrus wat in die binneste knaag. Daar is talle gebeurtenisse in ons kort en verganklike lewe wat ons gemoedere beswaar, wat ons uitput tot die dood. Soms stort ons beste en mooiste lugkastele in duie, ons beste planne ly skipbreuk, ons mooiste drome bly onvervuld. Daar is soveel dinge wat ons geluk verstoor, wat ons hoop en verwagting laat kwyn.

Ons is mense. Die een mens sien die ander se onrus raak. Terwyl Jesus op aarde rondgewandel het, het Hy ook die vele probleme raakgesien waarmee die mense belas was.

As ons die geskiedenis van daardie tyd nagaan waarin Jesus as mens tussen ander mense beweeg het, sien ons dat dit 'n tyd van godsdiensverpligtinge was. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het hulle daarop beroem dat hulle die wysheid in pag het. Hulle het voorgegee asof hulle deur hulle vrome lewenswandel reeds die volle saligheid besit. Hulle was die persone wat na tekens gevra het, wat die sogenaamde mag van Jesus wou sien. Hulle het deur selfopgelegde wette en verpligtinge, die mens gedwing om soos hulle te dink, te doen en te glo.

Hierdie Fariseërs het die liefde as die groot gebod oorboord gegooi. Hulle wou almeer invloed uitoefen. Jesus het die Fariseërs skerp bestraf en sy dissipels teen hulle gewaarsku. Hierdie Fariseërs het 'n geveinsde optrede gehad en het weerstand gebied teen Hom wat deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is.

Wanneer Jesus dan hierdie bemoedigende, hierdie dringende uitnodiging rig om na Hom te kom, dan doen Hy dit, omdat Hy sien dat die Fariseërs en skrifgeleerdes baie onrus en kwellinge veroorsaak het. Goddank, daar is Een wat in stryd en aanvegtinge die mens nie aan sy eie lot oorlaat nie. Hierdie uitnodiging kom ook tot ons wat in 'n verwarde wêreld leef, 'n wêreld wat net homself liefhet.

24 Januarie. **Lees** Jes. 40:27-31. **Teks:** Matt. 11:29.

'N DRINGENDE UITNODIGING (2)

Geeneen van ons kan dit wegredeneer nie dat ons in 'n tyd leef wat gekenmerk word deur baie aanslae en aanvegtinge. Ons leef in 'n wêreld wat met 'n dolle gejaagdheid vorentoe beweeg. U en ek staan nie los van al hierdie dinge, ons staan nie gerieflik op 'n afstand om alles as toeskouer te betrag nie. Ons is in die wêreld. Kyk ons na die druk wat van alle kante op ons uitgeoefen word, hoor ons die kreet dat God dood is, dan staan ons ook verslae.

Let ons op die omstandighede waarvan in die teks sprake is, dan bemerk ons 'n tydperk waar die Fariseërs opgetree het as die geestelike leiers van die volk. Hulle was diegene wat die wet gehou het. Hulle het egter in hierdie opsig gedwaal. Hulle het die wet na die uiterlike gehou, hulle het probeer om deur allerhande kunsies hulle aan die eintlike bedoeling van die wet te onttrek. Waar die wet in hulle smaak geval het, het hulle dit nagekom. Sodra die wet anders sê as wat hulle wou doen, het hulle dit verontagsaam.

Net so het die ware liefde tot God by die skrifgeleerdes ontbreek. Dat hierdie Fariseërs en skrifgeleerdes invloed uitgeoefen het onder hulle volksgenote, is seker en gewis. Hulle het die lewensloop met voorskrifte en instellings oordek. Die Jode van daardie tyd het geen rus, geen innerlike sielevrede ondervind nie. Hulle is geleer om die eie geregtigheid op te bou. Jesus, met sy boodskap van bekering en verlossing moes vergeet word. Die mens is self innerlik so goed dat 'n Saligmaker nie nodig is nie.

Jesus spreek juis in hierdie tyd dat, sy dissipels, dat, sy volgelinge, sy juk op hulle moes neem en, sy las moes dra. Onder Jesus se juk verstaan ons sy gebooie, die geregtigheid van die koninkryk van die hemele en die lewe van dankbaarheid.

Kyk ons terug, dan sien ons dat Hy die las van die toorn van God teen die sonde gedra het. Ons mag alleen as dankbare gelowiges aan God alles oorgee, in eerste instansie, onsself.

25 Januarie. **Lees** Matt. 12:15-21. **Teks:** Matt. 12:20.

DIE GENAKTE RIET EN DOWWE LAMPPIT.

In hierdie teks word van 'n treffende beeld gebruik gemaak. In hierdie woorde lê daar ryke en bemoedigende troosgedagtes opgesluit. Elkeen van ons ken 'n riet. Die ondervinding het ons geleer dat ons 'n riet nuttig kan aanwend, maar net so waar is dit dat 'n riet wat geknak is, geen doel dien nie. So 'n geknakte riet is 'n treffende voorstelling van ons eie swakheid en kragteloosheid.

Net so ook is 'n dowwe lamppit. 'n Pit wat genoegsaam olie uit sy voorraad trek, 'n pit wat skoon is, is bruikbaar. Dit straal lig in die duisternis uit. 'n Lamppit wat kwyn en dof geword het, wat besig is om in rokerigheid dood te gaan, kan geensins nuttig aangewend word nie. Die dowwe lamppit is vir ons teken van hierdie lewe wat uitgeblus word.

Hierdie beeld van die geknakte riet en die dowwe lamppit word nou toegepas op die mens in al sy gebrokenheid, in sy ellende en swakheid. Meteens herinner ons aan dit wat die psalmdigter geskryf het: „Die mens — soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. As die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie."

Nou dien dit waarlik as troos dat Jesus nie die geknakte riet sal verbreek en 'n lamppit wat rook, sal uitblus nie. As Verlosser, as Kneg van God verbreek Hy nie, maar genees Hy, blus Hy nie uit nie. maar red Hy.

So het Hy in ons plek en ter wille van ons sy lewe ingeboet, sodat ons krag mag put aan die duskant van die graf. Om ons te red, om ons te verlos het Hy aan die kruis op Golgota gesterf. Maar ons mag saam met Paulus juig en jubel: „Die dood is verslind in die oorwinning." Die oorwinning van Jesus Christus beteken die ewige lewe vir elkeen wat glo.

26 Januarie. **Lees** Matt. 12:46-50. **Teks:** Matt. 12:48.

DIE FAMILIE VAN JESUS (1).

Ons tref Jesus aan waar Hy deur 'n groot skare omring is. Aangesien hulle in 'n huis verkeer, aangesien daar baie mense teenwoordig is, kan Jesus en sy dissipels geen geleentheid vind om te eet nie. Die mense het boonop met allerlei vrae na Hom gekom. Jesus se broers het ook verneem waar Hy Hom bevind. Hoe harteloos was hulle tog nie teenoor Jesus nie. Hoor dan wat sê hulle aangaande Hom: „Hy is buite Homself."

Sy eie mense is op reis, sodat hulle Hom kon bereik. Hulle het die vaste voorneme om Jesus met geweld te oormeester en uit die openbare lewe te trek. Omdat hulle van mening is dat Jesus waansinnig is, wil sy eie mense Hom tot besinning bring.

Maar hierin het hulle nie geslaag nie. As daar geen geleentheid is om te eet nie, dan is dit ook reg. Hier dink ons aan die treffende woorde wat vir ons opgeteken is: „Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie." Dit kon hulle nie verstaan nie.

Sy familiebetrekkinge was nie tevrede nie. Hulle beraam 'n nuwe plan. Maria, sy moeder, is nou in hulle midde. Hulle nader Jesus heel kalm en liefdevol. Hulle stuur 'n boodskap na die huis dat hulle met Hom wil praat. Jesus kom met 'n vraag: „Wie is my moeder? En wie is my broers?" Sy besondere roeping waarin Hy staan, sy lewensopdrag dat Hy die wil van God moet uitvoer maak Hom los van familiebande. Sy lewenstaak stel Hom binne 'n kring van broers en susters wat met geestelike bande aan Hom verbind is. Wat is ons optrede as mens van die twintigste eeu teenoor Hom?

27 Januarie. **Lees** Ef. 4:1-6. **Teks:** Matt. 12:49.

DIE FAMILIE VAN JESUS (2).

Terwyl die skare rondom Jesus verkeer, terwyl Jesus se moeder en broers ook die toehoorders is van dit wat Hy sê, spreek Jesus aangrypende en treffende woorde terwyl Hy met sy hande oor die dissipels swaai: „Daar is my moeder en my broers." Hy ontken geensins dat Hy aan sy moeder en broers verbind is nie, maar ook leer Hy hulle dat Hy gekom het om 'n gemeenskap van gelowiges te stig.

Deur sy prediking het Hy hierdie gemeenskap gestig. Hulle word deur die Heilige Gees byeengebring. Daar is 'n band wat die gemeenskap saamsnoer en dit is om die wil van God te doen. Hy wat volgens sy eie insigte handel, hy wat dinge aanpak wat strydig met God se Woord is, maak nie deel uit van die gemeenskap nie.

Jesus sluit hiermee nie sy moeder en broers uit nie. As hulle Hom nie in sy werk teenstaan nie, indien hulle ook op God alleen vertrou, is hulle ook in geestelike sin sy moeder en broers.

Ons behoort aan dieselfde kerk. Ons is broers en susters van mekaar, as ons die één God aanbid en die één Here dien. „Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."

Wat het Christus dan gedoen om van ons te spreek as sy broers? Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

In hierdie hele saak mag ons nooit buite God om redeneer en so die eerste groot gebod vergeet nie. Hom moet ons met ons hart liefhê en met al ons kragte. Ons is daarvan verseker dat Hy ons eerste liefgehad het. Daarom moet ons mekaar liefhê. Ons mag nooit die mens in die middelpunt van alles plaas nie.

Ons hele lewe behoort 'n lofprysing te wees aan dié God wat uitnemend goed is, Wie se genade groter as die sonde, Wie se liefde oorvloediger as die haat van die wêreld is.

28 Januarie. **Lees** Matt. 14:13-21. **Teks:** Matt. 14:16.

ONS MOET CHRISTUS VERKONDIG.

Ondanks die feit dat die skare Christus gevolg het ter wille van tydelike voordele, het Hy innig jammer vir hulle gevoel. Want in die woorde van Matt. 9 het Hy hulle gesien soos skape wat geen herder het nie. Hy het tot die middag laat onder hulle gewerk. Sy dissipels het dit egter raadsaam geag dat Hy hulle moes wegstuur sodat hulle in die omliggende dorpe voedsel kan bekom.

Dan volg daar die wonder. Die brood wat Christus breek raak nie op nie. Hy kan daarvan uitdeel soveel totdat almal versadig was. En daar was vyfduisend eters. Van wat uitgedeel is, is nog oorgehou. Van die oorvloed getuig die twaalf mandjies oorskot. Aan die einde was daar meer as aan die begin.

Wat die wonder aanbetref, ons moet dit besien in die lig van ons teksvers: Gee julle vir hulle iets om te eet. Dit is 'n opdrag aan die dissipels. Die betekenis sou hulle eers later verstaan toe Christus met sy hemelvaart aan hulle gesê het: „Gaan verkondig die evangelie aan alle nasies of aan die ganse mensdom."

Die gawe wat Christus gee, is genoegsaam vir die nood van die wêreld. Dit is Hyself, Hy is die eintlike brood. In hierdie tyd waarin ons lewe is dit veral geestelik bedoel. Maar by sy wederkoms sal Hy die ganse lewe vernuwe.

Christus is die lewende brood. Wie daarvan eet deur die geloof, sal nimmer honger kry nie: En daardie brood wat Christus Self is, moet die dissipels gaan uitdeel aan die wêreld.

Ons het ook nog dikwels te doen met die skare. Ons het die opdrag om die evangelie aan die wêreld te verkondig en die geleenthede daartoe is volop. In tye van siekte en dood kom talle mense na die kerk wat nie aan die kerk behoort nie. Baie van hulle woon begrafnisse en huweliksbevestigings by van familie en vriende. Ons mag hulle nie honger huis toe stuur nie. Dit is veral 'n geleentheid om Christus te verkondig. Hy is die brood wat uit die hemel neergedaal het sodat die wêreld deur Hom kan lewe.

29 Januarie. **Lees** Matt. 15:21-28. **Teks:** Matt. 15-28.

DIE WONDER VAN DIE GELOOF:

Jesus Christus het Hom verwonder aan die groot geloof van 'n heidense vrou. Ons wonder hoe dit moontlik was dat hierdie vrou kon glo. Geloof is immers 'n saak van openbaring. Dit geskied deur die verkondiging van die evangelie en word deur die Heilige Gees in ons harte gewerk. By Israel kon 'n mens geloof verwag het. Hulle is immers die volk van die openbaring, maar nie by 'n heiden nie.

Wat 'n mens nog meer verbaas is haar belydenis aangaande Christus. Sy noem Hom: „Here, Seun van Dawid. Sy eie volk het dit betwis. En alhoewel Hy bewys gelewer het dat Hy wel die Seun van Dawid is, aldus Matt. 22, het Hy hulle nie oortuig nie. Die heidense vrou toon egter dat sy meer van Christus af geweet het as sy eie volk. Sy oortuig Hom van die sin en betekenis van sy werk en word gehelp.

Ons wil gewoonlik dat God Homself aan ons moet bewys voordat ons glo. Ons verlang 'n teken uit die hemel. Ons maak asof God daarby belang het dat ons sal glo en so bedroef ons die Heilige Gees.

Daar is egter 'n makliker weg tot geloof. Dit is die weg wat die vrou bewandel het. Sy oortuig die Seun van God en sy oorreed Hom. Haar geloof laat Christus swig en Hy antwoord haar: „O, vrou, groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy wil." Dit klink vir ons teenstrydig met: „Laat U wil geskied" uit die Onse Vader gebed. Maar dit staan ook in die evangelie. Die evangelie is die goeie boodskap van God aan ons. En die geloof — dit is 'n gawe van God deur die Heilige Gees. Dus ook die groot geloof van die heidense vrou is werk van die Heilige Gees. Christus antwoord hier op die werk van die Heilige Gees. En daarom is: „Laat dit vir jou wees soos jy wil nie teenstrydig nie met: Laat U wil geskied nie."

Heidene kan nie glo nie, nie uit hulleself nie, ons ook nie. Hulle en ons glo alleen maar deur die werkinge van die Heilige Gees so dikwels as wat Christus aan hulle en aan ons gebring word deur die prediking. Terloops, ons was ook voorheen heidene.

30 Januarie. **Lees** Matt. 15:21-28; 1 Kor. 15:1-11. **Teks:** Matt.15:27.

KRUMMELS VIR DIE SENDING.

Christus bevind Hom op heidense grondgebied. Maar ook hier het Hy bekendheid verwerf. 'n Heidense vrou doen 'n beroep op sy wondermag. Sy is 'n Kananese vrou. In die naam lê daar godsdienstig 'n groot afstand opgesluit tussen Jood en heiden. Daarom verbaas dit 'n mens dat sy Christus aanspreek as Here, Seun van Dawid. Daarmee erken sy Hom nie net as haar meerdere nie, maar ook as die beloofde Verlosser van Israel.

Sy roep herhaaldelik om barmhartigheid, want haar dogter is ernstig van die duiwel besete. Christus antwoord haar egter nie. Dit was immers nie sy taak om in die heidenland die tekens van die koninkryk van God te openbaar nie. Die tekens was vir Israel bedoel wat die profetiese woord geken het.

Die vrou kom egter nader, val op haar knieë voor Hom en smeek om hulp. Sy antwoord aan haar is skynbaar hard: „Dit is nie betaamlik om die brood van die kinders vir die hondjies te gooi nie. Dit is hard en tog is dit 'n bemoediging. Hy sê nie dat dit onmoontlik is om dit te doen nie, Hy sê alleen maar dat dit nie betaamlik is nie. Hy praat ook nie van honde nie, maar van hondjies. Daarmee word nie bedoel die veragtelike straathonde nie, maar troeteldiertjies. Dat die vrou ook glad nie daardeur geraak is nie, blyk uit haar antwoord: „Ja, Here, maar die hondjies eet tog van die krummels wat van die tafel van hulle base afval." Met ander woorde, sê sy dat 'n mens 'n hond in die huis, al lewe hy van oorskiet, nie laat verhonger nie.

Die gebeure is 'n toekomsbeeld van die heidensending. Paulus die groot heidenapostel noem homself die ontydig geborene, die geringste van die apostels, nie werd om 'n apostel genoem te word nie en tog het hy oorvloediger gearbei as al die ander apostels. Sy apostelskap is deur die ander betwis. Hy was nie een van die twaalf nie. Hy is die dertiende apostel, die oortollige apostel. Nietemin was hy apostel van Jesus Christus en die heidene het onder hom nie verhonger nie.

Laat tenminste u krummels, u oorskot, daardie los sente kom vir die kersteningswerk. Die Heilige Gees sal sorg dat die heidendom nie verhonger nie.

31 Januarie **Lees** Matt. 16:1-12; 1 Kor. 15:12-28. **Teks:** Matt. 16:4.

DIE LASTIGE TEKEN.

Die Fariseërs en Sadduseërs het nader gekom om Christus te versoek. Dit wil sê, hulle wou Hom aan 'n toets onderwerp in die verwagting dat Hy nie daaraan sal kon beantwoord nie. Hulle vra om 'n teken uit die hemel, dit wil sê 'n teken waarvan die goddelike oorsprong onmiddellik duidelik is.

Tot hulle beskaming wys Christus hulle daarop dat hulle wel kundig is met betrekking tot die weersgesteldheid, maar die veel belangriker tekens van die tyd, daarvoor het hulle geen oog nie. As die geestelike leiers van die volk, behoort hulle die aankondiging oor die groot keerpunt in die geskiedenis, naamlik die koms van die Messias te onderskei. Johannes die Doper het immers daarvan gespreek en die wonders wat Christus gedoen het, moes hulle oortuig het dat Hy die beloofde Messias aan die vaders is.

Daarom gee Christus aan hulle geen teken nie. Hy bestraf hulle en sê dat slegs die teken van Jona aan 'n slegte en owerspelige geslag gegee sal word.

Wat die teken van Jona is, lees ons in Matt. 12. Soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis verkeer het, so sal die Seun van die Mens drie dae vertoef in die hart van die aarde. Wie drie dae in die buik van 'n seemonster is, word nie meer terug verwag nie. Iemand wat drie dae dood is, het volgens berekening in die

Ooste reeds tot ontbinding oorgegaan. Daarom is die opstanding van Jesus Christus uit die dode ook deur die Jode weerspreek. Die Joodse Raad het die soldate wat by die graf van Christus diens gedoen het baie betaal om te sê dat sy dissipels sy liggaam in die nag gesteel het.

Mense wat die wetenskap verhef het tot die een en al in hulle lewens, sluk moeilik aan die geskiedenis van Jona en die vis. Ander weer meen dat dit wetenskaplik moontlik is dat Jona lewend daaruit kon gekom het. Beide verstaan die evangelie nie, veral laasgenoemde. Die kerk staan of val egter by die teken van Jona. As Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof (1 Kor. 15:14). Die opstanding van Jesus Christus is die grond van ons geloof.

1 Februarie. **Lees** Matt. 16:13-20. **Teks:** Matt. 16:15.

BELYDENIS, 'N GEVAARLIKE SAAK.

'n Belydenis is altyd 'n antwoord op 'n vraag wat aan die kerk gestel word. Op die vraag van Jesus aan sy dissipels: „Wie sê julle is Ek," antwoord Petrus namens die dissipels: „U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Die antwoord wat Petrus hier gee, is een van die oudste belydenisse, bekend aan die christelike kerk. Die tweede artikel van ons geloofsbelydenis sê net in ander woorde wat Petrus hier bely. U ken dit: „Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God.

Die kerk word telkens en telkens weer van Godsweë geroep om sy geloof te bely. Die kerk moet telkens weer belydenis doen van hulle geloof in die waarheid oor Christus en God, die Vader en die Heilige Gees. 'n Belydenis het altyd te doen met geloof. Die waarheid dat tweemaal twee vier is, hoef 'n mens nie te bely nie. Daaraan is ook geen gevaar verbonde nie. Maar aan 'n geloofsbelydenis is daar altyd 'n risiko verbonde. 'n Mens loop gevaar om met jou belydenis dat Jesus Christus is, jou lewe te verloor. Dit kan gevaarlik word in hierdie wêreld waar die anti-christelike magte besig is om hulle te monster teen die kerk. En as hulle ons bedreig kan 'n mens maklik jou belydenis van weleer terugtrek. Dit het Petrus eers besef die nag daar in die binnehof van die hoëpriester. Toe het hy gesê: „Ek ken Hom nie." Maar hier waar Petrus die belydenis uitspreek dat Jesus die Christus en die Seun van God is, is daar geen gevare aan verbonde nie. Hy doen dit tenminste binne die dissipelkring en hy doen dit saam met hulle en namens hulle. Net so is ons belydenis binne in die kerkgeboue ewe ongevaarlik. Ons doen dit saam met mekaar en namens mekaar.

Soos Petrus kan ons Christus ook volg sonder dat ons ons vergewis Wie Hy eintlik is. Daarom is dit nodig dat die vraag: „Wie sê julle is Ek," ook aan ons gevra moet word. En daardie vraag moet telkens en telkens weer gevra word deur middel van die prediking. Elkeen word metterdaad geroep om belydenis van sy geloof in Christus te doen.

2 Februarie. Lees Matt. 16:13-20. **Teks:** Matt. 16:17B.

OM GOD TE KEN HET ONS GOD NODIG.

Wat 'n mens hier opval in verband met die belydenis van Petrus is dat hy nou eers, so laat, pas voor die kruisiging van Christus tot die besef kom dat Jesus die Christus en die Seun van God is.

Alhoewel Christus nooit direk van Homself gepraat het as die Messias nie, maar Homself die Seun van die Mens genoem het, moes Petrus wat die Messiaanse profesieë geken het ten minste uit Christus se doen en late afgelei het dat dit Hy is. Want die feit dat Hy kreupeles weer laat loop het, blindes weer laat sien het, dooies opgewek het en dowes laat hoor het, was minstens die vervulling van die Messiaanse beloftes uit die boek Jesaja. En toe Johannes die Doper gekom het om die volk op te roep tot bekering en geloof in die Een wat sou kom, moes Petrus tog daarin 'n aanduiding gesien het dat Jesus die komende Christus is. Want die Een wat sou kom was 'n bekende benaming vir die Messias. En buitendien, waarom het Petrus Hom dan gevolg as hy nie in Hom die Messias herken het nie. Hoekom nou, so laat eers tot die belydenis kom dat Jesus die Christus is. En hoekom nou eers bely dat Hy die Seun van God is as Christus so dikwels gepraat het van sy Vader wat in die hemele is.

Die antwoord op hierdie vraag vind ons in die antwoord van Christus aan Petrus: „Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die hemele is. Dit blyk dat Petrus om in Jesus die Messias te erken 'n openbaring of bekendstelling van God nodig gehad het. Om in die nederige Rabbie van Nasaret die Seun van God te sien het hy geloof nodig gehad. Uit onsself kan ons God nie ken nie. Vlees en bloed staan vir die mens. Ons mense kan God nooit ken as God nie in ons harte deur sy Gees die nodige getuienis lê nie. Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3).

3 Februarie. **Lees** Matt. 12:38-43; Matt. 16:13-20. **Teks:** Matt. 16:17A.

GELOOF, NOGMAALS 'N WONDER.

Wat opvallend is, is dat Christus Petrus hier aanspreek as Simon Bar-Jona. Bar is die Aramese woord vir seun. Baie is dan ook die mening toegedaan dat Christus hier verwys na die vader van Petrus en dat ons vir die eerste keer verneem wie sy vader was, naamlik 'n sekere Jona.

Maar in die verband waarin ons teks staan, lyk dit onwaarskynlik. Ons moet teruggaan na die gesprek van Christus met die Fariseërs en Sadduseërs. Hulle het Hom gevra om 'n teken uit die hemel. Daarop het Hy hulle geantwoord dat 'n slegte en owerspelige geslag na 'n teken soek, maar geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van Jona. Van die teken van Jona lees ons in Matt. 12. Daar sê Christus dat soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis vertoef het, so sal die Seun van die Mens drie dae in die hart van die aarde vertoef.

Daardie onmoontlike teken, daardie teken wat aan so baie mense aanstoot gee, daardie teken bring Christus in verband met sy opstanding. Die teken van Jona is dus die wonder wat heenwys na die grootste wonder nl. dat Jesus Christus liggaamlik uit die dood uit opgestaan het.

Terwyl die dissipels egter nog besig was om hierdie gesprek van Christus met die Fariseërs en Sadduseërs te verwerk, het Hy aan hulle die vraag gestel: „Wie sê julle is Ek." En op dié geloofsbelydenis van Petrus noem Christus hom Simon Bar-Jona. Simon seun van Jona wys dus op die wonder van sy geloof. Ons ken ook hierdie soort spreekwyse, byvoorbeeld in 'n kind des doods. Christus sê egter dat Petrus 'n kind van die wonderteken van Jona is. Dat Petrus in Jesus die Christus, die Seun van God kon herken is dus 'n wonder van God, nie geringer as die wonder van Jona en die groot vis nie. Dit is 'n wonder dat daar vandag ook nog mense is wat glo. Hulle is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is (Luk. 20:36).

4 Februarie. **Lees** Luk. 9:23-27. **Teks:** Luk. 9:23.

DIE OPNEEM VAN DIE KRUIS.

Is u miskien een van die ongelukkige mense wie se kruis haas ondraaglik geword het? U het miskien al dikwels gebid en gevra om verlossing, maar daar het nog geen verandering ingetree nie. In antwoord op u gebede was daar geen verligting nie. Miskien het u al begin twyfel. . . . .

Maar het u al daaraan gedink dat u miskien die sentrale gedagte van die evangelie misgekyk het? Dat u miskien nog altyd die evangelie verkeerd verstaan het? Nêrens belooof God ons dat Hy aan ons 'n lewe sonder moeite of verdriet sal skenk nie. Nêrens belooof Hy aan ons 'n hemel op aarde nie. Inteendeel: Hy belowe aan ons 'n kruis. Die opdrag wat deur Christus aan ons almal gegee word, spreek tog vanself: „As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."

As iemand 'n dissipel van die Here wil wees, moet hy dus die kruis wat God in sy lewe wil, aanvaar. Hy moet die lyding aanvaar as iets wat vanuit die hand van God na hom kom. Nie om hom onnodig te pynig nie — maar om te dien tot beproewing en loutering. Hy moet die kruis optel — nie om daardeur iets te bewys of te bereik nie. Hy kan dit optel omdat Christus Jesus sy kruis gedra het, en omdat Hy daardeur verlossing vanuit die grootste ellende, naamlik die sonde, vir ons verwerf het.

Daarom kan ons selfs met dankbaarheid ons kruis dra, want ons is uit ons grootste nood verlos. En as die kruis somtyds té swaar word; as ons werklik begin sug onder die las, kan ons getroos word deur sy wonderlike belofte: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

Dit is sy wil dat elkeen van ons sy kruis sal dra. Maar Hy belooof aan ons sy hulp en sy krag. Ons dra die kruis nie alleen nie.

5 Februarie. **Lees** Luk. 9:46-48. **Teks:** Luk. 9:48(b).

DIE GROOTHEID SKUIL IN NEDERIGHEID.

Ons helde is altyd die sterkes: Die groot rugbyheld, die soldaat of enig iemand anders wat deur sy forse gestalte en liggaamskrag, ontsag en bewondering afdwing. Groot dade spreek tot die mens. Ons vereer die groot daders — ons dra hulle op die hande. Ons wil elkeen ook graag só wees. Ons wil elkeen ook graag groot wees.

Toe die dissipels Jesus gevra het wie die grootste onder hulle was, het Hy hulle egter 'n merkwaardige antwoord gegee: Hy het 'n kindjie by Hom laat staan. Daardeur het Hy hulle gesê: „Hierdie kleintjie is die grootste van julle almal."

Hoe moet ons dit verstaan? Ons kan dit slegs verstaan as ons na Jesus Christus self kyk. Niemand was ooit geringer as Hy nie. Hy het niks gehad nie. In sy eie woorde word aan ons gesê dat Hy nie eers 'n plek gehad het om sy hoof neer te lê nie. Regdeur sy lewe was Hy die toonbeeld van nederigheid. Veral aan die kruis was Hy toonbeeld van swakheid. „Soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders," sê die profete-woord van Hom. Wat is swakker as 'n skaap?

Maar in en deur daardie swakheid en nederigheid, is Hy die krag van God wat sonde en dood oorwin en die wêreld vernuwe. Die grootste krag in die wêreld. Sy nederigheid en swakheid was die vermomming wat die krag van God bedek het. God sê dan ook aan Paulus: „My krag word in swakheid volbring." (II Kor. 12:9).

Daarom wil God hê dat ons swak en nederig sal wees. Want dan sal ons ons krag by Hom soek. Dan sal ons nie op onsself roem nie. Dan sal ons inderdaad soos die kindjie langs Jesus wees. Hy weet hy is swak. Hy weet hy is tot niks in staat nie. Hy soek hulp.

Ons moet klein word voor God, om deur Hom groot gemaak te word. Ons moet voor Hom nederig wees. Hy sal ons verhoog. Dit het Paulus by God geleer. Hoor wat sê hy: „As ek swak is, dan is ek sterk?" (II Kor. 12:10). Ja, inderdaad, God gee krag aan die swakkes.

6 Februarie. **Lees** Luk. 9:51-56. **Teks:** Luk. 9:56.

REDDER, NIE VERDERWER.

„Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe." (Eseg. 33:11). Met hierdie woorde het God vir eens en vir altyd sy houding ten opsigte van die mens aangedui. Hy begeer nie die dood nie, maar die lewe. Hy verlang nie die mens se ondergang nie, maar sy bekering en sy voortgang in die naam van sy Here.

Dit sou ook die kenmerk wees van die dienswerk van Jesus Christus. Hy beywer Hom nie vir die dood nie, maar vir die lewe — al moet Hy dit doen deur sy eie dood. Hy het gekom om te red — nie om te verderf nie.

Dit was die woorde van Jesus aan sy dissipels toe hulle in sy naam dood en verwoesting wou saai. Hulle woede het teen die Samaritane ontvlam, toe dié nie vir Jesus wou ontvang nie, omdat Hy 'n Jood was, en op pad na Jerusalem. Hulle het dit beskou as 'n beledigiging en 'n aantasting van sy eer. Volgens hulle opvatting moes hierdie gesindheid terstond gestraf en gewreek word.

Maar Jesus sê aan hulle: „Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie." Dit blyk duidelik uit sy volgende woorde dat die „gees" waarna Hy verwys, eintlik 'n duiwelse gees is. Want die Satan soek die dood van die mens. Maar nie Jesus nie. Selfs in Getsemané, toe Petrus sy swaard uittrek en Malgus se oor afkap, genade — dit is die sleutel tot die lewe en werk van die Heiland.

As ons waarlik dissipels van die Redder wil wees, moet dieselfde gesindheid in ons wees, wat daar ook in Hom was: „Julle het gehoor dat daar gesê is: 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe." (Matt. 5:38 en 39).

7 Februarie. **Lees** Luk. 9:57 en 58. **Teks:** Luk. 9:57 en 58.

DINK MOOI!

Die Heilige Skrif leer ons om aan Jesus Christus te dink as Een wat versamel. Die Een wat sy kinders by en met Hom wil hê, wat hulle rondom Hom versamel soos 'n hen haar kuikens. Ons het tog ook die wonderlik mooie woorde van die Here: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Jesus nooi ons! Hy moedig ons aan om te kom.

Maar aan die man wat vir Hom sê dat hy Hom sal volg waar Hy ookal gaan, rig Hy andersklinkende woorde. Hy nooi nie; Hy waarsku. Hy moedig nie aan om te kom nie — Hy maan tot versigtigheid. Hy vra dat die man, en elke mens, eers baie goed sal nadink oor wat dit beteken om Hom te volg.

Dit is asof Jesus aan die man sê: Dit is baie maklik om te sê dat jy My sal volg waar ek ookal gaan. Maar het jy al gedink wat dit vir jou sal inhou? Hoekom wil jy My volg? Verwag jy dalk 'n hemel op die aarde? Verwag jy oorvloed en rykdom? Dink jy dat jy, as jy My volg vry sal wees van smart en droefheid en teenspoed en ellende? Dan moet jy weer 'n keer dink. Ek het nie eers 'n plek waar Ek my hoof kan neerlê nie. Wat die aardse dinge betref, het ek niks om aan te bied nie. As jy dus by My voorspoed soek, soek jy tevergeefs. As jy My wil volg ter wille van tydelike wins en voordeel, mors jy jou tyd en moet jy liewer nie kom nie. Maar as jy My wil volg ter wille van Myself, en ter wille van die heil wat Ek bring . . . . kom dan. Ek sal aan jou rus gee. Ek sal aan jou vrede gee by God.

8 Februarie. **Lees** Luk. 9:59-62. **Teks:** Luk. 9:62.

MOENIE TERUGKYK NIE!

Wanneer Jesus Christus ons geloof, liefde en gehoorsaamheid eis, is dit 'n absolute eis. Hy is nie tevrede met brokstukke van ons belangstelling nie — Hy wil alles hê. Wie sal Hom kwalik kan neem dat Hy alles wil hê? Hy het tog immers alles gegee. En dit ter wille van ons. Nou vra Hy alles.

Dit is die betekenis van sy woorde aan die man wat Hom sal volg (so sê hy altans) maar wat net eers gou wil gaan afskeid neem by die huis: „Niemand wat . . . . . agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie."

Want die antwoord van díe man het dit baie duidelik laat blyk dat hy nog nie gereed was om te volg nie. Die verskoning om sy mense te gaan groet, was maar net 'n verskoning. Hy wou nog 'n tydjie grasie hê — hy wil nie finaal besluit nie — hy wil uitstel tot môre of oormôre — hy wil homself nie dadelik ten volle kompromitteer nie.

Maar dit, sê Jesus, is nie goed genoeg nie. Hy is nie tevrede met so 'n halfgebakte akkoord nie, as Hy nooi om te kom, laat Hy die genooide nie toe om allerlei voorwaardes te stel nie. Hy eis volledige gehoorsaamheid en volledige trou. Hy stel die voorwaardes — dit is nie ons voorreg om dit te doen nie.

Jesus se woorde tot elkeen van ons is: Mensekind, Ek het alles vir jou gegee; want Ek wil jou red. As jy My wil volg, moet jy sonder voorbehoud kom. Dan moet jy nie meer terugkyk nie. Want Ek wil nie net 'n deel van jou belangstelling en 'n deel van jou hart hê nie. Ek wil alles hê. Om jou ontwil.

9 Februarie. **Lees** Luk. 10:25-37. **Teks:** Luk. 10:37.

WIE IS MY NAASTE?

Dit is 'n vraag wat ons sekerlik al almal een of ander tyd besig gehou het. Is my naaste my huisgenoot? Of my familielid? Of die een wat ek op die lewenspad raakloop? Nie noodwendig nie. My naaste is die een wat barmhartigheid aan my bewys. So leer Christus ons in hierdie gelykenis.

Dit hou die volgende groot waarhede vir my in. Christus is my naaste. Natuurlik is Hy my naaste, want wie het meer en groter barmhartigheid aan my bewys as Hy? Hy het dan my siel verlos en sy genade dra my deur elke dag van my lewe. Hy het my naaste geword deur Homself ter wille van my te gee.

Omdat Hy my naaste geword het, gebied Hy my nou om die naaste van die ander te word. „Gaan en doen jy net so." Dit is sy opdrag aan elkeen wat hom- of haarself 'n kind van die Here noem. En dit is die enigste toelaatbare rede waarom ons barmhartigheid aan ander moet bewys.

Ons as lidmate van die kerk moet nie om een of ander moreelsedelike rede onsself verplig voel om barmhartigheid te bewys nie. Dan sal ons barmhartigheidsdiens eintlik nog maar baie leeg en vaal daar uitsien. Maar omdat ons barmhartigheid ontvang uit die hand van die Here — moet ons dit ook aan ander gee. Omdat Hy ons naaste geword het, moet ons die naaste word van elkeen wat in nood verkeer.

Die vraag is dus nie soseer: Wie is my naaste nie? Die belangrike vraag is: Wie se naaste is ek?

10 Februarie. **Lees** Luk. 10:38-42. **Teks:** Luk. 10:42.

DIE GOEIE DEEL.

Met die eerste oogopslag sou ons geneigd wees om te sê dat Jesus darem hier seker nie heeltemal billik teenoor Martha was nie. Ons harte, en sekerlik veral die harte van vroue, sal na Martha uitgaan. Want die beeld wat ons vanuit hierdie kort geskiedenis, van haar kry, is nie díe van 'n slegte vrou nie. Inteendeel, dit is die beeld van 'n goeie, pligsgetroue huisvrou.

Soos enige huisvrou wat haar sout werd is, is Martha bekommerd oor die welsyn van haar gaste. Sy wil graag aan hulle die beste voorsit, en sy wil dit geurig en keurig voorberei. Ons kan ons voorstel hoe sy heen en weer deur die huis skarrel om alles in gereedheid te bring. Ons kan ook verstaan waarom sy ontevrede voel dat Maria haar nie help nie, maar net daar by Jesus sit en na Hom luister. Haar gedagtes was heel waarskynlik: Sy kan luister — daarmee is niks verkeerd nie, maar sy moet eers help kos maak.

Die antwoord van Jesus aan Martha veroordeel haar nie. Sy woorde mag ook nie gebruik word om goedkoop luiheid mee goed te praat nie. Wat Hy aan haar sê, is: „Martha, jy is baie besig, en jy werk baie hard. Jy bekommer jou oor baie dinge. Jy is besorg oor die kos, jy wonder of Ek daarmee tevrede sal wees — jy is bang dat Ek sal dink jy is 'n swak huisvrou. Maar daarvoor is daar 'n tyd. Dit is in elk geval nie dinge wat van ewigheidswaarde is nie. Maria luister na my woorde. Dit het ewigheidswaarde. Dit is die goeie deel. Dit kan nie van haar weggeneem word nie."

Ons mag nie toelaat dat ons so besig word, en só besorgd oor só baie dinge word, dat ons die goeie deel sal verloor nie. Ons moet tyd maak om na die woorde van die Here te luister.

11 Februarie. **Lees** Luk. 11:1-13. **Teks:** Luk. 11:9.

DIE GEBEDSGESINDHEID.

Nadat die Here Jesus sy dissipels geleer het wát om te bid, leer Hy hulle ook hoé om te bid. Hy leer dus nie net die inhoud van die gebed nie, maar ook die gesindheid waarin daar gebid moet word.

Twee aspekte van die regte gebedsgesindheid kom veral sterk na vore. In die eerste plek leer die Here Jesus sy dissipels om met volharding te bid. Hulle moet aanhou bid sonder om moeg of moedeloos te word. 'n Baie mooi voorbeeld van volharding in die gebed kry ons by Elia waar hy op die berg Karmel bid om reën. Telkens, nadat hy gebid het, het hy sy dienskneg uitgestuur om te kyk of hy nog nie 'n teken van reën sien nie. Telkens het die dienskneg geantwoord dat daar nog niks is nie. Maar Elia het volhard en die sewende keer het die dienskneg berig dat hy 'n wolkie soos 'n man se hand sien en „in 'n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en 'n groot reën het gekom".

Die tweede aspek van die regte gebedsgesindheid wat Jesus wil leer is dit dat sy dissipels met vertroue moet bid. Hulle moet glo dat die Here wel hul gebed sal verhoor.

As gelowiges kan ons so met volharding en vertroue bid omdat ons die Vader van Jesus Christus as ons God en Vader het. Ons bid tot Hom wat sy kinders só liefhet dat Hy sy eniggebore Seun as offer vir hulle sondes gegee het. 'n Vader wat so lief het en wat soveel gegee het, sal ook aan sy kinders gee wat hulle vra, — as dit vir hulle goed is.

12 Februarie. **Lees** Luk. 11:14-28. **Teks:** Luk. 11:24.

GEE WONING AAN GOD.

Die duiwel word vir ons in die Bybel beskrywe as dié mag wat teenoor God bestaan. Waar God van die mens besit wil neem om sy lewe te red, daar wil die duiwel van die mens besit neem om sy lewe te verwoes.

As die Fariseërs nou vir Jesus daarvan beskuldig dat Hy met die mag van die duiwel die duiwels uitdryf, dan bewys Hy dat hulle verkeerd is en Hy waarsku hulle tegelykertyd dat hulle aan die Gees van God woning moet gee in hulle harte. Want die mens word óf deur Gods Gees óf deur die duiwel beheers. Daar is eintlik nie so iets soos neutraliteit nie. Want as die duiwel of die bose gees 'n mens om watter rede ookal verlaat, dan kom hy altyd weer terug om te kyk of daar nog woning vir hom is. En as die bose gees dan 'n tweede keer van die mens besit neem, dan gaan dit met hom veel slegter as aanvanklik.

Daar is daarom net een manier om finaal en permanent van die mag van die bose ontslae te raak en dit is deur die Heilige Gees toe te laat om in jou woning te maak. Want die Heilige Gees is die Gees van God wat sterker is as die duiwel. Hy word ook Gees van Christus genoem. Dié Christus wat die versoekinge van die duiwel in die woestyn weerstaan het en wat hom aan die kruis van Golgota finaal oorwin het. In die krag van die Gees van die Christus kan ons aan die verwoesting ontkom en kan ons deelgenote word van die ewige ryk van God.

13 Februarie. **Lees** Luk. 11:29-36. **Teks:** Luk. 11:30.

'N TEKEN SOOS JONA.

Dikwels wil die mens in sy soeke na geloofsekerheid 'n besondere teken van God hê. Daar is dan ook mense wat beweer dat hulle wel besondere godsopenbaringe ontvang het, soos byvoorbeeld 'n gesig of 'n droom of 'n besondere gebeurtenis in hul lewe. Teenoor hierdie menslike begeertes en beweringe leer die Bybel ons egter baie duidelik dat God se normale openbaring aan die mens, sy Seun Jesus Christus is. Alleen as die mens Hom aanvaar as die openbaring van God, kan hy tot volle geloofsoortuiging en geloofsekerheid kom.

Dit wil Jesus ook volgens ons teksvers vir die skare sê as hulle vir Hom 'n teken vra. Hy sal vir hulle geen besondere teken gee nie, maar hulle moes Homself aanneem as die teken van God. Hy is vir hulle die boodskapper van God, net soos die profeet Jona vir die inwoners van Ninevé die boodskapper van God was. Want net soos Jona drie dae in die groot vis was en lewend daaruit gekom het, só sou Hy drie dae in die graf en die dood wees en ook lewend daaruit kom. Wanneer hulle dit sou sien gebeur of wanneer hulle gehoor het dat dit gebeur het, dan moes hulle weet dat Hy wel die teken van God of die boodskapper van God was waarna hulle so gesmag het.

Die mens van vandag weet dat dit gebeur het. Ons weet dat die Seun van die mens in die dood was en dat Hy op die derde dag opgestaan het tot ons geregtigheid. Laat ons Hom daarom ook aanvaar as die teken van God, as die lamp wat op die staander staan om ons hele lewe te verlig. Dit help ons niks om vir 'n ander teken te wag nie. God het klaar sy teken gegee . . . 'n teken van genadige verlosssing.

14 Februarie. **Lees** Luk. 11:37-12:3. **Teks:** Luk. 11:39.

VORMGODSDIENS.

As daar een groep mense is waarteen die Here Jesus tydens sy lewe hier op aarde Hom baie sterk uitgespreek het, dan is dit die Fariseërs. Saam met hulle word gewoonlik ook die skrifgeleerdes genoem. Wat Jesus veral sterk afgewys het by hierdie mense, is die feit dat hulle diens aan God bloot uit uiterlike vorme bestaan het, wat hoegenaamd nie 'n weerspieëling van die gesindheid van hulle hart was nie.

Nou moet ons nie hieruit aflei dat die Here Jesus gekant was teen enige vorme en dat Hy daarom 'n vormlose en ordelose godsdiens voorgestaan het nie. Ons lees tog van Hom dat Hy gewoond was om in die tempel te leer en dat Hy gewoond was om na die feeste op te gaan. Nee, Jesus dring alleen maar daarop aan dat die vorme uitdrukking moet wees van die gesindheid van die hart van die mens. Want dit is veral belangrik dat die hart van die mens, dat sy gesindheid moet verander, wanneer hy tot die geloof in God deur Jesus Christus kom. Die mens moet verander van die eiegeregtige na dié een wat sy gebreke besef en sy heil daarom by God alleen soek. „Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie".

By die Fariseërs en skrifgeleerdes was daar nie sprake van 'n gebroke gees of 'n verslae hart nie. Op eiegeregtige wyse het hulle probeer om deur pynlike wetsgehoorsaamheid die saligheid te koop. Hulle het nie hulle onvolmaaktheid besef nie en daarom het hulle Jesus nie as Verlosser nodig gehad nie.

Wanneer 'n mens egter jou onvolmaaktheid besef en daarom jou toevlug tot Jesus neem as die enigste troos in lewe en in sterwe, dan kom die vorme vanself. Dan kry die vorm van die godsdiens ook sin en betekenis. Want dan is dit nie 'n manier om jou saligheid te verdien nie, maar dankdiens aan God vir die verlossing in Jesus Christus.

15 Februarie. **Lees** Luk. 12:4-21. **Teks:** Luk. 12:10.

DIE ONVERGEEFLIKE SONDE.

Die blye boodskap van God vir die mense is dat God in sy Seun Jesus Christus die mens se sonde wil vergewe en dan ook ál die sonde wil vergewe. Maar nou hoor ons hier dat daar tog een sonde is wat die mens nie vergewe sal word nie. Dit is die sonde teen die Heilige Gees of die lastering teen die Heilige Gees, soos dit ook genoem word. En dit is eintlik vanselfsprekend dat hierdie sonde nie vergewe sal word nie. Want die sonde of lastering teen die Heilige Gees beteken dat die mens sy hart vir die Heilige Gees toesluit of dat hy die werk van die Gees verhinder of teenstaan. En die werk van die Heilige Gees is juis om ons harte oop en ontvanklik te maak, sodat ons Jesus Christus as ons Verlosser kan aanneem. Want „niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees". Die Heilige Gees wil ons herinner aan ons Here Jesus Christus en dit wat Hy vir sondaars gedoen het. Hy wil die geloof in ons harte werk. As die mens dus sy hart toesluit vir die Gees van God, dan beteken dit dat hy nie Jesus as Verlosser wil en kan aanneem nie en dat hy daarom ook nie deel het aan die sondevergewing nie.

Baie mense is bang dat hulle hierdie onvergeeflike sonde sal begaan — dat hulle sal laster teen die Heilige Gees. Maar juis die feit dat 'n mens bang is en dat jy op jou hoede is vir hierdie sonde, is bewys daarvan dat jy nie nodig het om te vrees nie. Want dit is bewys daarvan dat jou hart nog besig is om jou te leer van die vergewing van sonde wat daar in Jesus Christus onse Here is.

16 Februarie. **Lees** Luk. 12:22-48. **Teks:** Luk. 12:31.

DIE HERE SORG.

Ons glo dat die Here sorg vir tyd en vir ewigheid. Hy sorg vir ons in hierdie lewe, en Hy sorg ook vir 'n lewe na die dood. Laasgenoemde is egter by verre die belangrikste. Daarom bely ons ook dat ons vreemdelinge en bywoners op die aarde is en dat ons op pad is na 'n beter vaderland.

Dat dít die gesindheid van die gelowige moet wees, wil ons Here Jesus ook volgens ons teksvers vir die mense leer. Hy wil hê dat ons oog in die eerste plek op die hiernamaalse lewe gerig moet wees en daarom wys hy ook die sug na die aardse rykdom ten sterkste af. Want wat baat dit die mens as hy die hele wêreld win en hy ly skade aan sy siel? Alleen as die mens oor die hiernamaalse lewe sekerheid het, kan hy ook hier op aarde gelukkig wees. Maar meer nog; as die oog gerig is op die hiernamaalse lewe, as jou verhouding tot God reg is, kan jy ook daarvan verseker wees dat die Here vir jou sal sorg op hierdie aarde. Daarom, „soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word".

Om die koninkryk van God te soek, beteken om Jesus Christus te soek. Dit beteken om Hom aan te neem as Verlosser, as die enigste troos in lewe en in sterwe. Dit beteken om Hom te erken as die Koning van die ryk van God. Want in sy persoon het die koninkryk van God by ons gekom.

As ons Jesus Christus só as Verlosser en as Koning aangeneem het, dan sal ons biddend wag op sy wederkoms. Dan kan ons ook onbekommerd voortgaan met ons daaglikse werk, met dié wete dat die Vader wat deur sy Seun vir die ewigheid voorsien het, ook in die tyd vir ons sal sorg.

17 Februarie. **Lees** Luk. 12:49-59. **Teks:** Luk. 12:56.

DIE TEKEN VAN ALLE TYE.

Die mens het normaalweg 'n groot belangstelling in die weer en ons probeer dan ook dikwels om die weersomstandighede te ontleed en op grond van die ontleding voorspellings te maak. So was dit reeds in die Here Jesus se tyd. Volgens Hom het die mense van sy tyd ook goed daarin geslaag om die regte afleiding uit die beskikbare gegewens te maak. Hulle het geweet dat die westewind wat van die see af waai, reën bring en dat die suidewind wat van die woestyn af kom hitte bring. Gevolglik het hulle ook geweet wanneer om hulle gesaaides aan te plant en hulle oeste in te samel.

As hierdie mense daarom nie die tekens van die naderende oordeel van God kan raaksien en reg kan beoordeel nie, dan beskuldig Jesus hulle van geveinsdheid. Want hulle het tog al die nodige gegewens gehad. Hulle het geweet van die voorspellings van die profete aangaande die Messias. Hulle het geweet dat Hy sou kom, hoe Hy sou wees en wat Hy sou doen. Maar nou dat Hy gekom het, was hulle nie in staat om Hom daarom aan te neem as die Verlosser van die wêreld nie. Daarom was hulle ook nie geskik om ingesamel te word saam met die oes van God nie.

Jesus Christus is die teken van God wat deur elke mens van elke tyd reg vertolk moet word. Hy is die teken dat die gerig van God aan die kom is, maar Hy is ook die teken dat daar by God genade en vergewing van sonde is. Hier mag ons daarom nie foute maak nie, want hy wat Jesus nie erken en aanneem as die Messias van God nie, is verlore vir die oes van God.

18 Februarie. **Lees** Mal. 4:1-6; Matt. 17:1-13; 2 Pet. 1:16-21. **Teks:** Matt. 17:8.

VERHEERLIKING VAN JESUS OP DIE BERG.

Die lydensweg van Jesus het wonderlike momente. Hy is deur sy dissipels bely as die Christus. Tog het Hy hulle getoon dat Hy juis as die Christus moes ly en sterf. Hierdie lydingsweg word deur Petrus, die belyer, ontken. Die Messias is immers die Seun van God en aan Hom is heerlikheid en eer gegee.

Christus het gespreek oor sy dood en sy heerlikheid omdat sy dissipels dit nie kon begryp nie neem Hy sy drie vertrouelinge met Hom saam. Hulle moes sy heerlikheid aanskou. Hulle moes getuies wees dat Hy juis deur lyding, dood en opstanding Gods heerlikheid gaan vestig.

Daar op die berg kon hulle iets sien van sy toekomstige heerlikheid. Sy gelaat het gestraal soos die son en sy klere het glansend wit geword — tekens van majesteit en heerlikheid. So gaan Dan. 7 in vervulling, die Seun van die mens het goddelike heerlikheid ontvang. So word ook Petrus se belydenis bevestig: U is die Christus die Seun van die lewende God.

Naas die verheerlikte Jesus verskyn ook Moses en Elia. Beide was groot handhawers van Gods reg—Moses deur die wetgewing en Elia deur sy ywer en eerbied daarvoor. Hulle was tipiese verteenwoordigers van die ou bedeling — getuies van Israel se ongeregtigheid en Gods genade. Wanneer Jesus dus met hulle spreek dan beteken dit dat Hy 'n taak het binne dieselfde raamwerk as hulle. In die lig van Mal. 3:1 en Mal. 4 sien ons Hom dus as die Heer wat na sy tempel kom, die engel van die verbond wat gerig hou oor die goddeloses, maar ook die Son van geregtigheid laat opgaan oor die wat die Naam van die Here vrees en onder wie se vleuels genesing sal wees.

Petrus, oorweldig deur hierdie verskyning, wil hierdie heerlikheid vasgryp deur vir Christus, Moses en Elia tente te bou. Sy heilsverwagting wil hy daarin gestalte gee. So is hy weer eens die struikelblok. Hy wil vooruitgryp en vergeet dat Christus deur lyde en sterwe tot blywende heerlikheid sal kom.

Dan gryp God self in deur sy verskyning in die ligtende wolk. „Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom." (Matt. 17:8). Hierdie woord wat met sy doop sy openbare optrede ingelei het, lei ook sy eintlike lyding in. Met hierdie woord word die belydenis van Petrus en die verheerliking deur God self bevestig. Dit is my geliefde Seun in wie my welbehae geopenbaar is deurdat Hy besig is om sy middelaarswerk te vervul. Waar Petrus Christus op 'n gelyke voet met Moses en Elia gestel het, verhef God Hom bo hulle. Dit is sy geliefde in wie Hy 'n welbehae het. So kry Jesus, die Seun van die mens, die Seun van God 'n unieke plek in Gods handelinge. Luister na Hom.

Hierdie Christus, op sy weg na Jerusalem, is die Seun sy liefde en welbehae. Luister na Hom. Daarom gaan dit in die konfrontasie met Christus. Nie om verskyning van sy heerlikheid nie, maar om sy woord. Petrus getuig self in die verbond: „En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in die donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte" (2 Pet. 1:19).

Nie die woord van heerlikheid nie, maar die woord van Jesus, die vleesgeworde Woord, is die bevrydende waarheid. Die heerlikheid verblind en gee doodsangs maar die waarheid in Jesus Christus geopenbaar maak vry ook vir hoorders en daders soos Petrus. Die Vader vra hoorders! Die geloof in die Woord beteken die oorgawe van 'n doodskuldige lewe aan Hom, wat die heerlikheid verlaat het om die dood vir sondaars te sterwe, sodat daardie heerlikheid ook hulle heerlikheid sal wees.

19 Februarie. **Lees** Ps. 27:1-14; Matt. 17:14-27. **Teks:** Matt. 17:20. Rom. 10:8-17.

GENESING VAN 'N MAANSIEKE SEUN.

Na die verheerliking op die berg, keer Jesus en sy vertrouelinge terug na die skare wat Hom inwag aan die voet van die berg. Dit is eintlik vanselfsprekend dat Jesus tot die skare toetree. Ter wille van hulle het Hy gekom. Ter wille van hulle is Hy ook op weg na Jerusalem waar bittere lyding, smart en dood op Hom wag. Hy gaan die volk nie onbarmhartig verby nie, ook al verwerp hulle Hom.

Dan tree 'n vader met 'n ontsettende beproewing Hom tegemoet — 'n siek kind. Uit die beskrywing blyk dat dit epilepsie en besetenheid is. Uit die woorde van die vader blyk duidelik sy wanhoop, angs en sorg. Hy het die dissipels gevra, dog hulle was onmagtig. Daarom wend hy hom tot Jesus. Jesus genees ook die kind.

Op die vraag van die dissipels waarom hulle nie die kind kon genees nie, antwoord Jesus: „Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie" (Matt. 17:20).

Soos van hierdie vader vra Hy ook van die dissipels 'n toevlugnemende geloof, die oog gevestig op Jesus die Voleinder van die geloof. Geloof beteken 'n volkome afsien van ons self 'n onvoorwaardelike oorgawe aan Jesus.

Soos by hierdie vader: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp. (Mark. 9:24).

Jesus sê nadruklik as julle geloof het soos 'n mosterdsaad . . . sal niks vir julle onmoontlik wees nie. Hierin lê vir ons 'n ontsaglike troos. Soos die mosterdsaad kiemkrag en groeikrag in hom het, so is dit ook met die geloof. Al is die geloof so klein soos 'n mosterdsaad, is dit in staat tot groot dade. Dit is juis moontlik omdat God aan ons nie alleen die geloof as gawe gee nie, maar ook daaraan kiemkrag en groeikrag gee.

Ons troos lê ook daarin dat Jesus Christus juis van die berg van verheerliking neergedaal het om die weg na Jerusalem te voltooi, sodat Hy nie alleen vir ongeloof van sy dissipels sal sterf nie maar ook vir ons.

Laat ons ook altyd onthou dat ook die geloof, wat God aan ons geskenk het, deur ons verknoei word. Daarom moet ons ook weet dat waar Jesus is, waar sy Woord blywend oor ons heengaan, kan ons bid: Here versterk ons geloof en sal dit ook versterk word, omdat Hyself die geloof in ons nuut en meer maak. Slegs daar waar ons worstel met die onvolkomenheid van ons geloof en daarom steeds weer na Hom kom, sodat ons leë besoedelde hande gevul kan word met sy goddelike goedheid. Daarom sê Paulus ook vir ons: „Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom. 10:17).

20 Februarie. **Lees** Eseg. 34:11-31; Matt. 18:1-14; **Teks:** Matt. 18:14. Fil. 2:5-11.

JESUS HET GEKOM TOT REDDING.

Die uitsprake van Jesus sedert die belydenis van Petrus, het verwagting laat toeneem dat Hy binnekort sy koninkryk sal oprig. Daarom het die dissipels onder mekaar geredeneer oor die moontlike plekke wat hulle in die koninkryk van die hemele sou beklee.

Jesus stel dan aan sy dissipels dat die eersugtigheid soos by die Fariseërs nie die regte gesindheid is vir die koninkryk van God nie, maar die gesindheid van 'n kind — die geringste, nederigste en die dienaar van almal.

Hy beklemtoon dan verder wie geringes en nederiges in sy Naam ontvang, ontvang Hom. Wie egter een van diesulkes verag, verdring of 'n struikeling vir hom is, vir hom is beter dat hy die misdadigersdood sterf.

Om dan die hoë waarde van een van hierdie geringes by God te bevestig, vertel Jesus die gelykenis van die man wat honderd skape het waarvan een verdwaal het. Hy laat die nege-en-negentig staan om die een te soek. Toe hy daardie een gevind het, was sy vreugde onuitspreeklik groot.

„So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie" (Matt. 18:14).

Hiermee wil Jesus aan ons verkondig dat dit in Gods koninkryk nie gaan om 'n wedywering van plekke nie, dat dit ook nie gaan om eersug nie. God het in Christus juis gekom om die ellendige, geringe en veragte te soek. Hy het gekom om te soek en te red wat verlore sou gaan. Hierdie geringes, wat deur die Fariseërs verag is, die tollenaar en die sondaar het Hy gesoek en gevind.

Ons troos lê daarin dat dit Gods wil is dat die geringe, die verlorene en afgedwaalde nie verlore sal gaan nie. In Christus Jesus het God n eindelose weg gegaan om die verlorenes te vind. Jesus Christus het sy hemelse heerlikheid prys gegee. Hy gaan omlaag die weg van vernedering. Hy neem 'n diensknegsgestalte aan. Baie ver moes Hy gaan om ons die verlorenes te vind. Hy gaan tot in die dood — die dood van die kruis. Hy het egter ook opgestaan en oorwin. So het God dan die verlorene gesoek, die weggedrewene teruggebring, die gewondes verbind en die siekes versterk.

Nou sê Paulus ook vir ons baie duidelik: „Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was" (Fil. 2:5). Vir ons moet dit nie gaan om eersug en eie aansien of heerlikheid nie, maar juis om diens. Die swakkes moenie deur ons weggedruk of uitgejaag word nie, maar juis in vreugde toegebring word. In aanraking gebring word met Hom wat gekom het om vir diesulkes vryheid, vreugde en vrede te skenk.

21 Februarie. **Lees** Jes. 54:4-8; Matt. 18:15-35; 1 Joh. 4:7-13. **Teks:** Matt. 18:35.

DIE VERGIFNIS.

Nadat Jesus die riglyne aangedui het vir die optrede by die tugoefening, kom Petrus met die vraag: „Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?" (Matt. 18:21).

Hierop antwoord Jesus verrassend: „Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe" (Matt. 18:22).

Hiermee sê Jesus dus dat vergewing moet geskied sonder maat of perk. Om hierdie waarheid te verkondig, vertel Christus dan hierdie gelykenis.

Een van die onderdane van 'n vors skuld hom tienduisend talente — 'n ontsaglike groot skuldlas. Omdat dit vir hom onmoontlik is om te betaal is dit vanselfsprekend dat die oordeel hom sou tref.

In sy hopelose omstandighede volg die angskreet om begenadiging: „Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal alles betaal" (Matt. 18:26).

Dan gebeur die onverwagte. Die heer het innig jammer vir hom gevoel en skenk hom meer as wat hy gevra het. Hy verkry sy vryheid en die volle kwytskelding van al sy skuld. So ontvang hy die onverdiende en kon hy hom voor die vors oprig en 'n nuwe lewe binnegaan. Hierdie daad van die vors spreek dus van eindelose barmhartigheid en genade.

Dieselfde dienskneg ontmoet 'n mede dienskneg wat hom honderd pennings skuld. Ook hy smeek om genade: „Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal" (Matt. 19:30). Hierdie belofte is nie 'n blote wanhoopskreet nie, 'n betekenislose woord in nood nie. Dit was binne die bereik van die skuldenaar om sy skuld te betaal indien hy uitstel kry. Hardvogtig handel die skuldeiser. Die skuldenaar word in die gevangenis gewerp.

Die vors ontvlam in toorn teenoor hierdie dienskneg wat barmhartigheid ontvang het vir 'n onbetaalbare skuld en vir 'n onbenullige skuldjie so onbarmhartig gehandel het. Hy word aan die pynigers oorgelewer en die onmoontlike word van hom verwag — die betaling van sy volle skuld. Immers wie hom so onbarmhartig teenoor sy mededienskneg betuig mag tog nie as begenadigde van sy heer leef nie.

Nou sê Jesus hier heel treffend: „So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie" (Matt. 18:35).

Uit hierdie gelykenis leer ons dat die skuldelas van die mens teenoor God nie deur die mens gedelg kan word nie. In eindelose erbarming kies God die enigste oplossing wat moontlik is. Hy wil nie dat die mens verdelg sal word deur sy skuldelas nie of daardeur ten gronde sal gaan nie. Op die Een wat dit allermins verdien laat Hy dit neerkom. Christus Jesus het die las van ons sondeskuld kom dra. Daarom het dit Hom die bittere lyding, smart en dood gekos. Hierdie Christus het oorwin, Hy het uit die dood opgestaan sodat ons vry uit kon gaan. So ontvang ons, die ellendige sondaar, die „loslating" en die bevryding van alle gemoedslas sodat ons in vryheid 'n nuwe lewe kan binnegaan.

Uit dankbaarheid vir hierdie onuitspreeklike groot genadedaad aan ons, vra God van ons ook onvoorwaardelike vergewing van ons broeder. Hierdie vergewing beteken egter nie dat ons dit in eie belang sal doen of ook nie maar sal doen omdat my broeder dit aan my gedoen het nie. Dit beteken onvoorwaardelik vergewing. Daarom sê Jesus dan ook hier met nadruk „elkeen sy broeder **van harte** sy oortredinge vergewe" (Matt. 18:35).

22 Februarie. Lees Gen. 2:18-24; Matt. 19:1-12; Ef. 6:1-9. **Teks:** Matt. 19:4-6.

DIE HUWELIK.

Weer eens het die Fariseërs probeer om Jesus met 'n netelige punt van die wet — die uitleg van Deut. 24:1v. te versoek. Onder die Joodse leraars was daar nie eenstemmigheid nie. Die Joodse geleerde, Hillel, het geleer dat 'n man sy vrou om enige rede kan verstoot. 'n Ander Joodse geleerde, Sjammai het dit nie toegelaat nie. Daarom vra die Fariseërs vir Jesus of 'n man sy vrou om enige rede kan verstoot.

Jesus antwoord dan deur die betekenis van die huwelik te stel soos God dit bedoel het. God het die mens as man en vrou geskape en ook aan hulle sy seën gegee. Nou is dit ook so dat God die mens nie geskape het om apart van mekaar te lewe nie. Hy het man en vrou vir mekaar bestem. Hy wil dat hulle in gemeenskap met mekaar lewe. Juis as die beelddraer van God ken die mens in sy menslike eksistensie die onderskeiding en betrekking van ek en jy, van man en vrou. So weerspieël die mens dan ook die wil en die wese van die Skepper God. Nou stel Jesus dit ook baie duidelik dat hierdie gemeenskap, waarin God die man en vrou geskape het, veel sterker as die band tussen ouers en kinders is. Die man sal sy vader en moeder verlaat en met sy vrou een vlees, dit wil sê een wese word.

Jesus stel dit met nadruk dat omdat die huwelik 'n goddelike instelling is, mag die man nie sy vrou verstoot nie. Jesus sê dan ook hier baie duidelik dat Moses ook nie beveel om 'n skeibrief aan hulle te gee nie maar dit wel „toegelaat" het. Hy het dit slegs gedoen op grond van „die hardheid van julle harte". Dit is dus alleen 'n toegewing aan die sondige natuur van die mens maar geen gebod nie.

Omdat die huwelik Gods bedoeling met die mens is, is dit ook blywend en onontbindbaar. Daarom moet elke huweliksgemeenskap die karakter van duursaamheid en trou handhaaf. Man en vrou ontvang mekaar nie maar net uit Gods hand nie, maar is ook geroep tot 'n blywende verantwoordelikheid vir mekaar.

Laat die gehudes altyd daaraan dink en dit ook hulle erns maak, dat die Bybel 'n besondere glans aan die huwelik verleen. In die Ou Testament word die verhouding van God en sy volk onder die beeld van die huwelik geteken „Want jou Maker is jou Man" (Jes. 54:5). „Soos 'n bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees" (Jes. 62:5).

Paulus trek hierdie lyn deur in Ef. 5. Vir hom is die huwelik die afskaduwing van die innige verhouding van Christus en sy gemeente. Op grond van die liefde waarmee Christus sy gemeente liefhet, vermaan Paulus dan die man en vrou om mekaar lief te hê. Net soos by die profete die trou, waarmee God die verbond hou, die gehudes tot trouwees aan mekaar oproep, so word die liefde van Christus die fondament van die huweliksliefde. So word in die besonder dan die verhouding van man en vrou in die huwelik gestel in die lig van die kruis en die opstanding. Die huweliksgemeenskap in die diepe betekenis van „hulle twee sal een vlees wees' word by Paulus die beeld van die gemeenskap van Christus en sy gemeente.

In die lig van dit alles, in die lig van Christus se ernstige vermaning word die gelowige dus opgeroep om die huwelik, in sy heerlike gemeenskap van liefde en trou, deur Gods genade in ere te hou.

23 Februarie. **Lees** 1 Sam. 1:21-28; Matt. 19:13-15; Rom. 8:31-39. **Teks:** Matt. 19:14.

JESUS SEËN DIE KINDERTJIES.

Hierdie perikoop sluit nou aan by die vorige. Nadat Jesus gespreek het oor die huwelik, gaan Hy nou verder om oor die kinders te spreek. Die aanleiding hiertoe het gekom deurdat hulle kindertjies na Jesus gebring het sodat Hy hulle die hande sou oplê en vir hulle bid. Maar ook omdat hulle in Christus die groot Leermeester gesien het en daarom ook sy heilvolle seën en voorbede vir die kindertjies vra.

Die dissipels vind dit 'n inbreuk op die ernstige onderrig waarmee Jesus besig is. Daarom kom hulle tussenbeide en wil hulle hul Meester beskerm teen hierdie oorlas.

Volgens Markus is Jesus hieroor ontsteld. Hy sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele (Matt. 19:14).

Om hierdie woord enigsins te kan begryp is dit noodsaaklik dat ons sal bedink hoe die Jodedom die kind gesien het. Die kind was in die Jodedom 'n geringe, nietige en dikwels veragte. Wanneer Jesus dus aan sulkes, wat soos die kinders is, die koninkryk van God toesê, dan beteken dit nie dat Hy dit doen op grond van bepaalde kwaliteite wat Hy in die kindertjies vind nie — nie as gevolg van kinderlike onbevangenheid, kinderlike eenvoud of kinderlike vertroue nie. Hy laat inteendeel sien dat die koninkryk bestem is vir nietiges, veragtes en geringes.

Nou sê Jesus hier heel treffend: „aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele" (Matt. 19:14). Hy skenk dus aan hulle onverwagte rykdom. Hulle het van Hom gevra om die kindertjies te seën en vir hulle te bid. Jesus gaan egter ongevraagd verder en beloof aan hulle die koninkryk. Gods koninklike heerskappy het in hierdie sondige orde deurgebreek en gestalte gekry in Jesus Christus deurdat Hy ons verlore saak sy saak gemaak het. In Hom het Gods koninkryk naby gekom omdat Hy vir ons bereikbaar en bekombaar geword het; omdat Hy die aanraking met Hom moontlik gemaak het. Die heil wat hierdie ryke genadegawe vir ons inhou is: die vergewing van sondes, die geregtigheid, die ewige lewe asook die seëninge van die kindskap van God.

Met hierdie woord sê Christus baie duidelik dat slegs in en deur Hom, in die aanraking met Hom, word hierdie heil verkry. Nie as gevolg van bepaalde geestelike gesteldhede nie maar uit louter genade om Christus wil word hierdie heil aan ons geskenk. Slegs omdat Hy ons aanvaar en geroep het, slegs omdat Hy ons so uitnemend liefgehad het, slegs daarom en daardeur het ons toegang en ingang in die ryk van God. Deur sy bloed is ons gereinig, deur sy dood, opstanding en hemelvaart is ons ook opgeneem in Gods koninkryk.

Hierdie woord hou nie alleen vir ons 'n troos in nie, maar ook 'n ernstige vermaning: „Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie" (Matt. 19:14).

Op geen wyse moet ons enigiemand maar in die besonder ons kinders ooit verhinder om in aanraking met Christus te kom nie. Hy is bereikbaar en bekombaar vir ons die ellendiges, geringes, nietiges en veragtes in sy Woord en in die heilige sakramente. Daarom: Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is.

24 Februarie. **Lees** Jes. 12; Matt. 19:16-30; Gal. 5:13-15. **Teks:** Matt. 19:26.

DIE RYK JONGMAN.

'n Jong man het na Jesus gekom. Hy spreek Hom aan as Meester. Daarmee erken hy Jesus as die Een op wie se oordeel hy prys stel en aan wie se oordeel hy hom ook sal wil hou. Hy is nie seker van die ewige lewe nie. Hy wil iets goeds doen om die ewige lewe te beërwe.

Hierdie iets goeds, is iets wat aan die wet beantwoord, maar tog ook iets anders as wat hy alreeds gedoen het. Hy wil dus die ewige lewe bereik maar om daartoe self te kan kom.

Jesus gaan op sy probleem in. Hy wys hom daarop dat slegs God goed is, dit wil sê die volstrekte goeie is. So bring Jesus hom op 'n ander plan. Hy soek die goeie op aarde in eie dade. Hy maak dit dus los van God, die enige Goeie. Jesus sê dus eintlik vir hom: „Jy kan die Goeie nie bereik uit jouself nie. Jy het lemand anders, wat dit ook kan en wil doen, nodig om dit vir jou te bereik."

Maar, sê Jesus vir hom, as jy dan iets goeds wil doen, hou die gebooie. Hiermee wil Jesus ook vir hom sê dat jy selfs dit nie kan doen nie. Opvallend is hier dat Jesus hom slegs die tweede tafel voorhou. Jesus spreek dus nie eers oor die liefde tot God nie.

Hierop antwoord die jongman vol selfvertroue: al die gebooie het ek nagekom van my jeug af. Hierdie man wil egter volmaak wees. Om dit te kan bereik ontbreek nog een ding. Alles te verkoop, die geld aan armes te gee en Christus te volg. Hierdie volg sluit nie maar net 'n meegaan in nie, maar inderdaad sy kruis opneem en Christus volg.

Om dus die volmaakte goeie te bereik, lê in die bring van 'n offer vir andere, in volkome erbarming ongeag wat dit sal kos. Hierdie volmaakte goeie word geopenbaar in die daad van God. God wat nie maar net aan elkeen gegee het wat hom toekom nie, maar uit erbarming en genade, sy eniggebore Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het. Die liefde wat ons primêr verwag is dat God ons die ewige lewe sal skenk. Dit kan egter nie anders as deur die offer van Christus heen nie. Daarom sal werklike liefde vir die naaste ook altyd selfopoffering moet wees.

Hierdie dinge was vir daardie jongman te veel. Omdat hy ryk was, was die offer wat hy moes bring te groot.

Hierop antwoord Christus dat dit oor die algemeen vir 'n ryke baie moeilik is om werklik aan Gods gebooie te voldoen, om werklik die kruis op te neem en Christus te volg, want die offer wat gegee moet word, is te groot. Hierdie antwoord van Jesus laat die dissipels verslae. Hulle het immers gereken dat omdat 'n ryke veel liefdadigheid kan skenk, hy maklik deel aan Gods koninkryk sal kry. As Gods eis dan so absoluut is, hoe is behoud dan moontlik.

Daarop antwoord Jesus dat die bereiking van Gods koninkryk nie alleen vir die ryke onmoontlik is nie, maar vir alle mense.

Geen mens kan sy eie redding bereik nie. Dit doen God alleen uit genade onverdiend geskenk aan die sondaar. Ook vir die dissipels lê die heil nie daarin dat hulle alles prysgegee het nie. Hierdie prysgawe was nog geen absolute offer nie. Hulle heil lê daarin dat hulle Christus gevolg het. Nie die daad van die prysgawe red nie, maar die daad van Gods genade in Jesus Christus. Ook vir die dissipels geld die woord: by die mense is dit onmoontlik maar by God is alle dinge moontlik.

Dan voeg Jesus hieraan toe wat die heerlikheid is wat God uit genade aan die sondaar skenk. Hulle sal deel in die magsheerskappy en heerlikheid wat God aan Christus geskenk het.

Die heerlikheid wat hier aan ons verkondig word is dit: geen mens kan werklike geregtigheid bereik nie, ook nie de gebod van die liefde vervul nie, selfs nie die mees konsensieuse nie.

Hierdie geregtigheid word aan ons ryklik geskenk uit louter genade deur God in Christus Jesus. Ons heil, ons redding lê in die offer van Christus. Wanneer ons Christus navolg in die geloof, onvoorwaardelik navolg, is ons ook verseker van sy heerlikheid. Hierdie onvoorwaardelike navolging beteken dat ons ons saligheid buite onsself in Christus Jesus sal soek.

25 Februarie. **Lees** Matt. 21:1-11. **Teks:** Matt. 21-5.

DIE KONING VAN ALLE KONINGS.

Jesus, die Messiaskoning, ry die stad Jerusalem binne op 'n jong esel. Hierdie gebeure is 'n vervulling van die profesie in Sagaria 9:9. 'n Koning, wat sy koninklike intog na die koningstad maak op 'n jong esel! Maar, hoe is dit dan moontlik?! 'n Koning ry mos nie op so 'n eenvoudige en armoedige dier nie. Die konings van hierdie wêreld ry

op pragtige blink perde, in mooi versierde koetse of in lang en duur motors. Hulle word met aardse prag en praal omring. Maar, Jesus ry op 'n jong esel, nederig en eenvoudig. En dit is so, omdat Hy nie 'n aardse koning is nie, maar 'n hemelse koning. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, maar van die hemelse wêreld. Sy heerlikheid is nie aardse prag en glorie nie (hy ry op 'n jong esel), maar hemelse heerlikheid. (vgl. Matt. 17:2). Hy het nie gekom om die aardse vyande te verslaan nie, maar om satan, sonde en dood te oorwin.

Daarom het daar ook nie 'n pragtig-versierde troon vir hierdie Koning in Jerusalem gewag nie, maar moes Hy buitekant Jerusalem aan 'n vervloekte kruishout hang. Dit lyk of hierdie Koning aan daardie kruis ondergaan en verloor, maar in werklikheid behaal Hy die grootste oorwinning van alle tye. Sy oorwinning en koningskap word bevestig deur sy opstanding uit die dode, sy hemelvaart en sy verhoging aan die regterhand van God, die Vader. Hy is Koning oor alles en almal. Aan Hom behoort alle mag in hemel en op aarde. Ons sien dit nou nog nie met vleeslike oog nie, maar eens sal dit vir almal geopenbaar word. „In die Naam van Jesus sal buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en dit wat onder die aarde is, en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." (Fil. 2:10 en 11).

26 Februarie. Lees Matt. 21:12-22. **Teks:** Matt. 21:13.

DIE HUIS VAN GEBED.

Die gebed van die gemeente in die huis van God is een van die belanrikste maniere waarop die gemeente sy dankbaarheid teenoor God bewys. 'n Gelowige wat nie saam met die gemeente vergader om God te aanbid in sy Huis nie, is 'n ondankbare gelowige. Vir die doel van aanbidding, sonder God vir Hom 'n bepaalde plek af, waar Hy op 'n besondere wyse sy gemeente wil ontmoet — dit is die kerk, of soos in die dae van Christus, die tempel.

In die nabyheid van die tempel was daar mense wat aan die pelgrims offers verkoop het wat hulle nie van ver af kon saambring nie. Daar was ook geldwisselaars wat teen 'n kommissie aan die feesgangers dié muntstuk voorsien het, waarmee die tempelbelasting betaal moes word. Hierdie groot bedrywigheid het egter spoedig tot binne die tempelterrein verskuif, die gevolg dat die tempel ontheilig is deur die lawaai, inhaligheid, geldgierigeid en bedrog van die verkopers. Die huis van God, die plek vir ontmoeting en gesprek met die lewende God, het 'n plek geword van rumoer en besigheidstransaksies — van dieselfde karakter as „'n spelonk van rowers," dit is 'n plek waar mense se besittings geplunder word.

Christus, die Seun van God, gryp egter in hierdie haglike toestand in. Hy is die Heer van die tempel; dit is sy huis. Daarom tree Hy met goddelike gesag op, verdryf almal daaruit en reinig die tempel.

Maar, Hy het nog baie meer gedoen: Hy het Self die grootste offer van alle tye aan die kruis gebring. Daardeur het Hy alle offers oorbodig gemaak. So het Hy die huis van God gesuiwer en dit vir ons gemaak tot 'n plek waar ons God „in gees en in waarheid" kan aanbid, (Joh. 4:23.)

Máár nou kan u en ek ook sy huis ontheilig en die offer van Jesus Christus minag, deur sy huis tot 'n plek van verlatenheid te maak. Is u plek in die huis van God Sondag na Sondag leeg?

27 Februarie. **Lees** Matt. 21: 28-46. **Teks:** Matt. 21:39.

DIE KONINKRYK VAN GOD VRA GEPASTE VRUGTE.

Die gelykenis van die wettelose en opstandige landbouers vertel die bewoë geskiedenis van die uitverkore volk van God. Dit is 'n geskiedenis van afval, opstand en ongehoorsaamheid. Die profete van God wat die volk vermaan en gewaarsku het, het hulle geïgnoreer, vervolg en selfs gedood. Uiteindelik het God sy eie Seun na hulle gestuur. Hóm het hulle nog minder aangeneem. Hulle het Hóm, aan Wie die wingerd in werklikheid behoort, buitekant die wingerd gewerp en doodgemaak. D.w.s. die uitverkore volk van God, het die Seun van God buitekant Jerusalem aan 'n kruis laat sterwe. „Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem ne." (Joh. 1:11). Die uitverkore, bevoorregte volk van God het Jesus Christus nie as hulle koning erken en aanvaar nie, maar Hom as 'n misdadiger verwerp. Hulle het géén vrugte gedra, wat by hulle bevoorregte posisie en roeping gepas het nie. M.a.w. hulle het nie tot **geloof** in Jesus Christus gekom nie. Hulle het Hom nie in die geloof aanvaar as hulle Verlosser en Saligmaker nie. Hulle het Hom nie met gehoorsaamheid, liefde, oorgawe en dankbaarheid geantwoord op God se onbegryplike goedheid nie. Daarom is die koninkryk van hulle weggeneem en aan andere gegee.

Omdat Hy verwerp is en aan 'n kruis gesterwe het, kon u en ek deel kry aan God se genade, aan sy koninkryk. ‚Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy **mag** gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam **glo.**' (Joh. 1:12). Die koninkryk van God behoort alleen aan hulle wat in Jesus Christus glo. Nou is die vraag: Glo **u** en **ek** werklik in Jesus Christus en sy genade? Meer nog: Dra u en ek die vrugte wat by só 'n geloof pas? Word dit uit ons woorde, dade en gedagtes duidelik dat ons gelowiges is? Onthou nie hulle wat net sê dat hulle gelowiges is, sal gered word nie, maar hulle wat die wil van die hemelse Vader **doen.** (vgl. Matt. 7:21).

28 Februarie. **Lees** Matt. 22:1-14 en Openb. 19:7-9. **Teks:** Matt. 22:11.

DIE BRUILOFSKLEED VAN DIE GELOWIGE.

In die Bybel word die koninkryk van God dikwels vergelyk met 'n bruilof, en veral met die bruilofsmaaltyd. In hierdie vergelyking van die koninkryk van God met 'n bruilofsmaaltyd word die Seun van God, Jesus Chrisus meestal voorgestel as die Bruidegom, en die kerk of die gelowiges as die bruid en dikwels as die gaste by die bruilofsmaaltyd, soos in hierdie gelykenis.

By die bruilof van 'n Oosterse koning se seun was dit gebruiklik om 'n voorlopige én 'n finale uitnodiging aan die gaste te stuur. Dit was 'n besondere eer en voorreg om aan so 'n bruilofsmaaltyd deel te hê, en daarom het die koning ook vir elke gas 'n besondere kleed gegee om aan te trek vir die bruilofsmaaltyd. Hierdie bruilofskleed was 'n teken van 'n groot guns en goedheid van die koning en van die voorreg om 'n genooide te wees. Dit was ook 'n bewys van eerbied teenoor die koning. Sonder hierdie bruilofskleed kon 'n persoon nie aan die bruilofsmaaltyd deelhê nie, dit was 'n bewys dat hy nie genooi was nie, dat hy uit homself daar probeer inkom het en hy oneerbiedig is teenoor die koning.

In die Bybel beteken die bruilofskleed wat vir die gaste aangetrek word, die genade wat Jesus Christus gee vir elkeen wat deelkry aan sy koninkryk. Daar is geen sprake van menslike prestasie, van verdienste deur goeie werke nie. Dat ons deel kan hê aan die koninkryk van God is geheel en al genadegawe van God deur Jesus Christus. God reken ons die volmaakte werk van Jesus Christus toe, soos die nagmaalsformulier sê „so volkome asof ons self in eie persoon vir al ons sondes betaal en alle geregtigheid volbring het." Geklee in eiegeregtigheid, vertrouend op eie verdienste en eie goeie werke, kan ons nooit voor God standhou nie. Slegs dié kleed wat deur Gód vir ons ggee word en wat wit en rein is deur die bloed van die Lam, kan ons van die toorn van God bewaar.

1 Maart. **Lees** Matt. 22:15-33. **Teks:** Matt. 22:21.

BETAAL AAN GOD WAT HOM TOEKOM.

Die Fariseërs het op elke moontlike manier probeer om Jesus in versoeking te lei, om Hom op 'n woord te betrap en só van Hom ontslae te raak. Hierdie vraag oor die belasting wat aan die keiser betaal moet word, getuig van hulle listigheid. Jesus toon egter in sy antwoord hoe volkome Hy hulle meerdere is.

Die belastingmuntstuk wat Jesus van hulle vra, was normaalweg agtien sent werd. Dit moes hulle elkeen as hoofbelasting aan die keiser betaal. Op hierdie silwerstuk was die kopbeeld van die keiser afgedruk, en ook 'n opskrif daarby wat aan die keiser goddelike eer toegeskryf het. Volgens opvatting van daardie tyd het hierdie muntstukke wat die beeld van die keiser gedra het, eintlik aan die keiser behoort — dit is sy eiendom, dit kom hom toe. Daarom moet dít wat aan die keiser behoort aan hom teruggegee word; daar moet deur hulle belasting betaal word.

„Maar betaal aan God wat God toekom" — die mens is beelddraer van God; hy behoort dus aan God, hy is die eiendom van God. Hy moet homself en sy ganse lewe aan God toewy. Die mens het egter deur die sonde losgeraak van God. Maar deur Jesus Christus, die eintlike Beeld van die onsienlike God, is die mens weer losgekoop, met die duur en kosbare bloed van Jesus Christus. So is die gelowige weer eiendom van God, is hy beelddraer van God. (Kol. 1:15 en 3:10), be-

hoort hy aan God met alles wat hy **is** en alles wat hy **het**. — Sy liggaam en sy lewe, tyd en sy kragte, sy geld en sy goed. Hy moet die regmatige deel van dít alles aan God teruggee. Hy moet in dankbaarheid en met oorgawe sy lewe aan God toewy.

Betaal u en ek werklik wat aan God toekom? Gee **ons** in geloof en dankbaarheid aan God sy regmatige deel van ons liefde, tyd, kragte, geld, ens.?

2 Maart. **Lees** Matt. 22:34-46. **Teks:** Matt. 22:38.

DIE EERSTE EN GROOT GEBOD.

Die mens is van nature geneig om God en sy naaste te haat en om die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke te oortree. So vat die Kort Begrip die nood en ellende van die mens saam. En tog eis God van ons dat ons Hom en ons naaste sal liefhê. God is Self liefde en in sy liefde het Hy aan ons sy Seun, Jesus Christus, gegee. En as antwoord vra God ons liefde tot Homself en tot ons naaste. Uit onsself kan ons daardie antwoord nie gee nie. Dit word alleen moontlik as ons glo in die Seun van sy liefde en as ons gelei word deur die Heilige Gees. Máár, nou moet ons altyd daarop let: die liefde tot God is die eerste en groot gebod. Die liefde tot God vorm die grond en kern van alle gebooie. Dit staan voorop, dit kom eerste. Uit die liefde tot God vloei die liefde tot die naaste voort. As ons God nie liefhet nie, kan ons nóóit ons naaste liefhê nie. Dit is só, omdat die liefde van bó af kom, van God af kom.

Daar is vandag almeer mense wat meen dat hulle nie in Jesus Christus hoef te glo en God hoef lief te hê nie. Hulle kan maar net goed doen aan andere, dan sal hulle nog saligheid beërwe. Dit gaan in húlle godsdiens net om die verhouding tussen mens en mens. Hulle wil eintlik 'n paradys van vrede en harmonie **hier** op aarde bou. Hierdie mense het God só op die agtergrond geskuiwe, dat Hy byna nie meer bestaan nie. Dit is ook al die toestand in baie kerke oor die wêreld.

Maar, hierdie soort liefde is géén werklike liefde nie; dit is nie daardie liefde wat God van ons eis nie. Want dit kom uit die mens self voort. Ware egte, Bybelse liefde teenoor ons naaste **is** alleen moontlik as ons God erken in ons lewe en Hom liefhet met hart, siel en verstand.

3 Maart. **Lees** Matt. 23:1-14. **Teks:** Matt. 23:5a.

DIEGENE WAT DEUR DIE MENSE GESIEN EN GEËER WIL WORD.

Die Kort Begrip beskryf „goeie werke" soos volg: „Dit is alleen dié wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word . . . . ." Aan al hierdie vereistes kon die skrifgeleerdes en Fariseërs geensins voldoen nie. Die belangrikste punt waarin hulle egter gefaal het, was dat hulle weinig gedoen het „tot eer van God." Die hoofdoel van al hulle dade was ter wille van eie eer, „om deur die mense gesien te word."

In hierdie verband het Christus hulle van baie dinge verwyt: Op grond van voorskrifte deur die Wet, het die vrome Jood, wanneer hy sy daaglikse gebed gedoen het, 'n gedenkseël of gebedsriem om

sy voorhoof en linker bo-arm gebind. Aan hierdie gebedsriem het hulle klein dosies vasgewerk, waarin allerlei wette en voorskrifte was (bv. Ex. 13:3-16). Onderaan hulle bokleed moes ook 'n ekstra pers soom aangewerk word. Hierdie gebedsrieme en some, as tekens van hulle vroomheid en wetsonderhouding, het hulle so opsigtelik as moontlik gemaak, — slegs „om deur die mense gesien te word." Jesus beskuldig hulle ook van die volgende: Hulle bewys liefdadigheid, sodat almal dit kan sien; hulle staan op die hoeke van die strate en doen lang gebede; hulle hou van die ereplekke by die maaltye en in die sinagoge; by die markte soek hulle graag die eerbetoon van die menigtes, ens. Hulle hele beoefening van hulle godsdiens het net één doel gehad: om deur die mense gesien te word.

Nou is die vraag: hoe sien u en my geloofslewe daaruit? Word dit wat u en ek as gelowiges dink, spreek of doen nie ook gekenmerk deur hierdie een doel: om deur die mense gesien te word nie? Laat ons hierteen waak! Laat ons alles wat ons in die diens van die kerk doen, doen uit geloof in Jesus Christus en tot eer van God alleen. „Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien **en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik?"** (Matt.5:16).

4 Maart. **Lees** Joh. 1:1-14. **Teks:** Joh. 1:4.

DIE LIG VAN DIE WÊRELD.

Die lewe van die mens na die sondeval het geword tot 'n duistere bestaan. 'n Lewe weg van God. 'n Lewe van voortdurende staan te midde van dorings en distels, te midde van die sweet van jou aangesig, te midde van droefheid en trane. 'n Uitsiglose en verwagtinglose bestaan. 'n Lewe wat in werklikheid nie meer lewe was nie maar dood. En aan die einde van hierdie duistere bestaan die wrede en harde woorde „stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Die ergste van alles is dat die mens na die sondeval aan hierdie toestand niks aan of af kan doen nie. Elke poging om die duisternis rondom jou te maak tot lig lei noodwendig daartoe dat jy die duisternis vergroot. Elke poging om die dood te omskep in lewe is tevergeefs.

In die volheid van die tyd het God in sy grote barmhartigheid hierdie toestand vir die mens oorwin. Wat die mens self nie kan doen nie het God in Jesus Christus vir ons gedoen. Hy is die lig wat in die duisternis geskyn het maar deur die duisternis nie oorweldig is nie. Hy het in die dood ingegaan en daaruit getree as triomfator. Omdat Hy dit gedoen het, is vir hulle wat in Hom glo, die lewe nie meer 'n duistere bestaan nie, maar 'n lewe vol van vreugde en blydskap. Vreugde en blydskap omdat deur Hom die duisternis, die sonde, die verwydering van God, oorwin is. In Hom en deur Hom is die lewe nie meer dood nie maar waaragtige lewe, ewige lewe. Deur sy koms het die lewe weer sin en betekenis gekry. Deur sy koms is die lewe nie meer 'n gestadigde dood nie, maar 'n lewe op pad na die hemelse Vader waar daar geen droefheid, smart en ellende meer sal heers nie. Deur sy koms het Hy weer lig in ons lewe gebring. Meer nog — die eindpunt van ons lewe, die ewige dood, die ewige swye het Hy vir ons omskep tot die beginpunt van die ware lewe in die hemel, waar geen dood en duisternis heers nie.

5 Maart. Lees Joh. 1:15-20. **Teks:** Joh. 1:18.

DIE OPENBARING VAN GOD.

Niemand het God ooit gesien nie. God is die God wat woon te midde van wolke en donkerheid. God is in die hemel en die mens is op die aarde. God is Gees en die mens is vlees. Vanweë hierdie oneindige afstand tussen God en mens is God nie kenbaar vir die mens nie. Die mate van kennis wat die mens nog van God gehad het, het die mens met die sondeval verloor. Die mens na die sondeval ken homself nie eers nie hoe sal hy God nog kan ken.

God is alleen kenbaar omdat Hy Homself aan ons bekend gemaak het. Hierdie bekendmaking van God het geskied deur die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is. Dit het geskied deur die enige Seun wat self God is. Omdat Hyself God is kan Hy die Vader ten volle aan ons bekendmaak. Hy is van die begin saam met die Vader, van dieselfde wese majesteit en heerlikheid. Deur die vleeswording van die eniggebore Seun van God het ons God leer ken in sy barmhartigheid, genade en verlossing. Jesus sê self hy wat My gesien het, het die Vader gesien. Hy is volgens die Heidelbergse Katekismus ons waaragtige profeet, bekendmaker van God se wil. Hy is die eksegese van die Vader.

Alles wat God tot die mens wou sê het Hy klaar en volkome gesê in Jesus Christus. Hierdie bekendmaking van God het nie vir ons verlore gegaan nie maar is opgeteken in sy Woord, in die Bybel. Deur die werking van die Heilige Gees word hierdie bekendmaking weer telkens lewend en nuut in ons midde wanneer God se Woord aan ons verkondig word.

Omdat God Homself volkome in Jesus Christus aan ons bekend gemaak het moet ons nie nog soek na 'n ander openbaring van God soos die sektes en die Roomse Kerk nie. God se openbaring in Jesus Christus is 'n bekendmaking van sy genade en sy genade is genoeg vir ons.

6 Maart. Lees Joh. 1:21-34. **Teks:** Joh. 1:29.

DIE LAM VAN GOD.

Terwyl Johannes die Doper besig is om te doop by die Jordaanrivier sien hy Jesus na hom toe kom. As hy Jesus sien sê hy: „Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

Die lam was oor die algemeen goed bekend aan die Joodse volk. Veral by hulle feeste en offers het die lam 'n sentrale plek ingeneem. Met die instelling van die paasfees kry die volk Israel opdrag om 'n lam te slag en hulle deurposte met die bloed van die lam te smeer. Op grond van die bloed van die lam is elke gesin gespaar wie se huis se deurpos met die bloed gesmeer was. Telkens wanneer die volk Israel paasfees gevier het, het die bloed van die lam hulle herinner aan die verlossing uit Egipte. Terselfdertyd het die lam van paasfees ook heengewys na die Lam van God wat in die volheid van die tyd met sy bloed versoening sou bring vir die sonde van die ganse wêreld. Hy wat soos 'n lam na die slagplek gelei sou word en wat soos 'n skaap stom sou wees voor sy skeerders (Jes. 53:7). Hy wat

ter wille van ons oortredinge deurboor is, wat ter wille van ons ongeregtighede verbrysel is. Die Lam wat ons nie alleen red van Egipte, red van aardse vyande nie maar ons bowe-al bevry het van ons grootste vyand, die sonde, die dood, die hel. Eenmaal het 'n ram gesterf op 'n berg sodat Izak vry uit kon gaan. Met hierdie ram het God voorsien in die nood van Abraham op daardie dag. Maar toe die Lam van God sterf op Golgota, het God voorsien in die nood van die ganse mense geslag vir alle tye. Telkens as Israel 'n lam op die altaar geoffer het, is hulle sonde vir 'n tyd versoen. Maar deur die sterwe van die Lam van God is die sonde versoen vir ewig so grootliks versoen dat ook ons met vreugde vervul kan wees net soos Johannes by die aanskouing, by die aanhoring dat die Lam van God waarlik in die wêreld gekom het.

7 Maart. **Lees** Joh. 1:35-46. **Teks:** Joh. 1:46.

MENSHEID VAN CHRISTUS.

Ons Verlosser dra die naam Jesus. Met hierdie naam word sy persoon, woord en werk volkome aan ons beskryf. Hierdie naam sê vir ons ten volle wie Hy is en wat Hy doen. „En jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." (Matt. 1:21).

Hierdie verlossing kon Hy ten volle bewerk omdat Hy die Seun van Josef van Nazaret is: Hierdie laaste woorde wil vir ons sê dat Hy ten volle mens is. Hy wat in die gestalte van God was het Hom verneder en die gestalte van 'n mens aangeneem. Hy het mens geword net soos ons. Net soos ons het Hy aardse ouers gehad — net soos die mens honger gehad, dors gekry, droefheid en smarte geken. Omdat Hy so volkome mens was, kan ons verseker wees dat sy lyding ter wille van ons geen skyn lyding was nie maar lyding in die volle sin van die woord. Omdat hy volkome mens was, kan Hy volkome in ons plek kom staan. Hy sterf daar waar ons moes sterf — kon Hy volkome verlate wees, sodat ons nimmermeer deur God verlate sou wees nie. Omdat Hy as mens so volkome in ons plek kom staan het, kan ons as verdoemdes nou geregverdig voor God se aangesig tree.

Nie alleen gee sy mensheid ons die troos dat Hy volkome in ons plek gesterf het nie, maar ook die troos dat waar Hy nou in die hemel is, Hy omdat Hy mens was, des te meer vir al ons nood en ellende sal intree voor die hemelse Vader.

8 Maart. **Lees** Joh. 1:48-52. **Teks:** Joh. 1:50.

GODHEID VAN CHRISTUS.

Die belydenis dat Jesus die Seun van God is, of die eniggebore Seun van God is, is seker die belydenis wat die meeste kettery van alle belydenisse tot gevolg gehad het. Vanaf Origines in plus-minus 200 tot vandag gaan die stryd voort rondom hierdie belydenis. Vir Origines, soos tans nagespreek deur die Jehova Getuies, wil hierdie belydenis sê dat Christus minder as God die Vader is. Vir hulle is Christus slegs maar 'n groot profeet en leermeester. Iemand so ietwat meer en hoër as 'n gewone mens. Omdat hulle die waarheid van God met

die verstand wil omvat, en wil maak tot 'n waarheid wat vir die mens aanvaarbaar is, is die werklike verstaan van hierdie belydenis vir hulle onaanvaarbaar.

Hierdie belydenis wil vir ons sê dat Jesus veel meer as net 'n mens is. Hierdie belydenis wil vir ons sê „dat Jesus Christus die enige en enigste Seun van die Vader is, eenwesens met God die Vader en die Heilige Gees." (Kort Begrip antwoord 24). Met hierdie belydenis bely ons „dat Jesus Christus na sy goddelike natuur die eniggebore Seun van God is van ewigheid af gegenereer . . . . eenwesens met die Vader, mede-ewig; aan Hom alles gelyk . . . . . die ware, enige God. (Ned. Gel. Bel. art. X). Hy is God. Hierdie feit verkondig die Bybel onomwonde. Van Hom sê die profeet Miga: „Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid." Die brief aan die Hebreërs getuig dat Hy sonder begin van die dae en lewenseinde is. Thomas noem Hom „My Here, en my God." In Joh. 4:20 word Hy ook die waaragtige God en die ewige lewe genoem.

Hierdie feit dat Jesus Christus waarlik God is, hou vir ons elkeen besondere troos in. Omdat Hy God is, kan Hy help, kan Hy red, kan Hy sondaars bevry van sonde, dood en hel. As die Godheid van Christus verwerp word, moet ons 'n vraagteken agter ons verlossing deur Hom plaas. Dan is onsekerheid aangaande ons verlossing ons deel.

9 Maart. **Lees** Joh. 3:1-11. **Teks:** Joh. 3:3.

WEDERGEBOORTE.

Die begrip wedergeboorte is oor die algemeen goed bekend aan ons. Oor die algemeen word gedink dit is 'n bepaalde daad van vroomheid, 'n bepaalde goeie werk wat die mens moet verrig om die koninkryk van God in te gaan. Hierdie gedagte is heersend by alle sektariese groepe, metodiste en godsdiensdwepers. Hierdie gedagtegang het sy wortels in die Joodse Fariseïsme. Hulle het gedink die daad van die mens is die oopsteller van Gods koninkryk vir die mens.

In Johannes 3 lees ons van 'n Fariseër wat na Jesus gekom het. Hy kom in die nag. Sy besoek is in die nag uit vrees vir sy mede Fariseër-broeders. Hy spreek Jesus aan as Rabbi. Uit hierdie woorde is dit duidelik dat hy Jesus slegs sien as 'n groot leermeester — lemand wat aan die mens reëls en voorskrifte kan gee om die koninkryk van God te beërwe.

Hierdie Fariseïstiese opvatting wys Jesus direk af met ons teksvers. Iemand kan alleen die koninkryk van God sien as hy weergebore word. Dit kan ook vertaal word met van bo gebore word. In die oorspronklike teks staan daar nie jy moet jouself wederbaar nie, maar jy moet wedergebore word. Om die koninkryk van God te sien moet jy self nie iets doen nie, maar daar moet iets aan jou of vir jou gedoen word. Jy moet van bo gebore word. Van bo af moet daar in jou lewe ingegryp word. God moet vir jou handel. God moet jou nuut maak.

Hierdie wedergeboorte, van bo nuut gemaak word, het die drieenige God self gedoen. Hy het dit gedoen deur Hom wat van bo na benede gekom het. Hy het dit gedoen in en deur Jesus Christus en doen dit nog steeds van dag tot dag as Hy van bo met sy Gees ons bring tot die geloof in Jesus Christus, ons lei in alle waarheid, ons herskep na sy beeld en gelykenis.

10 Maart. **Lees** Joh. 3:12-21. **Teks:** Joh. 3:16.

JESUS ALLEEN.

Baie is daar in die lewe wat vir die mens belangrik is. Die een begeer goud en silwer, die ander geluk en vreugde; die ander gesondheid en 'n lang gespaarde lewe. Jesus Christus sê al hierdie dinge is nie die belangrikste nie. „Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Matt. 6:33). Die belangrikste vraag in die lewe van die mens behoort te wees wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe.

Op hierdie vraag word verskillend geantwoord. Die Fariseërs en sektes antwoord dat ons die koninkryk kan ingaan met ons goeie werke. Die Roomse Kerk antwoord deur Jesus Christus en die goeie werke. Die Bybel antwoord deur Jesus Christus alleen. „So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

God het sy Seun gegee. Die verlossing van die mens kom van God en nie van die mens self nie. Dit kom van bo en nie van benede nie. Dit is genade. Genade in Jesus Christus. As die tronkbewaarder vir Paulus vra wat hy moet doen om gered te word, ken Paulus net een antwoord: „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." (Hand. 16:31). „En jy moet Hom Jesus noem want dit is Hy wat sy volk sal verlos van hulle sondes" (Matt 1:21). Jesus sê self: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh.14:6). „Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:36). Alleen deur Jesus Christus.

11 Maart. **Lees** Joh. 4:1-9. **Teks:** Joh. 4:9.

GESPREK BY 'N FONTEIN.

Dit het plaasgevind by Sigar in Samaria; by 'n put wat dateer uit die dae van Jakob. Dit was geleë aan 'n kruising van weë; vandaar dat Jesus daar aangedoen het.

En by hierdie put ontstaan 'n heel vreemde en nuwe situasie in die geskiedenis wat God besig was om met die mensdom te maak. „Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie." 'n Nuwe bedeling.

Jesus wat 'n Jood was, praat by hierdie put met 'n Samaritaanse vrou. Sy kom waarskynlik nie uit die stad Samaria nie want dié was te ver van hierdie put af geleë. Eerder is die bedoeling dat sy 'n inwoner van die landstreek Samaria was, daar naby gewoon het en daarom by hierdie put kom water skep het. Maar dit is juis die belangrike: sy is dus 'n tipe, 'n simbool, eerder as 'n spesifieke persoon of individu. Hier word die grens tussen Israel en die nie-Israelitiese nasies, tussen tipe en tipe, tussen samelewingsvlak en samelewingsvlak deurgebreek. Voor God val die gewaande en dikwels gemaakte onderskeid tussen mense weg.

Jesus praat met alle mense, nie net met sy volk, soort of klas nie. Hy kom van Judea af en volgens opdrag van sy Vader moes Hy deur Samaria reis — iets wat deur 'n opregte Jood nie gedoen is nie omdat die Jode op die Samaritane neergesien het. Maar Samaria was ook deel van sy Middelaarstaak. Ook hier moes die evangelie van die koninkryk van God verkondig word — inderdaad, dit moet op alle plekke en aan alle mense ter wêreld verkondig word. Vir God is daar nie verskillende soorte of klasse mense nie — net een soort: sondaars, wat gered moet word deur sy heilsdade aan die mensdom. En dié heilsdaad is dié Man wat met hierdie Samaritaanse vrou praat — Jesus van Nazareth. Die koninkryk van God is nie eksklusief volgens die norme van die menslike samelewing nie. As dit eksklusief is, dan is dit vir enige mens, watter soort of klas, wat hierdie Jesus op sy lewensweg ontmoet en Hom as Verlosser aanvaar.

12 Maart. **Lees** Joh. 4:10-26. **Teks:** Joh. 4:14.

VERVOLG VAN DIE GESPREK.

Die gesprek gaan oor vele onderwerpe, maar die ondertoon bly die verkondiging van die evangelie. Ons merk deur die hele gesprek heen 'n doelbewuste missionêre optrede by Jesus. Elke argument wat die vrou na vore bring, buig Hy in die rigting van wat Hy eintlik aan haar wil sê.

Die kern is daarom die saak van die water van die lewe. Dit was immers die aansluitingspunt wat Hy gebruik het om sy boodskap tuis te bring. Sy skep water en Hy het dors. Hy sien hierin 'n situasie vir evangelisasie; 'n gewone alledaagse situasie, maar uiters bruikbaar. Sulke situasies laat die volgelinge en getuies van Jesus so dikwels en so maklik by hulle verbygaan — miskien as gevolg van 'n betreurenswaardige gebrek aan missionêre bewussyn.

Die vrou skep gewone drinkwater; Jesus praat van „ander water." En Hy vind in Samaria eintlik meer geloof as in Judea, want die vrou vra vir dié water wat Hy het. Sy verstaan miskien nog nie heeltemal nie, maar sy merk in Hom 'n ware profeet. Gods Gees is besig om te werk. Die Jakobsbron gee nie self lewende water nie want dit is 'n uitgegrawe put waarin water uit 'n bron opgevang word, maar Jesus praat van beter water as wat selfs hierdie historiese put kan lewer. Dit borrel nie maar net uit 'n onderaardse bron of fontein nie, dit is nie slegs vars nie, dit bly vars en dit bly die dors les. Die water wat Jesus gee is vir goed en altyd. Dit beteken nie dat dié dors nie weer kom nie, dat die mens nooit weer na Hom toe hoef te kom nie, nee, dit beteken die blywende en voortlewende krag, die „lewend-bly" van dié water wat Hy gee. Dit versterk gedurig; as ons dit het, dan het ons 'n krag van God in ons wat ons na die ware lewe lei.

En dan in vers 26 sê Jesus kort en saaklik wie en wat hierdie water is: Hyself! Die vrou is deur sy prediking rypgemaak om die volle openbaring te ontvang, dat Hy, wat voor haar staan die Messias is wat sy ook verwag het. Dit is die hoogtepunt van hierdie gesprek — 'n heerlike verkondiging van die evangelie. Die water wat Hy gee is die weg tot die ewige Lewe, die weg van die ewige verlossing.

13 Maart. **Lees** Joh. 4:31-42. **Teks:** Joh. 4:34.

DIE VOEDSEL VAN JESUS.

Soos by die Samaritaanse vrou gaan Jesus hier ook van die tydelike en stoflike oor na die geestelike. Hy vind aansluiting by die materiële om in die vorm van 'n metafoor 'n boodskap tuis te bring.

Hy was moeg en dors en honger — dit het ons uit die voorafgaande gesien. Maar in sy eie moegheid wil Hy hier sy dissipels leer dat die ewige van die koninkryk van God prioriteit geniet bo die aardse dinge, selfs die natuurlike behoeftes van die liggaam.

Met hierdie uitspraak verklaar Jesus nie dat Hy as mens geen gewone voedsel vir die liggaam nodig het nie en dat sy dissipels daarom ook nie daarin moet belangstel nie, maar in sy moegheid kan Hy hulle op die beste manier leer hoe Hy sy grote taak benader en uitvoer. Hy leer hulle 'n les in die rangorde van waardevoorkeur. Eerste dinge kom eenmaal eerste. Daarom wil Hy nie nou dadelik eet nie omdat Hy Hom eers besig hou met die vir Hom verpligte geestelike spyse en dit hou Hom besig dat Hy nie aan iets anders kan dink nie. Hy is immers besig om die evangelie van ware lewe aan 'n vrou uit Samaria te verkondig en die werk vervul Hom geheel en al. Vir die dissipels in hierdie stadium is die eet van brood nog primêr maar vir Jesus is dit beslis sekondêr. Die dissipels het nog nie gekom waar hulle moes wees nie en daarom verstaan hulle ook dinge wat Jesus geestelik bedoel, stoflik en tydelik soos blyk uit vers 33.

Maar juis daarom verklaar Jesus in vers 34 wat Hy onder sy spyse verstaan, naamlik om die wil te doen van God wat Hom gestuur het. En op hierdie oomblik is dit die wil van God dat Hy die evangelie eers aan hierdie Samaritaanse vrou sal verkondig. Daar is wel later tyd vir eet — eerste dinge kom werklik eerste. Hierdie vrou sal die „beginpunt" van die evangelie in Samaria wees en dis uiters belangrik.

So blyk dit dan dat die doen van God se wil vir Jesus net so noodsaaklik as eet is. Immers Hy is gestuur, 'n taak opgedra, en 'n gestuurde moet sy stuurder gehoorsaam wees, dit moet sy daaglikse spys word.

Die dissipels het hierdie waarheid na Pinkster volkome verstaan en toe ook so gedoen. Hierdie aangewese prioriteit behoort 'n gedragspatroon vir alle christene te wees.

14 Maart. **Lees** Joh. 4:43-50. **Teks:** Joh. 4.50.

TEKENS EN WONDERS EN WOORD.

Die mensdom sê: sien is glo. Jesus wil hierdie opvatting in soverre dit die waarheid van Gods koninkryk en die ewige saligheid raak, deurbreek. By Hom is sien nie glo nie, maar is geloof onvoorwaardelik, sonder enige sintuiglik-waarneembare bewyse.

Te Kana in Galilea kom daar 'n koninklike beampte in groot nood by Hom aan — sy seun is sterwend. Die feit dat hyself kom en nie 'n ondergeskikte stuur nie wys op 'n sekere eerbied vir Jesus. Maar iets in sy houding is nie reg nie, dit laat 'n mens dink aan Naäman in die Ou Testament. Hy plaas min of meer 'n bestelling — Jesus kan help, het het hy gehoor, en nou moet Hy maar net na Kapérnaüm kom en doen wat van Hom gevra word.

Jesus sien hierin 'n geleentheid tot prediking aan almal wat daar staan. Hier is 'n saak wat reggestel moet word. Ware geloof is uit die hoor van die evangeliewoord en is nie afhanklik van wonders en tekens nie. Die Heiland is wel barmhartig en hoor die noodkreet van die man, maar Hy doen geen wonders op bestelling nie. Daarom kry hy en al die omstanders eers 'n woord te hoor. Dit gaan glad nie om wonders en tekens nie, dit gaan om die geloof in Jesus. Hy is bereid om die kind te genees, maar dan slegs op so 'n wyse dat dit openbaar wie Hy, Jesus, werklik is. Sy handeling moet beantwoord word deur ware geloof en nie deur wondergeloof nie. Aldus hou Jesus se woord 'n skerpe teregwysing in vir die verkeerde vraer en vir die skare wat belus is op 'n wonderteken. Die Heiland stel dat 'n mens eintlik sonder tekens, alleen op sy woord, in Hom moet glo.

En dié les is deur die medewerking van die Heilige Gees tuisgebring, want daar staan: „En die man het die woord geglo wat Jesus vir hom gesê het . . . " En sy seun is genees. Siedaar, die Woord is genoeg. Die mens moet slegs antwoord daarop met onvoorwaardelike geloof.

Dit laat 'n mens dink aan 'n ander woord van Jesus, aan Thomas: „Salig is hulle wat nie gesien het nie en tog geglo het."

15 Maart. **Lees** Joh. 5:1-9. **Teks**: Joh. 5:7.

GEEN HULP NIE.

Die neiging om jou nie met lyding te vereenselwig nie, sluimer in almal. Want lyding maak inbreuk op die gesonde mens se tyd, omdat dit abnormaal is. En tyd is baie kosbaar vandag . . .

Daar lê die verlamde — agt en dertig jaar lank; en hy lê by die Bad van Betesda wat „huis van genade" beteken. Betesda was as't ware die Algemene hospitaal van die ou Jerusalem. Vyf pilaargange het rondom die genesende water gelê en het die pasiënte verhinder om deurmekaar te gaan en mekaar aan te steek met hul siektes of te verontreinig met krankhede.

Maar die „huis van genade" is vir die verlamde nou „die huis van ellende". Want daar is niemand om hom te help nie. Almal dink net aan hulleself — en die mens kan eenvoudig nie alleen bestaan nie.

Maar . . . nooit is alles verlore, alles tevergeefs nie.

Want . . . Jesus sien hom en dit beteken blywende hulp; blywende genade.

„Waar troue vriende hande, nie red nie daar is God,
in dood en doodse bande —
ja oweral is God."

Ook ons kán help en moét help ondanks onsself; ondanks ons kosbare tyd.

En ons help omdat ons dankbaar is omdat God in Christus Jesus Homself as onse Hulp bewys het.

16 Maart. **Lees** Joh. 5:16-27. **Teks:** Joh. 5:24.

HOOR IS LEWE.

Niemand van ons glo in Christus en bely die Protestantse geloof net omdat dit 'n beter godsdiens as die Rooms Katolisisme of die Mohammedanisme is nie.

Geloof ontstaan nie deur dat die mens na eie wil kan kies aan watter geloof hy graag wil behoort nie. So 'n godsdiens is vir die mens 'n doodloopstraat en so 'n geloof is tevergeefs.

Nee, geloof ontstaan deurdat die boodskap van die evangelie van Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees die mens tref, hom raak, sy hele lewe opeis en hom nuttig en diensbaar maak.

En dit word teweeggebring deur 'n onweerstaandbare krag waarteen geen mens hom kan verweer nie.

Maar die boodskap van die evangelie moet mens hoor . . . meer nog, ons moet Christus aanvaar in sy persoon en werk as dié Een wat deur God gestuur is; en „wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het." Maar sonder om te hoor ken ons nie en weet ons nie.

Nou is ons as mense maar eenmaal so — uit die Woord van God wil ons dít hoor, wat die oor streel — van die „allemansvriend" Jesus Christus met allerlei persoonlike en indiwidualistiese verstroostinkies.

Daarom het Christus ook gesê: „My Woord is hard, nie almal wat vir My sê Here, Here, sal ingaan nie, maar hy wat die wil van my Vader doen."

Die prediking van die evangelie van Christus in die kerk — dit is die middel waardeur die geloof in ons harte gewerk word. Want, „die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." En dáár doen ons aan sy wil mee en hoor ons sy Woord — en wie sy Woord gehoor het en dit aanvaar het, het „oorgegaan uit die dood in die lewe".

17 Maart. **Lees** Joh. 5:33-47. **Teks:** Joh. 5:39.

WIE SOEK JY IN DIE SKRIFTE?

Wanneer die Here Jesus van die „Skrifte" gepraat het, het Hy terugverwys na die hele Ou Testament vanaf Genesis tot Maleagi.

Maar vir baie mense was en is dit moeilik om Jesus met die Ou Testament te vereenselwig of om Hom daarin te sien.

Marcion, 'n ketter van ongeveer 150 n.C. het dan gesê dat die God van die Ou Testament 'n wrede, meedoënlose God is voor wie geen mensekind kan bestaan nie — daarom verwerp hy Hom.

Moderne „ketters" soos vele sektes, wil Christus gaan vind in die letter van die Woord soos wat dit húlle belydenis pas en nie vir die hele inhoud van die Bybel nie.

In die Ou Testament egter hoor ons die profetiese getuienis aangaande dié Een wat gaan kom — en in die Nuwe Testament het ons die apostelgetuienisse van dié Een wat gekom het. Die Messias.

Die Bybel kan vergelyk word met 'n sirkel. Op die rand van die sirkel staan die profete en apostels, van Moses tot op Johannes, en almal wys met 'n uitgestrekte arm na die middelpunt, die Here Jesus Christus. Die ganse Ou en Nuwe Testament getuig dus van Hom.

Hiér sal ons Hom vind — op geen ander plek nie.

En deur Hom word ons verlos — deur geen ander mag nie.

Deur die Heilige Gees, wat altyd by ons is, wil Hy Homself in die Skrif aan ons verklaar.

Laat ons bid om die wysheid, om die verligting, om die wonderlike werking van dié Gees. Dan sal gesien word dat in die Bybel nie dinge gevind word wat daar nie in staan nie. Dan soek ons nie daarin kwasi-wysheid of „skietgoed" om andere te bestook nie. Dan vind ons daarin net die Christus wat God gestuur het om die mens vir ewig te verlos. Daarom stry ons nie oor die Bybel, elkeen om sy „stokperdjie-geloof" te bewys nie — die Fariseërs het dit gedoen — maar ons lees onbevange van die absolute genoegsaamheid van die Verlosser vir die versoening van al ons sondes.

18 Maart. **Lees** Joh. 6:1-14. **Teks:** Joh. 6:2.

SY TEKENS GESIEN.

Hierdie vermeerdering van die brode het by die see van Galilea plaasgevind. Die see is ook bekend as die see van Genésaret of see van Tiberias. Tiberias wat op die westelike oewer lê is eers 22 n.C. gestig en die see sou die naam nog nie in die tyd van Jesus gedra het nie maar Johannes voeg dit egter hier by ter wille van die Griekse lesers toe sy evangelie geskryf is.

Jesus is nou reeds goed bekend en daar was dikwels 'n groot menigte wat Hom gevolg het. Enersyds was dit moontlik dat nuuskierigheid hulle daartoe gebring het maar in ons teksverse staan dat hulle sy tekens gesien het wat Hy aan siekes bewys het. Sy goddelike mag het daaruit bekend geword en hulle moes in Hom meer gesien het as 'n wonderdokter. Hy wil nie so geken wees nie — geken as net 'n wonderlike mens nie. Hy het nie vir daardie doel na die aarde gekom nie. Daarom verlaat Hy die mense — volgens vers 15 — toe hulle Hom vanweë sy tekens tot 'n aardse vors wou uitroep.

Sy koms was en is 'n teken maar nie 'n teken vir mense se aardse voordeel of vermaak nie. Sy lewe is 'n teken vir die ewigheid. Weldra sal Hy aan die kruis as teken hang. As die mens sy eie sondige toestand ken en verstaan sal hy Jesus vir niks anders en vir niks meer wil sien en erken as vir sy ewige heil nie. Diegene wat van Jesus aardse heil alleen verwag sal ontnugter word want wie agter Hom aan wil kom moet sy kruis elke dag opneem en Hom volg. Diegene wat aardse voordeel van die kerk verwag en die kerk se heilsverkondiging so wil sien verstaan die roeping en taak van die kerk ook gladnie.

Al gee Hy brood aan die hongeriges, is en bly Hy die brood van God wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld lewe gee — lewe deur sy dood aan 'n vloekhout.

19 Maart. **Lees** Joh. 6:16-21. **Teks:** Joh. 6:19.

HULLE HET BANG GEWORD.

Die dissipels is oor die see op pad na Kapernaüm. Sommige evangelies gee die indruk dat die dissipels naby die land gekom het uit vrees vir die ontstuimigheid van die see en dan sou Jesus naby die see gewandel het. Mattheüs sê egter duidelik dat Hy op die see was. Die feit bly egter staan dat hulle Jesus nie herken het nie en andersyds omdat Hy op 'n heel ongewone wyse na hulle gekom het, naamlik al

wandelende op die see. As hulle Hom nie herken het nie bring Hy vrees op die gelaat en twyfel in die gemoed en sal hul seker wou vlug. As hul Hom egter herken is hulle gerus en met blydskap vervul, neem hulle Hom by hulle. So bereik hulle dadelik hulle bestemming — die woord dadelik dui weer op die nabyheid aan die land toe hulle Jesus gesien het.

Hierdie gebeure laat ons dink aan die verskillende houdings wat mense inneem teenoor God en godsdiens.

Wie God nie ken soos Hy werklik is nie, sien in Hom nie 'n almagtige God of 'n liefdevolle Vader nie. Hulle sien 'n spook en nie God soos in Jesus Christus geopenbaar nie. God kan alleen geken word in Jesus Christus. „Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Daar bestaan baie wanopvattings oor God buite Christus om. Sommige wil Hom ken as die God van hierdie aarde alleen, ander sien Hom as 'n verwyderde wat met die mens geen bemoeienis maak nie, ander sien Hom as 'n God net van my volk en my land. So kan ons aanhou, maar dit is nie God van die Bybel nie.

Daardie mense se godsdiens is 'n diens aan „spoke" en nie aan die God in Jesus Christus geopenbaar nie.

Watter God dien u? Jesus aan die kruis as Verlosser vir die ewigheid of groot weldoener vir hierdie lewe alleen?

20 Maart. **Lees** Joh. 6:28-40. **Teks:** Joh. 6:33.

BROOD VAN GOD.

Vir die Jode in Christus se tyd was die ryk van die Messias nog steeds 'n aardse koninkryk — dit was 'n volksaak wat gepaard gegaan het met tydelike voordeel. Moses het manna gegee op pad na die beloofde land. Van hulle Messias verwag hulle om meer te gee as Moses, maar steeds vir hierdie aarde.

Teen hierdie gedagtegang gaan Jesus reëlreg in. Moses het nie manna gegee nie. Iemand agter Moses, meer en hoër as Moses het die manna gegee. Maar die manna is nie die belangrikste nie — dit voed vir hierdie lewe. In werklikheid is die tog na Kanaän, die volk op pad, die manna vir die tyd slegs simbool.

Israel is daar ter wille van Hom wat uit hulle gebore sou word. Kanaän die beloofde land is simbool van 'n groter en ryker belofte. „Die manna was maar simbool van die ware brood van God wat die ewige lewe bring en wat Christus is."

Sodra ons by Christus kom word die simbool ver oortref. Dit word 'n gawe wat die gawe by Moses ver in die skadu stel. Dit bly brood van die hemel — Hy het uit die hemel neergedaal. Dit bly brood van God — Hy is deur die Vader in die hemel, na ons gestuur. Dit bly brood wat voed — Hy voed en bou burgers vir die hemel.

Dit bly brood op die pad — op pad na 'n beter belofte. Dit bly brood — Jesus Christus, brood uit die hemel — brood van die ewige lewe.

Duisende sien ons wat honger na daardie brood — wat dit ontvang en gevoed word om ewig te lewe.

Duisende sien ons egter wat sterf van die honger, sterf in die woestyn op pad, sterf omdat hulle net verlang na die manna van die woestyn.

Ken u Jesus Christus, die brood uit die hemel gedaal, of verlang u steeds na die woestynmanna?

Staan u by die kruis of in die woestyn?

21 Maart. **Lees** Joh. 7:1-9. **Teks:** Joh. 7:6.

JULLE TYD IS ALTYD.

Selfs die familie van Jesus maak sy kruisweg nie 'n weg van rose nie. Ook hulle glo nie in Hom nie. Die wat die naaste aan 'n mens staan kan jou soms die seerste maak maar in die verband moet ons onthou dat Jesus Hom, wat sy verlossingswerk betref, losgemaak het van familiebande want sy broers is diegene wat in Hom glo. Sy eie broers maak hulle los van Hom deur nie te glo en in 'n sekere sin maak Hy Hom ook los van hulle deur nie aan hulle versoek te voldoen soos in ons teksperikoop aangedui. Hy gaan nie saam met hulle nie. Hy vertoon Hom nie soos deur hulle versoek nie. Hy gaan nie dadelik fees toe nie. Hy vertoon Hom nie soos hulle versoek nie want sy tyd is nog nie daar nie. Sy tyd is nog nie daar soos Hy werklik vertoon moet en sal word nie — vertoon soos 'n lam wat na die slagplek gelei word — vertoon soos 'n misdadiger aan die kruis.

Maar hulle tyd is altyd daar. Hulle is anders as Hy. Hulle kan nie doen wat Hy doen nie. Sy taak as Verlosser moet Hy alleen doen.

Hulle tyd is altyd daar om na Jerusalem te gaan. Vir hulle is daar altyd feestyd. Hulle tyd is altyd daar — hulle tyd om fees te vier — hulle tyd egter ook om te glo — hulle tyd om tot besinning te kom — hulle tyd om Hom te sien soos Hy werklik is as Verlosser — hulle tyd om te besef dat hulle verlore gaan.

Dit is vir hulle 'n welaangename tyd — 'n tyd van genade — 'n tyd van fees want die wêreld haat hulle nie — vir Hom haat die wêreld.

Ons tyd is ook nog daar — tyd om onsself te ken as sondaars — tyd om Hom te ken as Verlosser.

Altyd tyd — ja, maar totdat die altyd verbygaan by die ewigheid.

Wat maak u met u genadetyd?

22 Maart. **Lees** Joh. 7:37-53. **Teks:** Joh. 7:43.

VERDEELDHEID DEUR JESUS.

Jesus gaan na sy broers ook op na die huttefees. Pasga was in die lente en huttefees wat deur Josephus as die heiligste van die Joodse feeste beskou was, was in Oktober. Nadat Jesus vir omtrent ses maande in Galilea was gaan hy nou op na die fees in Jerusalem.

Voordat Hy daar gekom het was daar al 'n gefluister oor Hom. Sal Hy ook by die fees wees? Sal ons ook die groot rabbi hoor?

Daar was reeds verskil van mening onder die feesgangers oor Hom. Party sê dat Hy goed is. Ander dink weer dat Hy die skare mislei. Dit bly egter net 'n gefluister want hulle vrees die Jode. Die Jode het reeds besluit om Hom dood te maak, soos hulle wou doen tydens sy eerste besoek aan Jerusalem.

Toe Hy daar kom gaan Hy na die tempel en begin om te leer. Die skare is verbaas en wonder waar sy geleerdheid vandaan kom.

Jesus wys daarop dat sy geleerdheid nie uit 'n rabbynse skool kom nie maar van God. Op die laaste dag van die fees het Jesus met sy lering voortgegaan en gewys op die betekenis van sy koms en die werk van die Heilige Gees. Dit het groot verdeeldheid veroorsaak. Vir sommige was Hy 'n profeet — vir ander die Christus. Sommige wou Hom gevange neem.

Waar Jesus kom, kom daar verdeling. Selfs die Fariseërs is verdeel. Hy verdeel nie ter wille van verdeling nie maar ter wille van die waarheid. Hy onderskei tussen lig en duister, onkruid en goeie saad, sonde en geregtigheid.

Die sug na eenheid in die wêreld ter wille van eenheid sluit Jesus altyd uit want Hy sny dwarsdeur die mense-eenheid om sy eenheid te bring — eenheid van die waarheid. Daar sal geen eenheid kom met uitsluiting van Christus en sy leer nie. Soek die eenheid met Hom en daar sal waarlik eenheid wees.

23 Maart. **Lees** Joh. 8:1-11. **Teks:** Joh. 8:9.

JESUS ALLEEN AGTER GEBLY.

Die dag nadat die mense so verdeeld was oor die optrede van Jesus is Hy terug na die tempel en begin leer.

Nou is die Fariseërs en skrifgeleerdes by om Hom te versoek. Hulle kom met 'n owerspelige vrou om te hoor of hulle nie iets kan vind teen Hom nie. Normaalweg sou die aangeleentheid voor die Jode se eie hof gedien het maar dalk kon hulle Jesus op 'n verkeerdheid betrap. Daarom vra hulle sy opinie oor die aangeleentheid. Moses het gesê dat sy gesteníg moet word maar wat sê U? As Jesus buk en op die grond skrywe bewys Hy daarmee dat Hy geen oordeel wil uitspreek nie.

Hulle is nie tevrede nie en dring aan dat Hy sy opinie moet uitspreek. Hy sê dat die een wat sonder sonde is die eerste klip moet gooi. Volgens Deut. 17:7 moes die getuie die eerste klip gooi. Hy moes ooggetuie van die daad wees of op een of ander wyse stawende getuienis tot die klag kon lewer.

Dit kon hulle nie doen nie en een na die ander verlaat hulle Hom en die vrou bly alleen agter by Hom. Net die sondaar wat genade vra bly by Hom agter — nie die hovaardige beskuldigers nie.

Maar die Bybel stel dit veel mooier, naamlik dat Jesus alleen agter gebly het.

Net Jesus alleen bly agter by 'n beskuldigde sondaar. Ja, inderdaad is dit reg dat Jesus alleen by die sondaar agterbly — alleen as die enigste hoop op verlossing — alleen as die enigste wat mag het oor sonde — alleen as die enigste wat gely en gesterf het ter wille van sondaars.

Waar ons sit met ons sonde en ellende, wie bly agter by ons? Goeie werke? nee! Boetegeld? — nee! 'n Vroom lewe? — nee! Net Jesus Christus en Hy alleen.

24 Maart. **Lees** Joh. 8:12-20. **Teks:** Joh. 8:12.

LIG VAN DIE LEWE.

Nou is Jesus telkens in botsing met die Fariseërs en in hierdie gedeelte van Johannes word vertel van die reaksie van die Fariseërs as Jesus oor sy sending praat. Sy sending beklemtoon lig vir 'n duistere wêreld. Die wat agter Hom aan kom sal nie in die duisternis wandel nie.

Die Fariseërs betwis dit en beskuldig Hom dat Hy van Homself getuig en die getuienis is nie waar nie.

„Ek is die lig van die wêreld." Hierdie woorde laat ons dink aan die profeet Jesaja as hy sê: „Ek . . . gee U as 'n lig van die nasies om blinde oë te open; om gevangene uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit" (Jes. 47:6-7). Of ook hoor ons Jesaja sê: „ . . . Ek gee U as 'n verbond . . . om te sê vir die gevangene: Gaan uit! vir die wat in die duisternis is: Kom te voorskyn" (Jes. 49:8-9).

Die mens in sonde honger na geregtigheid — dan is Jesus die brood van die lewe.

Die mens in sonde is verdwaal in die duister — dan is Jesus die lig van die lewe.

Die sonde is skaam vir die lig — reeds die eerste mensepaar kan die lig nie verdra na hulle sondeval nie en soek 'n bedekking. In die nag sluip die misdaad in die donker lanings en soek sy slagoffers.

Waar Jesus kom, kom openbaring. Hy openbaar die mensesonde en verlig die afgronde waarheen die mens op pad is. Hy openbaar ook die wil van die Vader wat nie lus het in die dood van 'n sondaar nie maar daarin dat hy hom bekeer en lewe.

Straks sal die sonde Hom skynbaar oorweldig en sy lig aan die kruis uitdoof. Maar op paasmôre breek sy lig selfs deur die duister van die dood om ewig oor die duisternis te heers.

Die kerk is die draer van daardie boodskap van lig aan 'n duister wêreld. Dra u dit?

25 Maart. **Lees** Jes. 42:12-16; Joh. 9:23-41. **Teks:** Joh. 9:40(b).

IS ONS OOK BLIND?

In die tempel het Jesus gesê: „Ek is die lig van die wêreld." Die mense in die tempel het hierdie lig nie gesien nie. Daarom word Hy uit die tempel gejaag. Buite die tempel ontmoet Hy 'n blinde bedelaar. Jesus open sy oë! Die lig van die son breek vir hom deur. Nog nooit het hy lig gesien nie. Nou eers sien hy hoe donker dit was toe hy nog blind was. Meer nog! Sy oë is geopen vir die Lig, Jesus Christus, wat alle donkerheid verdrywe. Nou eers sien hy hoe donker dit in sy lewe sonder hierdie Lig was.

Die Fariseërs, die mense wat die volk moes voorlig, die mense wat helder en duidelik moes sien, raak by die genesingsgeval betrokke. Maar hulle het nie die „Lig" gesien nie. Hulle het ander dinge gesien. Hulle het gesien dat dit sabbat was. Hulle het gesien dat daar bedrog agter sit. Hulle die voorligters, die „sienendes", is blind.

Jesus is die Lig van die wêreld. Deur die Lig word die blindes sienende en die sienendes blind. „Is ons dan ook blind!" So het die Fariseërs gevra. As dit maar so was! Dan kon Jesus hulle sienende gemaak het. Maar omdat hulle sien, of nog beter, omdat hulle gedink het dat hulle sien, kon Jesus niks met hulle begin nie.

Is ons ook nie blind nie? Veral in hierdie lydenstyd! Dit wil sê dit te weet, dit so goed te weet waarom dit in die lyding van onse Here Jesus gaan en dit tog ook nie te weet nie. Sienende blind! Erger as dit kan dit nie. Die Fariseërs wat gedink het dat hulle sien en wat in werklikheid blind was, is onder ons nie seldsaam nie. Dit is in hierdie lydensweke die groot gevaar!

Wees op u hoede! Waak en bid! Here, bewaar ons van hierdie sienende-blind-te-wees! Open ons oë vir die Lig van u Seun, vir die Lig van die kruis sodat ons in die Lig, die Lig van u onmeetlike sondaarsliefde kan sien!

26 Maart. **Lees** Ps. 23:1vv.; Joh. 10:1-14. **Teks:** Joh. 10:11(a).

DIE GOEIE HERDER.

„Ek is die Goeie Herder"! In hierdie getuienis spreek Jesus Christus van Homself as die vervulling van die Ou Verbond. Daarin het die geloofslied van Dawid, die koning van Israel, soos volg geklink: „Die Here is my herder." Hierdie geloofslied het die gelowiges onder Israel gelei in lewe en in sterwe. Maar nou het die ou volk volgens Godsbedoeling sy ware doel bereik — toe in die volheid van die tyd die Seun van die Vader geopenbaar is, gebore is uit 'n vrou, gebore onder die wet; toe Hy hierdie woorde op Homself toegepas en Hy getuig het: „Ek is die Goeie Herder!

„Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie." So het Dawid in sy psalm gesing. Maar van die Seun van Dawid staan daar: „En Hy . . . begin ontsteld en benoud te word. En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe." Dit was in Getsémané! 'n Bange skaduwee val oor sy lewe toe Hy die beker sien wat Hy moes drink en toe Hy die lydensdoop sien waarmee Hy gedoop moes word. Hy het ook geklae: „hoe benoud word Ek totdat dit volbring is."

Maar hierdie Herder het sy lewe gegee soos nog nooit vantevore 'n herder dit gedoen het nie. As die Goeie Herder het Hy vir ons, sy dwalende skape, die dood ingegaan. So het Hy ons liefgehad tot die einde toe. Toe sy vyande gedink het dat dit met Golgota die einde was, het Hy nog deur die einde heen en oor die einde heen sy skape vasgehou en vir hulle oorwin. Hierdie einde, die kruis, het 'n nuwe begin geword — die begin van die nuwe Israel, sy kerk.

27 Maart. **Lees** Jes. 23:5-8; Joh. 11:45-52. **Teks:** Joh. 11:50.

LIEWER EEN AS DIE HELE VOLK.

Jesus se invloed, veral na die opwekking van Lazarus, neem by die dag toe. Die Joodse Raad is daaroor diep bekommer. Daarom is die Raad nou byeen om te besluit wat met Jesus gemaak moes word. Kajafas staan toe in die Raad op en sê: „Julle weet niks nie en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie."

'n Wonderlike woord uit die mond van Kajafas! Die Here het hom hier gebruik om die groot waarheid van die evangelie uit te spreek. Kajafas was hier 'n profeet. Sy woord was die uiting van haat — tog was dit 'n verkondiging van Gods boodskap.

Hier kruis mense werk en Gods werk. Na die buitekant gesien was Jesus se lyding en sterwe die gevolg van menslike haat. Na die binnekant gesien was dit God se werk, 'n daad van sy genade.

Dit is die twee kante van waaruit ons die lyding van die Here bekyk. Ons sonde het Hom aan die kruis gebring. Maar dit het die Jode mos gedoen! Korrek! Die Jode het Jesus gekruisig omdat sy optrede met hulle belange gebots het. Oral op die wêreld is Jesus se optrede in botsing met die „belange" van die mense. Wat die Jode gedoen het was maar net die uiting van wat daar in alle mense leef: die verset teen Jesus, die vyandskap teen God!

Maar die kruis was ook Gods werk, sy leiding. Want Jesus het hierdie weg nie maar net as 'n slagoffer gegaan omdat dit nie anders kon nie. Hy het hierdie weg vrywillig gegaan. Hy het die weg na die kruis betree omdat dit die weg was tot die oorwinning. Daar sou die sonde Hom alles kon doen waartoe dit maar enigsins in staat was. Nogtans het Hy onoorwonne gebly — het Hy gehoorsaam gebly.

Nou is daar 'n plek waar die oorwinning van ons sonde moontlik is — by die kruis. Oral elders bly ons gevange deur die mag van die Duiwel. By die kruis, deur die oorwinning wat aan die kruis behaal is, is daar vir ons vryheid, vergewing, nuwe lewe.

Op een voorwaarde: wanneer ons nie as toeskouers van ver af bly staan nie, maar as ons kom om ons te laat bevry.

28 Maart. **Lees** Jes. 23:1-4; Joh. 11:45-52. **Teks:** Joh. 11:52.

DIE ONTMOETINGSPLEK.

Ons tekswoorde is 'n deel van die profetiese uitspraak van Kajafas toe hy gesê het: „dit is vir ons voordelig dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Johannes laat daarop volg: „En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg." Die kruis van Christus is die groot ontmoetings- en verenigingspunt van al Gods kinders.

Ons mense is soos kinders van een vader wat deur die lewe na alle kante verstrooi is. Maar op een of ander gedenkdag van die ouers kom ons almal bymekaar. Alle onderlinge vetes is dan begrawe en elke verskil word dan doodgeswyg. Dan heers daar slegs 'n kosbare harmonie, aangesien die hele gesin saamgebind word deur die alles-gelykmakende liefde van vader en moeder. Die glans van die ouerliefde oorkoepel alles — selfs die gedagte aan daardie dinge wat die kinders skei, kom nie in die harte op nie.

Dit doen die kruis van Christus! Ons staan rondom die kruis as kinders, skuldig en tog verlos. Slegs een nood, die nood van die sonde, word gevoel. Hy wat vir ons gely het veroordeel al ons waardighede en vonnis ook elke poging van ons om op die ander 'n voorsprong te wil hê. „Daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Rondom die kruis is daar slegs die stilmakende skaamte oor ons skande en skuld. Ons deel daar almal saam in die droewige erfenis van ons gemeenskaplike skuld.

Maar hier by die kruis ervaar ons ook wat vergewing is. Diep in ons harte is daar die verlange na die rus van die vergewing. Nêrens elders kan ons hierdie rus vind nie. Ons kom eers tot rus wanneer ons dié plek gevind het waar ons die versekering kan ontvang van die volkome vergewing. Hierdie plek is die kruis. Daarom is die kruis die groot ontmoetings- en verenigingspunt van al Gods kinders.

29 Maart. **Lees** Num. 9:1-14; Joh. 11:53-57. **Teks:** Joh. 11:55.

HOE GAAN U PAASFEES TEGEMOET?

Ons is op pad na paasfees! Maar hoe? Gaan ons paasfees op 'n Joodse wyse tegemoet? Dit wil sê, gaan ons nou na allerlei uitwendige reinigings soek? (Num. 9:6 vv.).

Hoe gaan ons paasfees tegemoet? Om paasfees tegemoet te gaan is om in hierdie lydensweke voor paasfees jou te verdiep in die lyding en sterwe van Christus. Dan gaan ons na die paassaal en Jerusalem, na die paleis van Kajafas en na die regshuis van Pilatus, ons volg dan die kruisweg en is ons uiteindelik stil op Golgota.

Ons leef paasfees tegemoet! Hoe? Laat ons antwoord wees „om ons te reinig." Dit is iets anders as herdenking. Dit is om die tyd voor paasfees te sien as die tyd van innerlike reiniging en voorbereiding. 'n Tyd van die groei in die dinge van God. 'n Tyd van die jaag na die reiniging van die hart. As dit nou net nie 'n reiniging buite Jesus om word nie!

Toe die Jode (in Joh. 11) in groot getalle na Jerusalem opgegaan het om hulleself te reinig vir hulle paasfees, was daar een ding opvallend: tot Hom wat die ware reiniging en die ware vrede kon gee, het hulle nie gegaan nie. Terwyl die priesters in Jerusalem hande vol werk gehad het om die baie mense wat gereinig moes word, te help, was daar ook priesters druk besig om die dood voor te berei van Hom wat die mense waarlik kon reinig.

In Jerusalem was daar voor die paasfees 'n gesoek na reiniging — maar buite Jesus om. Dit is nog altyd moontlik. Paasfees tegemoet te gaan buite Jesus om. So is dit moontlik om in die lydensweke te oordenk en te dink aan Pilatus, aan Kajafas, aan Judas, en Petrus terwyl ons vergeet dat dit om Hom gaan.

Dit is moontlik om in hierdie weke te dink aan eie verkeerdhede en buite Jesus om te probeer om dit te bowe te kom. Maar die ware tegemoetgaan van Paasfees is dit nie.

Om paasfees waarlik tegemoet te gaan is om Jesus Christus in die middelpunt te stel. Ook as dit gaan om vergewing en verlossing.

Om waarlik paasfees tegemoet te gaan is om die reiniging en saligheid opnuut by Christus te soek, wie se bloed ons reinig van alle sonde.

30 Maart. **Lees** Jes. 53:1-12; Joh. 12:20-33. **Teks:** Joh. 12:24.

VRUGTE DEUR VERNEDERING EN ONDERGANG.

Die Grieke wou Jesus sien. Andreas en Filippus bring hierdie wens aan Jesus oor. Hierdie versoek van die Grieke het op 'n gunstige tydstip gekom. Die geleentheid vir Jesus was nou daar om Hom na die Grieke te wend, aangesien sy eie volk Hom oor 'n paar dae gaan verwerp.

Indien Hy in die eerste plek, 'n leraar wou wees vir wie dit om baie leerlinge gegaan het, was die geleentheid nou vir Hom daar om sy invloedsfeer onder hulle uit te brei. Hy was egter veel meer as net 'n leraar! Hy is die Heiland! Slegs sy dood en sy opstanding kon die wêreld tot heil strek. Daarom gaan Hy nie verder in op hierdie entoesiastiese mededeling nie. Prontuit sê Hy: „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle as die koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

Daar sit iets weemoedigs in om daardie pragtige koringkorrels te saai wat dan in die swart grond moet vergaan. Om te maai, te oes, is weer die werk van vreugde. Want dit beteken 'n oes van veel vrug. Die weg van die koringkorrel! Dit is die weg van die vrugte deur vernedering en ondergang heen! Aangesien dit vir Jesus om vrugte gaan, het Hy geweet dat Hyself hierdie weg van die koringkorrel moet gaan. Daarom het Hy moedig en vol vertroue op sy Vader, die weg na die kruis gegaan. Hoe smartlik en vernietigend ookal, was dit tog die enigste weg tot die vrugte. Vir hierdie allergrootste offer het Hy nie teruggedeins nie. Op die derde dag het Hy opgestaan — toe het die heerlike vrugte aan die lig gekom.

Ons staan dan in hierdie lydensweke vol verwondering voor so 'n groot offer wat Hy gebring het sodat ons die heerlike vrugte van die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees en van die ewige lewe, kan smaak. Maar meer nog! Daar moet in hierdie weke, en ook al die dae van ons lewe, 'n dankbare aanbidding vir hierdie weg van die koringkorrel wees wat Hy gegaan het. Die beste dank en die grootste verwondering sal daar in ons harte wees as ons die vrugte van sy dood biddend begeer en ook gelowig aanvaar.

31 Maart. **Lees** Jes. 43:1-8; Joh. 12:23-28. **Teks:** Joh. 12:23-27.

DIE UUR VAN LYDING.

In die uur van Jesus se lyding spreek Hy asof dit die uur van sy verheerliking sal wees. Vir sy lyding gebruik Hy die beeld van die koringkorrel wat in die aarde val en sterf. Vir sy verheerliking die beeld van die baie vrugte wat uit die gestorwe koringkorrel sal voortkom. Dit is asof hy hier oor die lyding en dood gekyk het en net die verheerliking aanskou het. Dan skielik weer hierdie klag: „Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê." Deur sy ontsteltenis bid Hy dan: „Vader, red My uit hierdie uur." Nou lyk dit weer of die nag van lyding vir Hom die lig van die verheerliking afsluit. Die ontsteltenis van sy siel is vir Hom nou die bewys dat Hy in die uur gekom het waarin Hy alleen moet ly en sterwe. Dan vergeet Hy weer sy lyding en dood en dink Hy slegs aan sy Vader. „Vader, verheerlik u Naam!"

In hierdie gebed spreek Hy dit uit dat die Vader slegs deur sy lyding as die Seun van die mens, verheerlik kan word. Hy vertrou ook dat, as die Vader sy lyding tot verheerliking van sy Naam gebruik Hy ook self as die Seun van die mens verheerlik sal wees.

„As iemand My dien, laat hom My volg, en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees." Om Jesus te volg en te dien is om elke dag jou lewe te verloor en die kruis van die selfverloëning agter Hom aan te dra. Wanneer die besondere lyding vir ons aangebreek het, word dit openbaar of ons werklik daar gekom het, waar Hy was — by die kruis van

die selfverloëning. Dan hoef ons ons nie sterker voor te doen as wat ons werklik is nie. Vir die Here Jesus was daar in sy lyding ook 'n neerstort van angs op die grond en 'n opstaan in krag. Dit het Hy vir ons getoon. Daarom hoef ons nie ons onrus en angs in agsvalligheid te verberg nie. Ons mag mekaar vra om saam met ons te waak en te bid. „Here, verlos ons uit hierdie uur." Dit mag ons bid terwyl ons weet dat ons nou in die uur gekom het om alleen te ly. Ek sien dan wel in my angs, slegs maar myself raak. In daardie oomblik word ek dan daarvan bewus dat ek op die wyse niks van Christus openbaar nie, dat ek so sy dienaar nie kan wees nie. En juis hierdie ellende verlos my dan uit my angs vir die lyding, en kan ek bid: Here verheerlik u Naam in en deur my lyding. Hy sal ons gebed verhoor! Hy sal sy Naam in ons verheerlik. Die wêreld sal dit ook aan ons sien dat ons ook in die bittere lydingstonde, soos sy kinders wil en kan wees. So word sy Naam deur my lyding ook in die wêreld verheerlik.

1 April. **Lees Joh. 13:1-11.** **Teks: Joh. 13:5.**

CHRISTUS ONS DIENAAR.

Wanneer die Bybel oor die vleeswording van Christus praat, word dit 'n ontlediging genoem. Hy wat in die gestalte van God was, het mens geword tot heil van die mensdom.

Die voetwassing van die dissipels deur Christus is in 'n sekere sin die samevatting van sy lewe. Elke woord, elke daad getuig daarvan. In hierdie handeling kom tot uitdrukking die vernedering, ontlediging, die offer, die gehoorsaamheid en die diensbaarheid aan- en die verbondenheid met sy eiendom in hulle nood en skuld. Die voetwassing is 'n teken van sy hele plaasvervangende dienswerk.

In dienskneggestalte het Jesus Hom by die voetwassing voor sy dissipels neergebuig. Hiermee het Jesus Hom bereid betoon om die dienaar te wees van sy dissipels. Vir die dissipels was daar net een van twee moontlikhede nl. om hulle deur Hom te laat dien of die diens van die hand te wys. Wie dit aanvaar, het deel, nie net aan die voetwassing nie maar aan die hele skat waarvan dit simbool is nl. die plaasvervangende offer en gehoorsaamheid van Christus. Wie dit nie aanvaar nie, bewys dat hy geen deel het aan die hele gebeurtenis nie.

Dit lê nie op die weg van die mens nie om in verset te kom teen hierdie manier waarop God in Christus tot ons kom nie. Die dankbare aanvaarding daarvan bewys ons gemeenskap met Hom en daarom ook ons redding deur Hom.

Wat in die voetwassing tot uitdrukking kom, is dat Christus ons dienaar geword het om ons te verlos van die skuld en die sonde. Die lyde en sterwe van Christus word vir ons in die voetwassing verseker. Voor hierdie liefdesdaad van Christus buig ons ons dankbaar neer.

2 April. **Lees** Joh. 13:21-30. **Teks:** Joh. 13:30

CHRISTUS DIE LIG VAN DIE WÊRELD.

Verraad behoort tot een van die wêreld se mees weersinswekkende dade, en as dit nog in die intieme kring binnesluip, dan kry dit 'n nog afstootliker karakter. Verraad geskied waar niemand in 'n vertrouensposisie geplaas word en dan betoon dat hy die posisie misbruik.

Dit was ook die geval met die verraad van Judas. Die aankondiging deur Jesus dat een Hom sou verraai, het ook by die dissipels 'n gevoel van wantroue teenoor mekaar gewek.

Die aanbieding van die stukkie brood aan Judas en sy aanvaarding daarvan bring mee dat hy hierdie vertrouensposisie waarin Christus hom geplaas het, finaal van die hand wys en die keuse vir die bose maak. Hiermee het Judas die ware Lig wat elke mens verlig, vaarwel toegeroep en in die mag van die duisternis verval. Toe hy die stukkie brood geneem het, het hy sy oordeel geëet en in die duisternis vertrek. Hy het die duisternis bo die lig van Christus verkies. Dit was nag, die groot nag van lyding vir Christus. Die nag wat Judas sou beskerm en sy daad verberg maar wat op Jesus sou val soos 'n vyandige mag. Dit was die nag wat probeer het om die Lig van die wêreld uit te doof. Hierdie poging het egter nie geslaag nie. Christus het die stryd teen die mag van die duisternis aangeknoop en oorwin sodat die wêreld in die lig mag wandel. Hierdie lig is die lewe vir die sondaar. Buite Christus is daar geen deelname aan hierdie lewe nie.

3 April. **Lees** Joh. 13:31-38. **Teks:** Joh. 13:33.

CHRISTUS ONS OORWINNAAR.

Nadat Judas die saal verlaat het, begin die lyde, die ondergang van Christus. Wie egter so dink, verstaan nie die sin en betekenis van die lyding nie. Die lydensgeskiedenis staan in die lig van die oorwinning van Christus oor dood en hel.

Wanneer Christus ook aan sy dissipels sy vertrek uit die wêreld meedeel, dan is dit nie 'n geval dat Hy die stryd gewonne gee en teruggaan na die Vader omdat die wêreld Hom nie wil aanvaar nie. Nee, dit is die aankondiging van die naderende beslissing in sy stryd teen die magte van die duisternis. In hierdie beslissende stryd sal Hy die opdrag wat Hy van die Vader het voltooi. Hierdie opdrag is om gehoorsaam te wees aan die Vader se wil. Die wil van die Vader is dat die losprys betaal sal word vir die skuld van die hele mensheid. Voordat hierdie losprys nie ten volle betaal is nie, is Christus se taak nie afgehandel nie en kan Hy gevolglik nie sy vertrek uit hierdie wêreld aankondig nie.

Die aankondiging van sy vertrek, hou die oorwinning van Christus vir ons voor. Daardie oorwinning bring mee dat die skuld betaal en die sonde versoen is. Die aankondiging deur Christus dat hy weggaan is dus 'n blye boodskap. 'n Boodskap wat inhou dat Hy na die Vader teruggaan omdat hy die verlossing van die wêreld volvoer het. Die oorwinning is vir die hele wêreld, maar slegs deur geloof het ons daaraan deel.

4 April. **Lees** Joh. 14:1-14. **Teks:** Joh. 14:6.

CHRISTUS DIE LEERMEESTER.

Deur die omwandeling van Christus met sy dissipels het alles so bekend geword, alle sake is so goed bespreek dat mens sou verwag dat daar geen onsekerheid meer by die dissipels sou wees omtrent die persoon en werk van Christus nie. Daarom dat ons 'n soort vermoeide verbasing in die stem van Christus hoor wanneer Hy aan Filippus vra: „— het jy My dan nie geken nie?" Christus het niks uit Homself gedoen of gesê nie. Alles wat Hy gedoen en geleer het, is gedoen met die oog op die openbaring van God aan die wêreld.

Wanneer Jesus sê:? „Ek is die weg en die waarheid en die lewe" dan gebruik hy algemene woorde, maar tegelykertyd woorde wat ryk met inhoud gelaai is. Die weg is 'n uitweg uit die wêreld van sonde en dood, van smarte en lyding. Dit is so omdat HY die sonde, die dood en lydensmarte op Hom gedra het.

Die waarheid is nie net die teenstelling van die leuen nie, maar is terselfdertyd ook die bevryding uit die mag van die leuen. Christus gee nie net aan die wêreld die lewe nie maar Hy is self die lewe omdat Hy die dood oorwin het.

Die Vader word alleen in en deur Christus geken. Sonder Christus kan ons die Vader nie ken en ons kan Christus nie ken en nog blind bly vir die Vader en sy liefde nie.

5 April. **Lees** Joh. 14:15-24. **Teks:** Joh. 14:18.

JESUS ONS BLYDSKAP.

By die aanhoor van Jesus se woorde dat Hy weggaan, het 'n groot droefheid die dissipels oorweldig. Hulle het steeds gedroom van 'n aardse koninkryk waarvan Hy die Koning en hulle bekleërs van ereplekke sal wees. Hulle het hulle swaarde vir Jesus aangebied om vir Hom te stry. Noudat hulle hoor dat dit presies andersom sal wees, vervul 'n groot droefheid hulle harte. Geen gekletter van swaarde, geen steil opgang na die skittering en weelde van die aardse koninkryk nie, geen strydrumoer en oorwinningskrete nie. Die pad van Christus gaan deur die diepte, selfs deur die dood. Daar is vir die dissipels geen trone hier op aarde nie, maar verdrukking, martelaarskap, smaad en pyniging. Geen wonder dat die dissipels ontsteld is wanneer hierdie besef tot hulle deurdring nie. Om alles te kroon moet hulle nog hoor dat hulle sonder Christus se liggaamlike teenwoordigheid hierdie stryd sal moet stry.

Christus het hulle egter vermaan om nie bang of ontsteld te wees nie, want Hy sal die Vader bid dat Hy die Heilige Gees aan hulle gee. Gelei deur die Heilige Gees sal hulle wel die geloof hê wat alle vrees uitsluit.

So dikwels verwag ons ook eer en aansien in die kerk. Verwag ons dat ons dienswerk hier op aarde beloon sal word. Die Bybel leer ons egter duidelik dat hiervan niks kom nie. Soos Christus sy dissipels geleer het dat Hy hulle nie sal agterlaat nie, maar weer sal kom, so het ons die voortdurende inwerking van die Gees van God wat ons verseker dat Christus weer sal kom om die gelowiges tot Hom te neem om saam met Hom te regeer in ewigheid.

6 April. **Lees** Joh. 14:25-31. **Teks:** Joh. 14:27.

CHRISTUS ONS VREDE.

By die punt waar Jesus afskeid neem van sy dissipels, gee Hy hulle die versekering dat Hy sy vrede vir hulle nalaat. Dit is wel so dat die woord wat Christus gebruik, dieselfde is as die wat die Jood gebruik om mekaar te groet by die afskeid, maar hierdie woorde van Christus verskil hemelsbreed van die Joodse groet.

Die vrede wat Christus aan sy dissipels gee, is nie net 'n wens wat Hy hulle meegee soos die Joodse groet nie, wat Hy nie kan waarborg nie, nee, die vrede wat Hy hulle gee, is 'n vrede wat Hy verdien het deur sy lyde en sterwe aan die kruis van Golgota.

Sy gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader, bring mee dat Hy aan sy dissipels die vrede met sy hemelse Vader gee. Hierdie vrede kom selfs in die aanblik van die dood, by Hom voort uit die volkome vertroue op die liefde van die Vader. Hierdie vertroue wil Hy nou ook by hulle inboesem en daardeur sal sy vrede hulle deel word.

Die vrede wat Christus aan sy dissipels en dus aan alle gelowiges nalaat, bestaan in die vertroue op God se liefde onder alle omstandighede van die mens se lewe. Of die lewe dus voorspoed of teëspoed, vreugde of smart bied, hierdie vrede wat Christus gee, bring rus en berusting. Hy het die losprys betaal vir die skuld en die sonde van die wêreld. Daarom is daar niks meer wat die vrede van die mens kan bedreig nie. Vrede te hê met God, bring mee dat ons ons lewe oorgee in sy hand terwyl ons weet dat sy doen en late met ons, ons ten goede kom omdat Christus vir ons gedoen het wat nodig is met die oog op ons saligheid.

Wat 'n troos bring hierdie woorde nie vir ons in 'n tyd waarin die wêreld so min van vrede weet, 'n tyd waarin nyd en haat alles oorheers. staan die gawe van Christus soos 'n helder lig in die donker wêreld „vrede vir julle". Hierdie vrede verseker ons van 'n lewe by die Vader in die hemel.

7 April. **Lees** Joh. 15:18-27. **Teks:** Joh. 15:18.

CHRISTUS VIR ONS GEHAAT.

Vanaf die begin van sy menswording op aarde het Christus die las van die toorn van God teen die sonde gedra. Hierdie las het die lyde van Jesus Christus uitgemaak. Sy lyde het nie net bestaan in die gevangeneming, verhoor, veroordeling en kruisiging nie, maar het vanaf sy geboorte gegeld.

Die mensewêreld het Hom nie erken as die Messias van God nie, omdat Hy nie aan die verwagtings van die mens voldoen het nie. Hulle wou 'n aardse koning hê wat kom met majesteit en heerlikheid. God wou dat sy Seun sou kom in die gestalte van 'n dienskneg, nie om te sit op 'n troon nie, maar om die mag van die sonde en die dood te verbreek. Hierdie wil van God met Christus het Hom gelei langs die weg van die kruis en die graf. Hierdie wil van God het Christus onaanvaarbaar vir die wêreld gemaak, sodat hulle openlik vyandig was teen Hom. Hierdie vyandiggesindheid het in felle haat oorgegaan.

So gehaat was Christus dat die volk Hom geen regverdige verhoor gun nie. Die leiers van die volk het hulle so aangehits teen Christus dat hulle na geen verdediging wou luister nie, maar uitgeroep het: Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf. Hierdie haat van die wêreld kon net bevredig word deur die dood van Christus. Deur sy dood en opstanding het Hy die mag van die dood verbreek. Daarom sal die wêreld sy volgelinge nie maar gelate aanvaar nie, maar ook hulle haat.

Hoe die wêreld ons ook haat, weet ons dat die liefde van God in Christus ons eiendom geword het omdat Hy ons sondes op Hom geneem en dit gedra het.

Die haat waarmee die wêreld Christus gehaat het, was so geweldig dat ons nie moet dink dat dit sou verbywaai nie. Toe Christus boonop uit die dood uit opstaan, was die woede van die wêreld nog erger. So kom dit dat die volgelinge van Christus vandag nog die haat van die wêreld teen Christus moet verduur. Dit is egter 'n klein deeltjie van die haat teen Christus en word met dankbaarheid deur die gelowiges verduur.

8 April. **Lees** Joh. 17:10-20. **Teks:** Joh. 17:20.

DIE KERK IS DRAER VAN DIE EVANGELIE.

Dit is vandag uit die mode om 'n christengelowige te wees! En vir die wat nog glo, is dit moeilik om te bly glo in die Here Jesus. Die wêreld glo self, maar dan in die mens se verstand. Kyk maar wat kan daar nie gedoen word nie, ons kuier op die maan en in die plek van 'n verslete, sit ons 'n ander hart in. Baie ander dinge wat daagliks plaasvind is eintlik wonders. Mense wat sulke dinge kan doen, hoef nie in iets anders te glo as in hulle eie moontlikhede nie.

Het die gelowige 'n teenvoeter hiervoor?

Ja seker! Jesus Christus wat die hoogste gesag dra, bid vir elkeen wat in Hom glo. Laat ons dan liewer glo in Jesus Christus as ons Saligmaker en Voleinder van die geloof, in plek daarvan om die hart en hoof te leen aan die stem van die selfbeslissende mense.

Ons moet die geloof behou en ons kinders dit inskerp, want dit weet ons, dat ons en ons kinders se geluksaligheid hier op die spel is, wanneer ons teen of vir die lidmaatskap van die kerk kies. Die kerk wat die boodskap van die apostels voortsit, is die plek waar ons, volgens Bybel, tot die geloof kom, dit ontwikkel en behou; en waar ons die Here die beste kan dien. Geloof kan nooit in die wind of op jou eentjie beoefen word nie. Geloof moet hom rig op lemand groter as jy self. En dan wel op Hom wat Homself aan ons kom openbaar het as die Ewige en Almagtige en tog ook as die Barmhartige en Genadige.

Ons kan dus nie dankbaar genoeg wees dat ons aan ons kerk behoort wat ons die Woord op 'n suiwere en verstaanbare manier verduidelik en standvastig staan by die belydenis van Christus as die Seun van die lewende God; en niks meer en niks minder probeer wees nie, as kerk van die Here in die wêreld. En ons glo vas dat die Here ook vir hierdie kerk, soos vir die apostels, 'n opdrag het en ook vir die kerk bid en vir elkeen wat deur die prediking van die kerk, tot die geloof kom.

Dis die kerk waarvoor Jesus Christus duur betaal het met sy diepe smart en kosbare bloed aan die kruis.

9 April. **Lees** Joh. 17:1-9. **Teks:** Joh. 17:9a.

DIE HERE BID VIR DIE WÊRELD.

Die woorde van ons teksvers is baie verwarrend as ons nie bietjie dieper daarop ingaan nie. Dit klink net nie vir ons reg soos dit daar staan en ooreenkomstig die gees van die Bybel en die verkondiging van Jesus nie, as sou Jesus nie vir die wêreld bid nie.

Blykbaar moet ons dit so verstaan. Dit gaan in die gebed om die bewaring van die wat reeds in die Here Jesus glo, die wat die Vader aan Hom gegee het. En in hierdie besondere gebed, waarin Jesus alleen sy gelowiges aan die Vader opdra vir bewaring, word die goddelose wêreld uitgesluit.

Maar dit beteken nie dat die wêreld uitgesluit is van die bearbeiding en die aanhoor van die prediking van die evangelie nie; inteendeel, Jesus sê, in sy hoëpriesterlike gebed dat Hy bid nie net vir die gelowiges nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in Hom sal glo. Deur die prediking moet die wêreld tot die geloof kom, dat God die Vader, Jesus as Verlosser van die wêreld gestuur het, en dat almal in Hom moet glo om ook in die intieme gebed van Jesus, om bewaring, ingesluit te mag word.

Die ongelowige wêreld bly dus gebied van evangelisasie en voorwerp van die oordeels- en heilsverkondiging. As kerk en ons as gelowiges bly dit ons verantwoordelikheid om die Woord uit te dra tot hulle wat in die gebed om bewaring, uitgesluit is om hulle tot die geloof te bring en hulle te waarsku teen die verdoemenis van die goddelose en hulle te wys op die heerlikheid wat Jesus Christus vir sy gelowiges weggelê het na sy sterwe aan die kruis van Golgota en opstanding tot die ewige lewe.

10 April. **Lees** Joh. 17:17-26. **Teks:** Joh. 17:17.

DIE WOORD HEILIG ONS.

By die gebed om die bewaring van die gelowige, kom ook die gebed om die heiliging van die gelowige. Met heiliging word bedoel die afsondering tot 'n besondere toewyding en diens aan die Here in die wêreld. Die heiliging staan dan ook in 'n direkte verband met hulle optrede en verhouding tot die wêreld. Want hulle verhouding met die wêreld moet so wees dat hulle nie deur die wêreldgees in beslag geneem word en aan die wêreld gaan behoort nie; hulle is in die wêreld vanweë hulle opdrag, maar hulle is nie van die wêreld nie. Jesus vra in sy gebed dat hulle nie uit die wêreld weggeneem word nie, maar dat hulle, terwyl hulle in die wêreld is, bewaar word van die bose. Want as ons ons gaan onttrek aan die verkondigingstaak, dan mis die gelowige sy roeping. Hy moet juis sorg dat hy in aanraking kom met die mense en 'n sterk christelike invloed op hulle uitoefen wat heenwys na Jesus Christus. En daarom moet ons ons plek volstaan in die maatskappy. Om ons plek vol te staan, is die heiliging nodig, dit wil sê, ons volle beskikbaarstelling aan die christelike roeping.

En omdat ons op ons eie bene nie staande kan bly nie, daarom dra Jesus Christus ons op sy gebede; en wys Hy ons ook die weg van die heiliging en dit is „in U waarheid".

Die gelowige moet, terwyl hy in die wêreld is, gedra word deur die waarheid. En die waarheid is die Woord, dit is ons dryfkrag, ons troos en heiligende kleinood.

Nou het Jesus ons nie net sy Woord gegee nie, maar Hy het Homself gegee. „Ek heilig Myself vir hulle sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees." Hy het ons dus voorgegaan op die pad wat ons moet bewandel.

11 April. **Lees** Joh. 16:1-14. **Teks:** Joh. 16:14.

JESUS GEHOORSAAM DIE VADER

Die wyse van die verheerliking van Jesus Christus, word deur die Heilige Gees beplan, omdat Hy voortgang gee aan die werk wat Jesus begin het om te doen in die wêreld en Hy doen die verheerliking vanuit, deur, met en soos die Woord. Jesus het hierdie mededeling gedoen terwyl hy op die punt gestaan het om te vertrek na sy hemelse oord van heerlikheid.

Maar Jesus was ook besig om sy dissipels voor te berei op die skok van sy lyding en kruisdood. Daarin was ook duidelik vervat 'n voorbeeld van onvoorwaardelike onderwerping aan die Woord van die Vader, 'n gehoorsaamheid tot die dood toe.

Die dissipels kon hierdie gedagte nie onderskryf nie. Hulle dink hulle weet beter. Hulle het gesien oor watter mag Jesus beskik. Met sy wonderwerke kon hulle nie die voorspelde lyding en dood rym nie. Hy kan dit verhoed. Dit is in sy mag om uit te styg tot die hoogste aardse sport: Hoof van 'n aardse koninkryk!

Dit was dus vir hulle onbegryplik dat Jesus hier praat van 'n klein tydjie en „julle sal My nie sien nie en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien". Hulle kon hulle nie versoen met die gedagte van 'n tyd van lyding, dood en afwesigheid nie. Vir hulle het dit vasgestaan dat aan Jesus kom toe die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Ja, dit is seker Jesus sal verheerlik word, maar op 'n ander manier en tyd as wat die dissipels dit sou beplan. Hy wil die verheerliking langs die weg en wil van die Vader.

En omdat Jesus die teleurstelling by sy dissipels bemerk, moet hierdie woorde ook dien as troos en bemoediging vir hulle. Ondanks al die lyding, smaad en vernedering, sou Hy tog verheerlik word. Dat dit slegs 'n klein tydjie van afwesigheid is, moet hulle besiel en met geloof aan die verwagting van 'n spoedige terugkoms, laat vashou. Selfs as Hy hang aan die kruis, ontluister aan alle eer, moet hulle nogtans glo aan die belofte van verheerliking binne 'n klein tydjie.

Die Heilige Gees is die verantwoordelike Persoon ten opsigte van die verheerliking van Christus. En Christus wag met verlange op die tyd van sy verheerliking wanneer Hy in sy heerlikheid op die wolke sal kom en aan almal openbaar sal word en Hy sy regsitting sal hou oor lewende en oor dode, ook oor u en my.

12 April. **Lees** Joh. 16:14-25. **Teks:** Joh. 16:14a.

DIE HEILIGE GEES VERHEERLIK CHRISTUS.

Dit is die Heilige Gees wat Jesus Christus sal verheerlik. So onder Satan se aanhitsing van volke en persone en vertroebeling van gebeurtenisse in die wêreld, is die Heilige Gees elke oomblik besig om daardie verheerliking van Christus uit te werk. Ja, daagliks is die Heilige Gees besig om Jesus Christus meer en meer aan ons hart bekend te maak, want die verheerliking is nie net 'n eenmalige gebeurtenis, elders in die toekoms met die wederkoms nie, maar werk die Heilige Gees nog weekliks deur die gelese en verklaarde Woord in die kerk, en daagliks by die huis in die gesinskring om die Bybel.

„Hy sal My verheerlik", sê Jesus. Dit is die heerlike versekering van die Here aan sy volgelinge op aarde, die versekering dat die doel van sy koms na die aardse volbring en geslaagd is. Die Heilige Gees sal sorg dat dit slaag. Hy bring die mens tot geloof en bekering. Ons gewaar dit in ons hart. En die Gees skerp ons gewete dit in.

Dan kom die ommekering by 'n mens. Dan kom daar weerstand in die persoonlike lewe teen die sonde. Ons probeer om te midde van versoeking en ergernis, gehoorsaam te leef aan die Woord en Gees, terwyl ons ons afhanklikheid van die Here bely. Dan spreek die Woord en Gees sterker as die wêreld en oortuig ons van sonde, geregtigheid en oordeel.

Die Heilige Gees werk ook deur die gemeente en daar ontvang ons as lid van die gemeente, al die seëninge wat die Here ons belowe het en word ons geloof daar versterk. Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde. Ons moet ons self ook maar beproef of ons nog oortuig is van die inwoning van die Heilige Gees in ons lewe.

Ons sien dat selfs in die louheid van die kerk, die sedelike en geestelike verval van ons tyd, die radelose geskommel van volkere, die Heilige Gees steeds volhou om die Here te verheerlik deur die kerk en die gelowige in die wêreld. En die beeld van Christus word vir ons heerliker namate ons Hom meer en meer leer ken as dié Een wat ons lief het.

Waar die Here Jesus is, is daar heerlikheid en omdat Christus verheerlik word, sal sy gelowige kind ook verheerlik word.

13 April. **Lees** Joh. 16:25-33. **Teks:** Joh. 16:14a.

DIE HEILIGE GEES WERK IN ONS.

Die Heilige Gees verheerlik uitsluitlik Jesus Christus en niemand anders het aanspraak op hierdie verheerliking nie. As die Heilige Gees uitgestort word, dan gaan dit daarom, om die werk wat Jesus gedoen het op die wêreld, te kom voortsit in die harte van mense. Die aanwesigheid van die Heilige Gees in ons hart, beteken nie dat ons beheer oor Hom het soos oor die gevoelens van ons hart nie; Hy is die derde persoon van die Goddelike Drie-Eenheid.

Die Gees voeg niks toe aan wat Jesus gedoen en beloof het nie. Hy neem uit wat aan Jesus behoort en maak dit duidelik aan die mense. Hy is getrou aan die Woord; soos Jesus wil, so wil die Gees. Waar die Woord nie 'n plek het in die lewe van mense nie, daar werk die Heilige Gees ook nie. Hy dra die lewenswyse van Jesus oor aan die mense.

As volgelinge van Jesus in wie die Gees woon, moet ons ook noodwendig dieselfde gesindheid openbaar wat Jesus gehad het. As ons nie die gesindheid van Jesus openbaar nie, lewe ons nie uit die Gees nie, maar wel uit die vlees en bedink ons vyandskap teen God. Gaan ons op in die leefwyse van die wêreldling, dan is ons gelykvormig aan die wêreld en kan ons die Here nie behaag nie.

Die Heilige Gees werk deur die Woord en vra ons gehoorsaamheid aan die evangelie en die sakramente; en maak ons die beloftes en seëninge van die Here deelagtig. Wanneer die Woord deur ons sintuie tot ons verstand en gevoel spreek, dan spreek die Gees tot die hart om dit te bekeer.

By ons besoek aan die kerk, moet ons onthou dat die Gees daar in die gemeenskap van die gelowiges, werksaam is en dat dit daar alles gaan om die verheerliking van die Here. Sonder die inwerking van die Heilige Gees kan ons die Woord van die Here nie verstaan nie. Daar ontvang die gelowige die aangename versekering van die vergewing van sonde in die Naam van Jesus Christus.

Ons kan die Gees nie mislei nie. Ons moet van ganser harte gewillig wees om uit die genadige sondevergewing van die Here te lewe. Dan vergeet ons nie die gepredikte Woord gou nie. Daarom kan ons nie onverskillig staan teenoor die erediens en die verkondiging nie.

Ons moet die hand in eie boesem steek. Is die Gees van die Here nog by ons, in ons hart? Lei Hy ons nog steeds in alle waarheid, Sien ons uit na die verheerliking van die Here Jesus?

14 April. **Lees** Joh. 17:1-10. **Teks:** Joh. 17:1.

DIE KRUIS IS VERHEERLIKING VAN CHRISTUS

In teenstelling met wat ons sou verwag in die aangesig van die kruis, praat Jesus van heerlikheid! En Hy sien dan ook die heerlikheid as 'n teenstelling met die lyding, maar ook in verband daarmee; die lyding mond uit in die heerlikheid. Aan die Emmausgangers, sê Jesus, dat die Seun van die mens al die dinge moet ly en so in sy heerlikheid ingaan. Eers die kritieke oomblik, die lyding en kruis, dan die heerlikheid. Hoe nader die lyding, hoe nader Jesus die heerlikheid sien. In die aangesig van die sware lyding bid Jesus: „Vader verheerlik U Seun".

Die Vader verheerlik die Seun sodat die Seun die Vader kan verheerlik. So is daar twee wat verheerlik word deur die kruis van Christus: die Vader en die Seun. Vir Jesus is die lyding die aanloop tot die heerlikheid en die middel tot die volkome openbaring van God die Vader in die wêreld.

As God Hom self so openbaar in die Kind van die krip en aan die kruis, as die Man van smarte, dan is dit die doeltreffendste openbaring van sy heerlikheid in die wêreld. Sowel die krip as die kruis is die beste simbole, omdat geboorte en dood by ons prominente begrippe is.

God het die openbaring van sy liefde in hierdie prominente begrippe gelê. Egte liefde kom tot openbaring by geboorte en dood. God is liefde.

Liefde op 'n afstand is geen liefde nie, liefde is intiem en maak pyn. So naby het Jesus aan ons gekom. Egte liefde is medelydende liefde. In sy grote liefde het die Here oneindige medelye met ons gehad en het Hy ons laste oorgeneem en in die plek van ons pyn, het Hy aan die kruis gehang en dit was vir hom die verheerliking. En so kom sy heerlikheid, sy liefde, sy wese tot openbaring.

Die heerlikheid van God, is die heerlikheid van die liefde van die Seun.

15 April. **Lees** Joh. 18:1-11. **Teks:** Joh. 18:5.

DIE REGTE MAN.

Elke inhegtenisname het tenminste dit voor oë: Die regte man. Dit baat niks om 'n verkeerde persoon te vang nie. Sulke opspoorders soek eers die regte plek waar iemand te vind kan wees, en dan moet die identifikasie volg.

Wat die troep na Gesémanè betref, help Jesus hulle hierin. Hy gaan selfs voor. Wie soek julle? Jesus die Nasarener — daardie bekende prediker uit Nasaret, kom die antwoord. Dit is asof hulle Jesus met hierdie benaming aan die aarde wil bind — en dit terwyl Hy van die hemel is. As hulle nou sê: Jesus die Nasarener, dan laat Hy met koninklike waardigheid 'n betekenisvolle uitspraak hoor: Dit is Ek. Ten spyte dus van die gewoon menslike aanduiding van die gevangenemers, laat Jesus duidelik sy goddelike heerlikheid blyk. Mens sien dit ook in die onbevange vryheid waarmee Hy homself bekendstel. Hulle moet weet: Dit is die regte persoon hierdie.

As Jesus ronduit sê: Dit is Ek, dan identifiseer Hy Homself as die Een wat juis vir dié doel gestuur is naamlik om gevange geneem en aan die mense oorgelewer te word. Van die begin van sy menswording af was dit so. Hyself het dit geweet, en almeer ook na „die uur" begin verwys wat naderhand uiteindelik moes aanbreek. Vir Pilatus sou Hy later sê: Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek in die wêreld gekom.

Nou het die uur gekom. Dat dit so is, weet en erken Hy as Hy antwoord: Dit is Ek. Hy is die regte Man — dit ly geen twyfel nie. Die regte een om Middelaar te wees: die regte een om vir ons in te tree, ons sonde op Hom te neem en ons te verlos van die tydelike en ewige straf. Want Hy is die Seun van God, juis hiervoor in die wêreld gekom.

16 April. **Lees** Joh. 18:12-27. **Teks:** Joh. 18:17.

DIE VOORONDERSOEK.

Dit was op hierdie tydstip dat die dissipels Hom verlaat en gevlug het. In sy donkerste uur sien hulle nie kans om Hom by te staan nie. Maar wag; twee van hulle volg Hom nou op pad na Annas, skoonvader van die hoëpriester wat self die amp ook al beklee het. By Annas sal 'n voorondersoek plaasvind. Een dissipel — vermoedelik Johannes — was bekend met die hoëpriesterlike familie en het waarskynlik nie veel te vrees gehad nie. Hy sal maklik by die deurwagster verbykom. Petrus waag dit met hom saam, nog gedra op die golf van oormoed wat hom die swaard in die tuin laat uitpluk het. Toe die diensmeisie egter twee en twee bymekaar wil sit, en hom aan Jesus koppel, verdwyn sy geesdrif vir sy Meester totaal . . .

Die bekende geskiedenis van Petrus se verloëning is hier deurmekaar gevleg met die weergawe van die begin van Jesus se verhoor. Dat die gebeurtenisse met Petrus en Jesus mekaar afwissel, steur egter nie. Want elke mens op aarde se lot moet verbonde wees aan wat met Jesus gebeur as sy uur gekom het. Trouens, Jesus wil juis elke mens by sy lyde en uiteindelike sterwe betrek. Daarom is die vraag van die diensmeisie aan Petrus baie gepas vir elkeen van ons — ons, wat juis gereken wil word by die volgelinge van Jesus Christus: Is jy ook een van die volgelinge van Jesus?

Dit is menslik om te sê: Ek is nie. Maar die trane van 'n Petrus is ons waarskuwing. Die gelowige is steeds geroepe om van sy verbondenheid met Jesus te getuig, deur woord en daad. Die gelowige moet waarlik één wees met hierdie Jesus wat Homself vir ons oorgegee het, tot in die dood, om ons van die mag van sonde te bevry. Die eenheid met hierdie Jesus word dan ook sigbaar betuig by elke nagmaalsviering, wanneer die gelowige daardie elemente gebruik wat heenwys na sy gekruisigde liggaam. As ons sou weier om nagmaal te gebruik, verloën ons Hom.

17 April. **Lees** Joh. 18:28-40. **Teks:** Joh. 18:38.

WAT IS WAARHEID?

As Jesus die waarheidsvraag opper, dan begin Pilatus filosofeer. Hy kan Jesus glad nie vind as die waarheid ter sprake kom nie. Jesus en Pilatus se benaderingswyses was te uiteenlopend. Pilatus, geskoold in sy bepaalde heidense denke, het die waarheid gesien as iets wat ontdek of onthul moet word — deur die mens. Deur sy denke, dus met sy verstand, moet die mens die sluier wegneem van wat raaiselagtig is om tot waarheid, en so tot sekerheid, te kom. Die oplossing van die waarheidsvraag berus dus by die mens, reken Pilatus; en omdat hyself mens is, weet hy goed hoe twyfelagtig die oplossing is. Wat is waarheid?

Jesus egter het geweet dat die waarheid 'n saak is wat onbetwisbaar vasstaan. Die waarheid is onomstootlik daar, en kan nie deur die mens „gevind" word nie. God beskik oor die waarheid, Hy gee dit, Hy gee dit van bo af — want Hy is die waarheid. Jesus moes by geleentheid dit self vermeld: Ek is die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Dit is Hy wat die wil van die Vader ten volle openbaar, die liefdeswil van God met die sondige, gevalle mens. Hy is die volkome openbaring van God in hierdie tyd, 'n openbaring wat juis toe, nog by Pilatus besig was om in vervulling te gaan. Want die waarheid sou ontvou in sy lyde en sterwe vir sondaars. Hyself is dan die waarborg van Gods werklikheid, nie net op hierdie wêreld nie, maar ook vir hierdie wêreld.

As ons vra na die oomblik van waarheid — en die mens doen dit maar in sy sug na die dramatiese — dan geskied dit op Golgota wanneer Hy sê: Dit is volbring; en 'n mens dan daar by die kruis moet sê: Waarlik, Hy was die Seun van God.

18 April. **Lees** Joh. 19:1-16. **Teks:** Joh. 19:6.

KRUISIG, KRUISIG HOM!

Die Jode eis nou vir die eerste keer die doodstraf vir Jesus, en dit volgens die heersende Romeinse praktyk, die kruisiging. Geen vinnige, genadige dood nie, maar 'n straf wat met géseling van die ergste aard gepaard gaan. As die aanklaers dan vol haat en woede teenoor Jesus is, — daar is genoegsame middels om te gebruik ten einde daaraan uiting te gee. Mens wil egter vra: Skrik die wreedheid van so 'n marteling hulle nie af nie? Geensins. Daar is by hulle geen genade of barmhartigheid nie. Keer op keer kry hulle geleentheid om Hom óf vry te laat óf te begenadig — Pilatus maak hulle aanklagte belaglik, hy vind geen skuld nie; maar hulle roep: Kruisig Hom!

Dit doen mense aan Jesus. Dié mense, vir wie Hy gekom het, in wie se bestaan Hy ingedaal het, wie se lot Hy volkome aangeneem het. Dit doen die mens van die wêreld — sodat ons ons nie van hulle kan distansieer nie. So skuldig as wat hulle aan die dood van Jesus is, is ons ook. Nie een van ons is te verontskuldig om te sê: Ons sou dit nie gedoen het om Hom te laat kruisig nie.

Want die dood van Jesus Christus geskied deur mense, ter wille van mense. Dit vind plaas deur hulle geskreeu — kruisig Hom, en veral deur hulle sonde wat hierdeur duidelik blyk. Ons sonde is hierby ingereken. Ons sien onsself dus ook skuldig aan sy dood; anders is daar geen vergiffenis deur sy dood vir ons nie. Want Hy sterf deur mense, ter wille van mense. Eers as Jesus so sterf, is daar sprake van plaasvervangende sterwe, en bygevolg vryspraak en vergiffenis.

Kruisig, kruisig Hom, skreeu die skare. Hoor ons ons stem daarby? Ons moet goed luister. Wie dit met skaamte en opregte berou bely, wie weet dat hy mede-verantwoordelik is vir sy smadelike kruisdood, kan nou, daarna, ander woorde beluister: Gaan, jou sonde is vergewe.

19 April. **Lees** Joh. 19:17-24. **Teks:** Joh. 19:17.

KRUISDRAER.

Vir Jesus was die kruis bestem — daar moes dus noodwendig op 'n bepaalde uur 'n kruis op die toneel verskyn. Na die uitspraak van Pilatus, op aandrang van die Jode, is Hom die balk van die kruis gegee om na Golgota, die plek van die teregstelling, te dra. Dat die kruis so gedra word, is die grimmige lot van 'n ter dood veroordeelde. Die ander evangeliste wys daarop dat Jesus dit naderhand nie meer kon verduur om die gewig te dra nie, en dat hulle 'n sekere Simon, wat toe byderhand was, gedwing het om dit te doen.

Dat Jesus self dit nie end-uit kon dra nie, dit is nie so belangrik nie. Wat meer belangrik is, is dat Hy dit gedra het in die sin waarna Hy al tydens sy omswerwing verwys het, toe Hy vir die dissipels en die skare gesê het: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Christus het sy kruis gewilliglik aanvaar in die wete dat Hy so die dood ter wille van ons aanvaar. Sy groot sondaarsliefde het in hierdie saak die deurslag gegee. Die smaad van en verwerping deur die wêreld het Hom nie afgeskrik nie. Hy was

gehoorsaam aan die wil van God tot die einde toe, om alles te volbring soos dit voor alle tye bepaal was. Alleen so kon Hy ons verlos van die mag van die sonde, en kon Hy alle geregtigheid volbring. Hy het waarlik sy kruis gedra.

Dat dit so gedoen is, beteken vir ons die lewe. Wanneer die gelowige ernstig let op die aansporing van Christus om Hom te volg, is dit nie om Christus te probeer naboots of om self 'n verlossing te bewerkstellig nie. Nou, as bevrydes is die gelowiges in staat tot 'n offerbereidheid wat reeds Jesus al gekenmerk het; tot 'n selfverloëning waarin Hy ons voorgegaan het; tot 'n gehoorsaamheid en onderwerping aan sy wil soos waartoe Hy gesind was ten opsigte van sy Vader — dit alles uit dankbaarheid vir so 'n Verlosser wat nie gehuiwer het om vir ons sy kruis te dra nie.

20 April. **Lees** Joh. 19:25-37. **Teks:** Joh. 19:30.

DIT IS VOLBRING.

Die Vrydag het aangebreek — 'n goeie Vrydag, so sê ons van die sterfdag van onse Here, Jesus Christus. Waar ons enersyds vervul is met droefheid en smart oor sy bittere en smadelike dood, juis vanweë ons aandeel daaraan as dié mense ter wille van wie dit plaasgevind het, is daar andersyds die onverborge vreugde omdat reeds hier die oorwinningsklanke verneem word.

Hierdie gemoedstemming van die gelowige op Goeie Vrydag is 'n weerspieëling van onder andere die laaste paar kruiswoorde. Ook Jesus gee duidelik die dieptepunt van lyde en Godverlatenheid te kenne as Hy uitroep: My God, My God, waarom het U My verlaat? Sy diepe sielesmart weerklink hierin. Ook die liggaamlike ellende skemer deur as ons Hom in die volgende kruiswoord hoor sê: Ek het dors. Dit is gelukkig nie die einde nie, want ná hierdie vierde en vyfde kruiswoorde van die Heer, verneem ons ook die sesde: Dit is volbring. Hy gaan nou die laaste asem uitblaas en Hy is daarvan bewus dat Hy oorwin het en die groot doel van sy hemelse Vader volbring het. Sy verlossingswerk op aarde het Hy voltooi. Daar volg nou onafwendbaar die dood; maar daarna kom enkel tekens van triomf, as Hy sal opstaan en lewe, as Hy sal opvaar omhoog, om uiteindelik weer te kom.

In alles wat plaasvind, geskied die wil van God, met sy Seun as die handelende persoon. Dit is ons troos in ons eie lewe met sy sonde, aanvegting, onvolkomenheid en gebrokenheid. In enkele oomblikke van grootste worsteling, volbring Jesus sy heerlike verlossingswerk op aarde. Daarom hoor ons nou: Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. Hierdie woorde het Jesus gesê juis om sy volgelinge in hulle aardse verdrukkinge te bemoedig.

21 April. **Lees** Joh. 19:38-42. **Teks:** Joh. 19:38.

DIE BEGRAFNIS.

Die evangelie volgens Matthéüs meld nog 'n besonderheid van hierdie Josef van Arimathéa, naamlik dat hy ook ryk was. In die voorsegging van Jesaja van ouds oor die begrafnis lees ons: By 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Dus meld Jesaja ook die rede waarom 'n welgestelde man kom om oorvloedige eer aan die afge-

storwene te betoon. As die lewe van Jesus dan aan die diepste vernedering onderworpe was, begin daar nou in sy dood die blyke kom van koninklike hulde aan die Oorwinnaar wat alles vir ons aan die kruis volbring het.

Ook die lewe van hierdie Josef toon die verandering nou dat Jesus dood is. Hy was nog altyd, net soos Nikodemus wat ook hier vermeld word ten opsigte van sy oorvloedige eerbetoning, bang om openlik vir Jesus kant te kies. Hulle was belangrike mense in die Joodse samelewing en moes as sodanig versigtig wees en deeglik op hulle gedrag en optrede let. Maar nou is daar geen sprake meer van versigtigheid nie. Hulle tree openlik na vore. Die dood van Jesus, wat hulle dan vir goed moes genees het van die dwaling om na die Nasarener te luister, het hulle eerder in hulle oortuiging gesterk dat die aansprake van Jesus tog reg was. Dit lyk asof hulle uit 'n diepe geloofsoortuiging handel. Hulle sien dus duidelik dat dit met die dood van Jesus nie klaar is, sodat hulle maar weer hulle eie weg kan gaan nie. Inteendeel, hulle is so betrokke by wat met Hom gebeur het, dat hulle nog gemoeid is by die verdere noodwendige gebeurtenisse, soos dan onder andere die begrafnis. Jesus betrek so die hele mensdom by sy sterwe, dat hulle altyddeur gebonde sal wees aan Hom, die eerste en die laaste en die lewende. So is ons onafskeidelik verbonde aan Hom wat vir ons die lewe self geword het.

22 April. **Lees** 1 Kor. 15:50-58. **Teks:** 1 Kor. 15:55.

DIE DOOD OORWIN.

Wanneer die dood intree staan die mens magteloos. Dan kom die mens onder die besef van sy eie nietigheid en verganklikheid. Vir die gelowige in Jesus Christus spreek die dood egter nie die laaste woord nie. Deur sy kruis en opstanding het Jesus Christus die dood oorwin. kan hy in ons teks 'n uitdagende houding teenoor die dood inneem. Dit besef die apostel Paulus, skrywer van ons tekswoord ook. Daarom kan hy vir die dood vra: „Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" Net soos 'n by of 'n skerpioen sonder hulle angels magteloos is so het die dood ook magteloos geword.

Maar wat is die angel van die dood? Die apostel Paulus gee self in die gedeelte wat ons saam gelees het die antwoord. Die angel van die dood is die sonde. Maar wat het van die angel van die dood geword? Wat het van die sonde geword? Jesus Christus het die angel uit die dood uit weggeneem. Jesus Christus het die sonde op Hom geneem. Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor. Ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Daarom kan ons as gelowiges in Jesus Christus ook saam met die gesangdigter sing: „Jesus leef, nou is die dood, ons 'n ingang tot die lewe. Watter rus in sterwensnood, bied sy Woord die hart wat bewe? Hy, ons Heiland ken ons wee. Hy alleen deel troos ons mee."

23 April. **Lees** Joh. 21:1-3. **Teks:** Joh. 21:3c.

VRUGTELOSE ARBEID.

Na Jesus se kruisiging staan die dissipelkring moedeloos in die wêreld. Hulle is soos skape wat hulle herder verloor het, of soos weeskinders wat hulle ouers aan die dood moes afstaan. Jesus wat altyd die leiding, die inisiatief en die besluite geneem het, was nie meer daar nie. In die gedeelte wat ons saam gelees het sien ons dat Simon Petrus as leier na vore tree. Hy besluit om te gaan visvang, en die ses dissipels wat saam met hom was, besluit om hom te vergesél. Petrus was visser voordat hy dissipel van Jesus geword het. So was van die ander dissipels ook voorheen vissers. As ons die eerste paar verse van Johannes 21 lees dan kry ons die indruk dat Petrus uit verveeldheid besluit het om te gaan visvang. Wat is daar tog anders om te doen. In hierdie selfde gesindheid het die ander dissipels hom ook vergesél. Die dissipels verkeer eintlik in 'n geestelike windstilte. Jesus is nie meer in hulle midde nie, en die Heilige Gees is ook nog nie uitgestort nie. Op hierdie stadium verkeer die dissipels sonder Jesus, en sonder die Heilige Gees in die wêreld. En dan nog die teleurstelling of sal ons liewer sê, daarom die teleurstelling: „Hulle het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie."

Arbeid in eie krag en vermoë verrig buite Jesus Christus om, is vrugtelose arbeid. So lees ons ook in Ps. 127:2: „As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou."

24 April. **Lees** Joh. 21:4-6. **Teks:** Joh 21:6.

DIE WONDER.

Die dissipels het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie. Jesus staan op die strand maar hulle het Hom nie herken nie. Op die vraag van Jesus of hulle iets het om te eet antwoord hulle ontkennend. Hulle volg die raad van Jesus op om die net aan die regterkant van die skuit in te gooi. Hierop het die net so vol geword dat dit wou skeur.

Maar dit was nie die enigste wonder by hierdie geleentheid nie. Dit was ook 'n wonder dat die dissipels wel gehoorsaam het. Die roer of die stuur van 'n visserskuit het gewoonlik effens na agter aan die regterkant van die skuit gesit. Vandaar dat die regterkant van die skuit ook die stuurboord genoem is. Aan die linkerkant van die skuit het die bak gestaan waar die visse wat gevang is gegooi is. Vandaar dat die linkerkant van die skuit die bakboord genoem is. Teen die algemene reëls van visvang beveel Jesus nou om die net oor bakboord op te trek en dit oor stuurboord te gooi. Hulle kon net sowel Jesus se raad oorboord gegooi het en geredeneer het dat die persoon op die strand nie veel van visvang af weet nie. En tog gehoorsaam hulle.

Die geloof in Jesus Christus bring mee dat daar soms 'n streep deur eeue-oue tradisies getrek moet word. Die geestelike leiers van die Joodse volk lê klem op die verdienste van die mens. Jesus lê klem op die genade van God. Van nature wil ons ons vyande haat. Jesus leer ons om ons vyande lief te hê. Hulle wat ons vervloek te seën en vir hulle wat ons vervolg te bid. So het Jesus ook aan die kruis gesterwe vir 'n wêreld wat Hom vyandig gesind was.

25 April. Lees Joh. 21:7-8. **Teks:** Joh. 21:7.

NAAK VOOR CHRISTUS.

Na die wonderlike visvangs moes die dissipels vanselfsprekend besef het dat die Man op die strand, niemand anders was as Jesus Christus wat opnuut aan hulle verskyn nie. Die apostel Johannes vind dit egter tog nodig om aan Petrus te sê dat dit die Here is. En toe die besef tot Petrus deurdring dat dit die Here is gord hy sy bokleed om want hy was naak, en werp homself in die see.

Petrus wou met sy bokleed sy liggaamlike naaktheid voor Christus bedek, soos Adam en Eva in die paradys met vyeblare hulle naaktheid voor God probeer bedek het. Maar net soos Adam en Eva kon Petrus nie daarin slaag om geestelike naaktheid te bedek nie. Vroeër het Petrus ook op geestelike gebied met 'n kleed om voor Jesus probeer staan. Hy het hom anders probeer voordoen as wat hy werklik was. Dit kan ook wees dat Petrus nie op die stadium sy eie swakhede en tekortkominge goed besef het nie. Wat was Petrus se reaksie toe Jesus voorspel het dat hy Hom sou verloën? „Al sou al die ander ook aanstoot neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Al moet ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie".

En nou, hier by die meer van Tiberias, nader Petrus die opgestane Jesus, wel liggaamlik bedek met 'n bokleed, maar geestelik naak as gevolg van sonde, tekortkominge en mislukking. Petrus sou wel later besef dat die kleed van eie krag en vermoë nie vir hom redding kan bring nie. Alleen vir diegene wat met Christus beklee is, is daar redding moontlik.

26 April. Lees Joh. 21:8-11. **Teks:** Joh. 21:10.

PETRUS TEREGGEWYS I.

Ons wil graag nou deur middel van drie oordenkings vir u daarop wys hoe Jesus vir Petrus tereggewys het. As ons die gegewens oor Petrus in die Heilige Skrif nagaan, kan ons 'n goeie beeld van Petrus se karakter en geaardheid vorm. Petrus was die voortvarende en van die dissipelkring was hy die een wat altyd eerste gereageer het. Hy was die dissipel wat dit gewaag het om op die water na Jesus te loop. Hy was die eerste onder die dissipelkring wat bely het: U is die Christus, die Seun van die lewende God." Toe Jesus voorspel het dat sy dissipels almal aan Hom sou aanstoot neem, het Petrus dit die eerste ontken en gesê: „Al sou almal ook aanstoot neem ek sal nooit aanstoot neem nie." Ons sien dit ook weer hier by Jesus se verskyning by die meer van Tiberias. Toe Petrus besef dat dit Jesus is wat op die strand staan, het hy dit aan sy mede dissipels oorgelaat om verder met die skuit en die net te sukkel en het Petrus Jesus tegemoet gesnel. Toe Jesus egter vir hulle sê: „Bring van die visse wat julle nou gevang het," het Petrus verstaan. Hy het weer in die skuit geklim en die net met die visse op die land gesleep.

Die verhaal van die wonderlike visvangs het simbolies betekenis. Na sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, sal sy dissipels in die wêreld vissers van mense moet wees. Hulle moet die blye evangelie van Jesus Christus in die wêreld verkondig.

27 April. **Lees** Joh. 21:12-15. **Teks:** Joh. 21:15.

PETRUS TEREGGEWYS II.

In gister se oordenking het ons gesien dat Petrus voortvarend was en gewoonlik die eerste was om te reageer. In die gedeelte wat ons nou saam gelees het, tree 'n ander karaktertrek van Petrus na vore. Hy was hoogmoedig, in die sin, dat hy gedink het dat hy beter is as ander mense. Dit blyk duidelik uit sy opmerking aan Jesus: „Al sou al die ander ook aanstoot neem, ek sal nooit aanstoot neem, nie." Die bekende spreekwoord was egter van Petrus ook waar: „Hoogmoed kom tot 'n val." Wie van ons sal ooit besef wat daar deur Petrus se gemoed gegaan het toe hy Jesus drie maal verloën het voordat die haan gekraai het. Die verloëning van Jesus moes Petrus se hoogmoed in ootmoed verander het.

Dit moes vir Petrus pynlik gewees het toe Jesus sy eerste vraag vir hom vra by die meer van Tiberias: „Simon, seun van Jona, het jy my waarlik lief, meer as hulle hier?" Soos Petrus homself met die ander dissipels vergelyk het, so vergelyk Jesus hom ook in hierdie vraag met die ander dissipels. Petrus moes hier noodwendig tot die slotsom gekom het dat hy nie beter is as die ander nie, maar dat hy eerder in 'n groter mate misluk het as die ander. Laat ons die les wat Petrus deur skande en skade heen geleer het ook ter harte neem. Elkeen wat homself verneder sal verhoog word, en elkeen wat homself verhoog sal verneder word. Jesus het self geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie.

28 April. **Lees** Joh. 21:15-17. **Teks:** Joh. 21:17.

PETRUS TEREGGEWYS III.

Driemaal het Petrus vir Jesus verloën. Driemaal vra Jesus vir Petrus: „Het jy My lief?" In die oorspronklike teks is daar twee woorde wat in die Afrikaanse Bybelvertaling met liefde vertaal word. Die eerste is 'n sterkere woord wat dui op die verhouding tussen God en mens. Die tweede is 'n swakkere woord wat dui op die verhouding tussen mens en mens. Ons kan hierdie laaste woord vir liefhê ook so omskryf: „Hou jy van my of is jy toegeneë tot my."

Ons kan die gedeelte wat ons saam gelees het ook so vertaal: „Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?" Hy antwoord Hom: „Ja, Here, U weet dat ek van U hou." Hy sê vir hom: „Laat my lammers wei." Hy vra hom weer die tweede maal: „Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?" Hy antwoord Hom: „Ja, Here, U weet dat ek van U hou." Hy sê vir hom: „Pas my skape op." Hy vra hom die derde maal: „Simon, seun van Jona, hou jy van My?" Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde maal vra: „Hou jy van My?" En hy antwoord Hom: „Here, U weet alles, U weet dat ek van U hou." Jesus sê vir hom: „Laat my skape wei."

Die les wat daar vir u en my uit Petrus se teregwysing te leer is, is dat ons eers soos die verlore seun in die gelykenis moet besef dat ons met leë hande staan, voordat ons geskik vir die koninkryk van die hemele en geskik is om in die diens van Christus gebruik te word.

29 April. **Lees** Joh. 21:1-2. **Teks:** Joh. 21:1-2.

DIE DAARNA VAN DIE OPSTANDING.

Christus het opgestaan en aan sy dissipels verskyn. Dit was 'n feitelike gebeurtenis. Dié boodskap word in hierdie paashoofstuk opnuut bevestig. En dit was werklik nodig. Die opstanding kry hiermee 'n nuwe inhoud en betekenis. Die opstanding van Jesus sou eers nou werklik effektief word. Die opstanding sou verkondig moet word in 'n wêreld waarin niemand kon sien dat Christus daarin en daarvoor uit die dood opgestaan het nie — in 'n wêreld wat nog steeds in die teken van die dood staan. Die dood is in die wêreld nie lewe- en werkloos nie. Nee die dood is net op die verdediging teruggedryf — maar is aktief, altyd aan die werk — het nie 'n leë simbool geword nie. Hy gebruik sy seis oral — is nie net aktief besig om ons nie — nee: ook in ons eie harte.

Sedert Paassondag het reeds honderde stemme aan ons gefluister dat die opstanding 'n verdigsel is, 'n valse verhaal om vals te troos. Ons sien daagliks daardie hande wat die oop graf weer dig wil verseël. Ons lewe in 'n wêreld waarvoor Christus opgestaan het — maar dit is die tragiek — dit is nie 'n paaswêreld nie, maar 'n wêreld wat teenoor pase geheel en al vyandig en honend staan. By die dood wil die wêreld ons ons enigste troos ontneem deur spottend te verklaar: „Ek het jou mos gesê." Kyk na die begraafplase — nuwe grafte elke dag. So word twyfel en verwarring gebring.

Hierdie hoofstuk waarin die verskyning van die opgestane Heer opnuut aan ons voorgehou word, wil ons juis van hierdie uitsiglose toekoms bevry. Dit wil ons wys op die nuwe daeraad wat aangebreek het. Dit wil ons lei tot die erkenning: „Die Here het waarlik opgestaan . . . " Dit wil ons bring tot die geloofsuitroep: „My Here en my God." Sedert pase is daar nog sterfbeddens — dit is waar. Maar die enigste geldende waarheid lui: „Die dood is verslind in oorwinning." Die dood is sy buit vir ewig ontneem, want kyk: Jesus leef! By die graf staan ons nog by die dood maar nou leef ons uit die opstandingsgeloof.

Christus het sy kerk op die stryd, die vrees en die ongeloof genoeg voorberei. Die geloofsstryd lê juis daarin om in 'n wêreld van ongeloof boodskappers van die opgestane Heer te wees — in 'n wêreld waarin die dood nog wil heers. Daarom moet jyself die opstanding geglo, werklik glo. Hiertoe sou die dissipels, self nog vol twyfel en verward, nou gebring word.

30 April. **Lees** Joh. 21:3-5. **Teks:** Joh. 21:3.

VISVANG OF WAT!

Na die mens geoordeel, stel ons ons die eerste paasgetuies, nou dat hulle deur die paasoorwinning van hulle Heer oortuig en aangegryp was, as 'n juigende groep voor. Paasgetuies moet vol vreugde in uitbundige blydskap uitbreek as gevolg van die glorieryke oorwinning. As 'n mens gehoor, gesien en getas het wat hulle deel was, moes hulle gloedvol op straat, in die huise en van die dakke af verkondig het: Christus het opgestaan. Maar wat sien ons?

Ons sien die dissipels in 'n situasie wat met die feit rekening hou dat die dood nog oor die lewe lê soos ryp op die veld in 'n lentenag. Hulle is skugter. Hulle word byna in hulle verwardheid van koers af gedwing. Dit is asof hulle in 'n lugleë ruimte verkeer. En Petrus wat die leegheid nie meer kon verduur nie, sê eenvoudig: „Ek gaan visvang." En die ander gaan saam. Hoe is dit moontlik?

Hierdie manne, geroepe draers van die paasboodskap wat elke mensehart en alle volkere in onrus moet bring, in beweging moet laat kom — hulle wil gaan visvang. Dit kan tog nie!

Dit is dan pase. Christus hulle Heer het opgestaan. Maar in hierdie allergrootste kerklike armoede en magteloosheid wil die opgestane Heer Hom in sy volle heerlikheid kom openbaar. In hierdie armoede sou die Here kom om Hom in sy volle rykdom lewend voor hulle te stel. Hy wou aan hulle toon dat wat by hulle ontbreek, Hy hulle in oorvloed kan en wil en sal skenk.

Daarom het Hy die dissipels eers laat swoeg om so, na hulle groot teleurstelling die wonderlike visvangs te berei. Hierdeur sou hulle tot die geloofserkenning gebring word: „Dit is die Here!" Eers daarna sou hulle paasgetuies kon wees in die breedste en diepste sin van die woord. So sou hulle gelei en geleer word om hulle roeping te verstaan en om hulle taak te volvoer. Vissers ja — maar dan met die paasboodskap vissers van mense.

1 Mei. **Lees** Joh. 21:6-7. **Teks**: Joh. 21:7.

DIT IS DIE HERE!

Sewe dissipels is onderweg na Galilea — vir hulle 'n moeilike reis. Jesus het opgestaan maar Hy is nie meer by hulle nie. Die wêreld het weer dieselfde geword — asof niks gebeur het nie. Die mense is besig met die alledaagse — asof niks gebeur het nie. In hierdie spanning kom hulle by die see van Tiberias aan. Hier voel hulle alles nog sterker aan — alles anders, nogtans is alles dieselfde. Jesus het hulle nie weer opgesoek nie.

Die son gaan onder — ook oor hulle. Nouja dan maar gaan visvang. Alles anders — alles dieselfde. Hulle span hulle tot die uiterste in. Al die inspanning — en hulle vang niks. Jesus is nie by hulle nie — daar is ook nie eers meer visse nie. Alles tevergeefs! Swygend staar hulle voor hulle uit. Die dag breek. Niks! Hulle nader die oewer.

Vanaf die oewer vra 'n vreemdeling hulle iets om te eet. Wat 'n vernedering. Vissers en hulle het nie eers 'n vissie om Hom aan te bied nie. Die ongeduld is hoorbaar in 'n kortaf antwoord: Nee! Die vreemdeling sê hulle moet die net regs van die boot laat sak. Hulle gehoorsaam. Plotseling — alles word anders.

Die dissipel wat Jesus lief gehad het, het nog steeds op die bors van Jesus gelê en die klop van sy Heilandshart skerper beluister as sy medevissers. Hy herken Jesus. Saam het hy die ganse nag tevergeefs geswoeg en daar was nie eers een verdwaalde vissie nie. Maar as hulle op die woord van die vreemdeling in die môre-uur die net nog n' keer uitwerp, vul 'n onsigbare hand dit met 'n seën wat dit haas nie kan dra nie. En Johannes herken Hom. Hy herken Hom in die môremistigheid nie aan sy trekke of houding nie. Hy herken Hom aan die seën wat geskenk is. Die hart is vinniger as die oog en hierdie hart roep uit: „Dit is die Here!"

Petrus laat die net los — die Here? Ja waarlik. Diep of nie diep nie — oorboord is hy. Alles nog dieselfde — nee nou het alles anders geword. As Jesus die opgestane Heer in jou lewe kom, word alles inderdaad anders. Dan breek die nuwe dag oor jou lewe aan.

Dit is die vreugdevolle belewenis van die gelowige. Hy het niks en kon niks gee nie. Wees getroos, o sondaar, jy staan in diens van 'n ryk Heer wat uit genade alles in oorvloed skenk.

Met hierdie verskyning roep Jesus die dissipels terug tot hulle eintlike werk en toon aan hulle Wie Hy is: Heer en Heiland van sy eiendom. Die môrestond van die opstandingslewe omspan hulle en hulle word toeberei vir hulle opdrag onder die hemelstreke. Geen vrug op die arbeid sonder die seën en bystand van die Here nie. Ja, ook in ons alledaagse arbeid moet ons uit die opstandingsgeloof lewe. Alles word dan anders.

2 Mei. **Lees** Joh. 21:8-11. **Teks:** Joh. 21:11.

PREDIKING SONDER WOORDE VANUIT WOORDE.

Die visvangs wat nou met sukses afgehandel is, word uitdruklik vermeld as 'n openbaring van die lewende Heer. Maar die betekenis van hierdie paasvisvangs lê egter op 'n ander plek. Dit lê in die taal wat deur die gebeurtenis in daardie omstandighede tot hulle hart gespreek het. Vir die dissipels was dit prediking sonder woorde, maar van oortuigende krag. Die prediking lui: Julle het niks. Julle kan nie eers sonder My visvang nie. Maar omdat Ek opgestaan het en alles deur die Vader aan My gegee is, sal julle in geloof en in gehoorsaamheid aan My en vir My groter dinge doen as wat in die tyd van My vernedering gebeur het.

Julle het niks en kan dus niks gee nie. Maar omdat Ek leef daarom sal Ek aan julle gee ver bo bid en denke. Kyk die net is vol. Arm en magteloos was julle in 'n vol see. Nou weet julle — julle het en dien 'n ryk Heiland. Wees getroos arme magteloses want met pase het die beslissing geval. Hy het oorwin: Dit is die prediking van die paasvisvangs — sonder woorde.

Nou is dit egter nie prediking sonder woorde nie, want Christus het die woorde oor die visvangs reeds gespreek toe Hy hierdie dissipels die eerste keer ontmoet het. Sy net het Hy toe oor hulle gewerp en is hulle deur Hom gevang. Daar het Hy gesê dat Hy, as hulle Hom volg, hulle vissers van mense sal maak. Nou het hulle geweet. Dit gaan nie oor die honderd drie en vyftig visse in die net nie, maar om mense. So het die skille van hulle oë afgeval. Straks sal hulle die wêreld moet in om deur die prediking van sy Woord alle volkere tot dissipels te maak.

Hulle sal boodskappers van pase moet wees in 'n wêreld wat pase vyandig is. As vissers van mense sal hulle nog baie moet swoeg en sweet, sugte moet slaak, teleurgesteld wees, baie nagte moet deurwaak, nog dikwels herinner word aan die armoede en eie magteloosheid.

Maar nou het hulle die vol net gesien. Die herinnering aan hierdie vol net van die paastyd sal op hulle weg na die volkere as belofte van seën met hulle meegaan.

En juis 'n kerk wat weet dat hy arm en magteloos is, maar sy enigste krag van Christus verwag, Wie die kerk na die wêreld stuur, juis so 'n neergeboë en verootmoedigde kerk kan hom aan die belofte van die vol net vashou. Die geloof in Christus sal die wêreld oorwin. Maar die net moet dan na Christus getrek word.

Maar omdat die Here weet dat sy kerk boodskapper moet wees in 'n vyandige wêreld, het Hy aan die oewer 'n vuur ontsteek en 'n maaltyd berei om hulle in hulle roeping te versterk.

3 Mei. **Lees** Joh. 21:12-13. **Teks:** Joh. 21:12a.

KOM EET.

Wat 'n heerlike uitnodiging aan die vermoeide dissipels na die teleurstellende geswoeg van die nag, maar na die dankbare herkenning in die môre-uur. 'n Doodgewone en eenvoudige maaltyd — brood en vis — 'n maaltyd egter van omvangryke betekenis. Die Here weet dat hulle na die vermoeienis en teleurstelling voedsel nodig het om die kragte te versterk.

Vroeër was dit hulle wat vir Jesus 'n maaltyd berei het, nou is Hy die gasheer. Hiermee verklaar Hy vir alle tye dat die wat aan Hom behoort behoefte aan versterking het. Deur aan 'n persoon plek aan jou tafel te bied, beteken eintlik dat dit jou begeerte is om met hom gemeenskap te hou — 'n aanbod van vriendskap en liefde. Petrus se sonde was dus reeds vergewe toe ook hy die uitnodiging „Kom eet," beluister het. Petrus is nie uit die gemeenskap, die vriendskap en die liefde van Jesus uitgesluit nie.

Jesus nooi hulle tot die maaltyd en skenk daarmee aan hulle 'n ryke verkwikking. 'n Uitsondering is dit egter nie. Ook u en ek, almal sondaars, geniet van dieselfde versorgende goedheid en barmhartigheid. Die hele week is bestem vir eerlike maar vermoeiende arbeid met sy teleurstellings en — verrassings. En op die rusdag, as die kerkdeur oopgaan en die verkondiging van die Woord daar plaasvind, gaan daar die uitnodiging van die Here uit: „Kom eet." Vir die uitgeputte en vermoeide reisiger is hier versorging en verkwikking.

As ons bedink dat hierdie uitnodiging van die opgestane Heer en Heiland uitgaan en ons erken dat dit uitgaan in 'n wêreld wat midde in die dood lê en dat dit die kerk is, u en ek, wat in hierdie wêreld gestuur word om daarteen weerstand te bied, dan sal ons steeds meer en meer honger na sy voedsel — sy Woord en ook honger en dors na die tafel van die Here. 'n Visser van mense leef van die vuur wat vir hom aangesteek is en van die maaltyd wat die Here van alle heerlikheid vir hom berei. Uit onsself kan ons nie gaan aansit nie maar — wat 'n genade! Die opgestane Heer nooi ons uit tot sy gemeenskap: „Kom eet!" Waarom sal ons dan nog soos verlore seuns en dogters vergaan van honger in die diens van 'n vreemde?

4 Mei. **Lees** Joh. 21:15-17. **Teks:** Joh. 21:15-17.

HERSTEL EN OPDRAG.

Hier is sprake van lammers en skape. Daar is dus in die wêreld mense wat op 'n besondere wyse die eiendom van die Here is. Hierdie mense, dit is die kudde, onder die volkere wêreld is die kerk van Jesus Christus. Dat dit so is, is nie vanselfsprekend nie, maar 'n wonder. En hierdie wonder het God deur Jesus Christus, die goeie Herder, tot stand gebring.

Hier word die kudde en die versorging daarvan, deur Christus aan Petrus opgedra. Natuurlik nie aan Petrus alleen nie — dit is Rooms — soos dit uit baie ander Bybelwoorde ondubbelsinnig blyk nie, maar aan Petrus en aan sy mede-apostels en daarmee aan so baie ander bekendes en onbekendes wat tot herders en opsieners geroep is — hetsy in die vorm van die besondere ampte, hetsy aan hulle behorende tot die kerk as lidmaat van die gemeente. Dus ook aan u. Dit is kerklike verantwoordelikheid. Nooit in eie krag nie, maar alleen deur die krag van Hom wat roep.

Was Petrus miskien geskik daarvoor? Natuurlik nie. U ken die geskiedenis. Maar Christus het Petrus se berou geken, hom opgesoek en sy skande met sy wonde bedek. Op die vraag van Jesus na die liefde van Petrus, het Petrus ontdaan van alles, nakend-afhanklik voor die Here gestaan. En omdat Jesus ook die hart ken, kon Petrus bevestigend antwoord omdat hy Jesus ken. En toe het hy die opdrag tot versorging van die kudde van Jesus ontvang. So is hy weer ten volle in sy amp herstel, geskik vir dié opdrag waartoe hy geroep is.

Onbekwaam uit onsself — maar deur Jesus ontvang die berouvolle-terugkerende-belydende sondaar, steunende op die krag, genade en liefde van Jesus, die bekwaammakende genade om die hoogheilige roeping en heerlike taak te vervul. Predikante, ouderlinge, diakens, lidmate en gelowige ouers moet weet hoe groot die verantwoordelikheid is wat deur Christus aan hulle opgedra is om sy lammers te laat wei en sy skape op te pas. „ . . . en die grootste hiervan is die liefde." Ons word geroep nie om vir onsself te lewe nie, maar vir ons naaste en vir Christus aan Wie ons beide in lewe en sterwe behoort.

5 Mei. **Lees** Joh. 21:18-25. **Teks:** Joh. 21:22c.

VOLG JY MY.

Christus het voor die kruisiging, toe Hy nog in 'n staat van vernedering was, by herhaling mense geroep om Hom te volg, om alles te verlaat en agter Hom aan te gaan. Nou, nadat Hy die graf en dood oorwin het, weerklink daar opnuut uit die mond van die opgestane en verheerlikte Heer en Heiland dieselfde dringende roepstem: „Volg My." Hier word dit nog meer begrens: „Volg jy My." Dié uitnodiging word aan Petrus gerig. En Jesus verwag nou dat Petrus soos die eerste keer, ook sonder aarseling sal gehoorsaam. Verder omlyn Jesus Petrus se lewenspad vorentoe ook helder en duidelik. As geroepene, as belydende, as draer van die heilsboodskap sal dit sy onvergelyklike voorreg wees om Jesus so te verheerlik. Jesus waarsku hom egter dat in die vervulling van hierdie heerlike roeping stryd en lyding sy deel sal wees.

Die heilsboodskap wat hy moet uitdra dat Jesus lewe sal hom uiteindelik sy lewe kos, want hierdie evangelie moet in 'n vyandige wêreld verkondig gaan word. Jesus laat Petrus hoegenaamd nie in die duister nie. Petrus moet presies weet wat hierdie gehoorsaam-volg vir hom inhou. Hy wat Jesus verloën het maar in genade aangeneem is, word geroep om te volg met vir hom die gevolge van hierdie volg.

By Petrus is daar aarseling. Die ou Simon tree weer na vore. Agter hom staan Johannes. Het Jesus hom dan vergeet. „Here maar wat dan van hom . . . ?" Moet hy nie ook volg en ook vir U ly en sterwe nie? Petrus verwag ten minste van Jesus 'n gelyke behandeling vir almal. Jesus reageer egter buitengewoon skerp op hierdie houding en gesindheid van Petrus. In ons alledaagse spreektaal antwoord Jesus hom eintlik so: „Wat raak dit jou." „Volg My."

Wat Johannes moet doen en wat met hom moet gebeur is nie 'n saak waarmee Petrus hom nuuskierig moet bemoei nie.

Hieruit is dit vir ons duidelik. Verskillend is die weë waarop Jesus elke mens lei en gebruik, lei en gebruik soos dit Hom behaag. Hoofsaak is: Jy moet persoonlik en met oorgawe antwoord op die roepstem. Jy moenie na links of regs kyk of omdraai en agtertoe kyk nie. Jy mag ewemin aarsel. Jy moenie na redes vra nie — selfs nie eers as jy die einde van jou volging ken nie.

Jesus wys ons terug op onsself. En wat vir Petrus gegeld het, geld vandag ook nog vir elkeen van ons persoonlik. Ook u en ek is geroep en ook vir ons elkeen is daar 'n weg om op te gaan. Ons roeping is 'n persoonlike saak — tussen Christus en ons. Ons moet volg en gehoorsaam in oorgawe ons roeping vervul.

Jou volging van Jesus moet jou geheel en al in beslag neem, jou hele mens-wees in besit neem. Die toekoms van ander gelowiges, die toekoms van die kerk moet Petrus en ons aan Jesus oorlaat. In die volging moet ons net die boodskappers wees. „Volg jy My." 'n Opdrag vir elke dag. So word die verheerlikte Christus deur my persoonlik verheerlik. Sien nie op ander in die verkeerde sin van die woord nie, nee, sien op jouself, en — sien op Jesus ons owerste Leidsman en die Voleinder van ons geloof. Neem jou kruis op, verloën jouself en volg Hom. So word jy tot heerlike diens en taakvervulling toegerus en geroep om dit uit te voer.

Môre is dit Sondag — die eerste dag van die week — die opstandingsdag van Jesus. Sal ons môre in die erediens wees om na sy Woord te luister en om te kon verneem hoe Hy deur ons gevolg moet word.

6 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:1-11. **Teks:** 1 Kor. 15:1.

LEWE NA DIE EVANGELIE.

In hoofstuk 15 van die brief aan die Korinthiërs word 'n dwaalleer bestry wat die opstanding van die dode verwerp.

As Paulus begin met „broeders" dan beteken dit dat hy met mense praat wat glo. Hy spreek dat die opstanding 'n historiese feit, 'n heilsfeit, 'n heilsgebeurtenis is.

Hy maak aan hulle bekend 'n saak wat van groot erns is, erns vir die gelowige. As Paulus oor die opstanding preek probeer hy nie allerhande menslike redenasies of eie wysheid aan die lig bring nie.

Hy bring aan hulle die evangelie, die blye boodskap wat 'n openbaring is van God wat nie deur die toedoen en wil van mense gebeur het nie.

Die opstanding is blye boodskap, vreugdeboodskap wat werklikheid geword het in Jesus Christus. Die opgestane Heer is die Een wat die oë van mense hiervoor open soos by die manne op pad na Emmaüs. Die apostel preek en spreek nie net hierdie dinge nie maar proklameer dit met gesag deur die krag en genade van God.

Dit is 'n heilsboodskap vir mense in die wêreld. Dit moet geglo word. Dit betken ook verder dat behalwe om dit te glo om dit nie net vir sigself te behou en te bewaar nie maar onder mekaar en teenoormekaar met geloof te verbrei. Die opstanding is wesenlike deel van die evangelie wat die apostels verkondig het maar wat die kerk ook verkondig en moet verkondig. Om dit aan te neem beteken dat die lewe daarop gegrond en gebou moet wees en om te lewe na die evangelie van Jesus Christus.

7 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:12-19. **Teks:** 1 Kor. 15:19.

LEED EN MOEITE TER WILLE VAN DIE EVANGELIE.

Die ellendigste van alle mense is die mens wat sy hoop op Christus wil vestig alleen vir hierdie aardse lewe wat verganklik is.

Vir sodanige mense sê die apostel is dit waardeloos en is dit van geen nut om 'n Christen te wees en hulle aan die eise van Jesus Christus te onderwerp nie. Hulle kan maar eerder hier op aarde hulle lewe deurbring en geniet as om eendag ontnugter te word.

Die lewe van die Christen in vergelyking met ander mense beteken nie 'n beter aardse lewe nie maar eerder sal dit nog slegter gaan.

Om te dink dat daar geen leed of ramp hulle sal tref nie, moet die Christen homself nie mislei nie. Christus se reddende hand en bemoeienis sal daar altyd wees.

Daar sal vir die Christen net soos by alle ander mense aardse leed en rampe wees. Hy sal daarvan nie vry wees nie, maar inteendeel ook die lyding dra om Christus ontwil.

Vir die mens wat ter wille van die evangelie leed en moeite ondergaan en dra, sal daar geen belofte wees as daar geen opstanding is nie. Daar is die sekerheid van die belofte dat die mens in die opstanding deel sal kry in die ewige heerlikheid. Die gelowige is nie net een wat deel het aan die lyde van Christus nie maar sal ook deel hê in sy verheerliking sodat hulle ook daar mag wees waar Hy is.

Die gemeente van Christus is daarvan verseker deur Jesus Christus dat die heerlikheid daar sal wees na alle leed en moeite wat hulle ondervind en ondergaan het.

8 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:20-27. **Teks:** 1 Kor. 15:21.

DEUR OPSTANDING IS DOOD OORWIN.

Deur die sonde van 'n mens in die begin en deur sy toedoen is die dood in die wêreld, maar deur die dood van 'n Mens is die dood uitgeban.

Die dood is nie maar net 'n aardse en 'n natuurlike verskynsel en gebeurtenis nie, maar dit is 'n vyandige mag. Dit is die laaste vyand wat vernietig word. So skryf Johannes in Openb. 20:14 „En die dood en doderyk is gewerp in die poel van die vuur." As gevolg van die

ongehoorsaamheid van die mens wat eers met God gewandel het het hierdie vyand 'n mag gekry oor alle mense. „Daarom soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het omdat almal gesondig het . . . " Ons kan alles in die stryd werp, maar óns sal die mag van die dood nie breek nie. Dit kan eers gebeur as die mensheid gehoorsaam word aan Hom wat die dood oorwin het. Die opstanding van die dode het deur 'n Mens geskied, Jesus Christus, wat mens geword het ter wille van ons.

Deur sy opstanding het Hy die dood oorwin. Dit sal aan die einde van die dae vir ons geopenbaar word. „En die see het die dode gegee wat daarin was; . . . "

Dit is die middelpunt van die evangelie dat Christus oorwin het. „Maar God sy dank wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

9 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:24-28. **Teks:** 1 Kor. 15:24.

JESUS CHRISTUS KONING OOR ONS.

Christus is die Koning van die wêreld. Hy is daartoe gesalf deur God. „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het . . . " Daarom stry Hy teen die magte wat die mens se ondergang wil bewerkstellig. Hy is die goeie Herder wat sy lewe afgelê het vir sy skape. Hy ís die koning alhoewel Hy deur sy volk verwerp is en deur die wêreld nie aangeneem is en aangeneem is nie.

Hy is die Koning wat die graf en dood oorwin het. Sy koningsheerskappy kon nie deur mense, sonde en dood beëindig word nie. Christus het gesterwe, is doodgemaak deur mense maar daardeur is Hy nie onttroon nie. Hy het die Skrifte vervul. Hy is verneder maar as Koning is en bly Hy tot aan die einde van die wêreld totdat Hy alle magte, wêreldmagte, bose magte, sonde en dood finaal sal vernietig.

Aan die einde sal Hy die heerskappy aan die Vader teruggee. Daarna sal daar geen koning meer nodig wees tussen God en mense nie. Dan sal God alleen koning oor alles en oor almal wees. Nadat Christus as koning alle heerskappy van hulle troon afgestoot het, dan gee Hy die koningskap terug aan God die Vader. As Koning en as Middelaar is Jesus Christus by en oor ons tot aan die einde van die wêreld.

10 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:30-34. **Teks:** 1 Kor. 15:32.

SONDER OPSTANDING ALLES TEVERGEEFS.

Paulus het baie gevare trotseer as dienskneg en apostel van die Here. So het hy ook in Efese teenstand ondervind in die evangelieprediking.

So groot teenstand het hy ondervind dat sy lewe in gevaar was. Het Paulus werklikwaar teen diere geveg te Efese? Meeste uitleggers beskou dit as beeldspraak. Paulus sou dan hier bedoel dat in Efese soveel teenstand was dat hy te doen gehad het met geweld van mense. So erg sou dit gewees het dat hy in doodsgevaar verkeer het. Die feit is dat Paulus liggaamlik sowel as geestelik dit moeilik gehad het in Efese waarvoor hy sy lewe gewaag het.

Na die mens erken Paulus dat hy liggaamlik die swakkere was en is. As hy daarvolgens moes oordeel en dit om sy krag gegaan het, dan was dit tevergeefs.

Wat baat dit my? Paulus wil dit hier duidelik sê dat afgesien van liggaamlike sterkte of nie, dat as daar geen opstanding van die dode was nie alles tevergeefs sou gewees het.

Dit sou nie die moeite werd gewees het om verder voort te gaan nie, want wat sal per slot van rekening daarmee bereik word.

Hy het nie teruggedeins nie. Paulus sê ook „ek sterf elke dag". Daarmee vrees Paulus nie vir sy lewe wat hy vir die evangelie waag nie. Dit sou nie die moeite werd gewees het nie as daar geen opstanding was nie indien die dode nie opgewek is nie — indien Christus nie opgewek is nie. Is ons geloof in die opstanding so sterk en kragtig dat ons ons eie lewe gering ag as dit gewaag moet word ter wille van Christus?

11 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:35-43. **Teks:** 1 Kor. 15:35.

VOLKOME VERLOSSING.

Daar was in die dae van Paulus toe hy gepreek het oor die opstanding, twyfelaars wat hom in sy prediking probeer ontsenu en ontspoor het. Daar was mense wat vrae gevra het en antwoorde verwag het wat hulle verstand wou bevredig. Hulle het in die opstanding 'n probleem gesien en van die opstanding 'n probleem gemaak.

Van Paulus sou hulle die antwoord wou hê oor hoe die vlees en bloed van die liggaam een dag daaruit sal sien en hoe dit sal wees met die opstanding.

Paulus het iets anders bedoel as vlees en bloed soos wat ons dit dikwels sien en daaroor dink.

Die Skrif sê duidelik dat vlees en bloed die koninkryk van die hemele nie sal beërwe nie.

Vlees en bloed is die teken van ons natuurlike nietige liggaam wat aan die verganklikheid onderworpe is. Die gelowige wat sal opstaan en die ewige lewe beërwe sal onverganklik wees.

Wanneer Paulus hieroor gespreek het het hy gewys op die redding, verlossing van die gehele mens. God se versoening in Jesus Christus omvat nie net 'n deel van die mens nie. Dit gaan nie net om die siel nie maar ook om die liggaam. Die verheerlikte liggaam waarvan die Bybel skryf, is algehele verlossing en vernuwing en heerlikheid.

Die toorn van God oor die mens se sonde en die mens se verlorenheid is immers nie net liggaamlik van aard nie. Soos wat die verlossing in Christus volkome verlossing is vir die mens, so is die opstanding gehele en volkome, volmaakte, verheerlikte opstanding.

12 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:51-58. **Teks:** 1 Kor. 15:58.

GELOOFSARBEID.

Nadat die apostel Paulus oor die opstanding breedvoerig gespreek het, laat hy ook nie na om aan die einde van hierdie hoofstuk woorde van vermaning uit te spreek nie.

Om die Woord van God te glo en dit te doen, beteken volhardende arbeid. Dit is geloofsarbeid, werksaamheid in die geloof.

Die siening, uitsig en verwagting is verder en wyer as net die grense van die aardse bestaan wat dinge hier op aarde omvat.

Die Christen moet standvastig onbeweeglik wees deur nie toe te gee om tot ander insigte beweeg te word nie.

Die gelowiges van Jesus Christus moet vasstaan en glo in hierdie beloftes van God en hulle nie laat weglei van die hoop van die evangelie nie. Dit moet oorvloedig, altyd, voortdurende, sonder ophou gaan om die diens van die Here en ook vir en in die diens van die Here.

Hierdie diens, hierdie werk van die Here is wat Hyself gedoen het en Hy wil hê dat dit gedoen sal word deur dié wat aan Hom behoort. Wie in die opstanding glo en in die hoop en die verwagting van die evangelie het die opstanding, die versterking en bemoediging om voor te lewe, te doen en te lewe vir die werk en diens wat God welbehaaglik is.

Dit is en sal nie vrugteloos wees wanneer dit gedoen word in die krag van die Here nie. Christus is die waarborg vir die volle oes wat daarop volg.

13 Mei. **Lees** Matt. 24:1-14. **Teks:** Matt. 24:3.

'N SEKERE TOEKOMS.

Dit is twee dae voor paasfees. Nadat Jesus vermoedelik die laaste keer die tempel besoek het, vertrek Hy met sy dissipels na die Olyfberg. Die dissipels is onbewus van die hoogtepunt van Christus se lyde en sterwe wat op hande is. Tog was daar 'n sekere mate van onsekerheid by die dissipels. Gedurende die afgelope tyd is hulle gedagtes en gemoedstemming rondgeslinger tussen twyfel en hoopvolle verwagting. Die een oomblik verneem hulle van die komende veroordeling en dood van die Seun van die mens (Matt. 20:18), en by die volgende geleentheid beleef hulle 'n feestelike en koninklike intog in Jerusalem. En nou word hulle onsekerheid nog verder verdiep: Jesus vertel hulle van die komende verwoesting van die tempel en Jerusalem. Die dissipels verlang meer sekerheid ten opsigte van die toekoms, en daarom hulle vraag aan Jesus: „Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?"

Jesus skilder vir die dissipels skynbaar 'n donker toekoms. Hy vertel hulle van struikeling en misleiding deur valse christusse en valse profete, van oorloë, hongersnode, pessiektes en aardbewings, van verdrukking en haat ter wille van sy Naam. Maar Hy vertel hulle ook van die blye boodskap wat verkondig sal word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies.

Die betekenis van hierdie woorde van Jesus het die dissipels op hierdie stadium nog nie verstaan nie, maar weldra sou hulle verstaan. Na sy opstanding en hemelvaart en na die uitstorting van die Heilige Gees het hulle geweet: hulle leef in 'n sondige wêreld met sy valse christusse en profete, lyding, verdrukking en haat, maar hulle het ook geweet van die verlossing van sondaars deur Jesus Christus.

Vir die mens van vandag, vir ons, is daar ook geen rede tot twyfel of onsekerheid nie. Die toekoms is bekend en seker: Ons leef wel in hierdie sondige wêreld, maar ons is nie vân hierdie wêreld nie. Christus het die sonde oorwin, en te midde van alle voor- en teenspoed behoort ons hele lewe aan Hom.

14 Mei. **Lees** Matt. 24:15-28. **Teks:** Matt. 24:24.

VALSE CHRISTUSSE EN PROFETE.

In hierdie sondige wêreld is daar eindeloos baie gevare wat die gelowige voortdurend bedreig. Die satan lê voor die deur en loer en maak gebruik van elke moontlike geleentheid waar hy die christen kan verlei of mislei. Hierdie gevare kan ook in die midde van die christelike kerk voor kom. In ons teks waarsku Jesus dat daar tussen sy eerste koms en sy wederkoms valse christusse en valse profete sal wees, wat mense sal mislei.

Hierdie valse christusse en valse profete kan van tweërlei aard wees. Hulle kom uit die heidendom, soos wolwe in skaapklere. In ons tyd is daar talryke voorbeelde hiervan byvoorbeeld kommuniste wat ampte in die christelike kerk beklee en selfs leiers is op internasionaal kerklike vlak, leiers van goddelose jeugkultusse, volksleiers wat hulleself die christus van hulle volk noem. Hierdie mense verkondig liefde, vrede en vryheid, maar die liefde, vrede en vryheid van God deur Jesus Christus aan sondaars verag hulle.

Verder het ons die valse christusse en profete uit die midde van die christelike kerk, wat rondloop en vertel dat hulle 'n boodskap het terwyl hulle christene mislei met hulle dwaalleer.

Skrikwekkend is die vrysinnige gees van die moderne christendom wat nie meer die valse christus en valse profeet kan of wil raaksien nie, want ons aanbid dan sogenaamd almal dieselfde God. Laat ons gerus maar let op die waarskuwing van Christus self teen hierdie vyande wat die uitverkorenes wil mislei, want ons het slegs een Christus wat as ons groot Profeet die betroubare woord aan ons gegee het, waaraan ons moet vashou (Tit. 1:9), sodat ons kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat ons deur te glo die lewe kan hê in sy Naam (Joh. 20:31).

15 Mei. **Lees** Matt. 24:29-35. **Teks:** Matt. 24:31.

SY UITVERKORENES VERSAMEL.

Dit is 'n vreugdevolle voorreg om in hierdie wêreld as gelowige te mag leef. Die goeie wat ons ontvang is soveel mooier omdat ons dit as die genadegawes van God kan waardeer. Selfs die kruis wat ons soms moet dra, hou vir ons vreugde in, want dit verdiep en verryk ons geloofslewe. Maar die vreugde wat die lewe van die gelowige te midde van alle omstandighede kenmerk, het nie sonder meer net betrekking op ons aardse lewe nie.

Paulus sê: „As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense" (1 Kor. 15:19). Ons lewe as gelowige is toekomstigsgerig. Ons leef met die sekere wete dat Jesus Christus, wat tydens sy eerste koms die oordeel van God oor die sonde vir ons gedra het, weer sal kom om sy uitverkorenes te versamel!

Dit is die troosvolle belofte wat Jesus aan sy dissipels gee wanneer Hy hulle vertel van die toekomstige dinge. Wie is hierdie uitverkorenes? Dit is hulle wat voortdurend na die evangelie luister, in gehoorsaamheid

aan die evangelie lewe, en glo dat die beloftes van die evangelie met betrekking tot hierdie en die toekomstige lewe ook vir hulle bedoel is.

Wat word uiteindelik van hierdie uitverkorenes? Jesus sê dat hulle met sy wederkoms versamel sal word. Hulle sal byeengebring word om hulle ewige en duurgekoopte erfenis te ontvang, dit wil sê om deel te hê aan al sy goedere, die ewige lewe, die geregtigheid en die heerlikheid.

16 Mei. **Lees** Matt. 24:36-44. **Teks:** Matt. 24:42.

WEES WAAKSAAM.

Jesus wys in hierdie skrifgedeelte daarop dat die laaste dag en uur sal aanbreek te midde van die normale gang van ons aardse lewe. Terwyl die bou, onderhouding en werksaamhede van die menslike geslag besig is om normaal voort te gaan, sal ooreenkomstig die wil van die Vader die einde meteens daar wees. En dan sal van almal wat op daardie oomblik met 'n bepaalde werksaamheid besig is, sommige aangeneem word en ander nie.

Nou sê Jesus dat ons moet waak, want ons weet nie watter uur die Here sal kom nie. Dit wil nie sê dat ons moet ophou met ons normale werksaamhede nie. Terwyl ons voortgaan met die normale gang van ons lewe, moet ons waaksaam wees.

Waarom moet ons nou waak? Wat Jesus hier bedoel, word geïllustreer deur die gelykenis van die dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op die regte wyse besig vind. Die dinge waarmee ons van oomblik tot oomblik besig is, ons gedagtes, ons woorde, ons werke en selfs ons rus, is altyd 'n getuienis van ons opregte geloof óf van ons ongeloof. Goeie werke is alleen dié wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word. Daarom moet ons waak dat die normale gang van ons lewe in ooreenstemming is met ons geloof. As dit nie so is nie, moet dit ons tot groot onrus stem, want dan is daar fout met ons geloof.

17 Mei. **Lees** Matt. 25:1-13. **Teks:** Matt. 25:10b.

WEES VOORBEREID.

In hierdie gelykenis lees ons van tien jongmeisies, vriendinne van die bruid, wat weet van die koms van die bruidegom. Hulle maak gereed en wag op sy koms. Die verstandige meisies het hulle so goed moontlik voorberei. Hulle het toegesien dat hulle genoeg olie vir hulle lampe saamneem sodat hulle ten volle voorbereid kan deel aan die optog van die feesskare na die bruilofsmaal.

Die dwase meisies se voorbereiding was halfhartig. Hulle het geweet dat hulle lampe byderhand moet hê indien die bruidegom in die nag kom, maar hulle laat na om olie vir die lampe saam te neem. Wanneer die koms van die bruidegom hulle oorval, probeer hulle steun op die voorbereiding van die verstandige meisies, maar dit is ongelukkig nie moontlik nie.

Alle christene weet van die wederkoms van Christus. Ons weet ook almal dat ons voorbereid moet wees vir sy koms. Ons is bewus van bepaalde dinge wat nodig is vir ons voorbereiding. Ons behoort aan 'n christelike kerk en ons sien toe dat ons 'n Bybel byderhand het, dat ons en ons kinders darem almal gedoop is, en dat ons huwelik in die kerk bevestig word. Hierdie dinge kan egter 'n halfhartige en dwase deelname aan die lewe en werk van die kerk van Christus wees.

Om werklik voorbereid te wees vir sy koms vereis 'n opregte geloof. Hierdie opregte geloof kan ons alleen besit wanneer ons toelaat dat God deur sy Gees ware geloof in ons werk, op die wyse wat Hy bepaal het, naamlik deur gehoorsaam te luister na die lees en regte verkondiging van sy Woord, en deelname aan die sakramente volgens die instelling van Christus.

18 Mei. **Lees** Matt. 25:14-30. **Teks:** Matt. 25:21.

GETROUE DIENSKNEG.

Dat ons vergewing van sondes mag ontvang en deel mag hê aan die opstanding tot die ewige lewe, is enkel genade van God oor ons. Hierdie weldaad van God aan sondige mense kan ons met niks ter wêreld verdien nie. Beteken dit nou dat, terwyl ons vertrou op Gods genade, ons maar kan berus in ons sondige aard en dat ons kan voortgaan met ons sondige lewe. Paulus sê: „Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:1, 2).

God verwag dat ons ook van ons kant sal antwoord met ons lewe, naamlik dat ons 'n getroue dienskneg sal wees — nie om sy genade daarmee te verdien nie, maar om dankbaar Hom te dien en te eer.

Hoe moet ons dan nou 'n getroue dienskneg wees, terwyl ons vanweë ons sondige aard slegs instaat is om te haat en sy gebooie met gedagtes, woorde en werke te oortree. Ook hierin betoon God ons sy genade. Wat Hy van ons vra, maak Hy self moontlik. Hy gee aan sy diensknegte talente, gawes na liggaam en gees waarmee ons moet woeker. Let maar op die talryke gawes en geleenthede wat ons elke dag ontvang: 'n mooi liggaam, lewenskrag, gesondheid, gawes na die gees naamlik om te kan sing, te aanbid en sy liefde uit te leef. As ons op sy gawes begin let, is daar só ontelbaar baie in ons lewe.

Wat maak ons met hierdie gawes in ons lewe? As ons dit nutteloos wegbêre, sal dit ook van ons weggeneem word. Die goeie Gewer wil dat Hy by sy wederkoms aan ons sal kan sê: Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Gaan in in die vreugde van jou Heer.

19 Mei. **Lees** Matt. 25:31-46. **Teks:** Matt. 25:34.

JULLE GESEËNDES . . . BEËRF DIE KONINKRYK.

Hierdie skrifgedeelte is nog steeds deel van die antwoord van Jesus aan sy dissipels op hulle vraag in Matt. 24:3. Hulle wil graag iets van die toekoms weet. Eg menslik vra hulle nie na die wat sy koms en die voleinding van die wêreld vir hulle sal inhou nie. Hulle vra slegs na die tyd en 'n teken van sy koms, want hulle het hulle eie idee oor die betekenis van sy koms. Selfs na sy opstanding gaan dit nog steeds vir hulle om 'n koninkryk van hierdie wêreld (Hand. 1:6).

Jesus wil sy dissipels se gedagtes losmaak van hierdie wêreld. Hulle moet oor hierdie lewe heen kyk na die geheel nuwe en gans ander lewe, Gods koninkryk wat berei is van die grondlegging van die wêreld af. Dit sal nie 'n koninkryk wees wat aangepas is by die behoeftes en begeertes van die mens nie. Dit sal 'n koninkryk ooreenkomstig die wil van God wees, waar daar volkome skeiding tussen die geseëndes (die skape) en die vervloektes (die bokke) sal wees. Terwyl Hy die vervloektes sal wegstuur na die ewige straf, sal Hy diegenes wat opreg gelowig wag op sy wederkoms toeroep: „Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is . . . "

Hoe dwaas kan ons nie dikwels wees nie! Kerk en godsdiens moet by ons aangepas word. Dit is 'n dwaasheid wat in ons tyd in die christelike kerk sterk op die voorgrond tree. Die antwoord van Jesus aan sy dissipels vra van ons om gelowig heen te sien na die heerlike waarheid van sy wederkoms, wanneer ons sondige aanhanklikheid aan hierdie wêreld vir ewig verby sal wees, terwyl ons deur sy genade in Christus oor ons sal mag hoor: „Kom, julle geseëndes . . . beërf die koninkryk."

20 Mei. **Lees** Mark. 13:1-8. **Teks:** Mark. 13:2.

DIE TEMPEL AFGEBREEK.

Dit is die laaste keer dat Jesus uit die tempel uitgaan. Een van die dissipels wys Jesus op die prag van die geboue met die sierlike klipwerk. Herodes die Grote het ses en veertig jaar aan die tempel gebou. Dit was vir die Jode tot groot aanstoot dat Jesus tydens die reiniging van die tempel aan hulle gesê het — breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. Na die kruisiging en opstanding van Jesus het sy dissipels eers verstaan dat Hy oor die tempel van sy liggaam gepraat het.

Die oordeel wat Jesus eers oor Jerusalem uitgespreek het, word nou gerig op die tempel — daar sal nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie. Al die jare se harde werk wat met groot geloof en verwagting gedoen is, sal tot niet gemaak word, omdat die volk afgedwaal het van God. Van die tempel het hulle 'n handelshuis gemaak. Jesus, die Leidsman van die lewe word verwerp en gekruisig. Die oordeel van God word nou oor hierdie volk aangekondig. Dit wat eers in die geloof gedoen is, tot eer van God, word vernietig en afgebreek, omdat dit vanweë die sonde en ongeloof van die volk geen betekenis meer het nie. Sewentig jaar na Christus word die tempel dan ook verwoes en met die grond gelyk gemaak.

Wat is die betekenis van ons bouwerk? Is dit net mooi klippe, mooi na die uiterlike en sierlik vir 'n verganklike wêreld? Ons word geroep tot medewerkers van God, gelowiges wat ook bouwerke moet oprig. Die fondament wat reeds gelê is, en waarop ons moet bou, is Jesus Christus. As iemand op die fondament bou, sê Gods Woord, sal die dag aanbreek dat elkeen se werk op die proef gestel sal word deur vuur. As sy werk bly staan sal hy loon ontvang, en as sy werk verbrand sal hy skade ly.

Ons bou dus aan 'n geestelike tempel, waarin elke gelowige ook 'n lewende steen is. God sê in sy Woord tot die gemeente: „Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" God wil dus dat ons bou. Ons moet saam werk om op te bou. Deur die sonde en die ongeloof sal daar afgebreek word. Dit is altyd die teken van Gods oordeel oor die sonde — afbreek. Ook ons sondige liggaam moet afgebreek word soos 'n tentwoning, sodat ons 'n ewige huis by God kan ontvang.

Waarvan getuig u lewe? Word daar gebou of word daar afgebreek?

21 Mei. **Lees** Mark. 13:1-8. **Teks:** Mark. 13:8c.

DIE BEGIN VAN DIE SMARTE.

Hoe nader Jesus kom aan die tyd van die kruisiging hoe ernstiger en duideliker spreek Hy oor die eindtyd. Hy wil sy dissipels en daardeur sy gemeente voorberei om waaksaam te wees, en te let op die tekens wat die wêreldeinde sal voorafgaan. As Jesus wys op die vernietiging van die tempel, dan wil sy dissipels weet wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring sal word.

Jesus waarsku die eerste teen misleiding. Daar sal baie onder sy Naam kom en baie mense mislei. Dit is dus een van die belangrikste tekens waarop die gelowige moet let — die baie mense wat tot dwaling lei. Hulle sal elke dag alles in hulle vermoë doen om die gelowige afvallig te maak. Dit wat in een oomblik plegtig voor God belowe is in teenwoordigheid van die gemeente, sal deur hierdie mense kragteloos gemaak word, omdat hulle baie mense sal mislei. Jesus wys ook verder op die dinge wat in die wêreld sal plaasvind — oorloë en gerugte van oorloë, die een nasie wat teen die ander opstaan, aardbewings, hongersnode en beroeringe. Groot verwarring kom dus in die wêreld.

Dit is maar die begin van die smarte. Dit is die dinge wat sal plaasvind voordat die antichris in volle werklikheid sal verskyn. In hierdie tyd sal die sondemag in sy volle krag teen Jesus Christus en sy kerk losbars. Dit sal tye wees van groot beproewing.

Die christen gelowige kan nie weerloos en ongewapen hierdie tyd tegemoet gaan nie. Ons leef reeds in die laaste dae. Ons beleef reeds die begin van die groot beroeringe wat oor die aarde kom, die geweldige afdwaling van die gelowige, weg van sy kerk en weg van die Woord van God. Ons enigste behoud is om gewapen te wees teen hierdie groot verdrukking en stryd. God alleen kan ons in Jesus Christus red, want Hy gee ons die wapen in die hand — „Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil, en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidwilligheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op, waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God" (Ef. 6:12-17).

22 Mei. **Lees** Mark. 13:7-13. **Teks:** Mark. 13:13b.

VOLHARDING TOT DIE EINDE.

Die navolging van Jesus Christus is 'n kruisweg. Elke gelowige wat waarlik dissipel wil wees moet bereid wees om elke dag sy kruis op te neem, en Jesus na te volg. Op hierdie weg sal daar elke dag stryd wees, beproewing en lyding. Die magte van die duisternis laat die gelowige nie een dag met rus nie. Die Woord van God verseker ons, aan hierdie stryd kom 'n einde. Die bestemming van die gelowige is nie die einde van die stryd nie, maar die sekerheid dat hy deur volharding aan die einde van die stryd gered sal word. Wie maar net die stryd wil beëindig en nie meer verder wil stry nie, pleeg selfmoord. In hierdie stryd moet daagliks volhard word. Dit is nie sonder betekenis nie. In geloof en liefde moet die gelowige as getuie staan in sy werk en voortdurend die spore trap wat getuig van 'n christelike lewenswandel.

Alleen deur die genade van God kan daar volhard word tot die einde. In Christus alleen kan daar volhard word. Die einde beteken die redding en die verlossing in en deur Jesus Christus. Wanneer aan die einde van die stryd met volle geloofsoorgawe gesê kan word — Vader, in U hande gee ek my gees, die is gered deur die bloed van Jesus Christus. Bevry van die aardse en verganklike, verlos van die magte van die Bose, is die groot blydskap van die gelowige, om aan die einde van dit alles by Christus te wees.

23 Mei. **Lees** Mark. 13:14-23. **Teks:** Mark. 13:20.

DIE GROOT GENADE.

As die Bybel spreek van die groot verdrukking wat oor die gelowiges gaan kom, dan dink 'n mens onwillekeurig aan die groot verdrukkings wat reeds oor die gelowiges gekom het. Stefanus was die eerste martelaar wat sterf ter wille van sy geloof vir Jesus Christus. Daarna het daar deur die eeue heen duisende christene 'n marteldood gesterf in tye van groot verdrukking. Op brandstapels het hulle volhard in die geloof, deur leeus is hulle verskeur omdat hulle die geloof in Jesus Christus nie wou prysgee nie. Ter wille van die vryheid van die christelike geloof sterf 20,000 protestante in een nag, vermoor deur die Rooms Katolieke in Frankryk op 23 Augustus 1572.

Hoe groot die verdrukking ookal was in die verlede, spreek Gods Woord hier dat die verdrukking aan die einde van die wêreld so groot sal wees, soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af — ja so ontsettend sal hierdie tye wees, dat as die Here die dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie. In sy groot genade en liefde het God dus ter wille van die uitverkorenes hierdie dae verkort. Dit is die wil van die Here dat die sondaar nie verlore sal gaan nie, maar hom sal bekeer, en die ewige lewe sal beërwe.

Hierdie genade van God, word in Jesus Christus openbaar. As Seun van God het Hy vir ons gesterf. Hy was voortdurend in groot verdrukking ter wille van die sondaar. Jesus is ter wille van ons oortredinge vervolg en beledig, totdat hy uiteindelik gekruisig is. So groot was sy verdrukking vir die sondaar dat Hy aan die kruis uitgeroep het: My God, My God, waarom het U My verlaat.

In sy verdrukking moes Hy ly tot aan die einde toe, sonder enige verkorting van die tyd. Christus het vir die gelowige sondaar die stryd volstry, en omdat God ons in Christus uitverkies het, daarom sal daar aan die einde wanneer die groot verdrukking kom, hierdie dae verkort word. So openbaar God andermaal aan ons sy genade in en deur Jesus Christus.

24 Mei. **Lees** Mark. 13:14-23. **Teks:** Mark. 13:22.

DIE DWALING VAN DIE EINDTYD.

Die duiwel gaan op listige wyse voort om die kerk van Jesus Christus te ondergrawe. Sy doel is om die kerk tot niet te maak. Die kerk van Jesus Christus is geroep en gestuur om die waarheid van Gods Woord in die wêreld uit te dra en te verkondig. Die duiwel wil dit op verskillende wyses verydel en verhinder. Hy maak gebruik van geweld; daarom die groot verdrukking en vervolging aan die einde. So word die kerk vervolg en bedreig deur vyandige magte van buite.

Die duiwel wil egter ook die kerk van binne ondergrawe en kragteloos maak. Vir die doel gebruik hy mense wat nie openlik vyande van die kerk van Jesus Christus is nie, maar hulle voordoen as opregte gelowiges. Hulle kom in skaapsklere met die Bybel in die hand, maar van binne is hulle roofsugtige wolwe. Jesus waarsku teen hierdie listige wyse waarop die duiwel te werk gaan. Opmerklik is dat Jesus waarsku teen valse christusse en valse profete, en ook verder in die evangelie teen valse apostels en valse leraars. Hierdie mense beskik selfs oor magte om tekens en wonders te doen.

As Jesus as Seun van God mense deur sy tekens en wonders bring tot die geloof in God, dan gee die duiwel ook aan sy arbeiders die mag om deur tekens en wonders te mislei en te verwar. As Moses voor Farao staan en die tekens en wonders doen wat God hom gegee het, dan doen die towenaars van Farao dieselfde. So wil die duiwel telkens die werk van God kragteloos maak.

Jesus Christus gee egter aan ons die sekerheid en die waarborg — dit is nie moontlik dat die uitverkorenes mislei sal word nie. As goeie Herder waak Hyself oor sy kudde, en daar is niemand wat hulle uit sy hand sal ruk nie. Die poging van die valse profete is tevergeefs, want Jesus self het sy kerk reeds toegerus met die waarheid van Gods Woord en hulle gewaarsku om op hulle hoede te wees. Wie Jesus navolg wandel in die lig van sy Woord en word nie mislei nie.

25 Mei. **Lees** Mark. 13:24-32. **Teks:** Mark. 13:26.

DIE WEDERKOMS.

By die hemelvaart van Jesus Christus is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. Toe die dissipels nog stip na die hemel kyk, staan daar twee manne met wit klere by hulle wat sê: „Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom sien wegvaar het."

Jesus wys in sy profetiese rede ook na daardie heuglike oomblik. Hy as die Seun van die mens, kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. Die gelowige sien dus met groot verwagting op die voleinding van die wêreld. Al is daar ook groot verdrukking, en al sou

die valse profete en valse apostels daagliks kom klop aan die deur, die opregte gelowige leef net met een groot verwagting in sy hart, naamlik die wederkoms van Jesus Christus. As Seun van die mens kom Hy met groot krag en heerlikheid.

Die wêreldeinde hou dus vir die gelowige geen verskrikking in nie. Deur 'n lewende geloof en 'n sterk verwagting kan hy staande bly in die stryd, omdat hy uitsien na die heerlikste oomblik van alle tye.

Hoedanig is ons lewe? Lewe ons van dag tot dag waarlik soos gelowiges wat hulle Heer verwag? As ons belangrike besoekers verwag, dan word die huis besonder netjies en aan die kant gemaak. Is ons geestelike huishouding ook in orde terwyl ons Jesus Christus verwag. Daar is nog te veel lidmate van die kerk wie se lewe duidelik toon dat hulle sonder verwagting lewe. Daar word te min rekening gehou met hierdie grootste heilsfeit, naamlik die wederkoms van Jesus Christus. Hoeveel belydende lidmate van die kerk gaan nie meer op na die nagmaal om daar gelowig en verwagtend te verkondig, die dood van die Here totdat Hy kom. Wie wegbly van die tafel van die Here, lewe sonder verwagting: wie wegbly van die huis van die Here, staan onverskillig teenoor die wederkoms. Jesus het reeds gewaarsku dat daar aan die einde diegene sal wees wat onverskillig begin leef en sê: My Heer talm om te kom.

Mag God ons deur sy Woord en deur sy Gees versterk dat ons sal leef met 'n sterk verwagting en met biddende harte met die verlange: Kom Here Jesus. Kom haastig Heer.

26 Mei. **Lees** Mark. 13:33-37. **Teks:** Mark. 13:37.

WEES WAAKSAAM.

Daar was in die verlede baie mense wat op verskillende wyses voorspellings gemaak het oor die naderende einde van die wêreld. Jesus waarsku teen diegene wat sal sê: Kyk, hier is die Christus of kyk daar. Van die dag en die uur van sy wederkoms weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel nie. Alleen die Vader weet van die oomblik.

Vir die mens bly die dag van die oordeel dus verborge. Al waartoe ons opgeroep word is om waaksaam te wees. In die tweede Petrusbrief sê die apostel in 3:9, 10 — „Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons, en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal verbrand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is sal verbrand."

Die waaksaamheid waartoe die Here sy gemeente oproep is van so 'n aard dat die dag van die wederkoms van Jesus Christus die gelowige nie soos 'n dief in die nag sal oorval nie. Die waaksaamheid van die gelowige bring hom in volkome voorbereiding gereed elke dag om die Heer te ontmoet.

Jesus het self ook daarop gewys dat die dag van sy wederkoms net so sal wees soos in die dae van Noag. Noag het ook nie geweet watter oomblik die wêreld sou vergaan nie, en tog het hy gelowig die ark klaargemaak. Hy was besig om te werk, en in sy werk het hy gewaak teen die sonde, en daardeur elke dag die opdrag van die Here uitgeleef.

Waaksaamheid beteken om voorbereid te wees, en daarom moet ons klaarmaak. God het ook ons geroep in diens van sy kerk. Wie waaksaam is, is ook werksaam. Daarom sal die hand aan die ploeg geslaan moet word, sonder om na agter te kyk — die oog gevestig op Jesus Christus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof.

27 Mei. **Lees** Luk. 24:1-5. **Teks:** Luk. 24:1.

IN DIE MÔRE.

Die môre bring die boodskap dat die nag verby is. In die môre, op daardie eerste dag van die week, het die mense wat na die graf van Jesus gegaan het, gewaar dat die sondenag wat oor ons toegesak het, vir goed gewyk het. Die donkerheid van die graf het verdwyn omdat die Lig van God daar ingeskyn het. Só het die profesie van die profeet Jesaja dan finaal waar geword: „Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn." Is ons Verlosser dan nie die Lig wat van bo gekom het om in die duisternis op aarde te skyn en alle donkerheid om ons en in ons te verdrywe nie? Tog het nog nie alles in vervulling gegaan nie. Daarop wag ons soos wagters op die môre.

Ons weet goed dat dit teen die lewensaand nog vir ons tydelik donker word onder die skaduwee van die dood, maar ons weet dat dit nie vir ewig is nie, want die donkerheid van die graf wat deur menselhande toegemaak word, word verdrywe deur sy Lig wanneer Gods Hand in dié môre weer die graf oopmaak. Só leef ons, sterflike wesens, nie soos dié wat geen hoop het, maar net die dood toegemoet nie, maar bowe-al die ewige môre tegemoet, wanneer Hy ons vernederde liggaam aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak. In dié môre breek die ewige dag aan waarop geen nag meer sal volg nie.

28 Mei. **Lees** Luk. 24:5-8. **Teks:** Luk. 24:5.

„DODERYK, WAAR IS JOU OORWINNING?"

Hierdie vraag wag nie meer op 'n antwoord nie, want dit is nie 'n vraag nie, dog 'n juigkreet van oorwinning. Daarom juig ons ook in die dood, want die oorwinning behoort nie aan die dood nie, maar aan ons. Deur Hom, wat die Eersteling uit die dode is, van Wie ons met 'n vaste geloof bely dat Hy opgestaan het uit die dode, het ons oorwinnaars geword oor die laaste vyand wat oorwin moet word.

So het ons vrygekom van die straf op die sonde — tydelike en ewige straf. Die eerste mens het vir ons die dood verdien; die Tweede Mens het vir ons die lewe verwerf. God self het die antwoord voorsien op die noodroep van die apostel Paulus en van elke sondaar: „Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"

Die stryd wat op aarde gekom het tussen lewe en dood het in wese stryd geword tussen Jesus en die Satan. As ons daarom juig oor die dood, wat deur die lewe verslind is, dan juig ons oor die oorwinning van ons Here Jesus Christus oor die Satan, al was dit ook deur die dood heen. So leef ons dan die dood tegemoet met dié wete: Aan die einde van die dae sal dit geopenbaar word dat ons oorwinning in Hom geborge is.

29 Mei. **Lees** Luk. 24:9-12. **Teks:** Luk. 24:11.

WOORDE SOOS ONSINNIGE PRAATJIES.

Elkeen wat gewaar geword het wat die vroue by die graf ontdek en gehoor het, sal met blydskap die boodskap van lewe-uit-die-dood aan die mense kan bring.

Vanweë sy onbegryplikheid wek hierdie treffende boodskap gewoonlik die reaksie dat dit onaanneemlik is. Van hierdie boodskap kan geen mens verstaan hoe dit moontlik is nie, alleen maar glo dat die wonder van lewe-uit-die-dood waar is. Daarom klink dié boodskap vir baie tot vandag toe soos onsinnige praatjies. Die waarheid is egter dat hierdie woorde nie onsin is nie maar dat die mens dwaas is.

So moes die apostel Paulus al aan mense, wat hierdie boodskap met ongeloof begroet het, vra: „As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?" As hierdie verkondiging onsinnige praatjies moes wees, sou dit die ganse prediking van de evangele en ook ons geloof vergeefs maak.

Voor herdie wonder staan ons natuurlik met verbasing en ook met diepe vrae. Daar is egter nie plek vir nuuskierige vrae wanneer ons voor die werke van God staan nie. Twyfelvrae moet dan plek maak vir kinderlike geloof. Aanvaar ons hierdie boodskap met vertroue dan sal die vrae wat keer op keer kwel, verdwyn soos mis voor die son.

Ons mag natuurlik oor die werke van God nadink en sy wonders bepeins, maar die oplossing lê daarin dat ons onsself met vertroue, vol verwondering, toevertrou aan dié God wat wonders doen.

30 Mei. **Lees** Luk. 24:13-26. **Teks:** Luk. 24:25.

TRAE HARTE.

Van die geloof sê die Skrif dat dit 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop. Op die woorde van die profete van die Ou Testament moes die volk van God hul hoop gebou het. Maar omdat hierdie hoop op menslike verwagtings berus het, het hulle met die vleeslike oog die gebeurtenisse aanskou en nie met die geloofsoog nie. In hulle gedagtes het 'n ander verlosser geleef as die Christus van die Skrif. Daarom kla die Emmaüsgangers: „En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos." Die geloof wat die vervulling van menslike ideale verwag moet êrens op die rotse loop. Teleurgesteld het hulle daarom van die kruis af omgedraai. Toe Jesus daar gesterf het, het hulle hoop ook gesterf en hulle geloof gewankel.

Ongeloof kan nie ongestraf bly nie. Daarom noem Christus hulle „onverstandiges, met harte wat traag is om te glo." Hulle het gedink dat hulle die woorde van die profete aangeneem het, maar die waarheid was dat hulle hul eie betekenis aan die profesieë geheg het. Die dinge wat op Hom betrekking het het tog gebeur soos dit voorspel is. Die profete was nie verkeerd nie, húlle was onverstandig.

Nogeens word die lankmoedigheid wat God vir sondaars het, geopenbaar wanneer Christus begin om van voor af vir hulle die dinge uit te lê. Die weg terug na die ware geloof beteken terug na die Woord van God. Maar ons sal onverstandiges bly tensy ons die lig van sy Woord op ons laat val, luister en met die hart aanneem wat die verstand nie kan vat nie.

31 Mei. **Lees** Luk. 24:50-53. **Teks:** Luk. 24:51.

IN DIE HEMEL OPGENEEM.

Kan die kerk vandag nog op hemelvaartsdag feesvier in 'n wêreld wat in 'n eeu van ruimtereise begin spot het met ons geloof? Ja seker, want hierdie mense wat ons troos en blydskap en uitsig wil wegneem, verstaan nie wat ons met die begrip „hemel" bedoel nie. Hulle dink dat hulle met ruimtereise die hemel binnegedring het, terwyl ons begrip van „hemel" op 'n ander vlak lê as die ruimte.

Toe Jesus in die hemel opgeneem is, het Hy die „verhewenheid" ingegaan wat nie meer gebonde is aan ruimte en tyd nie.

Gedenk ons die hemelvaart van Christus, dan volg die geloofsoog, wat sy weg van bowe na benede gevolg het, die omgekeerde weg: van die aarde na die hemel. Die weg van vernedering, toe Hy Hom laat bind het, het 'n ander weg van verhoging geword. Hy wat van die Vader gekom het keer terug na die Vader.

Op hierdie weg kan sy gelowiges Hom eendag volg, want eenmaal sal die „liggaam" ook wees waar die „Hoof" is. Daarom soek ons, wat nog op die aarde is, nou die dinge daarbo waar Hy is. Soos Hy triomfeer sal sy kerk ook eendag 'n triomferende kerk wees, maar nou is dit nog 'n strydende kerk op aarde.

Elke gelowige is geroep om te stry en te volhard, die wedloop te voleindig en die geloof te behou. Tussen hemelvaart en wederkoms lê die spanning van die geloof. Daarom die dringende vraag: „As die Seun van die mens kom, sal Hy wel geloof op die aarde vind?" Ons troos lê daarin dat ons mag weet dat Hy self sy kerk in stand hou. Hy regeer van bo en tree vir ons in by die Vader. Niks kan ons aan sy Hand ontruk nie, want aan Hom is alle mag gegee, in die hemel en op die aarde. Daarom juig ons, want in sy hemelvaart is ons hemelvaart geborge.

1 Junie. **Lees** Luk. 24:27-35. **Teks:** Luk. 24:32.

BRANDENDE HARTE.

Teenoor die teleurstelling van hul trae harte staan die blydskap van hul brandende harte, wanneer die warmte van die geloof die koudheid van ongeloof oorwin. Nadat die Émmaüsgangers geluister het na Hom wat ons groot Leermeester is, was dit ook vir hulle waar dat die geloof deur die hoor van die Woord van God ontstaan en bestaan. Hulle, wat moedeloos sonder die Voleinder van ons geloof op weg was, was weer in die geloof só verenig met Hom dat Hy met hulle en hulle met Hom gewandel het. Elkeen vir wie dit só is het die geloofsweg 'n blydskap en vreugde geword.

As ons hierdie vreugdegang ervaar het, wil ons nooit weer sonder God wandel nie. Dan word die versoek van die Émmaüsgangers ons dringende bede: „Bly by ons, . . . " Hierdie bede is verhoor nog voordat ons gevra het, want aan syne wat Hy op die aarde agter gelaat het, het Hy belowe: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

As hul harte brandende in hulle was op die pad toe Hy hul metgesel geword het, dan was hul gemeenskap met Hom nog ryker toe Hy saam met hulle aan tafel was en vir hulle brood gebreek en gegee het. En as

hulle Hom begin herken het toe Hy met hulle gepraat en die Skrifte uitgelê het, was daar geen twyfel in die hart meer nie toe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood. Die gebreekte brood het gespreek van Hom wat gesterf het om vir ons die brood van die lewe te wees. Watter groot heerlikheid wag op elkeen wat Hom eendag volkome mag herken aan die tafel van die Lam.

2 Junie. **Lees** Luk. 24:36-49. **Teks:** Luk. 24:36.

WARE VREDE.

Die vergewing van sonde in sy Naam is die enigste ware vrede wat kan bestaan. Hoe die mense ookal probeer om vrede op aarde te bewerk, baat dit niks. Vrede met mekaar kan alleen bestaan waar vrede met God gekom het. Vrede met God waarborg ook vrede met mekaar, terwyl vrede van mense met mekaar nog nie vrede met God beteken nie. Sonde beteken vyandskap met God. Daarom kan daar op geen ander wyse vrede kom nie as deur die vergewing van sonde in sy Naam.

Hierdie vrede het God van bowe in sy Seun aangebring. Mense wat van vrees gebewe het, het 'n engeleboodskap verneem van „vrede op aarde." En toe mense by die verskyning van Jesus, ná sy opstanding, weer verskrik en bang was, het Hy self aan hulle 'n boodskap van vrede gebring: „Vrede vir julle!"

Dit is duidelik dat hierdie vrede net daar kan bestaan waar Hy in ons midde is. Sonder Hom as die middelpunt kan geen ware vrede bestaan nie. Daarom is alle menslike pogings — en daarvan is die wêreld van vandag siek — gedoem tot mislukking, tensy God in hierdie pogings geken en eerbiedig word.

Ons roeping is om aan 'n wêreld waarin vyandskap seëvier hierdie boodskap van vrede te bring. Dit kan slegs diegene doen vir wie daar self vrede in die hart gekom het. Hierdie vrede is daar waar geglo word dat God die wêreld met Hom versoen het deur Hom wat gesê het: „Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie."

3 Junie. **Lees** Rom. 1:1-7. **Teks:** Rom. 1:7.

GOD SE GENADE.

Die apostel Paulus skryf 'n brief aan die gemeente in Rome. Hy is verplig om te skrywe want hy kan nie onmiddellik self na Rome gaan nie. Hy het gekom aan die einde van sy derde sendingreis, is ten tye van die skrywe in Korinthe en moet eers na Jerusalem gaan. Aangesien hy nie weet wat hy in Jerusalem sal wedervaar nie, is hierdie brief 'n samevatting van sy prediking tot hulle en ook 'n volledige uiteensetting van die evangelie. Die brief het die doel om die Christene in Rome te laat weet van sy aanstaande koms na hulle en wil ook dat hulle voorbreidsels tref vir sy verdere reis.

Paulus weet dat die gemeente in Rome bestaan uit Jode en nie-Jode, Grieke en heidene. Daarom is die vermaning tot eensgesindheid telkens sigbaar en ook die waarskuwing teen valse leraars wat die wet stel bo die genade van God in Christus. In sy groet wil hy reeds dat elke leser sal weet dat hy apostel is vanweë die hoë roeping van Christus self — en niemand anders nie. Maar elke Christengelowige dra vir Paulus dieselfde roeping daarom spreek hy die ganse gemeente ook in dié lig

aan. Aan die einde van die opskrif van die brief staan die seëngroet: genade vir julle en vrede! Die genade van God is die grond van die vrede wat mag heers in die lewe van die gelowige en die gemeente. Alleen wanneer God die mens in genade aansien, sal daar geluk en voorspoed in sy lewe heers. Die genade van God is die bron waaruit die gelowige in sy hele mens-wees mag lewe. Wanneer God die sondaar in genade aansien, is sy liefde daar om ons te dra. Vir wie glo, is God se genade oorstelpend groot in die koms, lyde, sterwe en opstanding van sy Seun Jesus Christus.

4 Junie. **Lees** Rom. 1:8-17. **Teks:** Rom. 1:17.

LEWE UIT DIE GELOOF.

Voordat Paulus verder skryf, ná sy opskrif en seëngroet, laat hy eers aan God die dank toekom vir die mate van geloof wat daar wel bestaan in die gemeente te Rome. Uit die gelese gedeelte blyk verder die brandende verlange by die apostel om self die gemeente te besoek sodat ook hy bemoedig kan word deur die gemeenskaplike geloof. Hierin stel hy hom met alle gelowiges op dieselfde vlak.

In sy verlange om by hulle te wees en die evangelie self te verkondig, is Paulus egter deeglik bewus daarvan dat die evangelie teenstand sal ken. Elders stel hy dat die Grieke die evangelie sien as 'n dwaasheid terwyl dit vir die Jode wat onder die Wet lewe, 'n struikelblok is. Dié een groep is ongelowiges en sal dus daarmee die spot wil drywe en die ander sal dit verwerp. Maar hy skaam hom nie oor die evangelie nie — hy verkondig inteendeel met alle mag en met blydskap dat hy as draer van die evangelie ook bereid is om iets van die smaad van die kruis op hom te neem. Want die evangelie van Christus is veel meer as blote ideologie of leerstelling; „dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo". Die verlossing is dus werklikheid, word moontlikheid vir elkeen wat glo. Hier staan ons saam met Paulus by die hoofmoment van die eerste deel van sy brief: Die sondaar, elke sondaar word geregverdig uit die geloof, deur die genade van God alleen. Die verlossing uit die nood van sonde en dood, die lewe dus, is moontlik deur die geloof in die Seun van die lewende God. Wie in Hom glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.

5 Junie. **Lees** Rom. 2:1-16. **Teks:** Rom. 2:11.

GOD IS REGVERDIG.

Tot hier in sy brief het die apostel Paulus die ganse mensheid en elke mens in die besonder gewys op sy verlorenheid in die sonde. Die sonde heers oor alle mense. In die teksgedeelte wend hy hom nou in die besonder tot die Jode en die nie-Jode of Grieke in Rome. Hy stel aan beide die groepe dat daar geen onderskeid tussen hulle bestaan wat verhoed dat die een of die ander skuldig is tot die dood toe voor die regterstoel van God nie. Die heiden kan nie pleit dat hy geen kennis het van God of sy gebod nie en die Jood het vergeefs geroem daarop dat hy deur die werke van die Wet geregverdig sal word. Van die een groep verwyder Paulus sy poging om afsydig te staan van God se oordeel en die Jode beskuldig hy van valse en vergeefse roem op die regverdigheid.

In watter een van die twee groepe die hele menslike geslag hom ook al wil indeel, hy staan skuldig voor die alhoë God. Wanneer ons dan lees dat by God geen aanneming van die persoon is nie, moet ons weet dat God se maatstaf waarmee Hy meet totaal anders is as dié een waarmee ons meet. Die mens heg waarde aan afkoms, rykdom en menslike wardigheid na die uiterlike. God sien aan wat in die hart is; Hy toets die gees. Juis dan moet ons ineenkrimp vanweë die boosheid van ons hart maar nou kom God ons in ons swakke mensheid te hulp in Jesus Christus, Dáár by die eenvoud van die krip en die skynbare sinloosheid van die kruis mag ons glo dat God se grote barmhartigheid ons geregtigheid en regverdigmaking skenk — as ons dit wil glo. Nie wie ons is nie, maar wat ons glo van God se genade in Jesus Christus, dit bepaal of ons die koninkryk van die hemele sal beërwe.

6 Junie. **Lees** Rom. 2:17-29. **Teks:** Rom. 2:25.

GEEN VERONTSKULDIGING NIE.

In die gelese gedeelte rig Paulus hom nou weer in die besonder tot die Jode. Hy is bewus daarvan dat die Jode trots is op hulle naam en gee toe dat hulle 'n posisie van geestelike leierskap beklee onder die nasies vanweë meerdere kennis en groter geleerdheid. Maar juis die feit dat hulle oor die wet van God beskik en die besnydenis ondergaan het, het hul tot valse trots en hoogmoed gelei. Hulle het hulself as uitverkorenes beskou om andere te lei, te onderrig en te vermaan. Terwyl hul egter op die besnydenis as teken van die verbond geroem het, het hulle die wet van God willens en wetens oortree. Die besnydenis op sigself is egter geen waarborg dat God se geregtigheid die mens ten deel sal val nie. Juis onder die besnydenis het die gemeente so dikwels ongehoorsaam opgetree; het hulle nie die verbond gehou nie.

Die besnydenis word só 'n blote uiterlike teken en daarom kan dit nie meer 'n aanspraak op uitverkorenheid regverdig nie. Ongehoorsaamheid aan die wil van God maak die besnydenis tot onbesnedenheid. Die ware betekenis van die besnydenis as teken van God se verbond met sy volk lê veel meer op geestelike vlak. Selfs onder die besnydenis word daar geloof gevra. Die Jode het beide die verbond en die geloof verwaarloos sodat hul vertroue op hulle uitverkorenheid vergeefs geword het.

Só moet ons waak dat ons nie slegs aan die uiterlike tekens van die geloof bly vashou nie, terwyl die geloof self reeds versterf het. Paulus stel dit later (Rom. 10:9) baie duidelik: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word." Die geloof spreek elke dag van sy lewe uit die dade van die gelowige in die wêreld. Die redding is nie geleë in die feit dat ons aan die kerk of volk behoort nie, maar dat die geloof in die Here Jesus Christus is.

7 Junie. **Lees** Rom. 3:1-8. **Teks:** Rom. 3:3.

GOD BLY GETROU.

Op merkwaardige wyse het Paulus tot hier in sy brief aan die Romeine betoog en bewys gelewer dat die besnydenis op sigself geen voordeel inhou vir die Jood bó die heiden of ander gelowige nie. Die besnydenis, as teken van die verbond wat God met Abraham en sy

nageslag gemaak het, is egter 'n voldonge feit. Wat is dan die nut van die besnydenis? Hy antwoord self: groot, in alle opsigte (Rom. 3:2). Israel is uit al die volke deur God in sy genade verkies om sy verbondsvolk te wees. Paulus gee dus aan die sakrament die plek wat hom toekom. Aan hulle is die woorde van God toevertrou — nie omdat hulle God liefgehad het nie maar omdat God hulle liefgehad en uitverkies het.

Nou het die verbondsvolk egter die verbond ontrou geword, deur hulle oortreding van God se wet soos vooraf aangedui. Die voordeel wat die besnydenis kon inhou, is totaal vernietig deur hulle leë hoogmoed en roem daarin. Sal hulle ontrou dan die trou van God vernietig? Die antwoord hierop is 'n stellige nee. Paulus twyfel geen oomblik daaraan nie. God se trou bly onwankelbaar staan tot in ewigheid. Maar die vraag hou ook in of die voortgang van God se Woord in die wêreld vertraag of gestuit sal word deur die ongeloof van mense? Hierop is die antwoord net so uitdruklik nee. God se Woord sal nie ledig tot Hom terugkeer nie.

God se verbond van genade hou stand in ewigheid. In sy grote barmhartigheid wil Hy sy heil skenk aan die verloregaande wêreld. Só het in Christus sy heil en die koms van sy koninkryk sigbaar geword in die wêreld. Maar alleen vir wie glo, sal dit 'n krag wees tot saligheid.

8 Junie. **Lees** Rom. 3:21-31. **Teks:** Rom. 3:28.

DEUR GELOOF ALLEEN

Ondubbelsinnig verkondig die Skrif in die skrywe van Paulus aan die Romeine dat alle mense sondaars is en dit ook bly tot aan die einde van die lewe. Nie die kennis van die wet of die gebrek daaraan vrywaar ons van God se oordeel nie. Ook nie die besnydenis of die verbondenheid met die volk van God op aarde verseker ontwyfelbaar dat die mens regverdig voor God bevind sal word nie. Alle mense is sondaars en dit ontbreek hul aan die heerlikheid van God. Die enigste regverdiging wat bestaan, kom voort uit God se vrye genade, sonder verdienste van die mens, aan ons betoon deur die verlossing wat in Jesus Christus is. Alle menslike roem is volkome uitgesluit want in geen menslike handeling selfs wanneer ons voorgee dat dit in die geloof geskied, is enige verdienstelikheid nie.

In die geloof self is ook nie verdienstelikheid nie. Want as ons glo in die liefde van God in Jesus Christus dan gee ons aan God alleen nog maar 'n skyn van die eer en die heerlikheid wat Hom toekom in ewigheid. Dit beteken egter volstrek nie dat alle werke maar laat vaar sal word asof dit nou geen doel meer dien om goeie werke te doen nie. Nee, hy wat deur die geloof sonder die werke, geregverdig word, sal nou in nuwe gehoorsaamheid, in dankbaarheid teenoor God die wil van God met blydskap doen. Só word die versoenende lyde en sterwe van Jesus Christus aan die kruis as sinvol verkondig in die wêreld waarin ons lewe. Van homself ontdaan, word die mens minder en die liefde van God in Jesus Christus meer totdat dit ons alles is in lewe en sterwe.

9 Junie. **Lees** Rom. 4:1-12. **Teks:** Rom. 4:7.

DIE SEËN VAN SKULDVERGIFNIS.

In voortsetting van sy betoog oor die geregtigheid wat die sondaarmens nie ontvang uit verdienste nie, maar uit die vrye genade van God, haal Paulus aan uit een van die boeke van die Wet naamlik Genesis. Nie Abraham se werke nie, maar sy geloof is hom tot geregtigheid gereken. Buitendien het Abraham se verkiesing geskied in sy onbesnedenheid sodat „die vader van al die gelowiges" ook nie op die besnydenis kon roem nie.

Paulus sit sy onderwysing voort en staaf wat hy tevore gesê het met 'n aanhaling uit die Psalms (Ps. 32:1, 2), 'n boek wat onder die profete gereken word. Aan die einde van 'n tydperk waarop Dawid gemartel is deur sy gewete na bewuste oortreding van die gebod van God, 'n tydperk waarin hy dag en nag gebuk gegaan het onder die swaar las van die sonde, ontdek hy as gelowige opnuut die heerlike verlossing wat in skuldvergifnis opgesluit is. Maar die seën wat hy hierin ervaar, is geen verdienste nie; dit word hom geskenk in die genade van God. Dawid bely: „en Ú het die ongeregtigheid van my sonde vergewe". Op hierdie ontdekking volg die bekende saligspreking van ons teks.

Deur die gebruik van dié aanhaling wil Paulus leer dat hy onder geregtigheid niks anders verstaan as die vergewing van die sonde nie. Vergifnis beteken dat God ons sondes bedek voor sy aangesig; Hy laat sy heilige oë nie meer daaroor gaan nie. Welgeluksalig is ons wanneer ons ongeregtighede ons nie toegereken word nie.

Die groot wonder van God se liefde blyk daarin dat ons ongeregtighede toegereken is aan Jesus Christus, dat Hy die las van ons sonde, in ons plek, aan die kruishout van Golgota gedra het. Ons werke in die wêreld sal getuig of ons glo in dié genade van God wat Hy ons in groot erbarming skenk.

10 Junie. **Lees** Rom. 5:1-11. **Teks:** Rom. 5:5.

PINKSTER.

Wat glo u van die Heilige Gees? Ten eerste dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtig en enige God is. Verder dat Hy ook aan my gegee is, om my deur 'n opregte geloof in Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by te bly. Paulus sê deur hierdie Heilige Gees is die liefde van God in ons harte uitgestort. Dit wys op onbeperktheid, mateloosheid, dit vervul die hart. Deur die krag van die liefde van God is ons wat ons nie is nie — nuwe mense, kinders van God. Deur die Heilige Gees sê ons dinge wat eintlik nie gesê kan word nie: dat ons vrede met God het en sy kinders is. Ons eie gees kom nooit tot die gesteldheid van kinders van God nie. Daarvoor is wedergeboorte nodig. As die Heilige Gees dit in ons werk, is ons egte kinders, bevry van angs en vrees. Dan het ons hoop. En die hoop, sê Paulus, beskaam nie. Ons sal nie die skande hoef te dra dat ons 'n valse hoop nagevolg het nie.

Die toekoms is vir die moderne mens dig. Hy het geen hoop meer nie. Alle toekomsverwagting het ongeloofwaardig geword. Waar dit so is, kan elke mens nog maar net probeer om aan die lewe sin te gee

wat hy kan gee. En so 'n mens is sonder hoop. Paulus sê in die Christen se hoop is hierdie drie dinge: verwagting, vertroue en geduld. Dit is gefundeer in die liefde van God en vrede met God deur Jesus Christus en die Heilige Gees. Hoop is 'n antwoord, 'n antwoord op die wonder van Gods liefde. Die Christen hoop wanneer daar geen hoop meer is nie. Omdat hierdie hoop nie 'n aksie van ons gees is nie, maar van die Heilige Gees. Al hierdie weldade word my eiendom deur die geloof in Christus wat die Heilige Gees in my hart werk.

11 Junie. **Lees** Rom. 6:1-7. **Teks:** Rom. 6:2.

NUWE MENSE.

Die gevaar bestaan dat 'n mens iets wat jy verniet ontvang het, uit genade ontvang het, kan gering skat. Inderdaad is die genade van God vir 'n mens te groot. Daarom vra die Heidelbergse Kategismus of hierdie leer, naamlik dat ons gered is uit genade sonder die werke van die wet, dan nie sorgelose en goddelose mense maak nie. Dat 'n mens dus so redeneer: ek bly en leef maar in die sonde, sodat die genade meer kan word. Dit sê Paulus is totaal onmoontlik. Ons kan nie in die sonde leef nie, want as Christen het ons vir die sonde gesterf. Sover dit sonde betref is ons dood. Paulus gebruik die verlede tyd. Ons het die sonde afgesterf. 'n Mens wat 'n lewende lidmaat is van die lewende Christus het vir die sonde gesterf. Ons sê so graag — 'n mens bly nou maar eenmaal mens. Dit is nie waar nie. Die Bybel sê hy wat in Christus is is 'n nuwe skepsel, Die oue het verbygegaan. Alles het nuut geword.

'n Mens wat die sonde afgesterf het, groei nie meer daarin op nie, asem nie meer die lug van die sonde is nie en leef nie meer onder die heerskappy van die sonde nie. Sonde en genade sluit mekaar wedersyds uit. Die begenadigde mens sondig nie meer nie. Deur genade het ons die sonde afgesterf. Nou is dit sinneloos om weer te sê ons sondig sodat die genade meer kan word. Dit is onmoontlik, sê die Heidelbergse Kategismus dat iemand wat deur 'n opregte geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie. Die Bybel praat nie van verbetering nie, maar van vernuwing.

12 Junie. **Lees** Rom. 6:8-23. **Teks:** Rom. 6:8.

BEKERING.

Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens, en die opstanding van die nuwe mens. Wat is die afsterwing van die ou mens? Dit is 'n hartlike leedwese daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, en dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Wat is die opstanding van die nuwe mens? Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te leef.

Ons ou mens is met Christus gekruisig en is so vernietig. Sonde en dood voer nie meer verder heerskappy oor hierdie mens nie. So beskou God ons. So moet en mag ons dan onsself ook beskou. Paulus kom tot die konklusie: as ons dan met Christus gesterf het, dan het die sonde oor ons geen mag meer nie. Daarvan is ons doop 'n teken en seël. Paulus gee hier aan die gelowiges geloofsonderwys. Hulle is te weinig bewus van wat hulle in Christus ontvang het. Die gelowige moet weet dat Christus leef en dat dit vir hom bevryding beteken. So volkome,

dat in Christus die sonde vir hom nie meer bestaan nie. Twyfel hy daaraan, moet hy op sy doop let, wat 'n ontwyfelbare getuienis van sy bevryding is.

Ons glo dat Christus in ons plek gesterf het en dat ons daarom saam met Hom gesterf het. Maar dan glo ons ook dat ons saam met Hom sal lewe. Geloof is 'n einde en 'n begin. Geloof skei die nuwe mens van die ou mens. Die gelowige sien die begin van God in die einde van die mens.

13 Junie. **Lees** Rom. 7:14-19. **Teks:** Rom. 7:19.

VERDORWE NATUUR.

Een van die groot besware van die Wederdopers teen die kinderdoop in die kerk, is dat 'n kind nie sonde het nie, en daarom nie gedoop hoef te word nie. Dit blyk altyd een van die punte te wees waar die seë skei tussen ons kerk en die Wederdopers, naamlik die opvatting oor wat die sonde eintlik in die Bybel beteken. Die Wederdopers sien die saak so dat 'n kind geen sonde het nie. Dat die sonde maar net bestaan uit die doen van sekere verkeerde dinge en dat 'n mens eers wanneer jy min of meer groot word daaraan skuldig is. Daarom hoef klein kindertjies dan nie gedoop te word nie, want die doop is 'n teken van die afwassing van die sonde.

Hierop het die kerk nog altyd geantwoord dat die mens volgens die Skrif nie net sonde doen nie maar dat die mens sonde is. Dit is met ander woorde nie so dat die mens in sy wese eintlik goed is en maar net op 'n sekere tydstip in sy lewe begin om soms verkeerde dinge te doen nie. Sy hele wese, sy hele natuur is van meet af aan verdorwe. „Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang." Psalm 51:7. Selfs in 'n klein kindjie kom die rebelse opstandige natuur van die mens tot uiting. Sonde is volgens die Bybel ongehoorsaamheid. 'n Natuurlike geneigdheid tot die kwaad en 'n ingebore onbekwaamheid tot die doen van die goeie. Daarom dat Paulus ook altyd weer moet erken dat die goeie wat hy hom voorgeneem het, dit het hy nie gedoen nie, en die kwaad wat hy nie wou doen nie, dit het hy gedoen. Eers wanneer ons dit leer verstaan en erken het, leer ons ook wat dit werklik beteken om jou hele saligheid buite jouself, in Jesus Christus alleen te soek.

14 Junie. **Lees** Rom. 7:20-26. **Teks:** Rom. 7:24, 25.

GELOOFSROEM.

Die Bybel leer ons dat 'n mens sonde en ellende uit die wet van God ken. As gevolg van die sonde is die wet dus nou nie meer langer 'n troos, soos wat dit oorspronklik bedoel was nie maar 'n aanklag, 'n beskuldiging. Hierdie sondaar, sê Paulus, het nou die behoefte aan 'n nuwe wet nie, maar hy het dringend behoefte aan bevryding, verlossing van skuld en ellende. En Paulus ken die antwoord. Daar is net een antwoord. Christus. Christus alleen. „Ek, ellendige mens; wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" Jesus Christus is die nuwe mens. Deur Jesus Christus is ek nie die ellendeling wat ek is nie. Met liggaam van die dood bedoel Paulus sy hele massa van sonde. Hier het alle roem op die vlees geëindig.

Hier word dit nou eers vir ons geheel en al duidelik hoe belangrik dit ook is om tot die regte kennis van jou sonde en ellende te kom. Solank 'n mens bly dink dat jy in jou wese voor God eintlik goed en sonder sonde is, sal en kan jy nooit tot die geloofsroem van Paulus kom nie. Die mens wat hier praat is 'n mens wat sy totale verlorenheid, onbekwaamheid tot enige goed, en geneigdheid tot alle kwaad voor God leer ken het. Hy weet ook dat sy beste werke nog met sondes bevlek is. Eeue later sou hierdie selfde brief van Paulus vir Maartin Luther tot dieselfde geloofsvorm bring. Dat die mens uit genade gered is. Sonder die werke van die wet. Deur Christus alleen.

15 Junie. **Lees** Rom. 8:1-17. **Teks:** Rom. 8:9.

ONBEKEERLIKHEID.

Die Christen se lewe word beheers en bestuur deur 'n mag buite homself. Ons het lewe en vrede wanneer ons in Christus is en die Heilige Gees in ons is. Dit is deur die Heilige Gees dat ons deel het aan die sterwe en opstanding van Jesus Christus. Dit is die sekerste teken waardeur die kinders van God onderskei word van die kinders van die duisternis, naamlik dat hulle deur die Gees van God vernuwe word. Hulle in wie die Gees van God nie regeer nie, behoort nie aan Christus nie. Hulle wat Christus skei van sy Gees, maak van Hom 'n dooie beeld. Daarom sê die apostel Johannes, „Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld." 1 Joh. 4:1-3.

Daarom dat die Here Jesus van die laster teen die Heilige Gees gepraat het as 'n onvergeeflike sonde. Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente. Dit is die Heilge Gees wat ons Christus en al sy weldade deelagtig maak. En alleen deur Christus is ons verlos van sonde en dood. Om nou die werk van Christus as duiwelswerk te bestempel soos die Fariseërs doen, beteken om nie te wil toelaat dat die Heilige Gees geloof in Christus in jou werk nie. Dit is verharding, laster teen die Heilige Gees. So sterf jy buite Christus, onbekeerd.

16 Junie. **Lees** Rom. 8:31-39. **Teks:** Rom. 8:31.

GOD IS VIR ONS!

Die apostel Paulus leer ons hier 'n baie belangrike les in ons geloofslewe. Hoe dikwels hou ons as Christene nie ons besig met die vraag oor ons gesindheid teenoor God nie? Hoe dikwels wil die trant van die prediking in die kerk nie ook die indruk skep of dit die belangrikste is naamlik of ons aan God se kant staan. Die vraag vir Paulus is nie in die eerste plek of ons aan God se kant is nie. Daar is vir Paulus iets baie belangriker. Dat God aan ons kant is. Die is in Jesus Christus volkome en duidelik geopenbaar. God is vir ons! Woorde ontbreek

Paulus. „Wat sal ons sê?" God is vir ons! Wat kan daar meer gesê word as dit? Al wat oorbly is stilte en aanbidding. God het goeie rede gehad om teen ons te wees. Christus het egter in ons plek gesterf. Daarom is God vir ons. Hy het sy Seun nie gespaar nie sodat Hy ons kan spaar. So is God vir ons. Ons het nie woorde om hierdie dinge te sê nie. As ons meen ons het die woorde, dan sê dit nie presies wat dit is nie. Dit is ons enigste troos in lewe en in sterwe, dat God nie teen ons is nie maar vir ons. En dit is ons grootste tragedie: ons agterdog teen God, teen sy diens, sy Woord, sy evangelie — dat ons die evangelie; dat God vir ons is, nie glo nie. Dat ons liewer die Satan glo wat ons wil wysmaak dat God teen ons is.

17 Junie. **Lees** Rom. 9:6-26. **Teks:** Rom. 9:15.

DIE HERE BEWYS BARMHARTIGHEID AAN DIE GELOWIGES.

Ons mense is so geneig om in tye van teenspoed „waarom?" en „hoekom?" te vra. Ja, ons sal selfs die vuiste bal en dit teen die Here uitskreï. Ons sal miskien selfs persone opnoem wat volgens ons mening goddelooslik lewe en tog voorspoedig is, terwyl ons, wat na ons mening volgens die gebooie van die Here lewe, vele teenspoed en terugslae moet verduur. Dan vergeet ons dat sy Woord sê dat die weë van die Here nie ons weë is nie en sy gedagtes nie ons gedagtes nie. Hier in Romeine 9 verneem ons dat die Here sê: „Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."

Die verskillende handelinge van God met die mensdom waarin Hy die een van die ander onderskei, word verklaar vanuit sy onbeperkte vrye mag. Hy is aan geen mens iets verskuldig nie. Sy genade is sy eie welbehae en Hy kan dit gee of terughou soos dit Hom mag behaag. Ons het niks daarvan verdien nie — ons verdien ook niks van God nie as alleen maar die ewige straf. Maar in sy grote, onpeilbare barmhartigheid en ontferming vergewe Hy ons ons skulde en skenk ons die ewige lewe deur die lyding en sterwe van Jesus Christus.

God vra van ons alleen maar geloof; almal wat glo, sal Hy in guns en genade aanneem en nie verwerp nie.

18 Junie. **Lees** Rom. 9:20-33. **Teks:** Rom. 9:30-33.

GELOOF IN JESUS CHRISTUS WORD NIE BESKAAM NIE.

Die apostel stel hier die ware oorsaak van die aanneming van die heidene en die verwerping van Israel na die vlees vas. Daar was verskil in die wyse van hul soeke na God en daarom ook verskil in die uitslag, alhoewel dit tog die vrye genade van God was wat die uitslag bepaal het. Soos 'n redenaar sluit hy dan af: „Wat sal ons dan sê?" Die heidene het die regverdigheid nie gesoek nie; hulle het nie hulle skuld en ellende geken nie en daarom was hulle ook glad nie begerig om die geneesmiddel te vind nie. Daar was niks in hulle wat hulle geskik gemaak het vir die aangrype deur God nie; dit was alleen sy vrye genade wat in hulle gewerk het. Hulle is nie oorgebring na die Joodse godsdiens nie, het hulle nie onderwerp aan die seremoniële wet nie maar het Christus deur die geloof aangeneem en hulle onderwerp aan die evangelie.

Die Jode wou nie tot geloof kom nie maar het vir 'n lang tyd probeer om allerhande ompaaie te bewandel. Israel het die wet van eiegeregtigheid nagejaag. Hulle het by hul ou Joodse beginsels en gebruike bly

staan en het skaduwees in plaas van God omhels. Hulle wou nie die christelike godsdiens aanneem, berus in die verdienste van Christus en hulle onderwerp aan die voorwaardes van die evangelie nie. Hulle wou uit die werke van die wet geheilig word. Christus word dan vir hulle 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling omdat hulle nie kon insien dat hulle tot regverdigmaking moet kom alleen deur die soenverdienste en genoegdoening van Jesus Christus nie. Christus is die rots van saligheid vir almal wat in sy Naam glo, ook vir die Jode wat Hom verwerp het omdat Hy 'n einde gemaak het aan hul seremoniële wet. Die wat verlore gaan, het dit aan hulself te wyte: hulle bloed is op hul hoof. Maar elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie, maar sal die ewige lewe beërwe.

19 Junie. **Lees** Rom. 10:1-11. **Teks:** Rom. 10:4.

CHRISTUS DIE EINDE VAN DIE WET.

Alhoewel Paulus in sy prediking geweldig teen Israel te velde getrek het, het hy tog voortdurend vir hulle gebid — gebid om hul redding. Israel het hulle nie aan die geregtigheid van God onderwerp nie; hulle het die aanbieding van regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus wat die evangelie bied, nie aangeneem nie. Ongeloof is dit waar jy jou eie wette stel en jou nie onderwerp aan die regverdigheid van God nie; jou verset teen die aanbieding van vergifnis deur sy genade. In waaragtige geloof is baie onderwerping nodig, daarom is die eerste les wat Christus ons leer, die van selfverloëning.

Daar was twee oorsake van Israel se ongeloof: hulle ken nie die geregtigheid van God nie en hulle probeer hul eie geregtigheid oprig. Paulus wys daarop dat hulle dwaas gehandel het deur regverdigmaking deur die werke van die wet te soek noudat Christus gekom en 'n ewigdurende geregtigheid daargestel het. Christus is tog die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Die bedoeling van die wet was om die mens na Christus te lei. Die sedelike wet het alleen gedien om die wond te peil; die seremoniële wet was die afskaduwing van die heelmiddel, maar Christus is die einde van beide. So het Paulus ook geskryf: „Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof" (Gal. 3:23 en 24).

Christus is die einde van die wet omdat Hy die vervolmaking daarvan is. Op ons geloof, kry ons deel aan die voldoening van Christus en word ons geregverdig deur die verlossing wat Christus vir ons bewerk het.

20 Junie. **Lees** Rom. 10:4-15. **Teks:** Rom. 10:6-8.

CHRISTUS HET VIR DIE SONDAAR GEBOET.

By die Rabbyne het die opvaar na die hemel en die afdaal na die dieptes gegeld as beeld vir 'n onmoontlike saak. In die Bybel lees ons ook van 'n groep mense wat 'n toring wou bou waarvan die toppunt in die hemel moes reik. Maar God het neergedaal om die werk krities te besien en het dit verydel. Tog is dit natuurlik dat ons letterlik en figuurlik in die hemel wil opstyg. Veral vroom mense sou graag in die hemel

wou opstyg om self hulle sieleheil te bewerk. Paulus het hierdie mense leer ken in die Fariseër wat met die werke van die wet in die hemel wou opvaar. Paulus was self so 'n mens. Maar Paulus, en ook ander na hom, het hulle vasgeloop op hierdie weg. Ook ons wil onsself so dikwels regverdig deur die goeie werke uit die wet. Ons sal verskroei in die vuur van Gods heilige wil.

Daar is nog 'n ander vorm van die na die hemel opvaar: dat ons ons trane, gebede en geestelike worstelinge as iets dierbaars koester. Ons moenie sê: Wie sal in die hemel opvaar, dit wil sê om Christus daarvan af te bring nie. Ons moet bly waar ons is want Christus is naby ons. Geloof is nie dit dat ons na Christus toe moet gaan nie maar geloof is om te aanvaar dat Christus na my toe gekom het.

Dan is daar ook mense wat in die hel sou wou afdaal om vir hul sondes te boet. Dit is hoogmoed om jou te verbeel dat dit vir jou moontlik is om die maat van jou sonde te leer ken. Daar is maar Een wat die las van ons sonde ken; daar is maar Een wat neergedaal het in die afgrond van my hart. Daarom moet ons ook nie sê: Wie sal na die afgrond neerdaal, dit wil sê om Christus uit die dode op te bring nie? By die mens is daar nie alleen 'n drang na hoogte nie maar ook na diepte. Die evangelie sê aan ons: Bly waar julle is: die koninkryk van God is onder julle.

21 Junie. **Lees** Rom. 10:12-21. **Teks:** Rom. 10:17.

GELOOF UIT DIE GEHOOR, GEHOOR DEUR DIE WOORD VAN GOD.

Hier sê Paulus dat die gelowige so dikwels moontlik daar moet wees waar hy die Woord van God kan hoor — hy moet in die kerk wees — want deur die hoor van die Woord word ons geloof gesterk en gevoed. Uit sy Woord verneem ons dat God dieselfde vir almal is. Daar is nie 'n vriendelike God vir die Jode en 'n minder vriendelike God vir die heidene nie, maar Hy is dieselfde vr almal, God en Vader van alle mense. Toe Hy sy Naam bekend gemaak het: „Here, Here God, genadig en barmhartig", het Hy daarmee nie alleen te kenne gegee wat Hy vir die Jode is nie, maar wat Hy is en sal wees vir al sy skepsele wat Hom soek; nie allleen goed nie, maar ryk en oorvloedig in goedheid. Hy het genoeg om almal met alles te voorsien, en Hy is vrymagtig en bereidwillig om hulle alles te gee. Hy is nie alleen ryk nie, maar ryk oor ons, milddadig en weldadig in die uitdeling van sy gunsbewyse aan almal wat Hom aanroep. Hy verlang alleen dat ons Hom sal aanroep in volhardende gebed, aanroep in geloof wat versterk is deur die aanhoor van sy Woord.

Die aanroep van die Naam van die Here beteken hier alle waaragtige godsvrug. Wat is die lewe van die christen-gelowige anders as 'n lewe van gebed? Die volhardende gebed omvat 'n gevoel van ons afhanklikheid van Hom, 'n algehele toewyding van onsself aan Hom en 'n gelowige verwagting van alles wat ons van Hom nodig het. Elkeen wat die Naam van die Here opreg aanroep, verhoor Hy op sy tyd en die red Hy goddelik wonderbaar.

22 Junie. **Lees.** Rom. 11:25-36. **Teks:** Rom. 11:33.

GOD BEWYS ONDEURGRONDELIKE LIEFDE AAN ONS.

As die Heilige Gees uitgestort is, het die Trooster wat Jesus aan sy gelowiges belowe het, gekom. Daarmee het die werk van God aan die mense tot volheid gekom. Die ingrype van God is heilshandeling van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dat God bemoeienis maak met die mens, stem hom tot lof. Daarom stel die gelowige die lof van God voorop, selfs al bly die betekenis van Gods weg vir die menslike verstandelike oorwegings verborge. Ja, ons loof en dank selfs vir gelede smart.

Ons kan baie voorbeelde uit die Bybel aanhaal van mense wat nog kon loof al moes hulle lyding verduur waarvan hulle die oorsaak of doel nie geken het nie. Ons kan maar net dink aan Job. Daar is seker uit ons eie lewe ook sulke voorbeelde aan te haal. Miskien het ook ons in geloofsvertroue kon berus: „Nou het my siekte, my beproewing vir my tot seën geword."

Ook Paulus het met allerlei probleme geworstel. Een daarvan was dat sy volk Israel nie tot geloof wou kom nie. Die verharding van sy volk het hom tot groot leed gestem. Op sy sendingreise het hy altyd die sinagoges opgesoek om daar aan sy volk die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Al het hy die wet, tempel en vleeslike afstammeling (Fil. 2:2-7) verwerp as voorwaarde vir die kindskap van God, staan hy tog nie los van Moses, Dawid en Abraham nie. Hy gaan terug op Israel se verkiesing. Deur die Messias wat uit Israel gebore is, kom die Vaderskap van God ook tot ons.

Nieteenstaande ons sondigheid, ongeloof en ontrou bewys God tog sy liefde tot ons daarin dat Hy sy eniggebore Seun stuur om in ons plek die las van sy toorn teen die sonde te dra. Die liefde van God word ons geskenk deur die genade in die Seun en van die gemeenskap van die Heilige Gees. O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

23 Junie. **Lees** Rom. 11:25-36. **Teks:** Rom. 11:36.

GOD IS DIE BRON VAN ALLE DINGE.

Paulus bring alles terug tot die vry-mag van God as die bron en doel van alle dinge: „Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge", dit wil sê God is alles in almal. Alle dinge in hemel en op aarde is van Hom in die weg van die skepping; deur Hom in die weg van voorsienige invloed sodat hulle tot Hom sou wees in strekking en uitslag. Van God as die fontein en bron van alles, deur Christus; die God-mens as die Middelaar; tot God as einddoel. Dit sluit oor die algemeen al Gods middellike betrekkinge tot sy skepsele in; van Hom as die eerste werkende oorsaak, tot Hom as die laaste eind-oorsaak want die Here het alles geskape en deur sy wil bestaan hulle en is hulle geskape (Openb. 4:11). As alles uit en deur Hom is, dan sal alles ook tot en vir Hom wees, altyd tot sy diens gereed. Dit is 'n noodsaaklike kringloop, net soos ook die riviere hulle water uit die see kry en die water weer na die see terugvloei (Pred. 1:7).

Om alles wat ons doen, tot verheerliking van God te doen, beteken om daarvan 'n deug te maak want alles sal ten slotte tot verheerliking van God wees. „Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen!"

Die voorwerp van ons verering hoort ook te wees God se regering as eerste oorsaak, die vrymagtige Heerser en die einddoel van al ons handel en wandel. So prys al sy werke Hom onbewus, maar die gelowiges verheerlik Hom selfbewus. Al sy werke loof Hom en sy gunsgenote prys Hom (Ps. 145:10). So het ons almal ook rede tot grote dankbaarheid teenoor die Here wat ons dag na dag oorlaai met sy ryke seëninge.

24 Junie. **Lees** Rom. 12 en 13. **Teks:** Rom. 13:8.

LIEFDE TOT GOD EN LIEFDE TOT DIE NAASTE.

Hierdie volgende sewe dae lees ons Rom. 12 en 13. En om dit goed en reg te verstaan, moet ons by die liefde van God begin. As ons, wanneer ons oor liefde praat, net die gevoel vir die naaste bedoel, dan loop dinge skeef.

Hierdie twee hoofstukke behandel eintlik maar die verhouding van die gelowige tot die wêreld, dit is tot die maatskappy, tot die naaste. En waar ons nou in 'n tyd lewe waar die hele wêreld — veral die dwalende en ongelowige mense— behep is met pleidooie vir „menseregte" en „humaniteit", loop ook ons gelowiges gevaar om juis as gevolg van die pleidooie, die naasteliefde nie meer in perspektief te sien nie. As ons deur die V.V.O. en sy aanverwante politieke ideologieë gedryf word, sal die diens van die kerk verarm tot alleen maar sosiale werk. Dit sal die geval wees as ons nie skerp in die oog hou nie, waar die oorsprong van naasteliefde is: nie uit bejammering nie, maar uit God self. Dit is Gods gebod dat ons die naaste sonder aanneming van persoon sal liefhê — dis 'n swaar werk, en of ons daarvan hou of nie, ons **moet** dit doen. Ons liefde vir God, ons Skepper, Verlosser en Alomteenwoordige, skep daardie liefde. As ons God nie bemin nie, is waaragtige liefde tot die naaste onmoontlik. Omgedraai is dit ook waar. ons kan ook nie ons naaste haat en God terselfdertyd liefhê nie. Laat ons die geeste beproef of hulle uit God is.

Daarom kan die groot moondhede maar laat staan om van vrede en naasteliefde te praat as hulle nie die vrede en liefde van God ken nie. Desgelyks kan die V.V.O. maar vergeet van 'n vredestroepemag en veiligheidsraad en „peaceful co-existence" tensy die V.V.O. as liggaam nie die liefde van God ken nie. Eers as elke afgevaardigde God in Jesus Christus, ons Verlosser, lief het, sal vrugbare vredeskonferensies kan plaasvind. En dit is die taak van die kerk: om die evangelie aan „sy" owerheid, aan die regeerders, te bring.

Vir ons geld dieselfde. U en ek kan nie praat van opregte naasteliefde tensy hierdie naasteliefde nie uit God gebore is nie. Dit is tog die wil van God, dat u, juis omdat u Hom liefhet, ook u naaste sal bemin. En dit is 'n swaar werk. Maar u dankbaarheid, omdat Jesus vir u skuld gesterf het, dryf u tot hierdie **goeie** werk.

25 Junie. **Lees** Rom. 12:1-3. **Teks:** Rom. 12:1.

OFFERANDE AAN GOD.

Nadat Paulus in die vorige hoofstukke die dinge behandel het wat vir ons noodsaaklik is by die uitbreiding van die koninkryk van God, naamlik dat ons van God alleen die geregtigheid moet soek en verkry, en dat in Christus alleen al die weldade vir ons weggelê is, gaan hy nou oor tot die reëling van die sedes.

Jesus Christus self het vir ons die hemel verdien **sonder** ons persoonlike ondersteuning of hulp; ons het tot die geloof gekom deur die werk van die Heilige Gees; en nou word ons vermaan en getroos hoe ons eie lewe nou ingerig en ge-orden moet word. Paulus besef dat dit tevergeefs sal wees om die mense sommer so goedsmoeds op te wek tot beter lewenswyse as hy nie eers die **rede** vir die beter lewenswyse verskaf nie. En dié rede het hy in die vorige hoofstukke gegee, naamlik dat Christus werklik **al** ons sonde en skuld op Golgota gedra het, naamlik in ons plek gaan staan het, en op die manier, deur sy lewe te gee, vir ons versoening bewerk het. Op grond van Jesus Christus se verdienste, is daar nou vrede tussen God en die mense. Jesus Christus het, om dit so te sê, volkome Gods wet op Golgota kom vervul.

Ons is deur Jesus Christus kinders van God gemaak. En dan is dit ook logies dat ons lewens 'n diens aan God sal wees. Ons moet nie net ons gedagtes en geestelike lewe nie, maar selfs ons liggame as 'n lewende offer, welgevallig vir God aanbied. Dit is tog duidelik dat ons al ons kragte aan Hom, ons Skepper, Verlosser en Voleinder, moet wy.

Baie Christene, weens hul sondebesef, voel te vuil om hul liggame aan te bied — liewers met die gees God dien! Nee, God het beide liggaam en gees verlos en al wat ons nou doen, doen ons met ons liggaam. God dink so hoog van ons liggaam dat Hy dit eendag sal opwek! En dien dan die Here met hierdie liggaam. U liggaam is 'n offer — 'n lewende offer aan God. Dit beteken dit moet alleen aan God gewy word. Alles wat u liggaam doen, moet offerande aan God wees! Doen u dit? Is u liggaam, sy doen en late, 'n lewende offer aan God?

26 Junie. **Lees** Rom. 12:3-8. **Teks:** Rom. 12:6.

ONS IS NIE ALMAL DIESELFDE NIE.

Die slagspreuk van die Franse Rewolusie, „Vryheid, Gelykheid en Broederskap", wat vandag nog op Frankryk se wapen staan, het tot vandag toe in die christelike wêreld baie verwarring geskep. En Satan gebruik vandag nog hierdie slagspreuk om verdeling in die kerk van Christus te bewerkstellig.

In die Amerikaanse onafhanklikheidsdeklarasie staan dan ook dat alle mense gelyk geskape is en daarom dieselfde basiese reg as mense het. Die invloed van die vryheidsgedagte van die Franse Rewolusie kan daarin gesien word. Sommige Christene het daarop uitgebou en gestel dat alle mense gelyk is voor God en dat alle mense daarom gelyk is. Dit word dan as 'n Bybelse waarheid bely; en hulle vergeet dat die Bybel sê dat ons almal as sondaars skuldig voor God staan. As sondaars is ons gelyk skuldig — daar is nie 'n „groot" en 'n „klein" sondaar nie.

As alle mense gelyk is, loop ons gevaar om die mens dan as iets soos 'n fabriekproduk te beskou: almal dieselfde, net met verskillende kleure, maar almal identies. En as almal dieselfde is, waar is dan die genadegawes of talente wat in ons teksvers ter sprake kom? Nee, God het aan elkeen „genadegawes gegee wat verskil volgens die geloof wat aan ons gegee is." Ons is almal verlos, almal een doop ontvang, almal het een Heer en Verlosser, Jesus Christus, maar nie almal het dieselfde talente ontvang nie. Ons kan nie eers almal dieselfde produktiwiteit lewer nie. Het die saad van die Saaier, wat vrug opgelewer het, dan nie die een DERTIG, die ander SESTIG, en die ander HONDERDVOUDIG vrug gedra nie?

Ons is almal saam een liggaam in Jesus Christus. Hierdie liggaam is die geloofseenheid van die Christendom, bewerk en aan die lewe gehou deur die Gees van Jesus Christus. Die Christendom is die liggaam van Christus, waarvan u 'n lewende lid(maat) of „lewende offer" (Rom. 12:1) is. Alle ledemate in 'n mens se liggaam doen nie dieselfde werk nie. (lees 1 Kor. 12:12-31), maar verskillende, onderskeie werke. Daarom is die werk van alle Christene nie dieselfde of identies nie, maar verskillend na sy of haar geaardheid en genadegawes. Die Christen en dit is u, moet die Here dien met die genadegawes wat u van Hom ontvang het. Ons is nie almal predikante of kerkraad nie; nie almal is eerste ministers, onderwysers of polisiemanne nie. U is wat u is en niks meer en niks minder nie. God het u so gewil met die genadegawes wat u besit. Moenie meer van uself dink as wat u behoort te dink nie. Is u sieklik? gebreklik? oud? te jonk? te sondig? of te besig? om u genadegawes in diens van God te gebruik? Hy het dit nie verniet vir u gegee nie. Doen iets daarmee. Dien God **nou** soos u nou is. Dit is tyd dat u uit die slaap wakker word.

27 Junie. **Lees** Rom. 12:9-12. **Teks:** Rom. 12:11.

VERSLAWING AAN GOD.

Ons teksvers, naamlik „dien die Here", of beter vertaal, „verslaaf jou aan die Here," is 'n dringende vermaning vir elkeen van ons. Dit is nie vanselfspreked dat u slawediens aan God verrig nie, maar u moet dit uit **eie wil** doen, noudat u losgekoop is van die slawerny van die sonde — u is duur gekoop, onthou! Nou is u vry van die sondemag. U is die besitting van die Here Jesus Christus — sy slaaf.

As iemand 'n slaaf is, doen hy niks anders in sy bestaan as die wil van sy heer nie. Selfs nie eers 'n huurling nie. U bediende sal nie ook vir 'n ander werk nie, laat staan nog u slaaf! Die baas beveel en die slaaf doen, die slaaf redeneer nie, of bespreek nie eers die werk wat hy moet doen nie.

En as ons nou vrywillig, uit liefde en dankbaarheid vir onse God, ons aan Hom verslaaf, dan weet ons ook **waarom** ons dit doen. Ons murmureer dan nie onder die juk van Jesus nie. Ons weet **wat** om te doen en hoe om dit te doen. Ons weet wat Gods wil is — ons besit dit selfs in 'n boekvorm geskryf, en ook op die tafel van ons hart! — en ons doen dit ook uit eie beweging. Ons **dien** die Here.

Hoe en waar moet ek die Here dien? Hoe dien 'n slaaf sy heer wat op reis is? — deur getrou sy bevele en opdragte uit te voer; deur getrou te bly aan sy heer se manier. Want die slaaf, wie se heer vir 'n

tyd weg is, is self 'n heertjie, op sy heer se landgoed — as die kat weg is, is die muis baas! So ook u. U is gestel oor die aarde, om daaroor te heers solank die Heer talm om te kom. Sal die Heer u wakker vind as Hy kom?

Hoe moet ek „wakker bly"? — en so my Heer dien? U moet Hom dien in alles wat u doen, in die alledaagse. U **hele** lewe moet diens aan God wees — nie net Sondae die Here dien nie. Is die Here dan net Sondag u God en Verlosser? Op elke plek en op elke manier en elke minuut van u lewe moet u Hom dien. Dit is dus duidelik dat diens aan God nie **net** gebed en Bybellees is nie. Hoe kan ek die Here dan anders dien? — deur te bedink of die Heer behae skep in wat u **nou** doen. Daarom sal dit moontlik wees om die Here op so 'n wyse te dien deur te slaap, of te speel of te werk of selfs op 'n verjaarsdagpartytjie of 'n politieke vergadering! (U sien dit word al moeiliker!) of selfs in u beproewing of versoeking! Ja, vanaf u slaap dwarsdeur u sonde tot by die versoeking. Vergeet nooit! — hierdie wêreld is **Gods** wêreld! Ons het wel sy wêreld deur ons sonde verdorwe, maar dit **is** nog moontlik om Hom selfs in sy verdorwe wêreld te dien. Hou op met sondig! Gaan u **vandag** probeer?

28 Junie. **Lees** Rom. 13:8-10. **Teks:** Rom. 13:8.

DIE VERVULLING VAN DIE WET.

Wat is hierdie wet wat vervul is? Dit is **Gods** wet, die tien gebooie of aanwysings of onderwysings, soos die Ou Testamentiese woord tereg aandui. Gods wet is vervat en verklaar dwarsdeur die Bybel.

Wat beteken dit dat die wet vervul is? Beteken dit dat die wet dan nou afgeskaf is, alles nou **verby** is, die wet nou oorbodig geword het? Nee, vervulling beteken eintlik hier: nagekom, betekenis gegee, gehoorsaam, liggaam gegee. Vervulling beteken in kort hier: bevestig. Daarom het die wet vir u betekenis. Vergeet nooit dat die tien gebooie **Gods** wet is nie. Dit is Gods wil en uitdrukking van sy wese.

Wie vervul die wet? Kan u dit doen? Nee. U is vlees, verkoop aan die sonde! (Lees Rom. 7). As gevolg van ons verdorwe natuur is ons totaal onbekwaam om vanself die wet te vervul. Iemand moes dit kom doen het. Dit was Jesus Christus. Hy het, deur self mens te word en in ons plek te gekom het, deur self die vlees aan te neem, die sonde veroordeel in die vlees — sonde in die verdorwe natuur in die verdorwe vlees veroordeel (lees Rom. 8:3). Op die manier het Jesus Christus die wet vervul.

Maar die vervulling van die wet het nie op Golgota opgehou nie. Jesus Christus se werk het nie op Golgata ten einde geloop nie. Christus se doel was nie net om op Golgota te sterf nie, maar dat **u sal glo** dat Hy al u skuld gedra het. Daarom het Hy sy Heilige Gees gestuur wat, nadat u die gepredikte woord gehoor het, die geloof in u gewerk het dat wat op Golgota gebeur het, die waarheid is.

God is liefde. God het, omdat hy die wêreld so liefgehad het, eerste na ons gekom toe ons nog sondaars was, deur sy Seun te stuur en dat elkeen sal glo en die ewige lewe beërwe. Christus het op Golgota deur die wetsbepaling gesterf. Hy het aan die wet gesterf, soos 'n mens aan 'n siekte sterf. En so het Hy, wat die geregtigheid van die wet

eis, vir ons betaal. Daarom is daar dan nou **geen** veroordeling meer vir die wat in Jesus Christus is nie, want ons wat glo, wandel nie nou na ons verdorwe vlees nie, maar na die Gees wat in ons werk.

As ons maar een jota of tittel van die wet vervul, is dit die Gees se werk. En as ons dus ons naaste opreg liefhet, moet ons God alreeds bemin, want spruit waaragtige naasteliefde dan nie uit u liefde vir God nie?

Dit beteken dus as u die naaste liefhet, het u alreeds, soos ons teks in die Grieks aandui, die (hele) wet vervul.

Christus het uit liefde die wet vir u vervul. Is u waaragtig dankbaar? Op so 'n wyse dat u vandag uit liefde sy wil sal doen, sy wet sal hou? „Ek kan nie", sê u. Ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag geel

29 Junie. **Lees** Rom. 13:1-7. **Teks:** Rom. 13:4.

DIE OWERHEID IS 'N DIENAAR VAN GOD.

Baie mense dink dat, nou dat Christus al ons sondes se skuld gedra het en nou dat die Heilige Gees in ons harte woon en Hy in alle waarheid lei, ons nie meer 'n mag bokant ons nodig het nie. Hulle argumenteer dan dat jy God — dit is dan die Heilige Gees in jou binneste — meer gehoorsaam moet wees as die mense — dit is dan die regering, die owerheid. Want, sê hulle, die wet van God is mos op die tafel van my hart geskrywe! Ek het geen owerheid oor my nodig nie, die slegtes, die diewe en moordenaars en onbekeerdes wel. Bekeerde Christen, jy dwaal!

Alle magte is deur God ingestel. Om sy wêreld en maatskappy te orden, het die wyse Heer outoriteit daargestel. Dit het Hy al aan Adam in die Paradys toegesê, naamlik om die diere name te gee en die tuin te bewerk en te bewaak. Daar is vandag nog steeds outoriteite in die wêreld. God sê aan mense die outoritêre posisies toe; sommige is gelowiges, andere goddeloos en volkome heidens.

As God alle outoriteit uit die skepping sal wegneem, sal daar chaos wees selfs in die Christendom. Hoekom? — want ook die Christen bly 'n sondaar, is verdorwe van natuur en neig steeds na die sonde. Hoe sê Paulus in Rom. 7? — so dien ek dan met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde. En as dit met die groenhout gebeur, wat word dan van die droë?

Ons moet ons egter nie net ter wille van die vrees vir straf onderwerp nie, maar ter wille van die gewete. Daarom moet ons Gods wet en die burgerlike wat gehoorsaam. Ons moet dit doen tot by die „laagste" outoriteite toe. Die Godgegewe mag van die staat setel nie net in die koning, president, eerste minister of diktator nie, maar ook in elke ampsdraer in die staat—selfs tot by die jongste staatsamptenaar. Ook hy is 'n ampsdraer van God—op 'n ander vlak as in die kerkraad. Hy dien God deur orde in die maatskappy te handhaaf. Hy is Gods instrument om orde in Gods wêreld te handhaaf. Selfs die ongelowige diktator, as hy orde in sy land handhaaf, al weet hy dit nie en al erken hy dit nie, is deur God aangestel en is sy instrument. Dit het God behaag om aan hom magte te gee. Ons, as Christene moet selfs 'n heidense mag wat oor ons gestel is, gehoorsaam, want ons weet dat alle mag in die hemel en op aarde aan Christus gegee is.

30 Junie. **Lees** Rom. 13:8-14. **Teks:** Rom. 13:14.

BEKLEE JULLE MET DIE HERE JESUS CHRISTUS.

Kleding of kleredrag is iets wat ons elke dag dra. Ons leef daarmee saam; dit het so 'n deel van ons alledaagse bestaan geword dat as ons daarsonder is, ons ongemaklik voel. Maar kleredrag vertoon ook iets persoonliks van die draer. Dit toon sy smaak en keuse en styl. Ons dra altyd 'n smaakvolle kledingstuk wat ons pas, omdat ons deftig en op ons gemak daarin voel. Dit is ons keuse en ons styl. En as ons van die kledingstuk hou, dra ons dit graag en dra ons dit ook sommer baie.

Ons teksvers sê dat ons ons met die Here Jesus Christus moet beklee, dat ons Jesus Christus moet omhang, soos 'n kleed. Dit beteken dat ons geliefde drag, die Christelike gedrag moet wees. Die stylvolle kleding van ons eie keuse moet Jesus Christus wees. Laat Jesus Christus in u gestalte kry. Dit pas 'n Christen om „deftig gekleed" te gaan, om „welvoeglik te wandel" (Rom. 13:13). Die Christen kan alleenlik welvoeglik wandel as hy met Christus Jesus self wandel.

Hoe moet ek my met Jesus Christus beklee? vra u. Moet ek probeer om soos Jesus te wees? Moet ek Hom as voorbeeld neem en in sy voetspore volg? Is die imitasie van Christus die Christelike lewenswyse? — is dit bekleding met Christus? Dit lyk die aangewese weg, maar dit is nie.

Ons kan Christus nooit nadoen nie — dit loop op na-aping uit en strek ons tot skaamte. Die lus om Jesus na te aap, kom uit die begrip bewondering en verdienste. Ons bewonder sy voorbeeldige lewenswyse en wil, deur dit te doen, hier op aarde leef om hemel toe te gaan. En dit is verkeerd. Dit kan nie. God wil dit nie.

Gods Seun het iets anders kom doen as om net vir ons 'n voorbeeld te wees, toe Hy die menslike vlees kom aanneem het. Hy het ons kom **verlos** van die sondeskuld. Hy is uniek — God in die vlees! — en ons? ons is verdorwe vlees. Hy het **ons** juis kom beklee met verlossing en ewige lewe. Hy is ons kleed, verlostes!

As u 'n kledingstuk dra, is dit vir 'n okkasie. U bly dieselfde. Die omstandigheid verander. As u uself beklee met Jesus Christus, bly u wie u is; u verander nie, u word nie Christus nie, maar het Jesus Christus altyd by u — u konstante metgesel. So is Jesus Christus altyd by u deur die Heilige Gees. Besef u dit? Besef u dat by alles wat u doen, Jesus Christus bystaan? En is u dade en woorde en gedagtes elke dag so dat Jesus **met behae** bystaan?

1 Julie. **Lees** Rom. 14:1-11. **Teks:** Rom. 14:6.

EET TOT EER VAN DIE HERE.

Die eetgewoontes van die mens kan, soos ander gewoontes, sy geloof of ongeloof bewys. Net so kan die reaksie op 'n persoon se eet- en lewenswyse, die geloof of ongeloof van die ander onthul.

In Rome kon 'n mens in die tyd van Paulus slegs vleis koop by die afgodstempels. Die vleis is aan so 'n afgod gewy (vgl. ook 1 Kor. 8). Kon 'n gelowige van hierdie vleis eet? Sommige wou nie want hulle het gedink dat hulle Christus se Naam in gedrang sou bring deur Hom in die geselskap van afgode te bring. Om die eer van Christus te handhaaf, het hulle vleis vermy en slegs groente geëet. Die ander groep het geleer dat daar maar net een God is — afgode is die versinsels van

mense. Hulle het sonder kwelling vleis gekoop en gebruik. Hulle het ook gemeen dat hulle dit tot eer van God doen deur te wys dat sy Naam hulle van alle bygeloof en van alle magte bevry het. Hulle het hulleself as die sogenaamde „sterkes" in die geloof beskou.

Die „sterkes" het op die ander neergesien as „swakkes" en hulle verag. Die groente-eters het die ander te lig bevind. So het eetgewoontes aanleiding tot rusie en skeuring in die kerk geword.

Albei groepe se geloofsoortuiging wat tot eer van God moes wees, het 'n oneer geword omdat hulle mekaar veroordeel het.

Omdat alle gelowiges aan God behoort, kom die oordeel Hom toe. Menslike opinie tel hier nie — dit verdeel net en jaag uiteen. Maar God hou bymekaar almal wat tot sy eer eet en bid. Hy hou staande ook wanneer ons oordeel dat iemand geval het en Hy verwerp diegene wat meen dat hulle staan.

2 Julie. **Lees** Rom. 14:13-23. **Teks:** Rom. 14:13.

'N STRUIKELBLOK VIR DIE BROEDER.

Geloof beteken om verantwoordelikheid te aanvaar vir al die medegelowiges. Geloof vra 'n positiewe liefde vir die ander gelowiges. Die „sterkste" mag die ander nie minag nie en mag ook nie onverantwoordelik in teenwoordigheid van die ander optree nie. Die sterke wat vleis eet mag die swak groente-eter nie deur die beoefening van sy vryheid en regte in versoeking bring nie. Dan gaan die swakke hom navolg maar dit word sy ondergang! Die vryheid of sterkte van die ander word vir hom 'n struikelblok waardeur hy ten gronde gaan.

Die swakke in die geloof sien nog nie dat in Christus niks in sigself onrein is nie. Vir hom is daar afgode en bose magte wat selfs in sekere kossoorte skuilgaan. As hy die sterkere in die geloof navolg sonder om self van sy geloofsvryheid oortuig te wees, dan doen hy sonde want wat nie uit die geloof in Christus voorkom nie, is sonde. Slegs die geloof bind ons aan God in gehoorsaamheid. Wie die mate van geloof wat hy besit te buite gaan, doen sonde omdat hy dan nie in gehoorsaamheid nie maar in eiegeregtigheid handel — en eiegeregtigheid is die wesenlike kenmerk van die sonde. Die swakke volg nie die sterke uit geloofsoortuiging nie maar hy aap hom na en beland sodoende in die sonde en — die loon van die sonde is die dood. Die sterke verheug hom dat die swakke hom gevolg het en merk nie hoe bekommerd, hoe onrustig en ongelukkig die swakker broeder is nie.

Wanneer die broeder gegrief word deur die lewenswyse van die sterkere, dan het liefde en geloof gewyk. Wie deur Christus vrygekoop is van die dood word deur die onbedagsame eiegeregtigheid van die sogenaamde sterke weer in die dood teruggestoot.

3 Julie. **Lees** Rom. 15:1-13. **Teks:** Rom. 15:1c.

NIE ONSSELF BEHAAG NIE.

Wanneer die broederskap in die kerk verbreek word, is die allerbeste geformuleerde leer oor Christus tevergeefs. Daarom is 'n regte begrip van die verhouding tussen swakkes en sterkes in die kerk so belangrik. Soos in Rome is daar in elke gemeente sogenaamde sterkes — hierdie swakhede of sterkte mag van plek tot plek en van persoon tot persoon

verskillende vorms aanneem. Volgens hierdie teks is die swakkes in die gemeente 'n las wat deur die sterkere gedra moet word en nie net verdra moet word nie. Die swakke het ten volle deel aan en in die gemeente van Christus en mag nie uitgestoot word of selfs toegelaat word om sy eie pad te volg nie. Vir die sterkere is dit 'n verpligting wat op hom rus om die swakkere saam te dra tot opbou van die gemeente van Jesus Christus. Wanneer hierdie verpligting in Christus aanvaar word word die swakke in liefde op die geloofsweg gedra.

Selfbehaaglikheid verhinder die gelowiges om mekaar se laste te dra. Wie homself wil behaag, sy vryheid self wil geniet en met trots op sy eie krag vertrou, is nie sterk nie maar swak en 'n ergerlike oponthoud in die opbou van die gemeente. So 'n lewenshouding is verkeerd — dit pas by die ongelowige wat vir homself lewe. Ons leef egter nie vir onsself nie maar vir die Here. Waar dit die innerlike oortuiging van die hart is, is die las van die „swakkes" nie te veel om te dra nie want dan gaan dit nie meer om onsself te behaag nie maar om die naaste te behaag om sodoende die gemeente van Christus op te bou.

4 Julie. **Lees** Rom. 15. **Teks:** Rom. 15:2.

MET DIE OOG OP WAT GOED IS.

Wie vir God leef, leef ook vir die naaste — dit geld vir **en** die „swakke" **en** die „sterke" in die geloof. Beide soorte gelowiges se lewensrigting en lewensdoel is dieselfde. In Christus gaan dit om wat goed is. Die gelowige word nie aan die willekeur of eiesinnigheid van sy naaste oorgelewer nie. Die naaste moet met die oog op die goeie en met die oog op die opbou van die gemeente tevrede wees met sy medegelowige.

In die gemeente van Korinthe en Galate het Paulus gesien hoe 'n mens beledig en verag kan word wat uit suiwere liefde ter wille van 'n ander leef. Deur die aandag te vestig op wat goed is en op die opbou (stigting) van die gemeente, wil hy daarop wys dat geen gelowige 'n eensame alleenloper is wat vir homself lewe nie maar dat hy deel van die gemeente is. Die opbou van die gemeente is die eintlike doel wat goed is en vir hierdie doel moet elkeen sy naaste met liefde dra. Wie dit kan doen, leef ter wille van Christus wat nie gesoek het om Homself te behaag nie maar andere se swakhede en krankhede op Hom geneem het om dit ter wille van die mens te dra. Hy het nie aan sy vryheid of aan sy regte gedink nie en nie sy eer probeer behou nie. Hy het gekom om mense na God te bring. Hy wou die gemeente van gelowiges opbou.

Kan 'n sterke of 'n swakke in die geloof dit sien en tog nog slegs leef ter wille van sy eie vryheid en grootheid en die ander verag en uitstoot? Dan het hy uit die oog verloor wat goed is in die raad van God en volg sy eiesinnige eie goeddunke.

5 Julie. **Lees** Rom. 15:14-33. **Teks:** Rom. 15:16.

'N DIENAAR VAN JESUS CHRISTUS.

Paulus beskryf sy werk onder die heidene in woorde van die priesterskap. Hy is 'n bemiddelaar of priester van Christus vir die heidene en sy doel is om die heidene as 'n welgevallige offer, geheilig deur die Heilige Gees, voor te berei. In hoofstuk 12:1 het hy reeds duidelik gestel dat om lid van die liggaam van Christus te wees, dit wil sê lid van die kerk,

beteken om 'n mens se liggaam ook as 'n welgevallige offergawe ten dienste van God te stel. Toe Paulus self die marteldood in die gesig gestaar het, het hy geskryf: „al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja verbly my saam met julle almal."

Elke gelowige moet met hierdie selfde dankbare blydskap sy liggaam aanbied in die diens van God as 'n offergawe aan Hom gewy om mense tot God te bring. Hierdie sendingstaak om mense na God te bring is alleen goed as dit nie slegs gerig is op 'n enkeling hier en daar nie. Deur die genade van God sien Paulus die ganse heidendom as arbeidsveld vir die gelowige. Almal wat in die sonde versink het en onder die oordeel van God staan, moet kennis maak met sy soekende sondaarsliefde sodat hulle deur die Heilige Gees geheilig en aan God gewy kan word.

Daarvoor het Paulus sy liggaam beskikbaar gestel. Hy roep elke gelowige op om ook sy of haar liggaam as 'n offergawe vir hierdie doel aan te bied.

6 Julie. **Lees** Rom. 15. **Teks:** Rom. 15:19c.

DIE EVANGELIEVERKONDIGING VOLBRING.

Die geloof bring by Paulus 'n rede tot roem. Maar hy beroem hom nie op homself of oor sy eie dade nie maar oor Christus. In Christus beroem hy homself alleen oor die dinge wat God aangaan. Ander dinge is nie vir hom ter sake of van belang nie. Christus het hom gebruik as 'n instrument om die heidene tot gehoorsaamheid te bring. Hy is dankbaar dat hy 'n werktuig in die hand van Christus kon wees. Oor 'n wye gebied, in 'n boog vanaf Jerusalem tot by Illirikum het hy die evangelieverkondiging volbring.

Ook in Kol. 1:25 sê Paulus dat die Woord van God aan hom gegee is om die Woord te vervul. Die Woordverkondiging word vervul wanneer dit 'n krag van God tot redding van die mens word. Die evangelie van Jesus Christus is nie maar net 'n dogma of leerstuk nie, dit is nie net 'n boodskap nie maar dit is deel van en middel waardeur die verlossende en versoenende handeling van God uitgevoer word. Die evangelieverkondiging word werklik eers volbring wanneer die mens hom werklik met God laat versoen deur Jesus Christus. Paulus het nie alleen die evangelie verkondig van Jerusalem tot Illirikum nie maar ook deur die verkondiging het mense gehoorsaam geword aan die Woord van God, is mense uit sonde en dood losgeruk en gebring na die genadetroon van God. Deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God is mense losgeruk uit die slawerny van die sonde — monde wat gesnoer was, het oopgegaan om God te loof, oë wat Hom nie wou sien nie, het sy liefde in Jesus Christus gesien, liggame wat ten opsigte van God verlam was, het krag ontvang om op te staan en hulle tot sy diens te stel. Die evangelieverkondiging word eers vervul wanneer die geloof nie meer alleen 'n saak van die hart is nie maar wanneer die liggaam in beweging kom deur die krag van die Gees van God om in volledige gehoorsaamheid in sy diens te staan.

7 Julie. **Lees** Rom. 16:17-27. **Teks:** Rom. 16:17.

TWEEDRAG EN AANSTOOT.

Elders in die Skrif word dikwels gewaarsku teen dwaalleraars — dit is mense wat 'n valse voorstelling van die lewe en die werk van Jesus gee.

Hier gaan dit nie om die leer nie maar om die lewe van sogenaamde gelowiges wat aanleiding is tot tweedrag en aanstoot; dit gaan om die sterkes wat die swakkes verlei en as gevolg van hulle aandrang op hulle regte en vryhede die swakkes in sonde laat verval. Heel beskrywend noem Paulus hierdie soort mense nie dienaars van Christus nie maar dienaars van hulle eie buik. Hulle maag is vir hulle belangriker as die opbou van die gemeente en as die behoud van 'n mede-gelowige.

Hierdie mense moet vermy word. Probeer geen diskussie met hulle aanknoop nie, hou hulle ver want deur vriendelike en mooi woorde verlei hulle die harte van die eenvoudiges. Hulle woorde klink vol liefde, lyk na opregte vroomheid en gaan deur vir opregtheid. Dit lyk of 'n mens boos van inbors en verhard is om 'n mens nie te wil aanhoor nie. Hulle is egter nie skadeloos nie maar vol duiwelse lis en soek net hulle eie belange. Wie egter in gehoorsaamheid aan Christus hierdie mense vermy en hulle deurgrond, is rede tot die blydskap van die geloof. Die satan word dan uit die gemeente van Christus geweer. As die gelowige hom nie laat verlei nie maar in gehoorsaamheid aan God vashou, sal die krag van God ook tot openbaring kom en Hyself sal die satan laat vertrap.

Gee ons aanstoot en aanleiding tot tweedrag of dien ons Christus?

8 Julie **Lees** Ef. 1:15-23. **Teks:** Ef. 1:22.

DIE HEERSKAPPY VAN CHRISTUS.

Dit is belangrik dat die gelowige sal weet dat God Christus as Heerser oor alle dinge aan ons gegee het. Uit onsself weet ons dit nie. Dit word aan ons bekend gemaak.

Daarom noem die apostel Paulus dit. Hy sê God het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee. Wat dadelik opval is dat alle dinge onder sy voete onderwerp is— Hy is die regeerder oor die hele wêreld, nie net oor 'n gedeelte van die wêreld of net die Christelike kerk nie. Daar is letterlik niks wat nie aan Hom onderworpe is nie. Hy sê self: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde". So heers Christus dus ook oor die ongelowige heersers van die wêreld. Hulle weet dit nie of wil dit nie erken nie — ons weet dit omdat God dit aan ons bekend maak.

Indien daar dus gevra word hoe sy verkondiging tot die wêreld enersyds en tot die gemeente andersyds is, kan geantwoord word: Hy heers oor albei, maar die gelowige weet dit en die ongelowige nie. Die gelowige weet hy bevind hom in die sfeer van Christus se verlossingswerk en beskerming. So weet die gelowige ook dat hy nie meer uitgelewer is aan die willekeur van die magte van die sonde en die dood nie, terwyl die ongelowige nog daaraan onderworpe is.

As Heerser oor die heelal skenk Hy voedsel aan gelowige en ongelowige. Die gelowige weet egter dat Hy nog iets kosbaarder skenk, naamlik verlossing uit sonde en dood. As Hoof van alle dinge weet die gelowige dus dat Christus sorg vir die daaglikse voedsel, maar dat Hy ook geestelike voedsel gee. So gee God aan die gemeente deur Christus groeikrag, nuwe lewe en hoop vir die toekoms.

9 Julie. **Lees** Ef. 2:1-10. **Teks:** Ef. 2:10.

GESKAPE TOT GOEIE WERKE.

Ons bely en weet uit die Woord van God dat ons deur Hom wonderkunstig geskape is. Ons is die maaksel van sy hande. Hy gee aan ons lewe. Hy onderhou ook daardie lewe deur sy voorsienigheid.

Die maaksel van Gods hande verkies egter om in sonde te lewe. God gryp in Christus in en Hy herskep hierdie sondige mens tot 'n nuwe wese. In Christus vergewe Hy ons ons sondes. Ons is dus die maaksel van sy hande en deur Christus herskep tot sy kinders.

Nou verneem ons ook dat ons in Christus Jesus geskape is tot goeie werke wat God voorberei het. Ons goeie werke is dus ons dankbare antwoord op God se verlossingsdaad in Christus. Maar nou verneem ons dit is in Christus reeds voorberei. Waar dit op aankom is dat ons uit dankbaarheid die evangelie, die blye boodskap in die wêreld sal uitdra en verkondig deur ons doen en late. Dit is die grootste en vernaamste goeie werk wat deur God reeds voorberei is, waarin ons kan wandel. Nou is dit ook so dat die gelowige nie daarna hoef te soek nie — dit is voor hande, dit is in Christus gegee, dit is gereed om verkondig te word.

Hierdie goeie werk wat in Christus deur God voorberei is, het ons bo alle ander mense. Slegs die gelowige in Christus kan aan die mensheid die weldaad bewys deur draer te wees van die evangelie.

Die vraag is egter of ons hierdie reeds voorbereide goeie werk uit die hand van God ontvang en verkondig en of ons in ooreenstemming met die wêreld die mens tot langs God verhef en die mens en sy opvattings verkondig. Ons vergeet baie maklik en gerieflik dat ons daardeur aan die wêreld miskien 'n groter weldaad bewys as uiterlike dade van medemenslikheid wat ook deur die ongelowige gedoen kan word.

10 Julie. **Lees** Ef. 2:11-22. **Teks:** Ef. 2:20b.

JESUS CHRISTUS DIE HOEKSTEEN.

'n Hoeksteen het in ons tyd 'n geheel ander betekenis as wat dit in die tyd van die apostel Paulus gehad het. Ons dink in die geval van 'n hoeksteen aan daardie steen wat in die proses van oprigting van 'n gebou daarin ingemessel word of selfs na voltooiing van die gebou aangebring word. Dit is gewoonlik 'n pragtig afgewerkte klip met mooiklinkende woorde daarop. Behalwe dat die hoeksteen, soos ons dit ken, aan ons sê deur wie die hoeksteen gelê is en wanneer en vir watter doel die gebou in gebruik geneem is, het dit geen betekenis vir die stewigheid en duursaamheid van die gebou nie.

In teenstelling daarmee, het die hoeksteen in die geboue in die tyd van die apostel Paulus wel deeglik die duursaamheid en stewigheid van die gebou bepaal. Dit was selfs so dat indien die hoeksteen weggelaat word, die gebou inmekaar val.

Die betekenis van hoeksteen kom meer na vore indien ons dit vertaal met sluitsteen. Hier moet ons aan die ou geboue wat van klip gebou is, dink. Baie van die ou geboue het geboë lateie bokant die vensters en deure. gehad. In die middel van daardie gedeeltes was daar 'n driehoekig gevormde steen wat die ander stene in die latei in posisie gehou het. Dit sluit

die stene van so 'n geboë latei saam. Indien die sluitsteen uitgehaal word, stort die gedeelte rondom die venster of deur inmekaar. Die res van die gebou sal ook deur so 'n ineenstorting aangetas word.

So 'n sluitsteen is Jesus Christus, die Seun van God. Indien Hy uit die gemeente, uit die kerk gehaal word, bly daar niks anders as 'n bouval oor nie.

Dit kan maklik gebeur wanneer ons Hom vervang met menslike bekwaamhede en voortreflikhede in die gemeente en kerk. Al te dikwels word die organisasievermoë van een of meer persone in 'n gemeente as onmisbaar vir die voortbestaan van die gemeente stilswyend aanvaar. So word die gemeente met menslike krag kunsmatig bymekaar gehou. So word Christus as hoeksteen met die mens vervang en dan hou ons net 'n uiterlike organisasie oor en nie die lewende liggaam van Christus op aarde nie.

11 Julie. **Lees** Ef. 3:14-21. **Teks:** Ef. 3:16b.

VERSTERK IN DIE INNERLIKE MENS.

Die apostel bid hier dat die gemeente met krag versterk sal word deur die Gees van God in die innerlike mens.

Die krag van God is ontsaglik groot. Ons woord dinamo wat elektriese krag opwek, verwys na die woord wat die krag van God aandui. Vir daardie krag van God aan die mens, bid die apostel hier. Dit is 'n begrip wat van groot krag spreek. Dit is egter so dat Gods krag baie meer is as enige krag wat ons op aarde ken — selfs baie groter as die krag wat met 'n waterstofbom se ontploffing ontketen word. God openbaar hierdie ontsaglike krag van Hom nie net in die skepping van die wêreld uit niks nie, maar ook in die herskepping van die mens deur Christus.

Hy bid dat die gemeente met dié krag van God in Christus versterk sal word in die innerlike mens. Dit is opvallend dat die apostel nie hier bid vir die versterking van die uiterlike mens nie. Dit is ook nie nodig nie, want die innerlike en uiterlike, of ons kan ook sê die liggaamlike en geestelike, is twee kante van dieselfde mens. Albei is sondig. Die apostel weet egter as hy vra dat die mens na die innerlike versterk word, daarmee vanselfsprekend ook die uiterlike van die mens saamgaan. Ons kan die mens nie uitmekaar haal en sê hier het ons die uiterlike en daar die innerlike van die mens nie.

Indien dus gebid word dat die innerlike van die mens met die krag van God versterk word, het dit ook betekenis en waarde vir die vleeslike of uiterlike van die mens. Die krag van God stel die mens na die innerlike en so ook die uiterlike daartoe instaat om die mag van die sonde te bestry.

Alle gelowiges het dit nodig. God skenk dit in Christus deur sy Gees aan ons.

12 Julie. **Lees** Ef. 3:14-21. **Teks:** Ef. 3:17a.

CHRISTUS BEWOON DIE HARTE.

Indien ons 'n huis betrek sal ons as voorwaarde stel dat dit leeg en skoon moet wees. Ons bewoon nie graag 'n vuil huis nie en nog minder 'n huis wat ons saam met ander mense moet deel. In 'n huis wat deur twee families bewoon word, is daar altyd probleme, struwelinge en onenigheid.

Ons hart is ook in 'n sekere sin 'n woning. Dit is nooit leeg nie. Ons kan bepaal wie daarin sal woon en ook hoe skoon ons dit aan die bewoner sal gee. Die inwoner van ons hart kan ons eie krag, ons selfvertroue, ons strewe na rykdom en eer wees. Dit kan ook ontsier word deur eiegeregtigheid en eiewilligheid. Ons kan egter deur geloof ons hart vir die inwoning van Christus oopstel. Die enigste voorwaarde is dat dit skoon en leeg moet wees van ander inwoners. Hy kan ons hart nie saam met ander bewoon nie.

Indien ons aan Christus in ons hart inwoning aanbied, sal ons Hom daarin tuis moet maak. Ons sal ons hemelse gas nie bedroef en verontrief nie. Hy het aanspraak op ons respek en goeie behandeling. Hy lewe dan in ons.

Hy is egter nie net ons gas nie, maar ook ons Here en Meester. Daarom sal ons Hom ook gehoorsaam wees. Hy sal ons hart dan versier met die skoonheid van God se genade en liefde.

Indien ons Christus in die geloof toelaat om so in ons hart te woon, sal Hy 'n onbreekbare band met ons smee. Daarom laat vaar Hy nooit die werke wat Hy begin het nie. Daarom sal Hy nooit ons hart verlaat, tensy ons Hom daaruit verdryf nie.

Bewoon Hy ons hart, het ons vrede by God en sal ook ons aardse lewe veel draagliker en vreugdevoller wees. Die voorwaarde is slegs dat Hy alleen ons hart bewoon en nie ook ander daarin toegelaat sal word nie.

13 Julie. **Lees** Ef. 6:1-7. **Teks:** Ef. 6:2.

GESAG.

Wanneer ons die vyfde gebod hoor, dink ons onmiddellik daaraan dat ouers gehoorsaam en geëer moet word en dat dit met die kinders goed sal gaan op aarde en in die lewe hierna.

Daar is egter 'n ander kant van hierdie gebod wat ons nie dadelik insien nie. Aan die ouers word mag oor die kinders gegee. Die gesinslewe word hier onder die tug en troos van die geloof in Christus gestel. Kinders word hier, solank hulle onmondig is, deur God toevertrou aan die sorg en opsig van die ouers. Hulle is ten opsigte van hulle kinders teenoor God verantwoordelik. Hierdie verantwoordelikheid mag hulle nie so sonder meer aan ander instansies oordra nie. God dra hier sy mag gedeeltelik oor op die gesin en uit die gesin bou Hy vir Hom 'n gemeente.

Indien hierdie mag wat God aan die ouers oor hulle kinders gee, nie deur die ouers gebruik en deur die kinders aanvaar word nie, kry ons die sogenaamde permissiewe gemeenskap. Dit is die gemeenskap waar mag en gesag ontbreek en die kinders toegelaat word om te doen wat hulle wil. Dit is dus in wese die ouers wat permissie gee dat die kinders kan doen wat hulle wil omdat hulle onbekwaam geword het om hulle Godgegewe gesag oor hulle kinders uit te oefen. Waar hierdie noodsaaklike gesagsverband ontbreek, lei dit tot die verbrokkeling van die gesonde gesinslewe en die ontkenning van alle vorme van gesag. U kan u voorstel tot watter wanordelikhede so 'n houding en toestand aanleiding kan gee.

Dit is die ouer se plig en voorreg om die gesag en mag wat God hom gegee het, met oorleg en wysheid uit dankbaarheid te gebruik. Doen ons dit, hoef ons nie daaraan te twyfel dat ons kinders hulle weer in hulle ouerhuise tuis en veilig sal voel nie.

14 Julie. **Lees** Ef. 6:10-17. **Teks:** Ef. 6:11a.

DIE WAPENRUSTING VAN GOD.

Wapenrusting moet altyd versorg en gereed wees vir onvoorsiene omstandighede. 'n Geroeste en ongeoliede geweer is nutteloos wanneer dit skielik in 'n noodtoestand gebruik moet word.

In ons tyd grens dit aan selfmoord indien 'n land nie 'n goed georganisasie en toegeruste weermag besit nie. Al dien dit dan net as afskrikmiddel. Dit is soos 'n assuransiepolis, bedoel vir die onvoorsiene oomblik. Die uiterlike vrede word bewaar.

Daar word egter in ons tyd op 'n breër gebied as net die uiterlike en sigbare, oorlog gevoer. Die apostel Paulus omskryf dit soos volg: „Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug". As dit in die tyd van die apostel so was, is dit nog meer so in ons tyd. Dit was en is nog steeds 'n onsigbare stryd teen die geloof en alles wat daarmee saamgaan.

In hierdie stryd word aan die Christenstryder die volle wapenrusting van God aangebied. Let wel, God verskaf die wapenrusting. Aanslae op die geestesbesit kan daarmee afgeweer word. In hoofsaak bestaan hierdie wapenrusting volgens de apostel Paulus uit die geloof in God wat Hy aan ons gegee het. Hierdie geloof moet versorg word soos ons 'n geweer sal versorg. Ons moet die middele deur God daarvoor bestem, gebruik — hulle is die aanhoor van die gepredikte Woord en die gebruik van die heilige nagmaal en die doop.

Die bedekte aanvalle op die geloof van die Christen in ons tyd, maak dit noodsaaklik dat die geloof versorg sal wees sodat ons weerstand sal kan bied in die dag van onheil. Uiterlike tekens is egter aanwesig en sigbaar dat ons die versorging van die geloof as onbelangrik beskou. Dit is gevaarlik. Dit is noodsaaklik dat u die volle wapenrusting van God sal opneem en versorg.

15 Julie. **Lees** Jak. 1:1-18. **Teks:** Jak. 1:2-3.

DIE BEPROEWINGE EN VERSOEKINGE.

Die skrywer van hierdie brief is in alle waarskynlikheid Jakobus, die broer van die Here, die leiersfiguur in die gemeente van Jerusalem. Die brief is gerig aan die twaalf stamme in die verstrooiing. Dit was Christengelowiges wat uit Jerusalem en Palestina verdryf is en in die vreemde vertoef het. En hierdie mense het baie beproewinge moes deurstaan.

Maar dan skryf Jakobus aan hulle: „Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerlei versoekinge val." Hiermee wil hy eintlik sê: „Ag dit die hoogsdenkende vreugde wanneer julle in allerlei beproewinge val."

Maar hoe kan 'n mens die beproewinge wat oor hom kom die hoogsdenkbare vreugde ag? Kyk, agter al die beproewinge van die lewe sien die gelowige, om Christus se ontwil, die Vaderhand wat alles bestuur. En deur die beproewinge wil die Vader steeds die slegte afvalstowwe uit ons lewe wegsuiwer totdat uiteindelik die suiwere goud van die ware geloof sal skitter. En dit is mos vir die mens 'n bron van hoogste vreugde om te mag weet: Deur die beproewinge is die Vader met my besig, besig om alles wat verkeerd is in my lewe uit te werk.

En dan sê Jakobus verder: „. . . omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid werk." En onder „lydsaamheid" moet ons nie 'n soort lydelikheid om maar die swaar juk geduldig te dra, verstaan nie. Die woord „lydsaamheid" beteken hier eintlik volharding, om sterk te wees. Ja, die beproewinge uit die hand van die Here maak ons sterk, gee ons standvastigheid en volharding.

En langs die weg van lydsaamheid wil die Vader ons meer en meer suiwer totdat ons is soos Hy ons wil hê, totdat hy eendag die suiwere goud in sy hemelse skatkamers bêre vir ewig. Wat 'n genade, wat 'n vreugde!

16 Julie. **Lees** Jak. 1:19-27. **Teks:** Jak. 1:22-25.

DADERS VAN DIE WOORD.

Die apostel Jakobus staan bekend daarvoor dat hy hom steeds veral toegespits het op die praktyk van die jong Jerusalemse gemeente. In die gelese Skrifgedeelte bring Jakobus twee mense uit die midde van die gemeente voor ons oog.

Hierdie twee mense is albei kerkgangers wat gereeld luister na die Woord van die Here. Daar is egter 'n duidelike onderskeid tussen hulle. Die een man kyk in die spieël van Gods Woord. Hy sien homself soos wat hy werklik lyk. Hy kyk in die donker dieptes van sy bestaan. Hy skrik. Lyk hy werklikwaar so? Maar spoedig begin hy sy beeld verfraai: „Ag, so erg is dit darem nie. Jakobus is maar 'n pessimis." En hierdie man het weggegaan. En hy het gou vergeet hoe hy gelyk het.

Maar daar is ook nog 'n ander kerkganger. Hy sien sy eie beeld in die spieël van God se Woord. Lyk hy weliswaar so? En hy kom diep onder die besef van sy ellende, van sy aakligheid. Maar kyk, terwyl hy nog met inspanning, bewus van sy verlorenheid, staar na die beeld in die spieël, kom daar 'n ander beeld na vore. En hierdie beeld word al sterker totdat dit uiteindelik die gedrogbeeld van sy lewe totaal oorheers. Dit is die beeld van die verloste lewe in Christus.

En hoe meer hy hom in hierdie beeld verdiep, hoe meer word hy gedwing tot gehoorsaamheid aan hierdie Christus. En dan besef hy: Wat 'n voorreg, wat 'n geluk om, uit dankbaarheid, nie net die Woord te hoor nie, maar dit ook te doen.

Wees dan waaragtiglik 'n dader van die Woord en nie net 'n hoorder wat homself bedrieg nie.

17 Julie. **Lees** Jak. 2:1-13. **Teks:** Jak. 2:5.

AANNEMING VAN DIE PERSOON IS VERKEERD.

In die erediens bestaan die gevaar dat alleen op die uiterlike gelet word. Op hierdie gevaar wil Jakobus die gemeente baie pertinent wys.

Veronderstel daar kom 'n man in die vergadering (waarskynlik die erediens) met ringe aan sy vingers en 'n pragtige kleed aan, en daar kom ook 'n arm man met vuil klere aan. En veronderstel die gemeentelede sien op na die ryk man en gee hom die beste sitplek terwyl die arm man moet staan of by die voete sit. Dan het hulle met verkeerde oorlegginge geoordeel. En dan sê die apostel: „Het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van

die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie." Ja, ons hoor ook hier 'n deel van die lofsang van Maria: „Maghebbers het Hy van trone afgestoot en nederiges verhoog. Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur."

Ons moet altyd onthou: Iemand se rykdom bring hom nie nader aan God nie, iemand se armoed hou God ook nie van hom af weg nie. Dit gaan nie in hierdie lewe om rykdom of armoed nie, dit gaan om die verhouding waarin die mens tot die Here Christus te staan gekom het. Ja kyk, in Jesus Christus het God diegene wat arm is aan hulleself, ryk gemaak in die geloof, die wat Hom liefhet erfgename gemaak van sy ewige koninkryk. Diegene wat in nederige afhanklikheid, in liefde tot die Heer wil lewe, daardie mens ontvang die rykdom van die geloof, die onuitspreeklike weelde van die koninkryk van God.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is!

18 Julie. **Lees** Jak. 2:14-26. **Teks:** Jak. 2:18.

NUTTELOOSHEID VAN GELOOF SONDER WERKE.

In die voorgelese Skrifgedeelte wil Jakobus wys op die verhouding tussen geloof en goeie werke.

Veronderstel daar kom iemand na vore wat sê: „Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke en ek sal jou uit my werke my geloof toon." En dan noem Jakobus verskillende voorbeelde om aan te toon dat geloof en werke saamgaan, dat dit nooit van mekaar geskei kan word nie, ja, dat die geloof sonder die werke dood is.

Hierdie Skrifwoord mag ons egter nooit verstaan soos die Roomse Kerk dit doen nie, naamlik dat die mens deur sy goeie werke gered word, dat die goeie werke voorwaarde is vir die mens se saligheid nie. Die mens word gered deur die geloof alleen, maar dit moet so 'n geloof wees wat deur die werke van dankbaarheid geopenbaar word. Die goeie werke moet die noodsaaklike en onafskeidelike vrug en waarmerk van die geloof wees. Dit kan dus nooit gebeur dat een mens die geloof het en 'n ander mens die goeie werke nie. Die persoon wat die woorde van ons teks sou uitspreek: „Jy het die geloof en ek het die werke," moes dus onder 'n algehele misverstand verkeer het.

Daarom moet ons altyd onthou: Om net maar staat te maak op die doen van die werke soos die Fariseërs van ouds, sonder om die Verlossingsevangelie van Christus werklik te glo, is fataal. Maar om aan die ander kant net maar vas te hou aan 'n blote belydenis van die geloof sonder om iets te doen, om bloot verstandelik te glo sonder om met jou lewe daarop te antwoord is nutteloos. Ja werklik, geloof en werke gaan saam, geloof sonder die werke is dood.

19 Julie. **Lees** Jak. 3:1-12. **Teks:** Jak. 3:5.

BEHEERSING VAN DIE TONG.

In die gelese Skrifgedeelte roep die apostel Jakobus die gemeente op om hulle tonge te beheer. Want die tong is so 'n klein liggaamsdeeltjie wat sulke groot dinge kan vermag.

En dan gebruik hy eers twee beelde om die positief-beheersende mag van die mensetong uit te druk. Ons sit stange in die perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam kan wees en ons stuur hulle hele liggaam

daarmee. Kyk ook na die skepe. Hoewel hulle groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word hulle gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil.

Maar dan wys die apostel ook op die ontsettende gevare van 'n onbeheersde tong: „Kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Ja, die ganse menselewe kan deur die tong verwoes word. En dit is die satan self wat steeds besig is om die vuur van die mensetong brandende te hou.

„Die tong is 'n vuur," sê Jakobus. En dan lees ons in Handelinge 2: „Die Heilige Gees het neergedaal in tonge soos van vuur". Mag dit tog so wees dat ons tonge steeds in besit geneem sal word deur hierdie vuur, die vuur uit die hemel, die vuur van die Heilige Gees. Dan word ons tonge instrumente in die hande van die Here, instrumente wat die groot dade van God in Christus Jesus verkondig. En dan word ons lewens vol godsvrug, brandende godsvrug tot die eer van sy Naam.

20 Julie. **Lees** Jak. 4:13-17. **Teks:** Jak. 4:15.

ONSEKERHEID VAN MENSLIKE PLANNE.

Hier waarsku die apostel Jakobus die gemeente teen 'n sonde waaraan ons ons van dag tot dag skuldig maak. Ons besluit naamlik dikwels: „Vandag of môre sal ek na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak." En dan wys die apostel daarop dat ons nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want ons lewe is maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn.

En kyk, hiermee wil die Woord van die Here nie vir ons sê dat ons nie mag beplan en beraam vir môre en vir die toekoms nie. Ons moet beplan en beraam vir die toekoms, maar ons moet steeds onthou: Ons ganse lewe is wisselend en onseker. Alleen in God, ter wille van Christus, is daar vir ons vastigheid en sekerheid. Ons lewe en al ons tye rus in sy Vaderhand. Ons lewe solank as dit God behaag, al ons dade staan onder die bestuur van sy voorsienigheid. Daarom moet ons steeds lewe met 'n gevoel van diepe afhanklikheid voor God onse Vader. Daarom moet ons eers boontoe kyk en daarna vorentoe kyk. Ja, die woorde van ons teks moet steeds in ons harte bly leef: „As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen."

„As die Here wil . . . " Laat ons hierdie woorde onthou. Maar laat ons ook waak om met hierdie woorde te verval in oppervlakkigheid, om dit net uit te spreek uit „gewoonte of bygelowigheid". Laat die woorde „As die Here wil . . . " onse ganse lewenshouding regeer. Dan sal ons bewaar word van 'n misplaaste selfversekerheid, dan sal dit ons voer tot 'n diepe gerustheid in God, deur Jesus Christus, die Here.

21 Julie. **Lees** Jak. 5:1-11. **Teks:** Jak. 5:8.

WEES GEDULDIG.

Die gemeente in Jerusalem sou ook dae van beproewinge ken. Daar was naamlik in Jerusalem 'n sekere groep ryk mense onder wie die gemeentelede, wat grotendeels arm was, baie gely het. En dan roep

Jakobus die gemeente op om hulle roeping onder hierdie omstandighede te ken.

„Julle moet geduldig wees . . . " En hiermee roep die apostel die gelowiges nie maar op tot 'n passiewe kalmte, tot 'n soort gelatenheid nie. Die geduld wat hier gepredik word is doelgerig. Dit is nie 'n swakheid nie maar 'n krag. Dit sien vooruit na die toekoms van de Here. Dit is 'n nederige buig voor die alwyse beskikking van God in die sekerheid van die genadeloon wat wag.

„Versterk julle harte . . . " Sommige van die gelowiges het moontlik soos Asaf van ouds byna gewankel by die aanskouing van die welvaart van die goddelose. Daarom roep hy hulle toe: „Wees sterk in julle innerlike, wees kragtig in die geloof."

En let dan ook op die voorbeeld van die landman: Nadat hy sy werk gedoen het, wag hy geduldig op die koms van die reën. Net so moet die gelowiges, nadat hulle hulle roeping volvoer het, wag op die koms van die Here. En dan moet hulle ook onthou: Die wagtyd is kort, die wederkoms van die Here is naby.

As ons dan ook in dae van stryd en beproewinge verkeer, moet ons onthou: Daar is Een wat, versterk in die hart, geduldig was tot die dood toe vir elkeen van ons. Kom na Hom toe. By Hom vind u krag en genade om u roeping te vervul: Geduldig in die stryd, doelgerig op die pad vorentoe, sterk in die geloof. En as u u roeping volvoer, kan u die res maar in die hande van die Here laat, terwyl u altyd onthou: Die wederkoms van die Here het in ons dag nader gekom; die genadeloon is onuitspreeklik groot.

22 Julie. **Lees 1 Joh. 1:1-7.** **Teks: 1 Joh. 1:1.**

SONDER TWYFEL.

Baie van hierdie brief sal vir ons moeilik verstaanbaar wees as ons die agtergrond waarteen dit geskryf is, uit die oog verloor. Dit sal goed wees om by die lees van die brief te onthou dat daar diegene was wat nie wou bely dat „Jesus Christus in die vlees gekom het nie." Vir hulle was die mensheid van die Here nie egte mensheid nie maar slegs skynmensheid.

Nou wil Johannes baie duidelik die teendeel verkondig. Hy skryf oor Hom wat hulle gehoor het, gesien het, en met die hand betas het. Hy en ook ander het Hom met „geloofsoë" gesien, maar ook met hulle „eie oë" gesien. Hulle was oor- en ooggetuies van sy woorde en dade aan albei kante van die graf. Voor sy kruisdood was hulle drie jaar lank hoorders en aanskouers van sy woorde en dade. Na sy kruisiging en opstanding het hulle Hom hoor sê: „Voel aan My en kyk." Vir Thomas het Hy gesê: „Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy". Hulle is oog- en geloofsgetuies van Jesus Christus gemaak.

Hulle is getuies gemaak om getuienis te gee van Hom wat hulle aan albei kante van die graf lewend gesien het. Deur die geloof getuig hulle „van die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is."

Deur die verkondiging van Hom, die Woord van die lewe, en deur sy genade mag daar met Hom geloofsgemeenskap tot stand kom. Deur die geloof in Hom mag die gemeente van toe en tans deelgenote word aan die lewe wat in Jesus Christus geopenbaar is.

Die geloof in Hom berus nie op 'n ydele menslike verbeeldingsvlug nie. Dit berus op Hom wat sonder twyfel gekom het „in die vlees".

23 Julie. **Lees** 1 Joh. 1:8-2:2. **Teks:** 1 Joh. 1:10.

SONDER SONDE?

Klaarblyklik was daar aan die gemeente diegene bekend wat gesê het dat hulle geen sonde het nie. Ook ons hoor af en toe dat iemand so iets sê.

Johannes weerlê so 'n bewering met baie skerp woorde: „As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie." Vroeër het hy gesê dat indien ons dit beweer ons onsself mislei en die waarheid nie in ons is nie. Hier gaan hy egter verder en sê dat God tot leuenaar gemaak word as ons sê dat ons nie gesondig het nie. Met so 'n bewering maak ons asof dit oorbodig was dat Jesus vir sondaars gesterf het. Daarmee word die wese van die genadige handeling van God met die mens en die wêreld misken en ontken. Die kruis en die gekruisigde word waardeloos geag en beskou as 'n leuen. Watter betekenis het die sondevergiffenis vir die sondelose? Word God nie deur die bewering gelyk geag met die duiwel wat die vader van die leuen is nie?

Sterker kan die hooghartigheid van hulle wat sê dat hulle sonder sonde is nie afgewys word nie. Hulle verset hulle direk teen die God wat met sy ganse wese ingetree het vir 'n sondige wêreld. Nou sal ons dalk nie beweer dat ons sonder sonde is nie.

Bring ons skuldbesef ons egter tot skuldbelydenis? Maak die manier waarop ons soms sê dat ons sondaars is dit nie vir ons dalk moontlik om nie waarde te heg aan die kruisgenade van Jesus Christus nie?

As dit so is, sê Johannes vir ons: Pasop vir die leuen. Gods Seun het vir die sondaars gesterf. Ons is die sondaars.

24 Julie. **Lees** 1 Joh. 2:3-17. **Teks:** 1 Joh. 2:4.

SONDER GELOOFSWERKE?

Aan die een kant het die gemeente met die dwaalleer in aanraking gekom wat sê: Ons het geen sonde nie. Nou het Johannes hulle daarop gewys dat dit 'n ontkenning is van Gods genade wat aan die kruis van sy Seun geopenbaar is. As iemand nie deur die geloof weet wat God in sy Seun vir ons gedoen het nie sal hy ook nie deur die geloof aangespoor wees om in dankbaarheid voor Hom te lewe nie.

Aan die ander kant was daar die lewenspraktyk wat uit hierdie dwaalleer voortgevloei het. Dit was die lewenspraktyk waarin dit moontlik was om die gebooie van God te ignoreer; om God nie lief te hê nie en ook die naaste nie.

Beide hierdie dwaalleer en hierdie verkeerde lewenspraktyk word afgewys as leuens. „As ons sê dat ons geen sonde het nie mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie." „Hy wat sê: Ek ken Hom —

en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie." Albei hou nie rekening met die betekenis van die kruis van die Here nie en is vreemd aan die evangelie.

Die teenoorgestelde hiervan, naamlik om Christus te ken, beteken om hier op aarde in die juiste verhouding tot Hom en in gemeenskap met Hom te lewe. Wie in gemeenskap met Hom lewe sal in trou en wederliefde uit dankbaarheid sy gebooie bewaar. Deur sy Woord en Gees wil Hy ons self op hierdie weg lei en ons die genade gee om as nuwe mense daarop te wandel.

Dié deur die geloof dankbare mens sal deur genade sy gebooie bewaar. Die kruisliefde van Christus dring hom daartoe.

25 Julie. **Lees** 1 Joh. 2:18-29. **Teks:** 1 Joh. 2:22-23.

SONDER DIE WARE GOD.

Nogeens praat Johannes oor 'n leuenaar. Hy het reeds gepraat oor die leuenaar wat sê dat hy geen sonde het nie en oor die leuenaar wat sê dat hy God ken maar nie sy gebooie bewaar nie. Hierdie keer vra hy: Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is?

Johannes praat oor die Jesus wat in Betlehem gebore is en wat later aan 'n kruis gesterf het. Dit gaan vir hom om die Jesus wat 'n mens van vlees en bloed geword het. Daardie Jesus is die Christus, die Seun van God. Wie dit ontken is die leuenaar. Meer nog: Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie. Hy is sonder God — Godverlate. Hy is nie Godverlate omdat God hom verlaat het nie, maar omdat hy Hom verlaat het in wie God Homself geopenbaar het. Wie nie uit volle oortuiging Jesus as die Christus bely nie, is sonder die Vader en sonder gemeenskap met Hom. Die ontmoeting met God is alleen moontlik deur die geloof in Hom in wie se persoon die waaragtige God en die waaragtige mens mekaar ontmoet het.

Op die wyse stel Johannes ons voor die vraag of die God in wie ons glo en tot wie ons bid die God is wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het. Alle gode wat ons buite Hom mag ken, is nie waarlik God nie, en by hulle is niks waardevols te soek of te vind nie.

Dit skryf Johannes sodat die gemeente nie mislei word nie. Dit is ook vir ons nodig om dit opnuut te hoor.

26 Julie. **Lees** 1 Joh. 4:1-6. **Teks:** 1 Joh. 4:1-2.

SONDER DIE GEES.

Die gemeente aan wie Johannes skryf, het die geleentheid gehad om na meer as een „evangelie" te luister. Dit kon die vraag laat ontstaan watter een **die evangelie** is. Klaarblyklik was daar groot verskille tussen die evangelies wat hulle kon aanhoor. Wat die een swaar wil beklemtoon, ontken die ander met nadruk.

Meer nog: Albei beroep hulle skynbaar op die Gees van God. Nou sal die Heilige Gees nie twee botsende „evangelies" aan die gemeente voorhou nie. Waar twee „evangelies" gepreek word, is daar ook 'n ander gees aan die werk naas die Gees van God.

Daarom skryf Johannes: Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees

wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie.

Die gemeente moes **die evangelie** tussen die „evangelies" kon uitken. Hulle moes die geeste beproef. Die Gees van God getuig van die Seun van God wat in die vlees gekom het en sonder wie ons die Vader nie het nie en wat getrou en regverdig is om ons sonde te vergewe as ons dit bely. Elke ander „evangelie" is sonder die Gees. Elke ander geloof is bewerk deur 'n ander gees en is eintlik ongeloof en is nie die regte verhouding tot Hom in wie alleen ons die lewe kan hê nie.

27 Julie. **Lees** 1 Joh. 4:7-21. **Teks:** 1 Joh. 4:8.

GOD IS LIEFDE.

Nadat Johannes breedvoerig gepraat het oor die God in wie daar geglo moet word, praat hy nou verder oor die lewe-uit-die-geloof en oor „die liefde as die kenmerkende en allesbeheersende van so 'n lewe." Hy sê: „Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want **God is liefde.**"

Hierdie uitspraak dat God liefde is, is seker een van die troosvolste uitsprake van die Bybel maar miskien ook een van die mees misverstane uitsprake. Soms kry 'n mens die indruk dat die woord so verstaan word asof dit sou beteken dat die **liefde** God is. Die liefde wat dan God sou wees is min of meer die hartstog. In die naam van die soort liefde word 'n vrou en kinders verstoot omdat daar liefde vir 'n ander vrou gekom het. In die naam van die liefde word daar gemoor omdat daar 'n derde persoon in die pad van die liefde is. Wat word nie alles gedoen en toegelaat omdat daar liefde is nie? Daar staan mos geskrywe dat die liefde alles bedek.

Wanneer Johannes egter sê dat God liefde is bedoel hy heeltemal iets anders. Hy sê: ‚Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe." Hiermee word die regverdige en genadige optrede in en deur Jesus Christus beskrywe. Ongenooid en ongevraagd het Jesus Christus uit liefde gekom as die Verlosser. Wat Hy vir die wêreld gedoen het, het Hy uit liefde gedoen.

In verwondering oor die liefde moet ons Hom liefhê en ons naaste liefhê met die liefde wat sy oorsprong in God het en wat Hy wil skenk.

Sal ons dié haat wat die geliefdes van God is? „Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde."

28 Julie. **Lees** 1 Joh. 5:1-21. **Teks:** 1 Joh. 5:4b.

DIE OORWINNING.

Johannes praat hier van de oorwinning wat die wêreld oorwin het. Iemand het daarop gewys dat hy nie die uitspraak gemaak het nadat die kerk reeds miljoene lidmate gehad het nie. Destyds was die getalle van die kerk nog klein en op die meeste plekke was die voortbestaan van die kerk skynbaar erg bedreigd gewees deur dwaalleer of deur geweldenaars. Lyk dit nie na oormoed as iemand toe reeds van oorwinning praat nie?

Johannes praat egter nie van oorwinning oor die wêreld omdat hy voorsien het dat die kerk baie sal groei nie, maar omdat hy Jesus Christus deur die geloof geken het. Wie in Christus glo, behoort aan Hom wat die wêreld reeds oorwin het en deur sy genade mag hy in die geloof mede-oorwinnaar wees. In die evangelie volgens Johannes kan ons lees dat Jesus gesê het: „In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin." Hy wat in Hom glo, leef reeds vanuit die krag van sy oorwinning. Die geloof wat Hy skenk en wat Hy in ons harte werk is sterker as die verleiding van die dwaalleer en sterker as die verlokking van 'n liefdeloos ondankbare lewe en ook sterker as die bedreiging van die geweldenaar. Ja, die Satan self met 'n mooiklinkende verdraaide Bybelwoord in die mond kon nie standhou voor Jesus Christus nie. Selfs die geweld van die kruisiging en die dood kon oor Hom nie triomfeer nie. Hy het dit alles reeds oorwin:

Gods vyande in die wêreld is verslane vyande. Wie deur sy genade in Hom glo, het deur die geloof reeds oorwin. Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin.

29 Julie. **Lees** 2 Joh. 1-6. **Teks:** 2 Joh. 6.

VOEG DIE DAAD BY DIE WOORD.

God het eenmaal deur die mond van die profeet Jesaja vir die volk Israel gesê: Hierdie volk eer My met die lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou. In sy eerste brief vind Johannes hierdie selfde vermaning nodig wanneer hy vir die gemeente sê: „My kinders laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in die waarheid."

Wanneer ons bely dat ons God liefhet en ons dade is nie dienooreenkomstig nie, dan was dit 'n valse belydenis. Die ware liefde moet geopenbaar word in die daad, en wel in die doen van die dinge, nie wat ons self goed vind nie, maar wat God ons gebied. Die ware liefde is gerig op die gebooie van die Here. Dit is die gehoorsaamheid aan die gebooie van God. Waar die gehoorsaamheid aan Gods gebooie ontbreek, daar is ook nie die ware liefde nie. Liefde is nie maar net 'n blote gemoedsgesteldheid nie, maar 'n innerlike krag wat die hele mens beheers en die mens na die gebooie van God laat handel. Johannes plaas die klem op die woord wandel volgens sy gebooie. Hiermee word nie bedoel om die saligheid met goeie werke te verdien nie. Hierdie wandeling volgens sy gebooie, hierdie doen van goeie dade, is liefde wat ons teenoor God betoon uit dankbaarheid omdat God ons eerste liefgehad het en in Jesus Christus na ons toe gekom. Die gebooie van God gebied ware, werksame, ontfermende, hulpaanbiedende liefde.

30 Julie. **Lees** 2 Joh. 7-13. **Teks:** 2 Joh. 7.

WAARSKUWINGS TEEN DWAALLERAARS

In die volgende paar verse (7-11) rig Johannes 'n waarskuwing teen die valse leraars wat rondgaan en 'n verkeerde leer verkondig. Dit gaan hier om die ontkenning dat Jesus Christus in die vlees gekom het. Hierdie leraars het nie ontken dat Jesus geleef het nie, maar dat Hy meer as net mens was, wou hulle nie aanvaar nie. Sommige

het gesê dat na die doop van Jesus het die Christus op Hom neergedaal in die gedaante van 'n duif en dat Hy toe die Vader verkondig het en wonders gedoen het. Maar, aan die einde het hierdie Christus van Jesus weggevlieg sodat Jesus wel gekruisig is, maar Christus, wat Gees is, het sonder lyding gebly. Hierdie ontkenning dat Jesus Christus een en dieselfde persoon is en in sy volheid vlees geword het, het verreikende gevolge. Wanneer geloën word dat Jesus Christus die Seun van God is, dan tas dit ook die vaderskap van God aan. Wanneer Jesus nie die Seun van God is nie, vlees geword het en vir ons die dood ingegaan het nie, dan is daar ook geen sprake meer van die vaderliefde van God nie. En nou vermaan Johannes die gelowiges om hulle nie deur hierdie mense te laat oorheers nie. Hulle is verleiers wat die regte weg byster geraak het en hulle probeer om ander ook van die regte weg, weg te voer. Die karakter van die verleier, wat die mense na die ewige verderf voer, is dieselfde as die antichris wat die Christus verwerp en die Christus loën soos Hy gekom het en sal kom. Met hierdie loëning is alle heil verlore en wag daar niks anders as ondergang nie. Dan is daar geen versoening en geen verlossing nie. „Elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God."

31 Julie. **Lees** 2 Petrus 3:1-18. **Teks:** 2 Joh. 8.

MOENIE DIE DINGE WAT DEUR DIE SUIWERE VERKONDIGING VAN DIE WOORD TOT STAND GEKOM HET, VERWAARLOOS NIE.

Die apostel bedoel hier dat hulle en die ander wat voor hulle gekom het in die streek die evangelie verkondig het, en dat hulle inderdaad ook vrug op hulle arbeid ontvang het. Wanneer hierdie mense hulle nou deur dwaalleraars laat verlei, die sigbare koms van Christus loën, gaan lewe volgens eie begeerlikhede, nie meer wandel volgens die gebooie van God nie en die liefde versaak, dan gaan die werk van die evangelieprediking verlore. Die gemeente hou dan op om die gemeente van Christus te wees. Daarvoor moet hierdie gemeente altyd op hulle hoede wees. En daarom moet elkeen ook op homself let. Moet elkeen let op sy geloof en op sy lewe.

Die wat die evangelie verkondig het, het nie vir hulleself gewerk nie, maar hulle het die heil gesoek van diegene aan wie hulle die Woord gepreek het. Dit het vir hulle om die behoud van mense gegaan sodat hulle die versoening en die volle verlossing deelagtig mag word.

Johannes praat hier van loon, nie in die sin van verdienste wat deur die gelowiges verwerf word nie. Want, die versoening van die sondes, die verlossing en die saligheid is enkel en alleen 'n genadewerk van God om Christus ontwil. Die gelowiges staan ook nie passief in die diens van die Here nie. God gebruik die arbeid van mense in sy diens en Hy wil dit met sy seën bekroon as vrug van hulle arbeid.

1 Augustus. **Lees** 3 Joh. 1-8. **Teks:** 3 Joh. 6.

GASVRYHEID

In die gemeente aan wie Johannes hierdie brief geskryf het, het daar soms mense van elders aangekom wat die evangelie verkondig het. Hulle was predikers van Jesus Christus en hulle het die woord gevoer by die samekomste van die verskillende gemeentes waar hulle gekom

het. Hulle het ook by die gemeente opgedaag waar Johannes was en die gemeente daar toegespreek. By geleentheid van 'n gemeentelike samekoms het hulle ook van hulle verblyf by Gajus gepraat en getuig van die groot gasvryheid en liefdevolle versorging wat hulle by Gajus te beurt geval het. Johannes het hom daaroor verheug en die geleentheid nie laat verbygaan nie om Gajus aan te spoor om steeds sulke gasvryheid te betoon wanneer die broeders weer by hom uitkom. Hierdie aansporing was nodig omdat daar in daardie gemeente iemand was met die naam van Diotrefes, 'n eersugtige mens wat heerser in die gemeente wou wees en baie ongasvry was teenoor besoekers wat die evangelie verkondig het. Gajus moes hom nie deur die verkeerde handelswyse en woorde van Diotrefes laat afsien van sy goeie daad nie. Deur so'n beloning van gasvryheid word God ook gedien en verheerlik. Gajus moes hierdie diens nie maar noodgedwonge doen nie, maar met die regte hart en gesindheid sodat sy liefde tot God en sy diens daarin openbaar kan word.

2 Augustus. **Lees** Hand. 4:1-12. **Teks:** 3 Joh. 7.

GEEN ANDER NAAM

In hierdie vers gee die apostel Johannes die rede en die grond aan waarom hy in vers 6 aangedring het om steeds gasvryheid te betoon teenoor diegene wat by die gemeente besoek aflê om die evangelie te verkondig. Die mense wat daar gespreek het, het in die Naam van die Here uitgegaan om Hom bekend te maak, „want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." In die lewe van elke mens gaan dit om hierdie groot saak: „En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het," (1 Joh. 3:23). Die Naam is die Here self soos Hy Hom geopenbaar het. Hulle verkondig die Here Jesus en die versoening en die heil wat God in Hom gee. Dit maak nie saak watter moeite of ontbering hierdie taak van hulle vra nie. Hulle is dienaars van die Here en hulle werk vir Hom deur sy evangelie bekend te maak. Maar, hierdie verkondigers het dit ook nodig dat hulle deur liefde tot God van ander mense in hulle werk gehelp en gedra word. Dit moet nooit vir hulle nodig wees om iets van die heidene, d.w.s. van hulle wat in Christus nie glo nie, te neem nie. Wie in Hom glo sal wel ook dit wat hulle s'n is, diensbaar stel om andere in sy diens te steun en voort te help.

3 Augustus. **Lees** 3 Joh. 9-15. **Teks** 3 Joh. 11.

HY WAT GOED DOEN, IS UIT GOD

Diotrefes was blykbaar 'n ampsdraer in die gemeente waartoe Gajus ook behoort het. Hierdie Diotrefes het geen goedgesindheid en gasvryheid teenoor ander reisende verkondigers van die evangelie betoon nie. Hy het die leiding in die gemeente waargeneem, maar hy het hom ook 'n baie groot mate van oppermag aangematig. Hy het sommige uit die gemeente geban en diegene verhinder om die broeders wat van elders af gekom het in hulle huise op te neem. Johannes vind dit nodig om oor die dinge te skryf. Johannes het al 'n vorige keer aan Diotrefes geskryf, maar Diotrefes het blykbaar nie die inhoud daarvan

aan die gemeente bekend gemaak nie. Die gevaar kan ontstaan dat Gajus hom ook kan laat meesleep uit vrees vir optrede van die kant van Diotrefes. Johannes beveel by Gajus aan om nie Demetrius, aangaande wie daar goeie getuienis gegee is, gasvrye opneming in sy huis te weier nie.

Die woord geliefde kom driemaal in hierdie brief voor. Volg die kwade nie na nie. Ook nie die van Diotrefes en die wat na hom luister nie, hoe mooi hierdie kwade, wat teenstrydig is met Gods gebod en die evangelie, ookal voorgestel word. Maar, volg die goeie na wat volgens Gods wil is en wat Hy ook geopenbaar het in die sending van sy Seun. Volg die goeie na, hoeveel moeite, ongemak, opoffering en stryd dit u ookal mag kos. Die wat die goeie doen is uit God gebore. Die wat egter die kwade doen, handel nie na Gods gebooie, het God nie gesien nie en het daarom ook geen werklike gemenskap met Christus nie, het geen oog vir daardie groot liefde van God toe Hy sy eniggebore Seun gestuur het nie.

4 Augustus. **Lees** Judas 1-25. **Teks:** Judas 20, 21.

OPBOU IN DIE GELOOF

Die waarskuwing van Judas gaan in hierdie brief teen die optrede van mense wat fatale gevolge het, nie alleen vir hulle eie individuele lewe nie, maar ook vir die hele gemeente as sodanig. Daar was mense wat skeurings veroorsaak het. In die gemeente het 'n sektariese groepsvorming plaasgevind en die dwaalleraars het vir hulle 'n aanhang uit die gemeente verwerf. Hierdie groepie het hulleself as die ware geestelike klas beskou en vanuit die hoogte het hulle neergesien op andere wat aan laer klasse behoort.

So 'n onderskeiding tussen hoër en laer klasse van gemeentelede mag in 'n gemeente nie voorkom nie. Die gemeente is in al sy lede die eiendom van Christus.

Die gemeente moet hom bewaar in die liefde van God. Hierdie bewaring in die liefde van God geskied wanneer die lede van die gemeente hulleself opbou in hulle allerheiligste geloof. Hierdie opbouing in die geloof kan alleen maar plaasvind as 'n opbouing van die gemeente as 'n geheel. Wanneer daar nie eensgesindheid in 'n gemeente is en die lede in liefde na mekaar omsien nie, dan ly die geloof van elke lid af, sonderlik ook swaar daaronder. Opbouing in die geloof is 'n geestelike groei sowel van die gemeente asook van die enkeling. Die apostel Paulus gebruik hierdie beeld van 'n bouwerk telkens in sy briewe. „Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle." Die ware geloof moet vir die gemeente as geheel en vir die lede afsonderlik die grondslag van hulle lewe wees en meer en meer word.

5 Augustus. **Lees** Lev. 1:1-9. **Teks:** Lev. 1:2.

OFFERANDES.

Nie net die Israelitiese godsdiens het offers geken nie, byna in alle godsdienste speel die offer 'n groot rol. Deur die offers kom gemeenskap tot stand. In Israel was daar 'n besondere verhouding tussen God en sy volk. God het 'n verbond met hulle gesluit. Hy het eerste tot hulle gespreek. En Hy wou hê dat hulle op sy woord sou ant-woord. Omdat God

Hom aan sy volk openbaar het, het die offer vir Israel 'n ander betekenis gehad as vir die volke. Israel het nie aan 'n vergoddelikte hemel, aarde, rivier of klip sy offerande gebring met die gedagte: Ek gee, sodat jy kan gee nie. Sodat die hemel sy reën gee, en die water en die aarde sy vrugbaarheid nie. Nee, as die Israeliet geoffer het, het hy al tevore ontvang. God het eerste gegee, al lankal gegee. Die offer is net 'n deeltjie wat uit dankbaarheid teruggegee word, 'n erkenning dat alles van God af kom en aan Hom behoort.

Die brandoffer word verbrand, onttrek van menslike gebruik, geheel aan God gewy en oorgegee. Priester of offeraar eet niks daarvan nie. Hier in die offerhandeling kon hulle God met hulle dank bereik, kon hulle gemeenskap met Hom hê en bowe-al, kon God hulle sondes versoen en vergewe. Ook in ons lewe as kerklidmate moet ons bly wees vir die voorreg om deur ons offergawe God met ons dank te bereik. Vergoed kan ons Hom vir sy weldade nooit. Ons kan alleen 'n deeltjie teruggee aan Hom wat sy Seun volkome vir ons geoffer het. Laat ons offergawe nie net geld wees nie, maar ons hele hart en siel en al ons kragte.

6 Augustus. **Lees** Lev. 10:1-7. **Teks:** Lev. 10:3.

DIE HERE IS 'N VERTERENDE VUUR.

In ons verhouding met ons medemense is daar min dinge wat so hinderlik en stremmend is as eiewilligheid en hardkoppigheid. Hoeveel te meer moet dit nie van God geduld verg as sy skepsel eiewillig en aan sy bevele ongehoorsaam is. Iets waar 'n mens nie altyd só oor dink nie, is dat God groot eise stel aan dié wat die naaste aan Hom staan. Wie veel ontvang het, moet oor veel verantwoording doen. Wie besluit om met God te wandel, wandel op die bergtoppe en asem die lug van Gods vryheid in, maar hy wandel terselfdertyd op 'n afgrond.

Nadab en Abihu, die seuns van Aäron, het nie vuur van die brandofferaltaar volgens voorskrif geneem nie. God het juis die voorskrifte gegee omdat Hy gedien wil word soos Hy gedien wil word. God word alleen geëer as dit op die wyse geskied waarop Hy geëer wil word. Aan eiewillige diens het Hy geen welgevalle nie. En: wie die naaste aan God staan, sal die sterkste sy heerlikheid ervaar. Hoe nader aan God, hoe heerliker en gevaarliker. Niemand het ons so na aan God gebring as Jesus Christus nie. In Hom het die koninkryk van God naby aan ons gekom. Niks is heerliker as om deur Hom tot God te mag gaan nie. Maar daar is ook geen groter verantwoordelikheid nie. Omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur (Heb. 12:28-29).

7 Augustus. **Lees** Lev. 10:8-15. **Teks:** Lev. 10:10.

HEILIG EN ONHEILIG.

Is al die voorskrifte vir die erediens waarvan ons in die boek Levitikus lees op ons van toepassing? Moet ons nog die offerandes bring soos dit vir Israel vanouds voorgeskryf was? Sekerlik nie. Maar is 'n boek soos Levitikus dan nie oorbodig nie. Die Nuwe Testament bring die vervulling van die Ou Testament, dit wil sê, dit sluit aan by die ou

dinge en bring dit op 'n hoër vlak. Ou en Nuwe Testament hoort bymekaar soos die twee dele van een sin. Neem 'n mens die eerste of die laaste deel van die sin weg, verstaan niemand die sin meer nie.

Ons moet luister na die grondgedagte wat agter hierdie ou wette sit. Die brief aan die Hebreërs is dié boek in die Nuwe Testament wat by die boek Levitikus aansluit en al hierdie dinge waarvan ons in Levitikus lees afbeeldsels en skaduwees van die hemelse dinge noem (Heb. 8:5). Dit wys alles in die rigting van die versoeningswerk van Jesus Christus. God openbaar Homself as 'n heilige God, een wat van die sonde afgesonder is en wat ook verwag dat sy volk van die sonde afgesonderd sal wees. Sonder heiliging kan niemand God sien en lewe nie. In sy heiliging van ons lewens eis God ons juis op, dat ons vir Hom sal lewe en Hom sal dien.

8 Augustus. **Lees** Lev. 16:1-10. **Teks:** Lev. 16:8.

EEN VIR ASASEL.

Iemand is die sondebok, sê ons in Afrikaans. Dit is een van die baie uitdrukkings wat ons taal aan die Bybel ontleen het. Op die Groot Versoendag word twee bokke na die hoëpriester gebring. Op die een wat vir Asasel, dit wil sê, vir die duiwel bedoel is, word die sonde van die volk gelê. Die sondebok dra dan die sonde weg. Die onreinheid, die sonde en skuld van die volk word op die bok oorgeplaas. Hy word dan na die woestyn weggestuur, daar waar niemand woon behalwe die woestyngeeste nie; so het hulle geglo word die sonde volledig onder die volk uit verwyder.

In latere tye het daar baie rites bygekom: die volk het die bok se wol uitgetrek, hom geprik, op hom gespoeg, hom aangejaag om gouer by sy bestemming te kom. Hulle het gemeen om maklik hulle sonde op die sondebok oor te plaas. Maar so oppervlakkig kan niemand sy eie sonde opneem nie. Dit kos meer as 'n bok vir Asasel. Die sonde is te diep gewortel in ons wese dat 'n mens dit eenvoudig op 'n dier kan oorlaai. Die diepte van ons nood het alleen aan die lig gekom toe God sy Eniggeborene nie gespaar het nie, maar ter wille van ons en ons sonde na die wêreld gestuur het. Hy het ons sonde op Hom gelaai. Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom. Maar soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders het Hy sy mond nie oopgemaak nie.

9 Augustus. **Lees** Lev. 16:29-34. **Teks:** Lev. 16:30.

TWEE HOËPRIESTERS.

Die Ou Testament vertel ons van die Israelitiese hoëpriester wat een maal in die jaar op die Groot Versoendag die Allerheiligste binnegegaan het met die bloed van 'n offerdier om vir die sondes van die volk versoening te doen. In die Nuwe Testament leer ons Jesus Christus ken as ons enigste Hoëpriester. Hy het ook 'n offer gebring, maar dit was nie die bloed van 'n dier nie, maar sy eie. In Israel was die hoëpriester en sy offer twee verskillende dinge, maar Christus was offeraar en offerande tegelyk. Hy het die eienskappe besit wat elke offerdier moes besit: Hy was rein en sonder gebrek. As hoëpriester en offer was Hy volmaak.

Christus het nie nodig gehad om vir sy eie sondes versoening te doen nie, maar Hy die volmaakte het ons sondes versoen. En Hy het uiteindelik nie 'n aardse heiligdom binne gegaan nie, maar die hemelse. Daar verskyn Hy vir ons voor die aangesig van God. Daar pleit Hy ons vry deur die Vader te wys op sy volmaakte offer wat Hy vir eens en vir altyd volbring het. Sy offer gaan ook verder: Sy kruis open ons oë vir ons eie sonde, in die kruis sien ons die Goddelike geregtigheid wat die sonde nie ongestraf laat nie. En as ons reddeloos met ons sonde bly staan, wink die kruis as teken van God se ontferming oor ons. En bevry deur die soendood van Christus gaan ons dankbaar verder, om ons lewens as 'n God welgevallige offer aan sy diens te wy.

10 Augustus. **Lees** Lev. 17:10-16. **Teks:** Lev. 17:11.

BLOED BEWERK VERSOENING.

Bloed is lewe. Dit is draer van lewenskrag. As ons sê dat iemand sy bloed vir sy vaderland gegee het, bedoel ons dat hy sy lewe daarvoor opgeoffer het. In die Ou Testament was daar veral twee terreine waarop hierdie betekenis van bloed duidelik uitgekom het: die terrein van die regspraak en in die offerdiens. As iemand bloed vergiet het, dit wil sê moord gepleeg het, moes ook sy bloed vergiet word. Oog vir oog, tand vir tand, bloed vir bloed, lewe vir lewe. In die offerdiens het die bloed veral versoenende krag gehad.

In die Nuwe Testament neem die bloed 'n sentrale plek in in die Hebreërbrief. Ons kan dit 'n hooglied op die bloed van Jesus Christus noem. Die bloed van Christus is die bloed wat God op die altaar geplaas het om ons lewens te versoen. As die bloed van die offerdier in die ou tyd versoenende krag gehad het, hoeveel te meer die bloed van Christus. Sy bloed het eens en vir altyd vir al ons skuld betaal. Deur sy offerbloed het Hy vir ons die weg na die Vader teruggebaan.

Die kruis van Christus is 'n bevestiging van die ou reël van versoening wat in die dae van Israel gegeld het en waarvan ons in Levitikus lees: Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

11 Augustus. **Lees** Lev. 19:5-18; Matt. 5:43-48. **Teks:** Lev. 19:18.

JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF.

In ons teksvers beteken „naaste" dieselfde as „die kinders van jou volk". Die naaste is hier dus die volksgenoot. Op ander plekke het Israel die opdrag om ook die vreemdeling lief te hê, omdat hulle self vreemdelinge in Egipte was. Die gebod van die naasteliefde is deur die skrifgeleerdes in Jesus se dae uitgehol en vereng. Hulle het gesê dit geld net die naaste, dit wil sê, die broer of vriend of partygenoot, en alles wat dan nie die naaste is nie, moet van die liefdesgebod uitgesonder word. Eers honderd jaar na Christus was daar 'n Joodse rabbi wat hierdie gebod op alle mense toegepas het.

Maar dit was Jesus wat die eerste die skeiding tussen vriend en vyand afgebreek het. Met die gelykenis van die barmhartige Samaritaan het Hy hierdie skeiding tot op die grond afgebreek. As Hy dit maar net met 'n gelykenis en met woorde gedoen het, sou ons ons makliker daarvan kon losmaak. Maar op Golgota het Hy juis getoon dat Hy die ware vervuller van die wet is, dat Hy nie net die woorde nie, maar ook die

gees van die wet vervul het. Christus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was, nog vyande en vervreem van God. Dit is van die gekruisigde Christus dat ons die gebod van die naasteliefde ontvang het. Soos Hy nie net gespreek het nie, maar volledig liefgehad het, moet ons ook ons die naaste wat God op ons weg plaas, liefhê en help.

12 Augustus. **Lees** Lev. 1:1-2. **Teks:** Lev. 1:1-2.

OFFERDIENSTE.

Daar was 'n verskeidenheid van seremoniële gebruike waarvan daar in die Ou Testament gepraat word.

Die gees en die gebruik daarvan is nie sondermeer vandag nog vir ons volkome pylbaar nie.

Daar is ten opsigte van die seremoniële offerdienste van Israel onder die Ou Testament 'n paar soorte offerdienste onderskeibaar; naamlik die brandoffer, die spysoffer, die dankoffer, die sondoffer en die skuldoffer.

Hier in Levitikus leer ons in die eerste vyf hoofstukke meer van hierdie verskillende offerandes. Hier word volledige besonderhede gegee van die hele prosedure wat gevolg moes word by so 'n offerdiens. Ongelukkig word hier nie veel gesê oor die betekenis wat al hierdie besondere handelinge gehad het nie. Daar kan ook nie met absolute sekerheid gesê word by watter geleenthede bepaalde offerandes gebring is nie, wel in enkel gevalle.

Die offer het oor die algemeen uitdrukking gegee aan 'n verskeidenheid van godsdienstige motiewe — sekere van hierdie motiewe het wel in sekere offerandes meer prominent geword soos byvoorbeeld die plaasvervangende skuld en versoeningsoffers.

Die Nuwe Testament ken net **een** algenoegsame offer wat aan die kruis van Golgota geoffer is — Jesus Christus.

13 Augustus. **Lees** Lev. 1:3-17. **Teks:** Lev. 1:4.

DIE BRANDOFFER.

Hierdie offerande is in sy **geheel aan die Here** geoffer. Die priesters het nie daarvan enige deel gekry vir eie gebruik nie.

Hierdie offerande is gereeld by die tempel vir die hele volk geoffer en by besondere geleenthede ook vir enkele persone.

Brandoffers is by geleenthede van blydskap en vreugde geoffer, ook wel om versoening te verkry. Dit het uitdrukking gegee van dankbaarheid wanneer daar sukses of oorwinning was na benoudheid. By geleenthede van worsteling onder swaré stryd is dit in die gees van smeking om uitkoms en redding gebring.

In ons teksvers kom iets tot uitdrukking van die plaasvervangende plek wat hierdie offerande ingeneem het. Die offerande word so geïdentifiseer met die een in wie se plek dit aan die Here geoffer word.

In hierdie brandoffer is 'n skaduwee van Jesus Christus wat plaasvervangend vir ons gesterf het. **Hy het Homself geheel en al oorgegee aan God om ons uit al ons node te verlos.** Hy het Homself aan God geoffer sodat ook deur sy offer, ons blydskap volkome kan word.

14 Augustus. **Lees** Lev. 2:1-16. **Teks:** Lev. 2:2c.

DIE SPYSOFFER.

Hierdie offerdiens het nie heeltemal apart van die ander offerdienste gestaan nie. Dit het veral saam met die brandoffer plaasgevind. Die motief wat die sterkste na vore kom, is om daarmee 'n bepaalde daad of gebeurtenis in dankbare herinnering te hou. Dit is 'n gedenkoffer. Herinnering is nabetragting. Nabetragting dra in sig iets van afronding en volkomenheid. Hier in is iets van 'n eggo; 'n naklank — **die antwoord.**

Daar was vir die mense onder die Ou Testament baie om oor nabetragting te hou en as hulle in dankbare herinnering aan God die eer **so** toegebring het — dan is daar vir ons nog baie meer om oor nabetragting te hou.

In die Ou Testament lê die belofteryke van God se voorneme in baie fasette afgeteken. In Jesus Christus het dit volkomenheid bereik. God is Goed.

En waar ons herinnering nie die volkome resenering kon bereik van volkome „weergawe" van onsself nie — daar staan Hy ook in ons plek. Hy is ons volkome **antwoord** sodat ons daarom daarna nie meer vir onsself lewe nie maar wel in Hom vir God.

15 Augustus. **Lees** Lev. 3:1-17. **Teks:** Lev. 3:16b.

DIE DANKOFFER.

Hierdie offerdiens was basies dieselfde as die brandofferdiens behalwe dat hier slegs die vet van die offerande aan die Here geoffer is, nie die vleis nie. Die vleis is geëet deur die mense wat vir hierdie geleentheid bymekaar gekom het. Hierdie offer het in Israel 'n belangrike plek gehad. Dit was die geleentheid waarheen vriende en familie uitgenooi was om te eet en te drink voor die aangesig van die Here. Hierdie offer val dus meer in die kategorie van 'n gemeenskapsmaal. Die deelnemers het dit in die bewussyn gedoen van die onsigbare teenwoordigheid van die Here en dat daar dus deur die maaltyd met Hom gemeenskap geoefen word.

Daar is egter vir ons wat onder die Nuwe Testament lewe net een bron van waaragtige vreugde en ewige dankbaarheid waardeur ons gemeenskap aan mekaar het en waardeur ons werklik met God gemeenskap kan hê. Hierdie bron van ons vreugde en van ons verbondenheid is Jesus Christus wat Homself aan God geoffer het **en Hom ook vir ons** gegee het. Hy het gesê: My vlees is waarlik spys en my bloed is waarlik drank — wie My vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

In die geloof staan ons deur die avondmaal by daardie Offerande wat eenmaal en algenoegsaam gebring is waar ons in die geloof van Hom eet en drink. Ons deelgenootskap aan Hom deur die geloof is die hoogtepunt van alle vreugde.

Wie sou Hom dan nie dank bewys; die God van saligheid nie prys . . .

16 Augustus. **Lees** Lev. 4:1-35. **Teks:** Lev. 4:26b.

DIE SONDOFFER.

Die sondofferdiens was seker die mees algemene offerdiens onder die Ou Testamentiese bedeling. In die proses van samevloeiing van die verskillende offerdienste het hierdie element van sondoffer nie ontbreek nie.

Hierdie offerande het 'n klein bietjie verskil van die brandoffer in die sin dat daar van die bloed van hierdie offerande gesprenkel is by die voorhangsel en dat daarvan ook aan die horings van die altaar gesmeer is.

Hier word by die beskrywing van die handelinge van hierdie offerdiens 'n baie duidelike motief aangedui. Dit is die offer wat gebring is om reiniging te verkry van sonde en wat ook by wydingsgeleenthede geoffer is.

Maar nou sê die skrywer van die Hebreërbrief vir ons:

So het die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook vir sy aardse heiligdom gehad. Maar dit was maar net 'n beeld met die oog op die Nuwe Testamentiese tyd. Hy sê: „Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie **maar met sy eie bloed,** eenmaal ingegaan in die heiligdom **en 'n ewige verlossing teweeggebring."**

As die bloed van hulle bokke — wat die verontreinigdes besprenkel, heilig maak tot reiniging van die vlees **hoeveel te meer sal die bloed van Jesus Christus;** wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, **julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.**

17 Augustus. **Lees** Lev. 5:1-13. **Teks:** Lev. 5:1-13.

WAAROM DIE KLEM OP DIE BEPALINGE.

Die bedoeling van hierdie voorskrifte by die offerdienste was om die seremoniële tradisie te bewaar. Die gevaar was reeds groot dat die handelinge by en begrip van die verskillende offerdienste deurmekaar kon vloei. Daarom het die skrywer hier so duidelik klem gelê op die korrekte en ordelike handelinge by die verskillende offerdienste.

Die offerdienste was niks anders as die materiële gestalte van 'n inwendige saak nie. Hierdeur is uitdrukking gegee van Israel se geloof in en afhanklikheid van God.

Die offerdienste was die momente in die lewe van die volk waarin die omgang en gemeenskap met God belewe en behou is.

In die offerdiens kon die gemeenskap met God in materiële sin gestalte kry — in die offerdiens het hulle hul dankbaarheid uitgesprei en daaraan is ook hulle sondevergifnis belewe.

En tog hoe onpeilbaar diep die betekenis van die offerdienste ookal kon gaan vir die een wat geoffer het tog kom ons hier nog iets agter van 'n beperking; van 'n begrensing.

Maar van die oorkant van hierdie grens praat die Nuwe Testamentiese offer. Ons kom daarvan hier onder die Ou Testament iets agter. Dit wat God werk deur die offer is hier swygend onderliggend. In die swye hier lê die **wag** opgesluit van die volkomene wat eers in Jesus Christus gesê sou word.

18 Augustus. **Lees** Lev. 5:14-19. **Teks:** Lev. 5:16.

DIE SKULDOFFER.

Die motief vir hierdie offerande is nie duidelik te onderskei van die sondoffer nie. Hier kom egter 'n element in voor wat uiters verrassend is. Daar word gehandel asof iemand materieel benadeel is. Die party wat die skade aangerig het is nou in die skuld en moet derhalwe 'n boete betaal om die skade te herstel.

Die Bybel sien ontrouheid en die oortreding van die gebod van God hier as „in die skuld kom" by die Here. Hier is 'n bepaalde voorskrif om deur 'n offerande hierdie boete en skuld te betaal.

Die Nuwe Testament ken hierdie offerande ook, maar in heeltemal 'n ander sin en wel soos die apostel Petrus daaroor geskrywe het: „omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel nie . . . maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos."

Daarom ken die Nuwe Testamentiese mens nie die begrip „vergoed vir wat verbrou is nie" maar net dankbaarheid, en die lus om te doen wat God behaag omdat die skuldoffer vir ons volmaak en volledig gebring is aan die kruis van Golgota.

19 Augustus. **Lees** Num. 7:1-11. **Teks:** Num. 7:3.

DIE GEMEENSKAP MET GOD.

Die tabernakel was klaar. Dit was gesalf en geheilig. Daar sou nou 'n plek wees waar die volk van God met offers en seremonies voor Hom kon kom. Moses, die tussenganger tussen God en volk, sou Hom hoor spreek van die versoendeksel van die ark af, en daar sou hy namens die volk met God spreek. Die tabernakel sou die plek wees waar God en mens mekaar ontmoet. Die gemeenskap tussen God en sy volk sou daar sigbaar word.

Die eerste offers moes kom van die twaalf stamowerstes. Hulle het die hele volk verteenwoordig, in die volheid van sy twaalf stamme. Hier moes dus 'n volledige gemeenskap tussen God en volk sigbaar word. Die offers het bestaan in waens en beeste vir die vervoer van die tabernakel, silwer skottels en -komme, goue rookpanne, bulle, jaaroud lammers en bokramme as inwydingsgawes vir die altaar en as dankoffers. Die skottels, komme en panne moes by die altaar gebruik word en die vee geoffer word. Die fyn meel in die skottels en komme moes dien vir die spysoffer en die reukwerk in die panne vir die reukoffer. So het God sy volk toegelaat om vir Hom 'n heiligdom in te rig. Dit was die begin van baie offers deur die eeue heen. Op die tabernakel sou tempels volg.

Offers, altare, tente, tempels het verbygegaan. Die gemeenskap tussen God en mens wat daarin tot stand gekom het, was voorlopig. God het dieselfde gebly in sy trou aan die mens, maar die mens het die gemeenskap steeds verbreek. Die offers en seremonies het gevaarlik geword omdat mense daarin die hele godsdiens wou saamvat.

Daarom het God self die offer eens en vir altyd voorsien, en 'n gemeenskap opgerig wat nie aan 'n plek of gebou verbonde is nie. In Jesus Christus het God gedoen wat die heiligdom nie kon doen nie: ons met Hom versoen en aan ons verlossing geskenk.

20 Augustus. **Lees** Num. 8:5-20. **Teks:** Num. 8:14.

DIE LEVIETE.

Die Leviete was 'n offer van die volk aan die Here. Die Here het hulle op sy beurt aan Aäron en die priesters gegee om sekere pligte in en om die tabernakel te vervul. Die seremonies wat hulle moes ondergaan is bedoel om hulle volledig te laat afskeid neem van hulle vorige bestaan en hulle gereed te maak vir die nuwe lewe wat op hulle gewag het. Hulle is onttrek aan die gewone lewe om die volk te verteenwoordig in die diens van God. So het hulle die plek geneem van die eersgeborenes van die hele volk. In Ex. 19:6 sê die Here vir Israel: Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Saam met die priesters moes die Leviete juis daardie eienskap van die godsvolk vertoon.

Die Leviete moes dus dien as 'n simbool van wat die hele volk moes wees. Hulle afgesonderdheid, reiniging en voortdurende diens by die tabernakel moes aan die volk toon wat dit werklik beteken om volk van God te wees. Tegelyk was hulle die plaasvervangers van die volk in die sigbare uitdrukking van die verbondsverhouding tot God.

Die dienswerk van die Leviete was dié van bystand aan die priesters. Hulle het dus behoort tot die laere tabernakelpersoneel. Die diens van God het nou eenmaal ook eenvoudige en nederige aspekte: skoonmaak, deure oopsluit, ensovoorts. Die verhewe taak van die priesters val egter tesame met die nederige taak van die Leviete onder die dinge wat verby gegaan het, omdat dit nie kon doen wat dit moes doen nie. Die gemeenskap met God kon nie deur hierdie ampsdraers in stand gehou word nie. Hulle kon die ware middelaars nie wees nie.

God het self die ware Middelaar voorsien. Hy het die offer gebring en was self die offer wat ons met God sou versoen. In Hom sien ons die ware volk van God in sy geheiligdheid en deur geloof in Hom kan ons volk van God wees.

21 Augustus. **Lees** Num. 9:1-14. **Teks:** Num. 9:5.

'N TWEEDE PAASFEES.

Op sy tog deur die woestyn moes Israel nie net met sy offers by die tabernakel nie, maar ook met sy feeste getuig dat hy volk van God is. In baie opsigte kan die Paasfees beskou word as die fees wat Israel moes herinner aan sy wording as volk. Dit het hom herinner aan die nag toe hy sy lang tog uit die slawerny na die vryheid begin het. Die bloed van die paaslam het hom daardie nag gevrywaar van die dood, en nou in die woestyn moes die Paasfees dit alles weer lewendig in herinnering bring en jonk en oud daaraan herinner dat hulle op pad is na die beloofde land enkel en alleen omdat God hulle uit Egipte verlos het.

Dit was 'n voorreg om Paasfees te vier. Om dit te kon doen moes die nodige reinheidsvoorskrifte in ag geneem word en moes almal teenwoordig wees op die dag van viering, naamlik op die veertiende dag van die eerste maand. Sekere mense kon deur omstandighede buite hulle beheer nie aan die reinheidsvoorskrifte voldoen nie, naamlik mense wat deur die dood van 'n familielid gedwing is om 'n lyk te hanteer. Vir hulle en ook vir mense wat tydens die Paasfees 'n lang reis moes maak, is 'n tweede Paasfees gereël, 'n maand later, op die veertiende van die tweede maand.

Die wetgewing is dus aangepas om voorsiening te maak vir besondere omstandighede. Die Paasfees het die belangrikste Israelitiese fees gebly tot in die tyd van die Nuwe Testament toe dit 'n nuwe inhoud ontvang het. Die Paasfees van die Nuwe Verbond herdenk die vervulling van die Ou Verbond en herinner die gemeente aan sy wording as gemeente van Christus. Die opstanding van Christus het 'n nuwe daeraad laat daag. Die slawerny onder die mag van sonde en dood is verby en ons is op pad na die ewige rus van vryheid as kinders van God. Wat die wet nie kon doen nie, het die nuwe Paaslam gedoen. Christus het ons die ware vryheid geskenk.

22 Augustus. **Lees** Num. 11:1-3. **Teks:** Num. 11:3.

TABERA.

Op die trekpad tussen Egipte en die beloofde land het daar name agtergebly wat nog eeue later aan gebeurtenisse langs die pad sou herinner. Elke naam vertel sy eie verhaal. Gewoonlik is dit 'n verhaal wat getuig van die geduld van God en die ongeduld van die volk. Die volk se trek deur die woestyn is gekenmerk deur murmurering en opstandigheid. Hulle het die mentaliteit van slawe lank behou. 'n Gemor oor water en kos was hulle antwoord op die verlossing uit slawerny. Hulle houding was die skrille kontras met die wonderbare sorg van God. By Mara het bitter water drinkbaar geword, in die woestyn Sin het daar brood uit die hemel begin val en het hulle vars vleis gekry om te eet, by Rafidim het 'n rots water voorsien.

Die naam Tabera sou by die Israeliete van later tye 'n rilling te voorskyn bring. Dit was die plek waar die vuur gebrand het. Die naam sou hulle daaraan herinner dat God nie net in genade naby hulle was nie maar ook in toorn. Hulle geklaag oor swaarkry is beantwoord met die vuur van Gods toorn. So moes hulle ontdek: onse God is 'n verterende vuur. Dit was weer Moses wat tussen hulle en God moes bemiddel. Op sy gebed het die vuur dood gegaan. Gods toorn eindig altyd weer in genade. Hy het self vir Moses geroep en aangestel om tussen Hom en die volk middelaar te wees. Hy wou byvoorbaat genadig wees. Maar sy toorn is onafwendbaar aan sy genade verbind.

Die toorn van God oor die sonde sou op sy duidelikste geopenbaar word aan die kruis. Daar het sy woede teen die sonde groot afmetings aangeneem. Hy het gestraf met die verlatenheid van die hel self. Hy het dit gedoen om genadig te wees. Nou geld vir ons die woord uit Heb. 10: „As ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer."

23 Augustus. **Lees** Num. 11:4-23, 31-35. **Teks:** Num. 11:34.

KIBROT-HATTÁÄWA.

Kibrot-Hattáäwa, grafte van begeerte. So heet een van die plekke langs die trekpad tussen Egipte en Kanaän. Die naam vertel 'n geskiedenis en dit is nie 'n mooi geskiedenis nie. Die Israeliet wat dit gehoor het, het geweet dat dit net die Here se oneindige genade was wat verseker het dat Israel sy volk kon bly.

Die nie-Israeliete wat met Israel saamgetrek het uit Egipte, het blykbaar die ding begin, en Israel het gevolg. Dit was hierdie keer nie 'n gemor oor broodsgebrek nie, want die manna het nog gereeld gekom en daar was genoeg vir almal. Maar hulle wou vleis by hê. Hulle sou die vryheid wat hulle pas ontvang het, met graagte verruil vir die slawerny in Egipte waar daar vis en groente genoeg was. Soos regte slawe het hulle met die maag gedink.

Dit is 'n radelose Moses wat 'n bitter klag teen die Here rig oor die volk wat hy moet lei en versorg. Die volk se houding was vir hom een te veel. Hy verkies die dood bo hierdie las wat hy moet dra. So bring die mens die heilsgeskiedenis telkens weer by 'n mislukte einde. Die volk wil terug slawerny toe en sy leier wil sy verantwoordelikheid nie meer dra nie. Wat bly oor? Net die lankmoedigheid van die Here. Maar die lankmoedigheid het vireers net die aanskyn van 'n verskriklike straf. Die Here gee vleis soos hulle gevra het, maar Hy straf hulle met oorvloed. Twee dae en 'n nag maak hulle gulsig bymekaar, sodat die een wat die minste gehad het, nog tien donkievragte kwartels gehad het. Skaars het hulle begin eet of die Here tref hulle met 'n groot slagting. Soos die ryk dwaas sterf hulle met baie sonder dat hulle iets het.

Baie later sou hierdie geskiedenis se boodskap op 'n ander wyse bevestig word: Soek eers die koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Sonder die koninkryk is daar net grafte van begeerte.

24 Augustus. **Lees** Num. 11:16, 17, 24-29. **Teks:** Num. 11:29.

'N PROFETEVOLK.

Die kerk herdenk vandag die geloof van die martelare in sy geskiedenis. As ons dit doen, doen ons dit nie om mense te vereer nie. Ons dank God dat Hy sy kerk onderhou het, ook in tye van vervolging, en dat dit Hom behaag om mense as sy getuienis in die wêreld te gebruik. 'n Martelaar is iemand wat getuienis aflê van sy geloof ten koste van homself.

Dit is die Gees van God wat vir mense moontlik maak om getuies te wees. In ons skrifgedeelte word vertel hoedat sewentig oudstes van Israel die Gees ontvang en begin profeteer het. Hulle was toe ook in staat om saam met Moses die las van die leiding van die volk te dra. So het hulle mede-verantwoordelik geword vir die volk van God. Moses het die wens uitgespreek dat die hele volk van die Here maar profete kon wees. Eers die pinkstergebeure sou vervulling van hierdie wens van Moses bring. In die nuwe volk van God wat uit slawerny van die sonde verlos en op pad is na die ewige saligheid, is almal profete en getuies, almal wat die Gees van God ontvang het.

Die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die kerk, die getuienis teenoor die hele wêreld van die groot dade van God, die beseëling van die gtuienis selfs met eie bloed, is daarom nie beperk tot ampsdraers nie. Elke lidmaat van die kerk is op eie wyse en in eie situasie verantwoordelik. Dit maak van die kerk 'n profetiese kerk met die opdrag om apostel te wees teenoor alle mense. Die martelaarskap is getuienis nie net met die woord nie maar ook met die daad.

Ons dink dus vandag in dankbaarheid aan talle manne, vroue en kinders wie se bloed saam geskryf het aan die geskiedenis van die kerk, en ons vra onsself af of ons self ook sulke getuies kan wees. Ons bid God dat sy Gees by ons sal wees en bly wanneer martelaarskap van ons gevra word.

25 Augustus. **Lees** Num. 12. **Teks:** Num. 12:7.

DIE UNIEKE STAAT VAN MOSES.

Die titel wat die beste by Moses pas, is dat hy kneg van die Here is. Hy was vertroueling van die Here wat die opdrag ontvang het om aan die volk te doen wat die Here self aan hulle wou doen. Soos geen ander mens nie was hy die gevolmagtigde van die Here wat namens Hom gespreek en gewerk het. Die opstand van Miriam en Aäron teen Moses en die afloop daarvan illustreer hierdie posisie van Moses baie duidelik. Hy was 'n profeet, maar ook baie meer as 'n profeet. Die Here het met hom nie deur gesigte en drome gepraat nie, maar van aangesig tot aangesig.

Tog was Moses nie meer as 'n mens nie. Die Bybel teken hom vir ons as 'n mens met swakhede wat protesteer teen die las wat hy moet dra, kwaad word en ook ongehoorsaam is aan die Here wat hom so besonderlik verkies het. Die verlossing van die volk en die beloofde land waarheen Moses hulle gelei het is daarom ook nie die voleinding van Gods werk nie. Daar was 'n Middelaar nodig wat werklik kon verlos en voleindig. Moses staan daarom aan die begin van die heilsgeskiedenis en sy wet is in die woorde van Paulus nie in staat om te red nie. Moses was 'n voog van die volk in sy kindskap en sy wet het die volk in bewaring gehou, in afwagting van die volheid van die tyd toe God sy Seun gestuur het om die wat onder die wet was, los te koop. Die wet was, soos Paulus aan die Galasiërs skryf, ons tugmeester na Christus toe.

So moet ons ook die figuur van Moses verstaan. Die vleeswording, lyding, dood en opstanding van ons Heer was nodig omdat Moses nie die verlossing en versoening kon bring nie. Moses was 'n unieke figuur, maar hy was kneg van die Here in die ou bedeling. God self het die Middelaar voorsien en Hy was dit self in sy Seun, in die nuwe bedeling.

26 Augustus. **Lees** Num. 13:1-4; 17-32. **Teks:** Num. 13:25.

HOOP EN WANHOOP.

Die einde van 'n moeisame tog is in sig! Vir 'n volk wat soveel ontbering agter die rug het, so dikwels gewanhoop het aan alles, telkens gemurmureer het, het daar nuwe hoop en verwagting gekom. Ja, een ding het duidelik geword: Die Here bly getrou. Sy beloftes maak Hy altyd waar. Wat hy aan die aartsvaders beloof het, sal spoedig verwesenlik word, dit ervaar hulle nou. Al wat nou nog oorbly voor die verwesenliking van alles, is die ondersoek van die verspieders. Die verspieders was lank weg, veertig dae. Die getal veertig vind ons dikwels terug in die Skrif. Hier dui dit daarop dat die verspieders hulle werk deeglik en intensief gedoen het. Hulle verslag is feitelik: Dit is 'n land van oorvloed, maar daar is probleme om te oorbrug. Hulle sin vir

die werklikheid noop hulle daartoe om die volk af te raai om die land in te val. Hierteenoor staan die berig van Kaleb: Die land kan in besit geneem word. Die volk is in vertwyfeling, hulle kleingeloof oorweldig hulle andermaal, hul hoop verdwyn soos mis voor die son. Hoe maklik twyfel 'n mens nie. Dit staan tog vas: God sal sy beloftes hou. Wat menslik onmoontlik is, kan wel vermag word deur God. Hy doen dit vir mense vanweë sy genade, so blyk dit dan later as die land wel in besit geneem word. Juis omdat daar soveel gepraat word oor die mens se sin vir die werklikheid, die heersende omstandighede, die feitelike situasie, ontstaan daar spanning by die mens, omdat ons nou soos deur 'n spieël in 'n raaisel sien. Ons moet nie oplossing soek deur die rug te draai op God, sy Woord of sy kerk nie! Die grootste raaisel bly per slot van sake nog altyd: Die liefde van God vir ontroue mense. Dit gaan ons verstand te bowe: Die liefde van God wat gestalte aanneem in Jesus Christus, sodat die gans onmoontlike moontlik, werklik word. In Hom vind die versoening plaas tussen God en mens!

27 Augustus. **Lees** Num. 15:32-36. **Teks:** Num. 15:35.

DIE DAG VAN DIE HERE.

God het sy wette gegee en dit dien as tugmeester na Jesus Christus toe, aldus ons leerboek. Die opvallende is dat ons 'n eie waardebepaling gemaak het oor die verskillende wette. So word dit as iets verskrikliks beskou in die samelewing as jy doodslaan, maar dit is nie so erg as jy begeer nie! So het elkeen sy eie opvatting oor die dag van die Here.

Die majesteit van God word misken deur die man wat op die sabbat hout bymekaar maak. Daarom die, vir ons, verskriklike oordeel: Die man moet doodgemaak word. Die dag van die Here moet in ere gehou word. Die Kategismus leer ons dat dit die dag is waarop ons ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en die christelike offergawes vir die armes te bring. Voorts moet ons ons bose werke laat staan, en die Here deur sy Gees in ons laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet laat begin. Ons kan dit so saamvat: Dit gaan om die uitkristallisering van ons geloof. Gister was dit ook die dag van die Here. Elke Sondag is 'n feesdag, omdat dit die dag is van die opstanding van Jesus Christus uit die dood! Dit is vir ons die teken dat God die offer van sy Seun aanvaar het, die offer vir ons!

28 Augustus. **Lees** Num. 14:5-16. **Teks:** Num. 14:15, 16.

DIE EER VAN GOD.

God staan nie belangeloos teenoor die mens nie. As Israel besluit dat dit vir hulle beter sou wees om terug te keer na Egipte, dan reageer God daarop. Ons kan dit verstaan omdat dit beteken dat die volk verkies om God te verwerp, want dit is waarop dit op stuk van sake neerkom. Slawerny in Egipte, die veiligheid van die bekende, is verkiesliker as die beloftes van God. Wat Hy reeds gedoen het, kom daar nie op aan nie.

God se toorn ontvlam teenoor die volk. Ja, God is ook 'n God van toorn, al wil die mens van vandag nie so oor God dink nie. Die God van liefde wil die mens nog ken, en sy liefde word voorop geplaas en selfs eensydig beklemtoon. Maar juis omdat Hy liefhet, word Hy ook toornig; Hy is heilig. Vir Moses is die vraag dus, hoe sal die wêreld God se toorn verstaan? Hulle sal daaraan 'n verkeerde vertolking gee: Dit sal beskou word as die onmag van God om sy volk in te lei in die beloofde land.

Ons kan dit anders stel: Vir Moses gaan dit hier nie om die mens nie, maar om God! God kan 'n ander nasie van Moses maak, dit weet Moses, want so het God self gesê. Daarom pleit Moses. Ter wille van die eer van God mag dit nie gebeur dat God die volk met die pes tref nie. Israel het 'n sigbare openbaring vir die wêreld geword. Die wêreld sal God deur Israel leer ken. Hulle moet 'n getuienis in die wêreld wees tot Gods eer! Paulus het eens geskryf dat die mens die brief van God in die wêreld is, wat ook deur almal gelees word. Wat God aan ons te sê het, en gedoen het, het Hy in Jesus Christus gesê en gedoen. Hierdie heil moet ons nie verag nie, maar ook in ons lewe moet dit openbaar word dat Hy die Verlosser van die wêreld is.

29 Augustus. **Lees Num. 14:17-25.** **Teks:** Num. 14:20.

GOD VERGEWE.

Moses doen voorbidding vir die volk, hy tree op as middelaar. In sy voorbidding gebruik hy verskillende argumente. Eers het hy as argument gebruik die feit dat God in die midde van die wêreld met die volk Israel handel; dan doen hy vervolgens 'n beroep op die lankmoedigheid en goedertierenheid van God en laastens sinspeel hy op die verbond van God.

Die opvallende, en dit is ter selfdertyd die wesenlike in die pleidooi van Moses, is die feit dat hy pleit vir sy volk, nie op grond van die voortreflikhede of goeie eienskappe van die volk nie, maar dit gaan om God, sy genade, sy eer. So is dit altyd. Wanneer dit gaan om die vergewing wat God skenk gaan dit om die feit dat die skuld van die mens nie ongedaan gemaak kan word nie. Dit is nie skuld wat ons kan afbetaal nie. Dit is ook nie skuld wat ons kan vergoed nie. Die vlek van die sonde bly. So staan die daad waaraan Israel hulle skuldig gemaak het, vas. Maar dit is so dat God alleen kan vergewe. Hy vergewe, skeld kwyt, volgens die woord van Moses.

Is dit nie troosryk nie? Die feit dat God anders besluit op grond van die gebed, beteken vir ons as mense so ontsettend veel. Ons weet ons kan tot God bid en, God hoor, maar meer nog, Hy verhoor! Dit het Jesus ook belowe, wat ons in sy Naam vra, sal ons ontvang. Hy, ons Middelaar, tree dan vir ons in by God. God vergewe, ook vir ons!

30 Augustus. **Lees.** Num. 14:20-35. **Teks:** Num: 14:23.

GOD STRAF.

Miskien klink ons opskrif vreemd na ons opmerking van gister: God vergewe. Die vergifnis van God sluit die straf nie uit nie. Dit mag onlogies klink om te praat van vergifnis en dan van straf. Ons mag hieroor geen wanopvatting hê nie. Die feit dat God wel straf, beteken nie dat die vergifnis wat Hy skenk nie eg, werklik is nie. Die een maak die ander nie tot niet nie. Israel word vergewe en gestraf.

So is dit ook met die bestaan van die mens. Die sonde waaraan ons almal deel het, word ons vergewe. Die sonde van die eerste Adam word vergewe in die tweede Mens, Jesus Christus, maar in die sweet van ons aangesig sal ons ons brood verdien. Die finale vergifnis kom eers by die eindoordeel. Intussen lewe ons steeds deur die genade van God. So is dit met Israel gesteld. Die volk word begenadig en gestraf, dwarsdeur die geskiedenis in die Ou Testament sien ons dit. Die genade van God is egter so groot dat Israel bly bestaan, al is daar net sprake van 'n res wat oor is.

Die straf van God word veral ook duidelik aan die kruis van Golgota. Daar dra Christus Jesus die straf op die sonde van die mensdom, sodat daar versoening tussen God en mens kan plaasvind. Jesus Christus dra die straf sodat die skuldbrief van ons sonde aan die kruis genael kan word. En ons? Ons sal lewe al het ons ook gesterwe.

31 Augustus. **Lees** Num. 14:39-45. **Teks:** Num. 14:40.

SPYT KOM TE LAAT.

Die volk het die oordeel van God verneem. Geeneen van hulle sal die beloofde land binnegaan nie, behalwe die twee verkenners wat nieteenstaande alles, onwrikbaar bly glo het in die almag van God. Die volk treur. Nou wil hulle oorgaan tot aksie, hulle wil optrek na die plek wat die Here gesê het. Die volk gaan selfs verder: Hulle erken dat hulle gesondig het. Die vraag ontstaan nou: Is dit nie reaksie op die verlies wat hulle gely het en die straf wat hulle in die oë staar, wat hulle sover gebring het nie? Stel hulle hul nie weer eens op die voorgrond nie?

Die egtheid van hulle belydenis kan betwyfel word, want hulle onmiddellike daad is om die opdrag van God opnuut te oortree. Moses waarsku hulle tevergeefs. Hulle wil ingryp in die beslissing van God met jammerlike gevolge vir hulleself.

Hierdie opwelming van die geloof lei tot dwase optrede. Daarom kan dit geen ware geloof wees nie. Is ons regtig anders as die volk? Hoe maklik bely ons nie ons skuld voor die Here nie, en bid ons: Vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Maar ons bedoel nie altyd wat ons sê nie! Die woord van 'n Jesus aan die kruis klink daarom vreemd in die ore van die wêreld: Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. Ons kan egter daarvan verseker wees: Wat God ons toegesê het in Jesus Christus het Hy bedoel. Hy sal sy beloftes waarmaak vir diegene wat in Hom glo.

1 September. **Lees** Num. 16:23-35. **Teks:** Num. 16:31.

EIEWILLIGHEID.

Die optrede van die hooffigure Korag, Datan en Abiram, kan in een woord saamgevat word. Eiewilligheid of eiesinnigheid. Korag en tweehonderd en vyftig aanhangers kom in opstand teen die priesterskap van Aäron, terwyl Datan en Abiram in opstand kom teen die leierskap van Moses. Hulle verhef hulleself wanneer hulle in opstand kom, en wil nie in nederigheid diegene volg wat God daargestel het nie.

Dit blyk uit die verdere gedeelte (vers 30) dat die manne nie in die eerste plek in opstand is teen Moses en Aäron nie, maar deur hierdie manne te minag, het hulle die Here verag. God tree daarom self op. Hy laat die grond skeur sodat die volgelinge van Korag verslind word.

Is dit nie die probleem van die mens van ons tyd dat hy God ook wel wil dien, soos die drie waarvan hier sprake is, maar dan op sy eie wyse, en nie soos God voorgeskryf het nie. God het duidelike voorskrifte in sy Woord gegee, en wie God dus buite sy kerk om wil dien, maak hulle skuldig aan dieselfde sonde as Korag, Datan en Abiram. Voor die wil van God moet die mens hom buig. Dit leer ons van Jesus wanneer Hy in die tuin van Getsemané worstelend bid: Nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied. In Hom het God trouens aan ons openbaar dat Hy vir ons alleen die beste wil.

2 September. **Lees** Num. 17:1-10. **Teks:** Num. 17:10.

BEVESTIGING VAN DIE PRIESTERSKAP.

In Israel het 'n ongelooflike wonderwerk van God gebeur: Die hoofde van die stamme van Israel het elkeen 'n staf gebring en so ook die priester Aäron. Al hierdie stawwe was dor en droog en in gebruik. Gedurende die nag het die staf van Aäron gebloei, blomme gegee en ook amandels. Dit was die teken van God dat Aäron die priester van God was om te offer vir die volk van Israel ter wille van hul sondes sodat hulle nie sou sterf in hul sondes nie. Hierdie staf van Aäron is bewaar vir almal wat wederstrewig teen God word om hulle te waarsku: Jy soek jou dood. Eeue later het God weer so 'n ongelooflike wonderwerk gegee: Jesus Christus is aan die kruis vasgespyker ter wille van ons sonde. Uit sy liefde en genade wil God nie hê dat ons in die verderf sterf nie, daarom het Hy die kruis gegee as teken aan elkeen dat die groot en enigste werklike Hoëpriester, Jesus Christus, Homself geoffer het vir ons en ons het nou nog die bewyse daarvan in die brood en die wyn van die nagmaal. Die brood en die wyn van die nagmaal is nou nog vir ons die sigbare bewyse, dat elkeen wat die wil van God doen en werklik in Christus glo, die ewige lewe het, maar elkeen wat dit weier die ewige dood sal sterf. Ons is Christene, volgelinge van Christus. Dit beteken dat ons ook priesters is en dit beteken dat ons onsself ook moet offer: Ons goed, ons tyd, ons hele lewe offer aan Christus as 'n lewende offer aan Hom gewy.

3 September. **Lees** Num. 18:1-7. **Teks:** Num. 18:7.

DIE DIENS VAN DIE PRIESTERSKAP.

Aäron se staf het gebloei, geblom en amandels voortgebring alhoewel die staf self dor en droog was. Deur hierdie wonderwerk het God die priesterskap van Aäron bevestig. 'n Besondere eer is dus aan Aäron gedoen: Deur 'n Godswonder is hy gestel bo hulle wat nie wou glo nie. Hier was dus alle rede vir Aäron om hom te verhef teenoor die andere en hom aan te stel asof hy beter as hulle was. Dit word egter kortgeknip wanneer God hom daaraan herinner dat hierdie priesterskap van Aäron gegee is as geskenk en nie omdat hy so danig goed is nie. Tegelyk word Aäron ook gewys op sy taak om diens te lewer, diens aan God, maar ook teenoor sy medemens. So het Christus, as ons enigste werklike Hoëpriester, ook gekom om te dien. Nooit lees ons dat ander Hom gedien het nie; Hy het altyd gedien, selfs in so 'n mate dat Hy die voete van sy dissipels gewas het. En boweal het Hy sy diens volbring aan die kruis deur in ons plek vir die sonde te sterf. Nou beroem ons ons graag daarop dat ons Christene is en veral roem ons op gelowige voorgeslagte. Daar is niks om op te roem nie, want alles is aan ons geskenk deur die genade van God en nie omdat ons so danig goed is nie. Om ons egter te herinner daaraan dat ons niks het om te roem nie, is ons ook priesters wat moet dien. In die eerste plek moet ons God dien in die erediens en dan in liefde ons naaste dien. Ons doen dit nie om iets te verdien nie, maar om dankie te sê vir die groot geskenk van Christus.

4 September. **Lees** Num. 19:1-10. **Teks:** Num. 19:2, 3.

ONS REINIGING BUITE ONSSELF.

Aan Israel is baie wette en baie gebruike gegee in verband met offerandes. Die hoogtepunt daarvan is hierdie een opdrag in verband met die koei wat verbrand moes word: Die koei moes sonder gebrek wees, rooi van kleur en moes buite die laer geheel en al verbrand word. Die as moes bymekaar gemaak word en in die toekoms gebruik word saam met water as reinigingswater tot simbool van die afwassing van die sondes. Hierdie water met die as in sou nie self die sonde van Israel wegneem nie, maar was alleen die simbool, die teken van die vergewing van sonde nadat hulle hul sonde voor God bely het. Hierdie besondere koei wys heen na Christus: Hy was ook vlekloos voor God, Hy was so onrein deur die sonde (alhoewel Hyself geen sonde gehad het nie) van ons as mense, dat Hy buite die laer (stad) gedood moes word. Geheel en al, liggaam en siel het Hy Homself geoffer ter wille van die sonde van andere. Die rooi van die koei wys heen na die bloed van Christus waardeur ons rein gewas word. So het ons die simbole van die reiniging in Christus in ons doop en nagmaal. Die doop en nagmaal kan ons nie reinig van sonde nie, maar vertel ons sigbaar en tasbaar van die reiniging buite onsself in Christus Jesus. Dit is 'n reiniging wat jy alleen kan kry deur die gelowige belydenis van sonde, die vra om vergewing, die ware aanbidding en die uitleef van die liefde tot Christus.

5 September. **Lees** Num. 20:1-5. **Teks:** Num. 20:5.

ONTEVREDENHEID.

In hul omswerwinge deur die woestyn op pad na Kanaän kom Israel by Kades. Hulle is baie mense en baie vee en daar is nie water genoeg by Kades nie. Nou is Israel bitter ontevrede: Hulle sterf van die dors, daar is vir hulle geen vye, druiwe of granate nie. In hul ontevredenheid soek Israel dus nie net lewensmiddele nie, maar ook lekkernye en hulle gee aan God die skuld dat dit nie alles tot hul beskikking is nie. Sou hierdie mense vergeet het van die agt-en-dertig jaar dat hulle alreeds deur die woestyn geswerf het? — van die manna, die vleis, die water wat hulle op wonderbaarlike wyse gekry het? Vergeet hulle dan om te kyk en te sien dat hul klere nie verslyt het en hul skoene nie stukkend gegaan het nie? Kan mens so ondankbaar wees? Kon hulle dan nie maar op nederige wyse aan Moses gevra het om met God te praat nie? Dit lyk al vir my asof ek ons mense sien: So ontevrede met 'n verkoue, oor die weer wat sleg is as ons wil gaan piekniek hou, die reën as ons wil sonskyn hê, die hitte as ons reën wil hê! So ontevrede met die hele lewe en vir God die skuld gee vir alles en so maklik vra: Kan Hy 'n God van liefde wees? Vergeet ek nie dalk die son wat oor my skyn, die gesang van voëltjies wat so baie nie kan sien en hoor nie; die gesondheid om my werk te doen sodat ek kan aantrek en eet en die lewe kan geniet nie? Vergeet ek nie dalk die grootste van alles? Ja, ek vergeet so maklik dat ek sondaar is, sondaar vir wie Jesus Christus gely, gesterf en opgestaan het — nie omdat ek goed is nie, maar omdat Hy my liefhet!

6 September. **Lees** Num. 20:6-12. **Teks:** Num. 20:12.

EER AAN GOD ALLEEN.

Na agt en dertig jaar van rondswerf is Israel naby die grens van Kanaän en kom aan by Kades, waar nie voldoende water is nie. Israel murmereer en wil die wapens teen Moses en Aäron opneem. Moses en Aäron gaan in die tent van van samekoms om te verneem wat God se besluit is, want dit wat Israel weer doen kan die dood van baie veroorsaak. Moses kry opdrag om met die rots voor hom te praat en Moses is baie kwaad en teleurgesteld: Hy is moeg vir Israel en daarby reken hy dat God hulle nou nog langer in die woestyn gaan laat rondswerf. In sy woede vra hy of hy vir Israel moet water uit die rots gee en dan slaan hy die rots tweekeer met sy staf. Daar kom water uit, maar as straf weier God dat hy en Aäron die land Kanaän ingaan. 'n Harde straf, sê u? Ja, miskien, maar tog is dit sò dat Moses daar nie God geglo het nie en God voor die hele Israel verkleineer het. Moses het alle eer vir homself geneem deur te vra of hy moet water gee en toe die rots geslaan het. As hy gepraat het, was dit 'n Gods wonder, nou kon daar dalk 'n fontein in die rots gewees het. Moses is gestraf, maar hierdie oortreding is vergewe. Daarom lees ons ook: Hy wat roem, moet in die Here roem — alle eer, vir alles kom aan God toe. Moet daarom nie kwaad wees vir God as jy die eer vir jouself wil neem en Hy beproewinge oor jou bring nie — ons is so lief om te sê: Ek gaan hierheen of daarheen, ék het so of sus gedoen. Alles hang van God af en alles is sy genade. Vra om hierdie genade en jou sonde sal vergewe word.

7 September. **Lees** Num. 20:22-29. **Teks:** Num. 20:28.

DIE EWIGE PRIESTERSKAP.

Saam met Moses het Aäron na Egipte gegaan en die praatwerk voor Farao gedoen omdat Moses swaar van taal was. Saam met Moses het hy Israel uit Egipte gelei op pad na die land Kanaän. Aäron is bevestig as hoëpriester en toe die ander priesters sy amp en waardigheid betwis het, het God dit herbevestig met daardie wonderwerk van die dooie stok wat gebloei en amandels gedra het. Tog is Aäron nie toegelaat om ook saam met Israel in Kanaän in te trek nie. Daar op die berg Hor het hy te sterwe gekom. Hier is 'n heenwysing na Christus: Aäron was hoëpriester en so was daar baie na hom. Hy kon Kanaän nie binnegaan nie, want die priesterskap van Aäron was slegs tydelik. Hy kon Israel uitlei, maar nie ook inlei nie, 'n ander moes dit doen. Aäron was dus nog maar 'n gewone mens, wat alleen maar kon bid vir die volk en offerandes bring voor God namens die volk. Christus is ook Hoëpriester, maar vir ewig. Sy priesterskap gaan nie op ander oor soos Aäron s'n nie en Christus leef vir ewig. Daarom is Hy die enigste wat ons kan lei uit die slawerny van sonde en inlei in die heerlikheid van die hemelse Kanaän. Daarom is Christus ook die enigste wat ons volkome kan red en altyd vir ons intree deur die offerande van sy eie liggaam wat Hy aan God gebring het ter wille van ons.

8 Sptember. **Lees** Num. 21:4-10. **Teks:** Num. 21:8.

DIE VERHOOGDE REDDER.

Israel vloek God alweer en God laat die slange van die veld toe om Israel aan te val. Talle word gebyt en sterf. Israel besef dat hulle nou werklik fout gemaak het en hulle bely hul sonde en vra om genade. Die slange word nie weggeneem soos Israel vra nie; die slange bly en pik nog altyd en nog altyd het die mense die pyn van die byte, maar God gee 'n „skynbare sotheid" vir uitkoms: Kyk na die koperslang wat Moses gemaak het en julle sal gesond word. Israel het baie goed geweet dat geen kyk na 'n dooie koperslang hulle kan gesond maak nie en tog het God dit gegee en elkeen wat gekyk het na die koperslang het gesond geword. Om te kyk was dus om te glo. Jesus self vergelyk Homself met die verhoogde koperslang van die woestyn. God laat toe dat die ou slang, Satan, onder ons kom en sy gif in ons spuit om te pynig en te laat doodgaan. Tog gee Hy ook die struikelblok vir die Jode en die sotheid vir die Grieke vir ons tot redding. Soos die slang in die woestyn verhoog is aan 'n baie hoë paal sodat die hele volk dit kon sien en gered word, so is Christus aan die kruis verhoog vir ons sodat elke mens in die gees, in aanbidding die oog kan ophef tot Hom. Die koperslang was die teken van die liggaamlike pyn en dood wat afgewend word; die verhoogde Christus is die Redder van die pyn en ewige dood van die mens deur die sonde.

9 September. **Lees** Num. 22:1-14. **Teks:** Num. 22:12.

'N GESEËNDE VOLK.

Balak, koning van Moab, was bekommerd. Vrees het hom om die hart geslaan, toe hy verneem het dat Israel, teen alle verwagtings in, die Amoriete verslaan het. Wat sou van sy eie ryk word as veel magtiger

state voor die vreemde volk moes swig? Hy het besef dat hy met geweld niks sal vermag nie. Daarom bedink hy 'n plan, 'n listige plan. Hy sal Israel laat vervloek. Daarom stuur hy na Bileam, 'n heidense waarsêer naby die Eufraatrivier, om oor te kom: „Kom dan tog nou, vervloek hierdie volk vir my." Dit is die enigste uitweg wat hy sien. Volgens oud-Oosterse opvatting kan so 'n vervloeking die vyand kragteloos maak in die stryd.

Maar wat hy nie besef nie, was dat die God van Israel, die lewende en almagtige God is. Hy het self sy volk bewaar, en Hy het hulle geseën. Uit hulle sou immers die Messias gebore word. Daarom is God se opdrag aan Bileam: „Jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd." En Balak sou dit ondervind, dat as God geseën het, geen vloek of poging daartoe by magte is om dit te verbreek nie. Viermaal sou Bileam probeer. Viermaal sou dit misluk. As God vir iemand is, wie kan dan teen hom wees?

Dit is die gelowiges se ondervinding deur die eeue En dit troos ons om te weet dat God nog nie verander het nie. In Christus Jesus het Hy dit bewys, dat Hy gister en vandag dieselfde is en tot in ewigheid. In Christus is ook ons geseënd. Ons kan dit daarom vir alle Balaks van alle tye sê: „Hou Christus self sy kerk in stand, vergeefs die hel se woede. Gesete aan Gods regterhand, hou Hy haar in sy hoede."

10 September. **Lees** Num. 22:15-21. **Teks:** Num. 22:18.

GELOOFSTAAL.

Balak se gesante het die versoek aan Bileam oorgebring om oor te kom en Israel te vervloek. En hy sou dit so graag wou doen, want daar was baie geld aan verbonde. Maklik kon hy nou 'n ryk en gesiene man word. Maar hy was slim en versigtig. Hy kan dalk met Israel se God te doen kry. Daarom sal hy God eers raadpleeg. Maar dan weier God. Bileam mag nie saam gaan nie en hy mag Israel nie vervloek nie, want Israel is 'n geseënde volk.

Hoewel teleurgesteld, besluit Bileam tog om nie te gaan nie, uit vrees vir God. Maar Balak stuur 'n tweede gesantskap. En dit is Bileam se antwoord aan die dienaars van Balak: „Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van die Here my God nie oortree nie." Dit klink pragtig, nie waar nie? Dit lyk waarlik na gehoorsaamheid. Dit lyk of niks Bileam sal kan beweeg om van Gods weg af te wyk nie. Selfs nie 'n huis vol silwer en goud nie. Ja, dit is 'n man se taal. Geloofstaal. Dit is woorde soos dié van 'n Petrus eeue later: „Al sal almal U verlaat, ek sal U nooit verlaat nie."

Hoe dikwels en maklik kom daar nie ook groot woorde oor ons lippe nie. Woorde wat getuig van geloof en beginsels. Die mense kom so maklik onder die indruk van sulke woorde. Maar wees wakker. Nadat Bileam daardie woorde uitgespreek het, het hy tog gegaan. Die sug na geld en eer was te groot. En voordat die haan gekraai het, het Petrus tog sy Meester verloën.

Is ons lewens altyd in ooreenstemming met die taal van geloof wat ons spreek? Laat ons God bid om ons die bekwaammakende genade te gee om as Christene ons geloofstaal uit te leef. Die wêreld verwag dit van ons. God eis dit van ons.

11 September. **Lees** Num. 22:22-32. **Teks:** Num. 22:32.

GOD, 'N TEËPARTY.

Bileam is op pad na Balak, op sy getroue eselin. Hy is bly. God het hom die keer tog toegelaat om te gaan. God is seker nou aan sy kant, so dink hy. Straks sal hy 'n groot klomp geld verdien, en ryk en deftig sal hy huiswaarts kan terugkeer.

Maar onderweg . . . wat is dit dan nou? Sy eselin wil nie verder nie. Snaaks. Sy was nog altyd so gewillig. Drie maal gebeur dit, en drie maal het hy die eselin geslaan, ongenadiglik geslaan, totdat sy hom aangespreek het en die Here sy oë ge-open het, sodat hy die engel van die Here met sy ontblote swaard in die pad sien staan het— die oorsaak van sy troue dier se eienaardige gedrag. Hy was so verblind deur sy sug na geld en eer, dat hy siende-blind was — blinder as 'n dier. So is dit altyd. Sonde verblind die mens, so selfs dat hy oop oë sy ondergang tegemoet gaan. Maar op so 'n pad is God jou teëparty. „Kyk, Ekself het uitgegaan as 'n teëparty, want jou weg loop gevaarlik steil in my oog."

God dwing niemand om gehoorsaam te wees nie. Dink aan die gelykenis van die verlore seun. God mag 'n mens wel op jou eie weg laat begaan en daarvoor het Hy sy rede, maar dan moet 'n mens tog nie dink jy is op Gods weg nie. Bileam was op sy eie weg. God is nie aan sy kant soos hy gedink het nie. God is sy teëparty.

Op die weg van sonde en ongehoorsaamheid; op die eie, selfgekose weg, is God ons teëparty. Dit is 'n weg wat gevaarlik steil is in sy oog, 'n weg wat uitloop op selfvernietiging.

Maar daar is nog hoop. Want God is sò 'n teëparty van die sonde, dat Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar oorgegee het vir die redding van verlore sondaars. Wie in Hom glo sal lewe, al het hy ook gesterwe.

12 September. **Lees** Num. 22:33-36. **Teks:** Num. 22:34.

SKULDBELYDENIS.

Bileam was bevrees. As die esel nie vir die engel uitgedraai het nie, sou hy dood gewees het. Dit besef hy nou terdeë. Toe sê hy: „Ek het gesondig." Dit lyk of Bileam tot inkeer gekom het. Dit klink so belowend. Dit klink na die woorde van iemand wat homself in sy skuld ontdek het. Wat kan mens immers meer verlang van iemand wat van Gods weg afgewyk het, as die belydenis: „Ek het gesondig?" Dit is tog wat God van 'n mens verwag. As hierdie belydenis voorkom uit 'n gebroke hart, is dit wel deeglik 'n bewys van boetvaardigheid en berou oor gedane kwaad. Dan is dit 'n skuldbelydenis wat vir God aanneemlik is.

Maar hierdie woorde kan ook maar net lippetaal wees. En dit blyk duidelik wanneer 'n mens allerlei verskonings begin soek vir sy sonde. Die teken van opregte berou en 'n ware skuldbelydenis is immers daarin te vind dat die sondaar hom geensins probeer verontskuldig nie, maar dat hy eerbiedig en skuldig die hoof buig voor Gods majesteit. Hiervan vind ons egter niks by Bileam nie. Inteendeel, hy probeer juis om die erns van sy kwaad te verbloem deur homself te verontskuldig: „Want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie." Hy is wel bereid om terug te gaan, maar alleen as hy daartoe gedwing word. Veeleer wil hy op sy sondige pad voortgaan na Balak.

As ons ons skuld bely, moet dit wees met opregtheid van hart. Die teken van ware boetvaardigheid moet daar wees. Dit help nie om te sê: „Ek het gesondig," maar dan tog nog verder te wil voortgaan op die verkeerde weg nie. Nee, dit moet wees soos by die verlore seun, 'n radikale, drastiese, onvoorwaardelike: „Ek sal opstaan en na my vader gaan." En dan werklik teruggegaan. Dan word ons met blydskap ontvang, en ons skuld word vergewe.

13 September. **Lees** Num. 23:1-11. **Teks:** Num. 23:10(b).

DIE DOOD VAN DIE OPREGTES.

Bileam was 'n merkwaardige karakter. Baie in hom is so eg menslik, en meermale wek hy ons simpatie op. En soms byna ons bewondering. Dink maar aan sy woord: „Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van die Here nie oortree nie." Dit lyk na gehoorsaamheid. En sy uitroep later: „Ek het gesondig," klink so boetvaardig en opreg. En in plaas van hulle te vervloek, het hy vier keer seënspreuke oor Israel uitgespreek. En aan die einde van die eerste seënspreuk bid hy: „Laat my sterwe, die dood van die opregtes." Mooi en voortreflik nie waar? En tog het Bileam die dood van 'n misdadiger gesterf. 'n Swaard het sy hart deurboor. Waarom? Omdat hy nie gewillig was om die lewe van 'n opregte te voer nie. Hy wou die goud en silwer van Balak nie loslaat nie. Toe hy Israel nie kon vervloek nie, het hy 'n ander plan gemaak om die volk te verlei (Num. 31:16). Om die goeie weg te ken, en tog die verkeerde weg te bewandel — dit het Bileam gedoen.

Is ons nie ook hiertoe geneig nie? Selfs Paulus moes dit erken (Rom. 7:19). So dikwels besef ons ons verkeerdheid en neem ons ernstig voor: Dit sal anders word. Ons sal Jesus Christus getrouer volg. En tog bly dit dikwels net by 'n voorneme. Dis dieselfde teenstrydigheid, dieselfde inkonsekwensie, as die van 'n Bileam. Maar ons is gewaarsku. Bileam het op daardie weg sy ondergang gevind.

Ons leef egter nog in die hede van die genade. Ons mag nog met vrymoedigheid na die troon van Gods genade gaan. As ons dit doen, sal ons by Hom barmhartigheid ontvang, om die lewe van die opregte te lewe. Dis die lewe van een wat sy lewe buite homself in Christus Jesus gevind het. En dis so een alleen wat die dood van die opregtes sterf.

14 September. **Lees** Num. 23:13-24. **Teks:** Num. 23:21(b).

GOD MET ONS.

Gelei deur Gods Gees het Bileam Israel geseën in plaas van vervloek soos Balak wou hê. Vir 'n tweede keer sal nou gepoog word. Saam met Balak is Bileam nou op die top van Pisga. Maar weer gebeur dieselfde. Israel is 'n geseënde volk, en Bileam kan dit nie keer nie. Hy maak sy mond oop, maar in plaas van 'n vervloeking, vloei daar woorde van seën oor sy lippe: „'n Mens aanskou geen onheil in Jakob en sien geen ellende in Israel nie. Die Here sy God is met hom."

Ja, dit was die geheim. Israel se God was met hom. Israel het Hom tydens die woestynreis reeds leer ken as die God, wat in die wolk- en vuurkolom met hulle getrek het. Op die weg het Hy hulle nie alleen

vergesél nie, maar in die volle sin van die woord het Hy hulle gelei, beskerm teen vyande, en selfs gespysig en gelaaf. En waar Israel se kamp nou opgeslaan was, daar onder op die velde van Moab, het nog niks verander nie. „Die Here sy God is met hom."

Watter troos is dit nie ook vir die Nuwe Testamentiese gemeente nie! Die Here het onder Israel gewoon in die sigbare teken van 'n wolk. Maar die gemeente van die Nuwe Testament ken die vleeswording van die Woord. Sy Naam is Immanuel, dit betken: „God met ons." Ons mag vertrou dat Hy met ons is in alle node en gevare van die lewe. Met ons op die jubelhoogtes van die lewe, maar ook met ons in die donker valleie van smart en dood. Met ons, oral en altyd, sodat ook ons roemend mag vra: „Wie sal ons skei van die liefde van Christus?" (Rom. 8:35).

15 September. **Lees** Num. 24:14-19. **Teks:** Num. 24:17.

DIE STER UIT JAKOB.

Terwyl Bileam op die hoogte staan, vasgevang deur die Gees van God, sien hy in die verte iemand. Hy sien hom, maar nie nou nie, want hy het nog nie verskyn nie. Hy aanskou hom, maar nie naby nie, want dit sou nog eeue duur voordat hy verskyn. Hy sien oor die tyd van Josua, en oor die tyd van die rigters. „'n Ster kom te voorskyn uit Jakob en 'n septer kom uit Israel op." 'n Ster was in die oud-Ooste dikwels die beeld van 'n heerser, en 'n septer die teken van koninklike waardigheid. Bileam sien dus die koningskap van Israel voor hom opdoem, veral soos dit in koning Dawid beliggaam was, maar agter hom in die verre toekoms, die Messias. Immers, hierdie treffende profesie het sy eerste voorlopige vervulling gevind in die koningshuis van Israel, maar sy sentrale vervulling in Christus Jesus. Ook in die laaste Bybelboek het Jesus Homself „Die blink Môrester" genoem. En is dit nie opmerklik dat die wyse manne uit die Ooste wat die ster van die gebore Koning van die Jode gesien het, juis uit dieselfde omgewing as Bileam gekom het nie?

Hy is inderdaad die Ster uit Jakob. As ster gee hy lig — lig in 'n sonde verduisterde wêreld. Reeds bokant ons wieg het hierdie ster geflonker. Toe reeds het sy genadelig van verlossing oor ons hoofde geskyn. Hierdie ster skyn helder selfs op die moeilikste paaie van ons lewens, en seëvierend glinster Hy ook bokant die donkere graf.

Maar Hy is ook die septer wat uit Israel opgekom het. 'n Septer is 'n simbool van koninklike heerskappy. En hy is werklik Koning oor die wêreld. Vir sy vyande is sy septer 'n verpletterende heerserstaf. „Hy verbrysel die slape van die hoof van Moab." Maar vir die wat Hom as Koning volg en dien is sy septer geen harde, verpletterende heerserstaf nie, maar 'n lieflike herderstraf, om hulle te lei na waters waar rus is, n ten slotte selfs veilig deur die baie donker doodsvallei.

16 September. **Lees** Deut. 26:1-19. **Teks:** Deut. 26:2.

DIE GAWE VAN DIE EERSTELINGE.

In hierdie hoofstuk het ons te doen met een van die seremoniële gebruike uit die Ou Testament. Hier word 'n beskrywing gegee van die bepalinge by die gawe van „eerstelinge". Met elke volgende nuwe oes moes hierdie gawe na die Gods bestemde plek gebring word.

Die bedoeling van hierdie gawes van „eerstelinge" was om die volk te leer om dankbaarheid te leer ken en te betuig. Dit was nie maar net 'n gawe wat sonder nadenke gegee is nie. Dit was nie maar net nog 'n plig om af te handel en agter die rug te kry nie.

Daar was 'n paar dinge om mee rekening te hou by die aanbieding van hierdie gawe en dit moes ook elke keer openlik bely word. Met die bring van die gawe moes bely word dat hulle nou, teenoor die verlede van 'n geringe en eenvoudige swerwersbestaan van 'n enkeling voorsaat, 'n groot volk met 'n vaste woonplek is — dit is 'n gawe van God.

Daar moes bely word dat teenoor die bange verlede van slawerny staan die verlossing deur die hand van die Here.

Vanuit hierdie verlossing gesien kon die vrug van die land eers reg waardeer en geniet word.

Daarom is die ander belangrike element by die bring van hierdie eerstelinggawe die gesindheid waarin dit gegee en gebring moes word.

Dit moes met 'n totale oorgawe gedoen word, „met jou hele hart en met jou hele siel." Dit moes kom uit 'n hart wat bly is, „in die gees van opgewektheid en nie swaarmoedig en sugtend nie".

Kom ons kyk na ons gawes wat ons gee en na die hart van die gewer.

Waarom gee ons dit? Wat gee ons? Hoe gee ons dit?

In Jesus Christus het ons meer ontvang as net 'n mooi land en vryheid en gesondheid en werk en 'n inkomste. Al hierdie dinge kan eers reg waardeer word as ons dit sien in die lig van die verlossing deur Jesus Christus.

17 September. **Lees** Deut. 27:1-26. **Teks:** Deut. 27:9b.

STIL STAAN EN LUISTER.

Hierdie hoofstuk beskrywe wat die volk alles moes doen wanneer hulle in die beloofde land Kanaän inkom.

Daar moes gedenktekens van klip opgerig word waarop die Woord van God geskryf is. Dus nie maar net blote, dooie, harde en uiterlike simbole nie; maar klippe waarop die Woord van God staan. Die landstreek wat geproklameer is tot woonplek van God se volk val onder die gesag van God se Woord. Onder hierdie Woord moes daar geleef word.

Daar moes 'n altaar gebou word en daarop moes geoffer word. Die erediens moes dus ook daar onderhou en voortgesit word.

Hierdie dinge was belangrik.

Daar is egter nog iets wat die volk sou moes doen.

Hulle sou moes **stil word om te luitster.**

By al hulle doenigheid aan die oorkant binne die grense van die land wat aan hulle beloof is sou hulle dus ook moes **opmerk** dat iets **besig** is om in **vervulling te gaan,** wat lankal tevore begin is en beloof is en waaraan hulle self geen hand het nie. Terwyl die volk opgeroep word tot aktiwiteit onder die Woord van God begin daar op die weg van die volk 'n proses ten einde loop waaraan hulle self geen hand het nie. Hulle het vandag geword wat hulle nooit deur eie toedoen sou bereik het nie — wat 'n mens alleen ten dele kan kom deur goddelike guns.

Om dit te kan opmerk moet die menslike aktiwiteite vir 'n wyle gelaat word en moet jy eers stil bly en luister.

Dit is aan die kruis met die bloed van Christus volkome duidelik gesê dat hierdie proses van toeëiening afgerond is.

Ons kan dit ook nie opmerk as ons nie stil geword het en geluister het nie.

Dit is onder andere ook te beleef op die Sondag.

18 September. **Lees** Deut. 29. **Teks:** Deut. 29:9.

DIE VERBOND VERNUWE.

Ons het in hierdie hoofstukke onder andere te doen met die verbondsluiting. Dit is die verhouding-reëling tussen God en sy volk. Hierdie verhouding staan nie somar op 'n losse voet nie; dit is nie 'n willekeurige verhouding nie. Hierdie verhouding ken orde en reël; dit is vas en seker; daarop kan altyd weer terug gegaan word; daarop moet gereken kan word.

Die kenmerkende van hierdie verbondsluiting soos ons dit in die Bybel in hierdie verband aantref is dat God wat almagtig en ewig is elke keer self die inisiatief neem om met die hulpelose behoeftige mense sy verbond te herbevestig — hier weer, waar hulle huiwer op die drumpel van Kanaän. Met die verbondsluiting gee God Homself „as God vir" die mense met al die implikasies daarvan. Aan die verbondsluiting is verbind, al die beloftes van God, dit wil sê die heil en die verlossing vir die mense en dit beteken vir elke mens lewe en geluk, vergelyk Hoofstuk 30:15.

Met hierdie verbond trek die Here egter ook weer die mense onder 'n nuwe orde in as waaraan hulle gewoon was onder die sonde. Hierdie nuwe orde het 'n ander gerigtheid. Daarom geld daar ook vir die mense hierin nuwe lojaliteite. Hulle is op God aangewys en is nou volk van en vir God. Hier geld liefde en gehoorsaamheid en trou. Wie buite die vaste reël hiervan gaan, kanselleer self alles en tree buite hierdie verbondenheid met God en ontmoet weer ongeluk en dood. Dit het soveel keer gebeur daarom moes hierdie verbond telkens weer herbevestig word.

Hierdie verskriklike alternatief is eers in Jesus Christus afgesluit en kon toe eers werklik afgesluit word — waar Hy in die plek van ons mense gaan staan het en volkome gehoorsaam en getrou gewees het. Daarom is daar ook eers in die Nuwe Testament geen herhaling of herbevestiging van die verbond op te merk nie omdat dit nie meer nodig was nie. Hy het ook die vloek as alternatief van die seën volkome opgelos.

Onder hierdie nuwe verbond kan ons God met blydskap dien omdat wat vir ons ook onmoontlik sou wees, in Jesus Christus voltooi is.

19 September. **Lees** Deut. 31:1-8. **Teks:** Deut. 31:6.

SEËN BY 'N GRAF.

In die lewe van Israel op pad na Kanaän was daar altyd hierdie een figuur om wie alles gedraai het, Moses. In alles, vanaf die swaar dae in Egipte; dwarsdeur die moeitevolle jare in die woestyn waartydens daar baie donker nagte van gemoedsverwarring was, was hierdie figuur die onontbeerlike.

Hier moet hy nou agterbly in sy graf. Hy kan nie saam nie. Te begrype dat daar nou onder die volk trane van smart en wanhoop sou wees. Te begrype dat hulle nou pap en magteloos en sonder moed sou wees. Te begrype dat hulle bang sou wees om hierdie finale fase van die trek aan te pak.

Die dissipels kon ook eenmaal die graf in die lewe van die Belofteryke nie verstaan nie.

Die graf van Moses met sy lyk daarin is moeilik te versoen met God se bedoeling soos 'n mens dit wil verstaan.

Tussen die tyd en die ewigheid; tussen die hier en die daar; tussen die swerwersbestaan en die permanente tuiste is die hinderlike graf — die noodwendige as gevolg van die sonde.

Maar hierdie graf van Moses is vir die volk die begin van 'n voller en ryker werklikheid. „Want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie." Daarom: „Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees of verskrik nie . . . "

Is die graf van Jesus Christus nie ook vir ons die begin van 'n voller en ryker werklikheid nie? — 'n ewigheid by God.

20 September. **Lees** Deut. 32. **Teks:** Deut. 32:19.

GEWAARSKU.

Moses waarsku die volk hier voordat hy sterwe, hier waar die volk op die drumpel van die land van belofte staan. Hy waarsku hulle dat hulle ontrou gaan word. Hulle gaan in 'n goeie land woon en hulle gaan gewoon raak aan die gerief van 'n vaste woonplek en genoeg kos. Dit is die tyd van gevaar.

Dit is met elke mens ook maar soos met die verlore seun — so sou dit ook wees met Israel. Volop lewe is dikwels ongebonde lewe. Hongersnood en swaarkry bring mense dikwels terug aarde toe — tot die herinnering aan wat hulle geken het en moes onthou het.

Moses laat die volk 'n lied leer waarin hierdie elemente van waarskuwing ook voorkom.

Hierdie lied moes hulle sing. So het Moses verseker dat dit waarvoor hy waarsku nie uit onwetenheid sal gebeur nie. As hier van voorsorg sprake is dan is daarvan nog meer sprake in die Nuwe Testament.

Op die grens van die voller en vryer tyd van genade op genade wat deur Christus aangebreek het, is aan ons baie meer geleer. In Jesus Christus is daar vir ons voller begrip moontlik.

Maar, sê die Hebreërbrief-skrywer, as hierdie genade opsetlik misbruik word en Jesus Christus geminag word bly daar geen ander offer vir ons sonde meer oor nie.

As daar vir Moses net een moontlikheid was waaraan hy kon verseker dat die volk deur die gevaarlike tyd kon gaan — naamlik hierdie lied — dan beklemtoon dit sekerlik die betekenis van die Woord en die vleesgeworde Woord in ons lewe van versoeking en nood. Hy is ons anker.

21 September. **Lees** Deut. 33:1-29. **Teks:** Deut. 33:1.

SEËN VAN DIE TOEKOMS.

Een maal het Jakob ook die seën uitgespreek oor sy seuns. Dit was 'n seën met die oog op die toekoms. Dit was 'n geloofsdaad. Hy het die beloftes van God geglo wat nog in die toekoms gelê het en wat aan sy nageslag verbind was. So was hy self ook een maal geseën deur sy vader Isak.

Hierdie seën het elke keer plaasgevind op die drumpel van die tyd en die ewigheid. Voor Isak en voor Jakob se dood het hulle hul kinders geseën. Hulle het dus selfs by die dood verder bly kyk.

Hier staan Moses ook nou op die drumpel van tyd en ewigheid, net voor sy dood en hy seën die twaalf stamme van Israel.

Hy doen dit ook uit die geloof met die oog op die toekoms. Hy kon dit doen omdat daar 'n Sinai agter hulle lê en omdat hy dié God wat die toekoms in sy hande het ook daar leer ken het. Hy kon dit doen omdat hy van dié God geleer het dat Hy êrens heen op pad is met sy volk — dat daar nog beloftes is wat daarvoor op vervulling wag.

So alleen kon hy dit waag om van dinge te praat wat nog in die toekoms lê.

Op die drumpel tussen tyd en ewigheid — in die volheid van God se tyd met Christus se dood, is daar ook vir ons 'n seën weggelê deur Hom wat daar aan die kruis gely en gesterf het.

Wat in hierdie toekoms lê wat deur Hom moontlik gemaak, is die heil van die toekomstige eeu anderkant die tyd. Daarom lê daardeur ook sin in ons besig wees aan die duskant want dit is ook stuk van die toekoms wat Hy geskep het en moontlik gemaak het — ons drumpel voor 'n gewisse ewigheid van heil met God.

22 September. **Lees** Deut. 34:1-12. **Teks:** Deut. 34:4.

TOEKOMSGELOOOF.

Die Here het sy volk uit Egipte gelei in die rigting waar die vervulling van die beloftes eenmaal sou lê. Op hierdie pad van die geloof word hierdie vervulde beloftes uit die verte gesien en geglo en begroet. So het ook Abraham een maal as vreemdeling en swerwer sonder om moeg te word of terug te draai op hierdie pad van die geloof geloop toe God hom uit sy vaderland geroep het na God se land vir hom. Die land waarheen die Here Abraham gebring het was land van belofte wat deur God opgerig en gebou sou word. Dit is die woonplek waarvan die hoeksteen deur Jesus Christus gelê is. Woonplek van die toekomstige vaderland.

Moses staan hier op die drumpel van Kanaän voor sy dood en ook in lyn en saam met Abraham om uit die verte te sien en te glo en te begroet en in die geloof te sterwe sonder om die beloftes te verkry.

Ons staan soms by 'n graf en alles lyk so onherroeplik verby. Alles is beëindig. Van 'n toekoms sien of ervaar ons niks.

Die kerkhof word soms die akker of saailand van die dooies genoem. 'n Saailand — as die boer die saad in die grond strooi lyk dit ook asof dit as verlore weggegooi word. Al sien hy niks wag hy met geduld dat uit die skynbare dood, groen halms bokant die grond sal uitsteek — die begin van 'n nuwe oes.

Die geopende graf van Jesus Christus is ons waarborg van vervulde beloftes oorkant die grense van ons aardse lewens.

23 September. **Lees** Ex. 3:1-15. **Teks:** Jos. 1:2(a).

OPDRAG EN BYSTAND.

God is die Skepper en Onderhouer van alles en almal. Hy is die Almagtige. Wanneer Hy spreek moet daar iets gebeur. Sy woord bring 'n verandering, dit maak alles anders. Die een tot wie Hy spreek moet reageer — dit kan nie anders nie.

So het God eenmaal tot Moses gespreek. Hy sê aan Moses dat Hy die ellende van sy volk gesien het en dat Hy hulle wil verlos. Moses moet dit in opdrag van God doen. Maar Moses is onwillig: „Wie is ek dat ek . . . (Ex. 3:11). Maar weer kom die woord van God: „Ek sal met jou wees'.. In die Naam van EK IS word Moses na sy volk gestuur. Al sy verdere besware word afgemaak met God se laaste en besliste opdrag: „Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou wees en jou leer wat jy moet sê."

Na die dood van Moses kom die opdrag van die Here tot Josua „die dienaar van Moses" om die onvoltooide verlossingswerk van Moses voort te sit. „Maak jou dan klaar, trek deur die Jordaan, jy en hierdie hele volk." Op hierdie spreke van God volg daar weer reaksie. Josua aanvaar sy opdrag en begin om gereed te maak vir die uitvoering daarvan. In eie krag? Nee, ook aan hom word die versekering gegee: soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees. Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie. Wees sterk en vol moed.

Die opdrag (roeping) van die Here gaan gepaard met 'n belofte van bystand en leiding. God is nie onredelik wanneer Hy tot die mens spreek nie. Hy gee nie 'n onmoontlike en onuitvoerbare opdrag nie. Ons deins soms terug as Hy tot ons spreek. Dit is egter nie nodig nie. Vra die Here nie aan Josua nie: Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, orals waar jy heen gaan?

In Christus spreek God ook elke dag tot ons. Hy roep ons tot die geloof. Hy roep ons tot lidmaatskap aan sy kerk, tot troue diens in sy Naam, tot getuies in hierdie wêreld om te getuig van sy liefde en trou, van die verlossing in en deur Jesus Christus. Vir die taak waartoe Hy ons roep staan Hy ons self by. Ons hoef die stryd nie te stry nie. Jesus Christus het die stryd eens en vir altyd volstry en as Oorwinnaar uitgetree. Sy oorwinning is ook ons oorwinning.

24 September. **Lees** Deut. 4:1-10. **Teks:** Jos. 1:7(b).

GEHOORSAAMHEID.

Josua ontvang van God die opdrag om Israel deur die Jordaan te lei na die land wat Hy met 'n eed aan hulle vaders belowe het. Moses tot wie die aanvanklike opdrag gekom het, kon vanweë sy sonde by Meriba nie saam die land van die belofte intrek nie. Sy smeekgebed om tog saam oor die Jordaan te trek, word deur die Here afgewys. Dit is trouens God wat met sy volk handel — Hy is die God van alle handelinge. Hy handel na sy wil en welbehae. Aan sy volk het hy hierdie erfenis toegesê en sy beloftes voer Hy uit ondanks ongunstige omstandighede. Die boek Josua verkondig aan ons hierdie getrouheid van die Here — dat Hy self sy volk verlos en hulle van oorwinning tot oorwinning lei.

Die opdrag aan Josua om die volk oor die Jordaan te lei bevat 'n belofte en 'n waarskuwing. Die belofte is dat hulle die land in besit sal neem en dat Hy hulle sal bystaan, lei en bewaar. En die waarskuwing

is dat hulle nougeset moet handel volgens die hele wet van Moses. Daar staan „wyk daar nie links of regs van af nie sodat jy met goeie gevolg kan handel oral waar jy gaan."

Die voorwaarde vir welslae is dus gehoorsaamheid aan die gebooie van die Here. Aan die gebooie mag niks toegevoeg en daarvan mag niks weggelaat word nie sodat die gebooie daardeur nie kragteloos gemaak sal word nie. Reeds toe hierdie gebooie gegee is, het Moses (wat nie alleen wetgewer was nie maar ook volksopvoeder), in sy volksonderrig dit so gestel dat hulle lewe en verblyf in die beloofde land afhanklik is van hulle gehoorsaamheid aan die gebooie van God.

Die gedagte dat lewe en verblyf afhanklik is van wetsonderhouding (gehoorsaamheid aan die gebooie) het ook vir ons onder die genadeverbond betekenis. Onder die genadeverbond het Christus vir ons die wet vervul. (Die wet is nie opgehef nie maar vervul deur Jesus Christus.) En sy wetsvervulling word aan almal wat deur die geloof aan Hom behoort, toegereken. Dit is die genade onder die Nuwe Verbond. En die deelgenote in hierdie genade onderhou dan die gebooie van die Here as bewys van hulle verlossing en uit dankbaarheid vir die genade.

25 September. **Lees** Jos. 1:1-9. **Teks:** Jos. 1:8(a).

KENNIS VAN GOD.

Die roeping van Josua tot leier van die volk en as opvolger van Moses geskied onder andere met 'n sterk beklemtoning van die onderhouding van die gebooie van die Here. Hulle moet nougeset handel volgens die hele wet „wat Moses, my kneg, jou beveel het . . . " Ook in ons teks word aan hom gesê: „Hierdie wetboek mag uit jou mond nie wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan."

Josua moet dit aan hulle bekend maak deur middel van sy gesprekke met en sy bevele aan die volk. Hy moet dit aan hulle verkondig. Ook moet hy dit bepeins, dit wil sê half hardop lees. Want die wil van God word eers deur pligsgetroue studie van sy Woord aan ons duidelik. Daarom moet daar ook voortdurend oor gepraat word sodat nougeset daarvolgens gehandel kan word.

Kennis van God en sy Woord! As die Tien Gebooie gegee word lees ons dat Moses aan die volk sê: „Julle moet dit leer en dit sorgvuldig onderhou" (Deut. 5:1). Ook lees ons: „En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut. 6:6 en 7). Hosea kla: „My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis" (Hosea 6:4).

In die Nuwe Testament lees ons dat Jesus Christus voortdurend besig is om sy dissipels te onderrig. En die apostels gaan voort om die gelowiges te onderrig in die kennis van God en sy beloftes. So vra Paulus in die Romeinebrief: „En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" En dan sê hy: „Die geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."

Vir 'n opregte geloof in Jesus Christus is nodig, benewens 'n vaste vertroue dat my sondes my om Christus ontwil vergewe is, ook die vasstaande kennis van God en sy beloftes soos dit in die evangelie geopenbaar is.

Daarom woon ons die eredienste in die kerk gereeld by, lees ons ons Bybel tuis ook gereeld, onderrig ons ons kinders tuis uit die Bybel en sorg ons dat hulle die kerklike onderrig, die kategese ook ontvang. Trouens toe ons hulle gedoop het, het ons onderneem om hulle te onderrig en te laat onderrig. Kennis van God en sy Woord waarin sy beloftes aan ons meegedeel word is vir ons geloofslewe, ons verhouding met die Heer van die kerk, van die allergrootste belang.

26 September. **Lees** Jos. 2:1-16. **Teks:** Jos. 2:11.

INSTRUMENT IN DIE HAND VAN GOD.

Kan dit waar wees dat Ragab, die hoer, 'n instrument in die hande van God kan wees? Is so iets nie onmoontlik nie? God is immers almagtig. Hy kan sy werk tot stand bring sonder om van mense gebruik te maak! En as Hy tog mense wil gebruik, is daar tog 'n wye keuse, dan kan hy iemand gebruik wat 'n mooier lewe lei, meer onbesproke van karakter is. Daar is tog beter mense as hoere op aarde!

Die twee verkenners deur Josua uitgestuur (in die geheim) na Jerigo en om die beloofde land te gaan bekyk, moes natuurlik hierdie taak so onopvallend moontlik verrig. Daarom soek hulle hierdie, volgens ons mening, minder aanbevelingswaardige tuisgaanplek, op. Hulle het sekerlik nie hier tuisgegaan omdat dié herberg vir hulle 'n sekere aantreklikheid ingehou het nie. Met die inwoners van die stad kon hulle nie onopvallend kommunikeer nie. En hierdie herberg, ingebou in die stadsmuur, was vir hulle gerieflik geleë sodat hulle nie onnodig aan gevaar blootgestel kon word nie. Hulle kon dit maklik en onopvallend bereik en weer verlaat. Uit die gesprekke met die inwoners aldaar kon hulle miskien ook nuttige inligting bekom.

Om hierdie en dergelike redes gaan hulle tuis by Ragab, die hoer. Ons moet agter hierdie optrede die hand van God sien. Hy lei hulle so en maak dan van Ragab gebruik, as instrument in sy hand, om hulle te beskerm en om die nodige inligting te bekom. Haar optrede ('n onverwagte) is dan ook die redding van die verkenners. Hulle verkry by haar ook inligting oor die vrees vir Israel.God het Hom ook aan haar geopenbaar en sy het tot ander insigte gekom. So getuig sy: „want ons het gehoor dat die Here . . ." (vers 10) en in ons teks: „want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder."

God betoon sy genade aan hierdie sondige vrou. Hy gee aan haar 'n deel in die redding van Israel. En Hy gebruik haar as instrument om sy werke tot stand te bring. Haar sonde is nie groter as sy genade nie.

En so is dit vandag nog. In Jesus Christus wil God elke sondaar red uit sy ellende. Ons is almal sondaars (1 Joh. 1:8). En ons is ook almal deelgenote in die verlossing deur Jesus Christus. „Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." (Joh. 15:13). As verlostes deur sy Seun wil Hy ons ook gebruik in sy diens, as instrumente in sy hand ter wille van sy saak. Ja, elkeen van ons, hoe groot ons sonde en skuld ookal is. Dit behaag Hom om ons as sy dienaars te gebruik.

27 September. **Lees** Jos. 3:1-17. **Teks:** Jos. 3:15 en 16.

GOD SE BELOFTES.

„So het Ek julle dan 'n land gegee waaraan julle nie gearbei en stede wat julle nie gebou het nie, dat julle daarin kan woon; wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie, daar eet julle van." (Jos. 24:13). So spreek die Here deur sy kneg Josua (aan die einde van sy lewe) tot sy volk. Die land van belofte is in besit geneem.

Maar dit het nie maklik gegaan nie. Dit was 'n lang pad — moeisaam ook. God wat getrou is gee egter uitvoering aan sy beloftes wat Hy „aan julle vaders met 'n eed beloof het." Eers was daar die weiering, die onwilligheid van Moses, daarna die Skelfsee voor hulle en Farao met sy leërs agter hulle; verder die voortdurende murmurering van die volk oor allerlei sake, die veertig jaar lange omswerwing in die woestyn en aan die einde van alles die Jordaanrivier: „vol op al sy walle al die dae van die oes."

God is egter getrou aan sy beloftes. Hy laat sy werk deur niks keer nie. Niks is by Hom onmoontlik of onoorkomlik nie. Moses se besware word ter syde gestel, Farao en sy magte vergaan in die Skelfsee terwyl sy uitverkore volk droogvoets en heelhuids deurtrek. In hulle behoeftes voorsien Hy deurentyd. Hy gee manna (brood uit die hemel). Hy gee water. Hy verdra in sy lankmoedigheid hulle ondankbaarheid en verwyte. Deur 'n wonder uit sy hand dam die Jordaanrivier op en hulle kon deurtrek. (By die uittog uit Egipte en by die intog in Kanaän doen Hy dieselfde wonder.) Deur sy almag en trou kon Israel hulle erfdeel verkry. Hulle het dit nie verdien of verwerf nie. God het dit aan hulle gegee. Ondanks ongunstige omstandighede voer Hy sy beloftes uit.

Ook die belofte van 'n Verlosser (gegee aan die eerste mensepaar) bly nie vergete of onvervuld nie. Jesus Christus het gekom — anders as wat verwag is. Sy verlossingsdaad geskied ook nie soos die volk dit wil hê nie. Hy kom as 'n mensekind, die seun van 'n timmerman. Hy word gewantrou, gehaat en vervolg. „Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie" (Joh. 1:11). Hy word gevange geneem en gekruisig. Niks verhinder God egter om sy belofte gestand te doen nie. Hy wek sy Seun weer op uit die dode, Hy laat Hom as verheerlikte opvaar na die hemel om vandaar oor sy gemeente te regeer. Juis deur die dood en opstanding van Jesus Christus word die verlossingswerk van God voltooi. Voorwaar die God van beloftes is ook 'n getroue God.

28 September. **Lees** Jos. 6:1-27. **Teks:** Jos. 6:2.

HEIL DEUR GENADE.

Die omswerwing in die woestyn vir veertig jaar is verby. Die deurtog deur die Jordaan het deur 'n wonder van God plaasgevind. Maar die beloofde land behoort nog nie aan Israel nie. Die land moet nog in besit geneem word. Jerigo is die eerste stad wat in die hande van Israel val. Ook in breër sin is dit die eerste stad: die eerste stad van die beskawing, die oudste aan ons bekende stad. Vroeg reeds het mense hulle hier gevestig en op hierdie plek lê God nou beslag vir sy volk in uitvoering van sy beloftes.

Die verowering van Jerigo, net soos die deurtog deur die Skelfsee en die Jordaan, geskied deur 'n wonder van God. Die inbesitneming van die res van die land geskied ook telkens deur wonders uit die hand van God. (God bewerk sy heil deur wonders sowel ten opsigte van Israel as ten opsigte van die gemeente van die Nuwe Testament. Ps. 78:4.) God gee die beloofde land nie omdat Israel dit verower het nie, maar dit word deur Israel verower omdat dit reeds deur God gegee is.

Met betrekking tot Jerigo lees ons: „Maar Jerigo het toegesluit en was toegesluit vanweë die kinders van Israel; niemand het uit- of ingegaan nie." Ragab het immers reeds gesê: „Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand meer enige moed bestaan teenoor julle nie.' Miskien het die inwoners 'n bestorming van die stad verwag. Hulle was in elk geval bevrees en het die stadspoort gesluit.

'n Geslote stadspoort verhinder egter nie die werk van die Here nie. Aan Josua sê Hy: „Kyk, Ek gee Jerigo met sy koning en dapper helde in jou hand." En as God gee kan Israel maar die stad omring en dit ook met veiligheid doen.

Aan die volk van die Nuwe Verbond gee Hy ewe-eens: Hy skenk vergewing van sondes uit genade om sy Seun Jesus Christus ontwil. Die moederbelofte van 'n Verlosser word waar gemaak. Ons verdien nie die sondevergewing nie. Ons kan dit ook nie verdien nie. God gee. „So lief het Hy die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." As God gee, kan ons dit met veiligheid aanneem. Sy Woord is 'n betroubare Woord en werd om ten volle aangeneem te word. Omdat God gee, is ons besitters, erfgename van die beloofde land onder die Nuwe Verbond: is ons dit deur die genadewonder van God aan ons.

29 September. **Lees** Jos. 7:1-26 en Hand. 5:1-11. **Teks:** Jos. 7:1(b) en 26(b).

VERLOSSING VIR ALMAL DEUR EEN MENS.

Ten spyte daarvan dat God Israel wonderbaarlik gelei het en Jerigo sonder stryd in hulle hande oorgegee het, word daar van die kant van Israel ontrou teenoor Hom gehandel. In die eerste vers staan dat die kinders van Israel hulle vergryp het aan die bangoed. Maar onmiddellik daarna word vermeld dat dit Agan was wat van die bangoed geneem het. Deur die oortreding van een persoon staan die hele volk skuldig. Deur die een se oortreding gaan almal gebuk onder die gevolge van die gepleegde sonde: die toorn van God. God beskou sy volk as 'n eenheid en daarom raak die optrede van een persoon die hele gemeenskap. Die toorn van die Here ontbrand teenoor die hele gemeenskap: dit is die toorn van die Verbondsgod teenoor sy verbondsvolk. Die hele volk word getref — sommige selfs met die dood.

Teen hierdie gevolge het Josua vooraf wel deeglik gewaarsku: „Maar neem julle net in ag dat julle nie . . . die laer van Israel onder die ban bring en hom in die ongeluk stort nie" (Jos. 6:18). Israel het dan ook hulle gemeenskaplike skuld aan hierdie vergryp erken (Jos. 20:22). Die oortreding bestaan daarin dat Agan geneem het van die goed wat aan die mense onttrek is en aan God toegewy is. Hierdie oortreding is des-

te ernstiger omdat dit gepleeg is onder omstandighede wat op baie duidelike wyse getuienis gee van die heil van die Here. (Hierdie geskiedenis vind sy Nuwe Testamentiese teenhanger in die sonde van Ananias en Saffira.)

Teen die Verbondsgod moet deur die verbondsvolk nie gesondig word nie. Die verbond mag nie ontheilig word nie. So leer die kerk vandag nog dat die wat 'n ergerlike lewe lei of 'n ongoddelike leer voorstaan, nie by die nagmaal toegelaat moet word nie, sodat die verbond van God nie ontheilig word nie en die toorn van God nie teen die hele gemeente aangesteek word nie.

Die toorn van die Here teenoor Israel is afgewend nadat Agan deur die volk gesteenig is.

Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en tot alle mense deurgedring het, en soos deur die oortreding van een mens die hele gemeenskap skuldig staan voor God, so het God in sy genade voorsien dat deur een Mens, Jesus Christus, sy Seun, die sonde van alle mense weggeneem word. Deur Hom word ons van die tydelike en ewige strawwe op die sonde verlos. „Die bloed van sy Seun, Jesus Christus, reinig ons van alle sonde."

30 September. **Lees** Jos. 8:10-26. **Teks:** Jos. 8:15.

GELOOFSGEHOORSAAMHEID.

Hoeveel probleme duik daar nie op wanneer daar afgewyk word van die eenvoudige weg van die geloof nie.

Israel het die neerlaag gelei teen die inwoners van Ai vanweë die oormoedige selfvertroue van die volk en ongehoorsaamheid van Agan. Nou is die ban weer opgehef; God kan weer gemeenskap oefen met sy volk, maar die gevolge van die misdryf bly nie uit nie.

Hoe wonderlik het Gods mag en heerlikheid nie tot openbaring gekom by Jerigo nie. Nou gee God sy verordeninge om die swakheid en nietigheid van die mens aan die lig te bring — ja, om die magteloosheid en afhanklikheid van Israel bekend te maak. Teen die klein stadjie Ai moet Josua met al die weerbare manne, dertig duisend in getal, optrek. God skryf ook self voor met watter taktiek die stad deur Josua verower sal word, „want Ek wil dit in jou hand gee." Josua gehoorsaam. Hy voer Gods opdragte stiptelik uit en die gevolg „hulle het hulle verslaan totdat daar niemand van hulle oor was wat vrygeraak of ontvlug het nie."

Hoe groot is Gods genade. Hy verootmoedig en verneder, maar skenk ook uitkoms en oorwinning. So is dit as die mens sy afhanklikheid van God erken en bely, as die mens sy hoop en verwagting op die Here stel. Geen wonder dat die skrywer van die Hebreërbrief uitroep: „Werp dan julle vrymoedigheid wat 'n groot beloning het, nie weg nie" (10:35)). Immers boesem Jesus nie self ook vertroue in as Hy sê: „Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie" (Joh. 6:37).

Wanneer ons langs die weg van teurstelling en frustrasie die magteloosheid van die vlees en die dwaasheid van oormoedige selfvertroue leer insien het en ons dan in geloofsgehoorsaamheid opnuut toevertrou aan Gods wil en leiding is daar geluk — ja, welslae. Eie krag en inspanning, eie durf en daad alleen, bring nie sukses nie, maar vertroue op die Here en gehoorsaamheid aan sy Woord. Bied die geloofsweg dan nie sekerheid en vastigheid op grond van die offer en oorwinning van Jesus Christus: „Ek wil dit in jou hand gee!"

1 Oktober. **Lees** Jos. 8:30-34. **Teks:** Jos. 8:30.

GODSDIENS.

Die seën van die Here was met Josua en sy volk. Opnuut is daar weer 'n oorwinning deur die genade en hulp van die troue Bondsgod. Voorwaar! daar is rede en grond om dankbaar en bly te wees, ja, met vertroue voort te gaan die toekoms in.

In ooreenstemming met die gebod van die Here, soos reeds aan Moses oorgelewer, volgens Deut. 27, „het Josua 'n altaar gebou vir die Here, die God van Israel, op die berg Ebal." Deur die bou van die altaar „van ongekapte klippe, waaroor geen yster geswaai is nie" word uitdrukking gegee aan blymoedige onderwerping aan Gods wil, ongekunstelde verering en aanbidding van God en spontane dankbaarheid teenoor die troue Bondsgod.

Hoe graag wil ons mense God anders dien; godsdiens gekap en uitgebeeld na eie sin en wil, versier en opgesmuk na eie smaak, ja, vervorm en verwronge na die gees van die tyd en die oomblik. So kan God nooit gedien word nie, nee.

God kan alleen gedien word na sy wil en welbehae, in ooreenstemming met sy Woord en insettinge. Gemeenskap kan met Hom beoefen word, waar stigtelik sy eer en lof gesoek en verkondig word. Hoe duidelik blyk dit ook uit hierdie erediens wat Josua volgens voorskrif moes hou om die God van Israel te dank vir sy ontferming en genade, vir sy leiding en beskikking. Hoe is nie hier ook opnuut Gods Woord, sy Wet, aan die volk voorgehou as die rigsnoer vir hulle daaglikse handel en wandel nie. Uit hulle diens aan God, hul godsdiens, moet die liefde tot God asook tot die naaste spreek, soos wat die Heer dit van hul verlang.

Geen wonder dat Jesus eeue later Hom nie kon vereenselwig met grootdoenery, valsheid en onegtheid in die diens van die hemelse Vader nie. Hy wou dat elke gelowige soos die kindertjies sal wees: kinderlik, spontaan, ongekunsteld, opreg, vrolik en tog eerbiedig. Wanneer God met hierdie gees en gesindheid gedien word is daar sprake van godsdiens.

> Vorm tot u diens ons hart, o heil'ge God,
> dan strek ons ywer, Heer, U nooit tot skande;
> u diens alleen gee onvermengd' genot
> en maak ons vry van alle sondebande;
> dan juig ons bly oor ons toekomstig' lot
> en stel onsself blymoedig in u hande. (Ges. 183:3).

2 Oktober. **Lees** Jos. 9:1-15. **Teks:** Jos. 9:14.

WEES WAAKSAAM!

Kan die gelowige ooit waaksaam genoeg wees? Hoe wakker moet die gelowige nie wees in die geloofs- en lewensstryd wat volstry moet word nie. Hoe maklik laat die mens hom mislei. Besef ons aldag hoe sterk die mag van satan is? Hou ons as kinders van die lig genoegsaam rekening met die mag en lis van hierdie vors van die duisternis.

Slaan maar ag op wat met Josua en die owerstes van sy volk gebeur het. Die Hewietiese inwoners van Gibeon het besef dat hulle nie deur geweld staande kon bly voor Israel wat die land in besit neem nie.

Daarom „het hulle ook met lis gehandel" deur voor te doen asof hulle van 'n baie ver land afkomstig is. Bowendien maak hulle ook asof hulle bewus is van Gods mag en beskikking ten opsigte van Israel, vandaar dat hulle 'n verbond met Israel wil sluit.

Sonder meer aanvaar Josua en die owerstes in goedertrou die woord van hierdie manne. Ja, ten spyte van wat daar vantevore by Ai gebeur het, maak hulle staat op eie insig en oordeelsvermoë, „maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie." Hulle hou nie rekening met God nie. Hulle ken Hom of sy Woord nie in hulle beslissing nie. Wat is die gevolg? Met lis en bedrog — ja, met vroom praatjies — word hulle gevang en bedrieg.

Is die ou aartleier, satan, nie slim en geslepe nie? Waarvan maak hy nie alles gebruik om mens se oog te vang sodat jy God en sy gebod — ja, sy Woord, vergeet nie? Geen wonder dan ook dat Paulus die gelowiges te Korinthe en daarmee ook alle gelowiges van alle tye en plekke waarsku om hulle nie deur die mooi woorde van mense of valse profete te laat mislei, want „die satan self verander hom in 'n engel van die lig." Hoe het Jesus nie self ook die satan weerstaan nie toe die Hom probeer versoek en mislei het nie (Matt. 4:1-11).

Daar is slegs een manier van verweer teen hierdie soort van dinge: deur met biddend opsien na omhoog Gods Woord te neem as lig op ons pad en lamp vir ons voet.

3 Oktober. **Lees** Jos. 9:16-25. **Teks:** Jos. 9:21.

HOU WOORD EN LEWE.

Toe die volk van Israel teen hul owerstes murmureer oor die bedrog van die Gibeoniete het hulle geantwoord: „Laat hulle lewe!" 'n Belofte is immers gemaak en 'n mens se woord is sy eer — altans, so hoort dit.

Is ons woord nog ons eer? Hou ons woord in ons afsprake, in ons besigheidshandelinge en in die nakoming van ons verpligtige en verantwoordelikhede? Word die spreuk „Belofte maak skuld en wie daarop wag, raak gekuld" nie hoe langer iets algemeens onder ons nie?

„Laat hulle lewe!" God is getuie van die belofte gemaak. „Ons het selfs vir hulle gesweer by die Here, die God van Israel . . . " lui die antwoord verder teenoor die verwoede volk. Hoe staan dit met ons woord, ons beloftes, aan die Here, na die aflegging van geloofsbelydenis, na die bediening van die sakrament van die heilige doop aan ons kinders, na die selfondersoek tydens die viering van die heilige nagmaal en na die uitredding uit ons nood en ellende, angs en kommer?

„Laat hulle lewe!" —maar hoedanige lewe? Hoor daar: 'n lewe in dwingelandy; 'n lewe van houtkapper en waterputter, dus 'n lewe in slawediens.

En wat hoor ons, ten spyte van ons lewe in bedrog, meineed en leuen, ja, in sonde en ellende? Aan die kruis weerklink die gebed van Jesus: „Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" Voorwaar: „Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee!"

Hoor daar, wat is die inhoud van die blye boodskap, die evangelie van Jesus Christus, aan u en my? „Laat hulle lewe!" Dit beteken geen lewe onder dwang, as gebondenes in slawediens nie, nee, maar vry; ja,

vrygekoop en losgemaak van die bande van die sonde en die dood deur Jesus Christus, ons Borg en Middelaar, ons Verlosser en Saligmaker! Daarom geld vir elkeen van ons, uit dankbaarheid en blydskap; woordhou en lewe. Die wekroep van Jesus is immers: „Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:16).

4 Oktober. **Lees** Jos. 10:1-42. **Teks:** Jos. 10:8.

WEES NIE BEVREES NIE.

Die bedrieërs is in die moeilikheid. Die vyf Amoritiese konings van Suid-Kanaän beleër Gibeon as trafekspedisie omdat hulle 'n verbond met Israel gesluit het. Die Gibeoniete vra hulp by Josua en beroep hulle op die verbond wat gesluit is. Weier hy en sy volk hulp, is hulle ontrou aan hulle woord. Laat hulle toe dat hulle verslaan word is hulle vry van die gevolge van hulle misstap, maar hoe sal hulle hul voor God verootmoedig. Trek hulle net eenvoudig op gee hulle blyke dat hulle 'n bondgenootskap vir goed aangegaan het. Wat moet hulle doen?

God wys die regte weg aan. Josua raadpleeg God. Hy en sy volk tree in gemeenskap met God. Sy antwoord is: „Wees nie bevrees vir hulle nie, want Ek gee hulle in jou hand."

Hoe groot en wonderlik is God in sy genade. Tenspyte van die misstap van vroeër en die feit dat Josua en die owerste mislei is, verwyt God hulle nie. Hy is en bly onder alle omstandighede, inderdaad, die Helper in nood, die God op wie 'n mens kan steun en vertrou.

Deur die haastige opmars van Josua teen die vyand skep God groot verwarring onder hulle en toe hulle op die vlug slaan, stuur Hy 'n haelbui oor hulle, waardeur baie meer van hulle gesterf het „as wat die kinders van Israel met die swaard doodgeslaan het". Op die smeekgebed van Josua het God ook die son en maan laat stilstaan. Vir God is niks onmoontlik nie — hoe klein of gering, groot of magtig dit ookal mag wees. Gevolglik was die stryd vir die Amoriete verlore en as vyand van die verbondsvolk is hulle geheel-en-al verslaan.

Hoe 'n wonderlike troos en waarborg spreek nie hieruit tot ons as die volk van die nuwe verbond nie. Wie in en deur Jesus Christus tot God, die Vader, opsien word „meer as oorwinnaars". Jesus het vir elke gelowige die stryd volstry deur sy koms, lyde en sterwe op aarde. In en deur sy oorwinning oor die magte van die Satan, die vors van die duisternis, gee Hy aan die gelowiges, as die volk van die nuwe verbond nog baie duideliker as vir Josua en die ou verbondsvolk kennelik die versekering: „Wees nie bevrees nie." Sy woord is immers: „. . . hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin." Daarom kan Johannes ook aan ons sê: „. . . dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof" (1 Joh. 5:4).

5 Oktober. **Lees** Jos. 11:1-15. **Teks:** Jos. 11:9.

VOLDOEN AAN VERWAGTING.

God verwag van Josua om sy woord, sy opdrag uit te voer. Nou versamel die konings van Kanaän 'n magtige leër „soos die sand wat aan die seestrand is in menigte, met 'n groot getal perde en strydwaens" by die water van Merom om met Israel oorlog te voer. By die aanskouе hiervan is die woord van God aan Josua: „Wees vir hulle nie bevrees nie;

want môre omtrent sulke tyd sal Ek hulle, almal verslaan, aan Israel oorgee; hulle perde se hakskeensenings moet jy afsny en hulle waens met vuur verbrand."

Josua het Gods woord. Nou moet hy handel in geloof en vertroue daarop. „En Josua het met hulle gedoen, soos die Here aan hom gesê het . . . " Gods woord is vir hom en vir Israel die rigsnoer in die volvoering van hul opdrag en taak, en . . . vandaar ook die sukses, die oorwinning.

In die monstering van hierdie magte van die Kananitiese konings teen Josua en Israel sien ons die vyandskap en haat van die wêreldmagte teen die volk van God. Het Jesus Christus nie sy dissipels en daarmee alle gelowiges hierteen gewaarsku toe Hy gesê het: „ . . . en julle sal deur al die nasies gehaat word, ter wille van my Naam (Matt. 24:9) . . . omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle" (Joh. 15:9).

Die gelowige het in die stryd hierteen ook maar net Gods woord. Verder moet die gelowige ook maar net op God vertrou, en tog het ons baie meer as Josua. Ons het Jesus Christus, die Verlosser en Saligmaker, as oorwinnaar oor graf en dood. Sy versekering is immers: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde" (Matt. 28:18). So skryf die apostel Johannes ook: „Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" (1 Joh. 5:5).

So word van die gelowige verwag om te voldoen aan Gods woord en op Jesus Christus te vertrou. Wie hieraan voldoen het, net soos Josua van ouds het niks te vrese nie. Immers: „Josua het . . . gedoen, soos die Here aan hom gesê het" — en . . . die voldoening aan wat van hom verwag was, het sukses gebring. „Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie" (1 Kor. 15:58).

6 Oktober. **Lees** Jos. 12:1-24. **Teks:** Jos. 11:23.

KROON NA DIE STRYD.

Die stryd en oorwinning van Israel oor die bewoners van die land Kanaän word vir ons beskrywe in die eerste elf hoofstukke van die boek Josua. Hierdie verowering van die land van die heidense volke eindig met die woorde: „en die land het gerus van oorlog." Hierop volg dan in hoofstuk twaalf die oorsig van die oorwinnings van Israel oor die een-en-dertig Kananitiese konings. Hierdeur word te kenne gegee dat die vyand volkome verslaan is, dat die beloofde land nou in besit van Israel is en dat die verdeling daarvan nou onder die stamme van Israel sal plaasvind.

So word aan ons op 'n treffende wyse die gevolge van die rus na die stryd gegee. Hoe 'n pragtige voorbeeld vir ons. Na die oorwinning kom rus. God skenk nie net die oorwinning nie, maar ons kan ook die vrugte daarvan geniet. Wie getrou en met volharding onder leiding van die Heilige Gees die stryd volstry het geniet aan die einde daarvan rustig die genot van die hemelse erfenis — die Vaderhuis met sy baie wonings.

Hoe sterk hierdie vooruitsig nie die gelowige om te volhard tot die einde toe nie. Die oorwinningskroon wag op elkeen in die hemele.

Hoe groot en wonderlik is Gods genade aan sondaars! Uit onsself niks nie, ja, nie deur ons krag, deug of prestasie nie, maar deur God in Christus Jesus is daar vir ons die kroon van oorwinning.

Op U alleen bou ek my hoop;
ek sal my pad volhardend loop
tot waar die kroon my eenmaal wag,
waarna my siel verlangend smag;
wil U in alle stryd my sterk
totdat u kroon rus op my werk! (Ges. 73:4).

7 Oktober. **Lees** Jos. 13:1-33. **Teks:** Jos. 13:6.

DIE OORWINNING STAAN VAS.

„Die Here julle God wat voor julle uit trek, Hy sal vir julle stry net soos Hy voor julle oë met julle in Egipte gedoen het . . . " so het Moses aan die vooraand van hulle intog in die beloofde land, die volk Israel bemoedig. In die wolk- en in die vuurkolom het Hy dag en nag voor hulle uitgetrek. Menigmaal het Hy aan hulle die oorwinning gegee oor 'n veel sterker vyand. Dit moet ook nou vir hulle die waarborg wees dat hulle dit met God ook die toekoms in kan waag.

Terwyl Israel nou besig is om die beloofde land in besit te neem, herhaal die Here self die belofte om vir hulle die stryd te voer. Hy sal self vir hulle die stryd stry en hulle vyande verdrywe sodat die land net hulle erfdeel sal wees. Daarom staan die uitslag van die stryd nog voor die stryd reeds vas. Die Here is self die waarborg vir die oorwinning.

Die kerk, as volk van God, is ook op pad na 'n beloofde land, maar is in hierdie lewe nog strydende kerk. Maar tog hoef die kerk nie te twyfel of onseker te wees oor die uitslag van die stryd nie. Die kerk en elke gelowige kan moedig stry, seker van die oorwinning, al is die vyand ook hoe gedug en al is die duiwel hoe woedend.

Hierdie sekerheid van die oorwinning kan die kerk en gelowige hê, omdat die heilswerk wat Jesus Christus in hierdie wêreld gedoen het daarvoor die waarborg is. As Oorwinnaar oor duiwel, oor sonde, oor dood, tree Hy ons tegemoet met die oproep:

„In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

8 Oktober. **Lees** Jos. 14:1-15; Rom. 8:31-39. **Teks:** Jos. 14:12.

GELOOFSMOED.

Van die twaalf verspieders wat Moses uitgestuur het om die land Kanaän te verken, het tien se moed hulle begewe vanweë die reuse, die kinders van Enak, wat hulle daar gesien het. Slegs twee, Josua en Kaleb het die geloofsmoed behou en hulle volksgenote daarop gewys: „Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die Here is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie."

By die inbesitname van die beloofde land, toon Kaleb dat hy steeds volhard in die geloof. As geloofsheld, wat in die eerste plek bereid was om dit in die geloof met God te waag, ontvang hy nou op grond

As Miga dan kom, dan sê hy spottend, wat die valse profete ook gesê het. Maar Josafat merk dat Miga nie die waarheid praat nie, en as hy daarop aandring dat die profeet die waarheid moet praat, sê Miga: „Ek het die hele Israel gesien, verstrooid op die berge, soos skape wat geen wagter het nie. En die Here het gesê: Hulle het geen heer nie; laat hulle elkeen in vrede teruggaan na sy huis."

Miga profteer dat Agab in die stryd sal omkom, sodat Israel sonder koning is. Nou is Agab kwaad, en hy laat Miga in die gevangenis opsluit op 'n hongerrantsoen. Dis nou Miga se straf, omdat hy die ware boodskap van God gebring ihet. Miga se profesie is bewaarheid. Agab is dodelik gewond, en die Israeliete het leierloos teruggekeer.

Ek dink aan 'n ander Koning — Jesus Christus, wat ook gesterf het, sodat ons wat glo, nie sonder Heer, maar in sy voetspore, die stryd teen die Bose kan aandurf.

11 November. **Lees** 2 Kon. 1:13-17. **Teks:** 2 Kon. 1:15a.

SPREEK SONDER VREES.

Ten gevolge van 'n ongeluk is Ahásia koning van Israel ernstig siek en soek hulp — nie by God nie, maar by Baäl-Sebub (Vertaal heer van die vlieë). God verydel die optrede, deur Elia te stuur en die boodskappers na die koning terug te stuur met die berig dat die koning sal sterf omdat hy afgode en nie God raadpleeg nie.

Twee keer vernietig God deur vuur die leërafdeling wat Elia op bevel van die koning gevange moet neem. Die derde se leier vra ootmoedig dat hy gespaar mag word. Dan sê God dat Elia self na die koning moet gaan. Hy hoef nie te vrees nie. Vreesloos gaan die profeet en bring die onheilsboodskap aan die koning wat ook gesterf het.

Elia moes meer dan eens ter wille van die eer van God teen goddelose vorste getuig — dink aan Agab en Isébel. Telkens wanneer sy moed na twyfel oorslaan, bemoedig God en sy boodskap word oorgedra — sy raad word deurgevoer. Om teen vorste met al hulle mag oor lewe en dood te getuig is nie 'n geringe opdrag nie. Ons is manmoedig oor die oortredinge van geringes, maar teenoor vorste is ons halfhartig.

Hierdie gebeurtenis uit die Ou Testament word in herinnering geroep deur Lukas 9 as die dissipels ook daardie mag van Elia begeer om die Samaritane wat Jesus afwys, te verteer. Jesus wat die wil van sy hemelse Vader vreesloos uitvoer, laat dit nie toe nie, want sê Hy: „die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red." Vreesloos volvoer Hy die Vader se wil, al kos dit sy eie lewe. Deur Hom is daar nie vuur uit die hemel om sondaars te verteer nie maar 'n vuur van liefde om mense te red.

Vreesloos moet ons daardie boodskap aan vors en onderdaan oordra — ook die wat Baäl-Sebub raadpleeg. Het u die moed daartoe?

12 November. **Lees** 2 Kon. 2:6-12. **Teks:** 2 Kon. 2:9b.

WAT BEGEER ONS?

Soos Elia se lewe vol storms was, word hy aan die einde in 'n storm lewend na die hemel geneem. Elisa sy opvolger kom voor 'n moeilike keuse want sy moelike taak wag en nou kry hy die geleentheid om iets te begeer om dit uit te voer.

Wat begeer ons nie soms in moeilike situasies om ons daar deur te help nie — mag, geld, krag!

Elisa begeer dit wat waarde het — „Laat tog 'n dubbele deel van u gees op my kom." Die gees van Elisa — wat beteken dit nie! Vreeslose oordeelsaankondiging maar ook 'n gees van twyfel onder die besembos waar hy begeer om te sterwe. Maar dan telkens die krag van God om die gees van Elia om te vorm na die wil van God. Dit bly 'n swak mens, maar tot alles in staat deur God. As die mantel van Elia op sy skouers val word dit simbool van die profetiese amp om die gees van bereidwilligheid te ontvang om die woord van die Here te spreek onder die moeilikste omstandighede.

As Elisa sy heer en voorganger sien opvaar in stormgeweld, weet hy watter geweld hom wag, maar hy weet ook dat hy die gees van die profesie ontvang het. Hy gaan met die wete dat dit nie die profeet is nie, maar God wat die wonder doen.

Jesus Christus worstel in die tuin van Getsemané om die wil van sy Vader uit te voer, maar steeds kom die berusting: nie My wil nie, maar U wil geskied.

Eie krag om 'n goddelike opdrag uit te voer sal steeds by ons ontbreek, maar ons weet ook dat Hy wat ons roep getrou is en dit ook sal doen.

As u taak onmoontlik lyk, begeer dan maar op u knieë en God stuur sy Gees om ons krag te versterk.

„ . . . moet julle nie kwel oor hoe of waarmee julle jul sal verdedig, of wat julle sal sê nie; want die Heilige Gees sal julle in dieselfde uur leer wat julle moet sê" Luk. 11:12.

13 November. **Lees** 2 Kon. 2:13-22. **Teks**: 2 Kon. 2:21b.

WIE MAAK GESOND?

Elisa het die profetiese amp aanvaar en in die Naam van die Here tree hy op. Telkens as hy 'n wonder doen, sien ons dat Hy die mag van God daarin erken. As hy op die water staan sê hy of bid hy: Waar is die Here die God van Elia, ja, Hy? Dit het die ander ook laat glo dat die gees van Elia op Elisa rus.

Dieselfde vind ons ook by 'n volgende wonder. Nie net die profeteseuns nie, maar ook die manne van Jerigo erken die mag van God in Elisa werksaam. Daarom die versoek om hulle waterfontein wat ondiensbaar geword het deur die onvrugbaarheid van die grond, weer diensbaar te maak. Die water van die huidige Sultansfontein was so sleg dat dit nie net die oeste benadeel het nie, maar dit kan ook dui op miskrame by die vroue.

'n Nuwe skottel, as teken van reinheid en sout as reinigingsmiddel sal die instrument wees in Gods hand deur Elisa om die probleem te herstel.

Weer kom die Woord van God: „So spreek die Here: Ek het die water gesond gemaak."

„Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word." So gaan die reinigende Woord van God, die herskeppingswoord, wat tot lewe roep dit wat deur die sonde dood en onvrugbaar gemaak word, deur die mensegeslag.

In Jesus Christus geskied die wonder. „Ek het die water gesond gemaak.

„Ek is die weg die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Hy alleen gee lewe. Hy gee 'n opborrelende fontein van water van lewe, deur Jesus Christus.

Hy stuur mense om soos sout van die aarde die lewe aan te kondig, smaak te gee. Hoe is u lewe?

14 November. **Lees** 2 Kon. 3:7-12. **Teks:** 2 Kon. 3:11a.

WIE SAL ONS RAADPLEEG?

Joram is in die plek van Ahásia tot koning oor Israel gesalf. Soos 'n refrein kom dit ook oor hom: En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.

Hy besluit om teen Moab op te trek maar vir die doel sluit hy 'n bondgenootskap met Josafat die koning van Juda, en die vors van Edom. Dors oorval die leërs en in radeloosheid roep Joram uit. Hy weet nie na wie om te gaan nie. Hy ken God nie meer nie. Deur Josafat kom hulle by Elisa om van hom hulp te kry. Verpletterend vir Joram as Elisa vir hom sê: Wat het ek met jou te doen? Alleen ter wille van Josafat is die profeet bereid om die Here God om uitkoms te raadpleeg.

Is dit nie 'n ontsettende oordeel van God oor 'n volk as hy 'n vors het, wat nie weet wie hy moet raadpleeg om sy nood en hulpeloosheid voor uit te stort nie.

Koninklike gesag is geleende gesag. God regeer die aarde deur vorste oor die volke aan te stel. As daar dus 'n volk is met 'n vors wat God nie ken en erken nie, is dit die begin van die voltrekking van die oordeel van God oor daardie volk. Vorste het die voorbidding van onderdane dringend nodig dat hulle die volk sal lei nadat hulle geleer het om God te volg.

God regeer die wêreld ook deur sy kerk wat sy Woord ontvang het. Dit is die taak van die kerk om die Woord van die Here te bring tot elke deel van die volk, ja tot in die huise van die regeerders, in die vergadersale van die regeerders.

Ouergesag is ook geleende gesag — verkry van God om huisgesinne so te lei dat God geëer en sy Naam bely sal word.

Word die gesag van God geken en eerbiedig in ons volk, in ons vergadersale, in ons huise? Wie sal u raadpleeg in u nood en u daaglikse behoeftes? „Is hier 'n profeet van die Here, dat ons deur hom die Here kan raadpleeg nie?"

15 November. **Lees** 2 Kon. 4:8-17. **Teks:** 2 Kon. 4:10a.

WAT KAN ONS DOEN?

Elisa is op pad na Sunem, 'n stad of dorp uit die gebied van Issaskar teenaan die vlaktes van Jisreël. Een van die inwoners, welgestelde mense het die profeet gesien verbygaan. Hulle het hom seker as profeet herken en nie hulle deur vir hom gesluit of weggekruip nie, maar hom ingenooi en brood gegee om te eet. Dit het hulle dikwels gedoen. Maar dit was nie al nie. Die vrou bespreek dit met haar man en hulle wil graag meer vir hierdie gesant van die Here doen. Hulle rig vir hom 'n bokamer in waar hy kan woon en rus op sy reise.

Hierdie daad van die gesin openbaar vir ons 'n korrekte houding teenoor die diens van die Here en sy dienaars as gesalfdes om daardie dienswerk te verrig. Sonder om te vra wat hulle terug sal ontvang, doen hulle hierdie dankofferdaad. In die profeet en diens aan hom ter wille van die werk van die Here, wil hulle eintlik godsdiens verrig.

Ons bereidwilligheid om ons dankoffers te bring is 'n deel van ons godsdiens en 'n belangrike deel wat nie verwaarloos mag word nie. Dit is 'n dankofferdaad aan God. Dit herinner ons aan die uitspraak dat die wat dit aan een van die minste van die Here gedoen het, het dit aan Hom gedoen.

En die uitslag — lees verder wat met hierdie gesin uit Sunem gebeur het.

Dan hoor ons die woord van Jesus Christus. „Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde" Matt. 6:3-4.

Hoe welkom is die gesante van die Here in u huis?

16 November. **Lees** 2 Kon. 5:1-12. **Teks:** 2 Kon. 5:3.

GETUIENIS VAN MY KIND.

By 'n inval oor die grense van Israel is hierdie dogtertjie geroof en sy beland as slavin in diens van die eggenote van die leërowerste van die Arameërs wat die strooptogte uitgevoer het.

Sy is slavin, ver weg van haar moederhuis se beskerming en haar vaderland as tuiste. Ons sal sê: Wat 'n jammerlike situasie. Trots is die leërowerste oor sy prestasies van oorwinning en kosbare buit. Ons sal sê wat 'n begeerlike situasie.

So sien en beoordeel ons. En God? Hy weet Naäman die leerowerste is jammerlik en geestelik arm want hy is siek, dodelik siek tussen al sy weelde. Hy staan met leë, smekende hande. Hy weet van die geestelike rykdom van daardie Joodse slavinnetjie sodat sy met gevulde hande kan aanbied in haar jammerlike toestand. Sy is deur God ryk gemaak by al haar nood, al lyk dit nie so nie. Naäman is deur God arm gemaak by al sy rykdom. Hy is melaats.

God ag haar en haar toestand nie te gering om vir Hom en sy ryk getuienis te lewer nie. Klein en 'n slavin — en tog groot en vorstelik getuig sy.

Wat sy geleer het in haar ouerhuis, het sy onthou en op sy aangewese tyd gebruik God dit om op 'n menslik onmoontlike plek te getuig van sy mag en groot dade. Sy twyfel nie want sy getuig: „Ag was my heer maar net by die profeet wat in Samaria is, dan sou hy sy melaatsheid wegneem." Nie miskien nie — nee hy „sou".

Die vraag gaan aan ouers van kinders: Watter getuienis sal u seun of u dogter onder sulke omstandighede lewer? Ons kinders is die getuigskrifte van ons lewens en wat in ons huise aangaan.

Kinders hoef nie groot en geleerd te wees om te getuig nie. Nee, hulle wat die eerste beginsels van wysheid naamlik die vrees van die Here, geleer het, kan en sal getuig.

17 November. **Lees** 2 Kon. 7:5-9. **Teks:** 2 Kon. 7:9.

SWYG OOR 'N GOEIE BOODSKAP.

Ontsettende ellende heers by die beleëring van die stad soos Samaria in die ou tyd deur die Arameërs. Dood en ellende heers in die stad. Vir die melaatses buite die stad uitgewerp, is dit nog veel erger.

Deur 'n wonderdaad van God word die vyandige beleërders op vlug gejaag en al hulle toerusting en proviand word agtergelaat. Die melaatses buitekant die stad ontdek daardie oorvloed om dit te geniet na hartelus.

Nadat hulle hulleself vir 'n tydlank verlustig het in die oorvloed besef hulle asof met 'n skok: „Ons doen nie reg nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie boodskap, en ons bly stil. As ons vertoef tot die môrelig toe, dan sal ons skuldig staan. Kom dan nou, laat ons gaan en dit in die huis van die koning vertel."

Die koning het die voorspelling van Elisa nie geglo nie en nou ontvang hy die verlossingsberig uit die mond van die melaatses.

In geestelike sin is die mensdom in 'n beleërde stad vasgevang. Die mag van die duister het Samaria van die menslike geslag beleër en ingesluit deur die sonde — honger en dood heers — honger na geregtigheid en 'n ewige dood.

Ons hemelse Vader het ons groot Profeet Jesus Christus gestuur om die bevrydingsboodskap te stuur, maar Hy is nie geglo nie. Voor die poorte ontvang die melaatses — die kerk — die boodskap dat die vyand verdryf en verslaan is en dat daar genade-oorvloed vir gelowige sondaars is. Die kerk weet van 'n dag van 'n goeie boodskap. Dra hy dit oor of swyg hq?

As ons swyg tot môre toe sal ons skuldig staan. Dit is die aanklag teen die kerk, maar ook die oproep tot getuienis.

Net die kerk weet van daardie verlossing in Jesus Christus — hy het die opdrag om dit uit te dra. Hy dra met ander woorde die sleutels om die ingekluisterdes oop te sluit.

En hy swyg! Hy swyg oor 'n dag van goeie boodskap! As ons swyg tot môre toe sal ons skuldig staan.

Daarom: Kom dan nou — laat ons gaan en vertel. Ja, tot in die huis van die koning.

18 November. **Lees** 2 Kon. 9:1-3. **Teks:** 2 Kon. 10:29.

WAT ISRAEL LAAT SONDIG HET.

Byname is nie iets vreemds in ons volkslewe nie. Ook in die Bybel nie byvoorbeeld Johannes die Doper, Simon die melaatse, Judas die verraaier. Ook in die geskiedenis is byname nie iets vreemds nie, byvoorbeeld Willem „die Zwyger", Frederik die Vrome, Maria die Bloedige, Hans Dons, Jan Boomplaas, Frans Held.

Koning Jerobeam van die tien stamme ryke staan in die Bybel bekend as Jerobeam wat Israel laat sondig het. Uit vrees dat as sy mense gereeld moet opgaan na die godsdienstige fees in Jerusalem, hulle van hom afvallig sou word en koning Rehabeam van die twee stamme ryk sou aanhang, het hy sy eie heiligdomme gestig, een te Bet-el naby die grens tussen die twee ryke en die ander te Dan in die verre noorde van sy ryk.

Vir elkeen van die twee heiligdomme laat hy 'n goue kalf maak. Toe sê hy aan die volk: „Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem — hier is, o Israel, jou gode wat jou uit Egipteland opgebring het."

Dit was in die oog van die Here 'n gruwel. Hierdie kalwerdiens is die uitstaande kenmerk van sy regering en die mees uitstaande daad van sy lewe. Hierdie sonde het Jerobeam se hele lewe gekarakteriseer. Hy staan in die gewyde geskiedenis bekend as Jerobeam wat Israel laat sondig het.

Wat is dít vreeslik dat dit van 'n mens gesê moet word! Dat jy met jou sonde verregaande gevolge ook vir ander meebring!

As u nie 'n volk kan beïvloed soos Jerobeam nie, dan het u moontlik u gesin of u vriend beïnvloed. Dit kan ten goede of ten kwade wees. As dit ten kwade is, as u die middel was om iemand anders op die breë weg te bring, weet dan dat daar genade om Christus wil vir 'n berouvolle sondaar is, ook vir dié sonde waardeur u 'n ander laat sondig het.

19 November. **Lees** 2 Kon. 10:15-28. **Teks:** 2 Kon. 10:24c.

SY LEWE SAL IN DIE PLEK VAN DIÉ LEWE WEES.

In die land van belofte is daar altare vir 'n afgod, Baäl. Op die troon van die volk van die Here is daar 'n koningshuis wat die afgod dien en die God van Abraham, Isak en Jakob die rug toekeer.

Dit was vir die Here 'n gruwel en Jehu trek daarteen op. Hy beroem hom op sy ywer vir die Here. Die afgodediens sal hy met wortel en tak uitroei. Ongenadiglik tree hy teen die Baäldienaars op. Hy gebruik selfs lis om sy doel te bereik.

Sy metodes stuit 'n Christenmens teen die bors. Ons moet immers anders optree teenoor ons vyande.

Maar daar is een ding wat gunstig opval in die optrede van Jehu en dit is sy brandende haat teen alles en almal wat Baäl bo God verkies.

Ken ons ook die haat teen alles, ook in ons eie lewe, wat in stryd is met die wil van God? So nie, kan dit wees dat ons Jehu om sy wreedheid veroordeel, terwyl hy ons moet veroordeel omdat ons so flou is in die diens van die Here.

Om sy doel te bereik laat hy aan sy manne weet, dat as een van hulle 'n Baäldienaar laat vryraak, dan sal sy lewe in die plek van dié se lewe wees. 'n Lewe word hier geëis om dood te bewerkstellig.

God doen dit net anders om. Hy „eis" 'n lewe om lewens te behou. Christus moes die kruislyde aanvaar om aan ander die lewe te behou. Hy moes die dood ingaan om die lewe te skenk, want die wat in Hom glo sal lewe al het hy ook gesterwe.

20 November. **Lees** 2 Kon. 10:26-36. **Teks:** 2 Kon. 10:28, 29.

BAÄL VERWERP, MAAR GOUE KALWERS GEHANDHAAF.

Jehu, die yweraar, wat dryf soos 'n kranksinnige, word tot koning gesalf. Daarom beskou hy homself as die uitvoerder van die raad van God. Die krag van sy oortuiging is, dat hy 'n werktuig in die hand van God is, En so tree hy op met groot ywer.

Sy eerste groot daad is om in oosterse styl die nakomelinge van die koning om te bring. Hy spaar nie een nie.

Sy tweede groot daad is die uitroeiing van die Baäldiens. Die Baälpriesters word vermoor. Die tempel van Baäl laat hy verbrand.

Die Baäldiens is deur koning Agab ingevoer in Israel onder die invloed van sy heidense vrou, koningin Isébel.

Op die berg Karmel het die volk vir die Here gekies en geskreeu: Die Here is God! Tog het die Baäldiens nog voort gelewe.

Dit is opvallend hoe moeilik die volk Israel die Baäldiens afsterwe. Net so moeilik is dit ook om watter sondediens ook al af te sterwe. Afdwaling van God is makliker as terugkeer.

Jehu verdelg Baäl uit Israel, maar handhaaf die goue kalf. Hierdie diens van die goue kalf is deur Aäron in die woestyn ingevoer. Dit bedoel nie 'n god in die plek van die lewende God nie, maar wel om die Here in die beeld van 'n goue kalf te dien.

Hierdie afwyking, lyk nie so gevaarlik as die afgodediens van Baäl nie. Dit wyk nie sover af nie. Dit erken God darem nog.

Afgodedienaars is onder ons volk nie baie nie, maar hoe baie dien 'n afgod naas God: God en Mammon (die geldgod), God en Bacchus (die drankgod), God en Venus (die god van die hartstog), ensovoorts.

Maar die Here Jesus sê: Jy kan nie God en Mammon dien nie. God eis ons liefdediens alleen vir Hom op. Hy deel ons liefde vir Hom nie met 'n ander nie.

21 November. **Lees** 2 Kon. 11:1-11. **Teks:** 2 Kon. 11:1.

'N MOEDER WAT VERLEI.

Naas die wrede keiser Nero van Rome was daar 'n paar vroue regeerders wat deur hulle wreedheid bekendheid verwerf het. So was daar Catharina de Medici wat met die bloedbruilof in Parys die Bartholomeusnag beplan het en admiraal De Coligny sowel as tien duisende Hugenote laat vermoor het. Nog so een was die bloedige Maria, wat die hervormer Cranmer laat ombring het, sowel as baie wat die kerkhervorming goedgesind was. En daar was ook die beruggeworde Atalia, die dogter van Agab en Isébel.

Na haar man, koning Joram, se dood, het haar seun Ahasia sy vader opgevolg. Hy het aan die leiband van sy moeder geloop. Die huis van Agab was sy raadgewers „hom tot 'n verderf" en onder hierdie bose raadgewers was sy moeder van wie ons lees: „Sy moeder was sy raadgeefster om goddeloos te handel" (2 Kon. 22:3, 4).

Sulke moeders was en is daar nou ook, moeders wat nie tot 'n seën vir hulle kinders is nie, maar hulle kinders voorgaan op die weg wat lei tot die verderf.

Die profeet Esegiël sê: „Soos die moeder, so haar dogters" (16:44). In die reël val die appel nie ver van die boom nie. Daarom moet moeders dubbel op hulleself toesien, want naas God lê die toekoms van hulle kinders en daarmee van hulle volk in die eerste plek in hulle hande.

En die toekoms van u kinders, moeders, lê alleen dan veilig in u hande, as u eie hande lê in die deurboorde hande van onse Here Jesus Christus. As u uself deur Hom laat lei op die weg van die geregtigheid, alleen dan sal u u kinders op daardie selfde weg tot die lewe kan lei.

22 November. **Lees** 2 Kon. 12:1-15. **Teks:** 2 Kon. 12:4.

GELD WAT AS HEILIGE GAWES IN DIE HUIS VAN DIE HERE GEBRING WORD.

Die tempel van die Here het hier en daar in verval geraak, seker ook as gevolg van die Baäldiens en afgodery van die konings en volk van Juda. Koning Joas egter het gedoen wat reg was in die oë van die Here. Hy wil dan ook die tempel herstel. Daartoe moet die volk hulle gawes bring. Dit geskied op tweërlei wyse naamlik deur verpligte gawes en deur vrywillige offers.

Hierdie „heilige gawes" of gewyde geld is die geld wat afgesonder word, apart gesit word vir die diens van die Here. Die verpligte gawes was die bedrag geld wat as wettige verpligting **na skatting** deur die priester op elkeen gelê word.

Hierdie reël dat elkeen die bedrag moet gee „waarvoor hy geskat is", word in die Nuwe Testament deur Paulus gehandhaaf. Aan die Korinthiese gemeente skrywe hy in sy eerste brief (16:2) „Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar **namate sy voorspoed** is," hier egter sonder priesterlike tussenkoms.

Namate ons van God ontvang het na dié mate moet ons gee. En as só met 'n dankbaar hart aan Hom, die Gewer van alle goeie gawes, gegee word, dan sal dit nie maar net 'n willekeurige bydrae wees nie, maar dan sal dit 'n **offer** wees. En 'n offer aan die Here maak innerlik ryk.

Maar 'n offer word nie gehaal nie — 'n bydrae wel — dit moet self gebring word. Ons teksvers sê twee keer dat dit gebring moet word. Ware liefde tot God en sy huis sal 'n dankbare, begenadigde mens vir wie Christus sy lewe as offer aan die kruis gegee het, daartoe dring.

23 November. **Lees** 2 Kon. 12:1-19. **Teks:** 2 Kon. 12:19.

IN DIE KRONIEKBOEK GESKRYWE.

In die boek Konings kom dit herhaaldelik voor dat by die afsterwe van 'n koning gesê word: „Alles wat hy gedoen het, is dit nie die beskrywe in die Kroniekboek van die konings nie?"

Alles! Al die goed wat elke koning gedoen het, maar ook al die kwaad, want elke mens laat 'n geskiedenis na, goed of sleg. Die een se geskiedenisnalatenskap is meer beslissend ten goede of ten kwade, as die andereen s'n. Die een gryp verder om hom heen en dieper die toekoms in as die andereen, maar tog laat elkeen, ook in hierdie sin, 'n erfporsie na. Die een se erfporsie as nalatenskap is ryk. Dit beslaan bladsye en nogmaals bladsye. Die andereen s'n is net 'n paar reëls.

Alles in die Kroniekboek! Die doen en late van Abraham, maar ook van sy slaaf Eliëser; van Naäman, die Siriese generaal, maar ook van die gevange Joodse dogtertjie; van Kajaafs, die hoëpriester, maar ook van die kruismoordenaar!

Elke daad is soos 'n pen wat 'n onsigbare hand hanteer om ons doen en late neer te skrywe.

Maar behalwe die Kroniekboek wat mense skrywe is daar ook nog die Kroniekboek van God, die boek van die lewe van die Lam van God.

In Openbaring 20 staan dat met die oordeelsdag, wanneer klein en groot voor die witte troon van die gerig van God sal verskyn, dan sal elkeen geoordeel word deur wat van hom geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

Wat sal daarin 'n lange swarte lys wees wat teen ons getuig! En wie sal dan kan bestaan?

Alleen hy wat bekleed is met die skuldedekkende kleed van die geregtigheid van Christus. Alleen hy oor wie se Kroniekboek heen geskrywe is: Betaal, versoen, vergewe!

24 November. **Lees** 2 Kon. 13:14-25. **Teks:** 2 Kon. 13:23.

TOT NOG TOE NIE.

Veelseggende woordjies kom daar hier en daar in die Heilige Skrif voor, woordjies wat 'n dieper betekenis aan die sinsverband gee. **Vandag** as julle sy stem hoor verhard julle harte nie, roep die psalmdigter ons toe. Aan Jaïrus, wie se dogtertjie gesterwe het, sê Jesus toe sy hulp ingeroep word: „Moenie vrees nie. Glo **net** en sy sal gered word." In die bergpredikasie sê Jesus aan die kleingelowiges wat hulle kwel oor baie dinge: „Soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." In Jesaja 53 staan: „Soek die Here terwyl Hy **nog** te vinde is", en hier in ons tekshoofstuk: „Hy wou hulle nie vernietig en **tot nog toe** nie van sy aangesig af wegwerp nie."

Daar kom dus 'n end aan die genadige geduld van God met die sondaar. Daarom het die Gees van die Here uiteindelik van koning Saul gewyk. Wanneer teen alle vermaninge in doelbewus verhard word op die sondige weg, dan gaan die Gees van die Here uiteindelik bedroef weg. Dan word sulke mense „oorgegee aan 'n slegte gesindheid om te doen wat nie betaam nie" (Rom. 1:28).

Met Juda was dit sover nog nie. Die Here was hulle nog genadig en het Hom nog oor hulle ontferm. Hy wou hulle tot nog toe nie van sy aangesig wegwerp nie. Hy keer sy aangesig nog in guns na hulle toe.

Hoelank sal Hy ons, wat soos die volk van die Here vanouds, so menigmaal sy Gees deur ons sonde bedroef, nog in guns aansien? Stel die genadige geduld van God nie op die proef nie, maar keer terug. Om Christus wil is daar vir berouhebbendes nog genade en ontferming.

25 November. **Lees** 2 Kon. 14:1-14. **Teks:** 2 Kon. 14:10.

'N HOOGMOEDIGE HART.

Hoogmoed is 'n ondeug. Dit bestaan deur die eeue heen. Dit is 'n aangebore eienskap van baie mense. Dit kan ook ontstaan as gevolg van 'n besondere prestasie, 'n sprekende daad, 'n groot, roemryke oorwinning.

Dit was die geval Amasia, die koning van Juda. Hy het die Edomiete verslaan en die stad Sela verower.

Dit het hom hoogmoedig gemaak en hom sy krag en die van sy leër laat oorskat. Hy wil sorg vir meer oorwinnings op sy kerfstok, sy besittings met die van sy vyand aanvul en vermeerder, sy roem vergroot.

Hy laat aan Joas, die koning van Israel weet: „Kom, laat ons mekaar se gesig sien," dit wil sê in 'n geveg teenoor mekaar staan. Hy is seker van 'n oorwinning.

Joas bespot hom. In sy antwoord op die uitdaging vergelyk hy Amasia met 'n distel en homself as 'n seder. 'n Distel is niks. Die diere van die veld vertrap dit. Die antwoord lui verder: „U het inderdaad die Edomiete verslaan." „Maar Amasia het nie geluister nie." Die gevolg was 'n smadelike nederlaag en 'n groot verlies aan eiendom.

Joas kon aan Amasia die antwoord gegee het wat Agab aan Benhadad, die koning van Aram, gestuur het: „Die een wat hom vasgord, moet hom nie beroem soos die een wat hom losgord nie." Ons taal het ook spreekwoorde met dieselfde betekenis: „Moenie die kuikens tel voordat hulle gepik het nie," en „Moenie die beer se vel verkoop voordat hy geskiet is nie." In ander woorde: moenie te gou konklusies maak nie. Jy kan jou dan so maklik misreken.

Amasia is 'n voorbeeld van die mense wat nie op die Here vertrou nie, maar op hulleself, op hulle krag, verstand, geld, goed of invloed. Hulle hoogmoed lei hulle tot diepe vernedering. Tog wil hulle, nieteenstaande waarskuwings, net soos Amasia nie luister nie. Vertrou op God dan word u nie beskaamd gemaak nie.

„Wie op die hoë God vertrou, het seker op geen sand gebou."

26 November. **Lees** 2 Kon. 14:15-29. **Teks:** 2 Kon. 14:24.

'N VERDOEMENDE BYSKRIF!

Deur die eeue heen is dit al gebruiklik om soms die naam van iemand van 'n byskrif te voorsien, om met 'n kort, raak beskrywing iets van die persoon aan te dui of om 'n mens 'n bynaam te gee. Die doel is om 'n sekere eienskap aan te toon, 'n karaktertrek uit te beeld, 'n prestasie onder die aandag te bring. Dit kan vleiend vir so 'n persoon wees, maar dit kan ook verdoemend wees soos byvoorbeeld in die geval van Jerobeam, die koning van Israel. By sy naam word altyd bygevoeg die woorde: „wat Israel laat sondig het." Die sonde wat hy gedoen het was so groot en ergerlik dat daar elke keer wanneer verhaal word van 'n koning van Israel of van Juda wat afgewyk het van die gebooie van God, aan sy naam bygevoeg word: „En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here; hy het nie afgewyk van al die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig het nie."

Omdat Jerobeam bang was dat die hart van Israel terug sal keer na Rehabeam omdat hulle na Jerusalem moes gaan om daar hulle offers te bring in die huis van die Here, het hy besluit om twee goue kalwers te maak en die een in Bet-el en die ander een in Dan op te rig.

Dit was die begin van die beeldediens in Israel wat lynreg in stryd was met die tweede gebod. Die geskiedskrywer verhaal: „En hierdie saak was 'n sonde." Baie van die ander konings beide van Israel en van Juda, het later die slegte voorbeeld gevolg. Dit het die toorn van God opgewek en daarom het Hy besluit om „Onheil oor die huis van Jerobeam te bring."

Na Abraham word in die Bybel verwys as die „vriend van God" en na Moses „as die man van God"; na Dawid as „'n man na die hart van God." Wat 'n groot teenstelling in vergelyking met die toevoeging tot die naam van Jerobeam.

Bid God voortdurend om u te bewaar sodat u voorbeeld nie ander van God sal afvoer nie. Hy alleen kan deur sy genade van die sonde vrywaar en verlos.

van Gods belofte en op sy versoek, Hebron en die berggebied rondom, waar nog steeds van die kinders van Enak gewoon het en wat as oninneembare vesting gesien is, as sy erfdeel. Juis in hierdie versoek toon hy, dat hy ten spyte van sy hoë ouderdom van vyf-en-tagtig jaar, nie alleen nog liggaamlik sterk is nie, maar dat hy nog steeds vol geloofskrag en geloofsmoed is. Al is sy vyand gedug, in vertroue op God sien hy kans om hulle tegemoet te tree. As die Here met hom sou wees, dan sou hy hulle uit daardie gebied uitdrywe, soos die Here beloof het. Sy hoop om te oorwin vestig hy dus nie op sy eie grag en vermoë nie, maar op Gods trou aan sy beloftes.

Ook ons kan in geloofsvertroue op die God van Kaleb, wat in Jesus Christus sy seun, ook met ons sy genadeverbond opgerig het, die geloofsmoed hê om in die aangesig van verdrukking of benoudheid, vervolging of honger, naaktheid of swaard, nog jubelend vra:

„Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"

9 Oktober. **Lees** Jos. 21:1-45. **Teks:** Jos. 21:43.

BELOFTES VERVUL.

Aan Abraham het die Here, die Verbondsgod, beloof dat Hy aan hom 'n talryke nageslag met 'n eie land, die land Kanaän, as erfdeel sou gee. Aan Isak en Jakob het God hierdie beloftes herhaal. En God het al sy beloftes gehou en dit in vervulling laat gaan.

Die volk Israel wat uit Egipte opgetrek en Kanaän binnegetrek het was talryk, en hulle kon nou hulle beloofde land in besit neem. Die rus wat aan hulle beloof is, het God nou aan hulle gegee, na al die moeite en verdrukking in Egipte en na al die smart en stryd en rondswerf in die woestyn. God het aan hulle oorwinning oor hulle vyande beloof, en ook dit het nou in vervulling gegaan: geen volk het by hulle intog in Kanaän voor die kinders van Israel stand gehou nie.

Ook vir hulle toekoms het Israel nou die waarborg gehad: Die Here, wat met hulle 'n verbond opgerig het, word nooit ontrou aan sy verbondsbeloftes om dit te vervul nie.

Dieselfde God en Heer het in Jesus Christus ook met ons 'n ewige genadeverbond gesluit met ryke beloftes. Hom kan ons op sy woord neem; nooit word Hy aan sy verbond ontrou nie.

Jesus Christus se sterwe aan die kruis en sy opstanding uit die dood is vir ons die waarborg dat die Here sy beloftes van vergewing van sonde, wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe, ook aan ons sal vervul. Daarom kan ons juigend sing:

„Die Heer wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag."

10 Oktober. **Lees** Jos. 22:1-34. **Teks:** Jos. 22:5.

DANKBARE GEHOORSAAMHEID.

Die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse het hulle erfdeel aan die oostekant van die Jordaan gekry. Hulle het egter eers hulle volksgenote gehelp om die dele ten weste van die Jordaan ook in besit te neem. Nadat dit gedoen is, het Josua hulle byeen geroep

om hulle huiswaarts te laat gaan. In 'n afskeidsboodskap het Josua hulle ernstig vermaan om te volhard daarin om die Here hulle God alleen te dien, deur sy gebod gehoorsaam te wees en Hom lief te hê met hulle hele hart, hulle hele verstand en al hulle krag.

Noudat hulle hul erfdeel sou kon gaan bewoon in rus en kalmte, nou mag hulle nie die Here God vergeet nie. Daarom roep Josua hulle nie in die eerste plek op om hulle land te gaan ontwikkel en opbou nie. Seker, dit is wel belangrike sake. Maar die heel belangrikste is dat hulle uit dankbaarheid die Here wat met hulle 'n verbond gesluit het om vir hulle 'n God te wees en wat sy verbondsbeloftes aan hulle vervul het, sal liefhê bo alle dinge. Aan Hom moet hulle gehoorsaam wees. Dit moet hulle weet is die eerste en vernaamste voorwaarde vir 'n geseënde volksbestaan.

Ook van ons, as die verbondsvolk van die Nuwe Testament, word hierdie dankbare gehoorsaamheid teenoor die Here gevorder. Immers, agter ons lê daar die verlossingswerk van Jesus Christus wat Hy ter wille van ons volbring het. Deur die geloof in Hom kan ons as dankbare verbondsvolk op pad wees na die beloofde land. En ons dankbaarheid kan alleen daaruit blyk dat ons erediensverrigtende gelowiges in hierdie wêreld sal wees wat gehoorsaam is aan Gods gebod om Hom lief te hê bo alle dinge en ons naaste soos onsself.

11 Oktober. **Lees** Jos. 23:1-24:15. **Teks:** Jos. 24:15.

DIE KEUSE.

Byna aan die einde van sy lewe het Josua die volk Israel byeen laat kom om hulle nog vir laas te kan toespreek. Aan die einde van sy toespraak stel hy dan die volk voor die keuse: hulle moes kies wie hulle wou dien, die Here, die God wat met hulle 'n verbond opgerig het, of die gode wat hulle voorvaders nog oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amoriete. Duidelik stel Josua die voorbeeld aan die volk watter keuse hy wil dat hulle sou maak, deur uitdruklik te kies om die Here, die verbondsgod alleen te dien. Dit is die keuse van hom en sy huis en dit is die keuse wat die volk Israel ook behoort te maak.

Voordat hy hulle egter voor die keuse gestel het, het hy eers die ganse geskiedenis van die volk Israel vir hulle in herinnering geroep vanaf die roeping van Abraham uit Ur van die Chaldeërs tot met die intog en vestiging in Kanaän, die beloofde land. Duidelik het hy aangetoon hoedat die Here hulle met vaste hand gerig, gelei en uitgered het en aan hulle sy beloftes gestand vervul het. Hierteenoor kon die gode van die Chaldeërs, Egiptenaars en die Amoriete niks vermag nie. Daarom is dit tog baie duidelik hoe die volk behoort te kies. Kies hulle die gode, of liewer afgode, dan kies hulle die dood. Kies hulle egter om die Here, die Verbondsgod alleen te dien, dan kies hulle inderdaad vir die lewe.

Hierdie keuse tussen God en die gode, tussen lewe en dood, moet ons ook maak. Ons moet kies vir of teen Jesus Christus. Hy wat ter wille van ons gely het, gekruisig is, gesterf het, begrawe is, maar ook opgestaan het uit die dode en opgevaar het na die hemel. Wie teen Hom kies, kies die dood. Wie vir Hom kies, kies die lewe. Daarom: „Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dood — Wie kies o verdwaasde bo lewe die dood?"

12 Oktober. **Lees** Jos. 24:16-28. **Teks:** Jos. 24:16-18.

BELYDENIS.

Nadat Josua die volk voor die keuse gestel het om te kies tussen God en die gode, dan antwoord die volk dat hulle die Here, die verbondsgod, kies en dat hulle Hom nie sal verlaat om die gode te dien nie. Die volk het dus die lewensbelangrike keuse gemaak en nou bely hulle dit. Hulle bely dat hulle hul bestaan en voortbestaan as volk aan die Here alleen te danke het. Hulle aanvaar en herbevestig die verbond wat die Here met hulle opgerig het. Dit is Hy wat hulle uitverkies en geroep het; dit is Hy wat hulle uit die slawehuis van Egipte verlos het; dit is Hy wat met hulle sy genadeverbond opgerig het. Daarom sal hulle Hom dien want Hy is hulle God. Met ander woorde hulle bely dat die Here bokant hulle verlede gestaan het en dus ook bokant hulle hede en toekoms sal staan.

As gelowiges kan ons in die hede met sekerheid en vertroue die toekoms tegemoet leef. Hierdie sekerheid kan ons hê omdat die God van Abraham, Isak en Jakob ook met ons sy genadeverbond opgerig het. In en deur Jesus Christus het Hy ook ons geroep. Ook vir ons het Jesus Christus sy heilswerk volbring. Daarin lê vir ons die waarborg dat die Here sy verbondsbeloftes aan ons ook sal vervul. Ook ons mag daarom weet en bely dat ons verlede, hede en toekoms volkome rus in die hand van die God en Vader van Jesus Christus onse Here. Daarom sal ons ook die Here dien, want Hy is onse God.

13 Oktober. **Lees** Jos. 24:29-33. **Teks:** Jos. 24:29.
Jes. 42:7.

'N GRAFSKRIF.

In die hoë ouderdom van honder-en-tien jaar het Josua se lewe geeindig na 'n gebeurtenisryke en suksesvolle lewe. Hy het immers uitgestyg tot leier van sy volk. Tog is dit nie die belangrikste wat van Josua se lewe gesê kan word nie. Veel belangriker van sy lewe is dat hy in die geloof in die Here volhard het tot die einde toe. Daarom was hy geregtig op die grafskrif: „Kneg van die Here." Dit was die beslissende en bepalende in sy eie lewe maar ook vir die volk Israel dat hy die Here alleen bly dien het. Uit die persoon, woord en voorbeeld van Josua het daar die magtige invloed ten goede uitgegaan op die volk Israel, dat ook hulle aan die Here trou gebly het tydens die lewe van Josua en selfs nog lank daarna. Josua, wat beteken die Here is redding, verlossing, heil, was sy naam waardig.

Later is Jesus, wat tot redding, verlossing en heil van alle volke gekom het, in Betlehem in 'n stal gebore. As Kneg van die Here het Hy gekom om blinde oë te open, die gevangenes uit die kerker uit te lei en met getrouheid die reg uit te bring. Die geknakte riet het Hy nie verbreek nie en die dowwe lamppit het Hy nie uitgeblus nie. As 'n lig van die nasies het Hy gekom om ons hand te vat en ons te behoed en met ons 'n ewige genadeverbond op te rig. Juis daarom kan ons ook nou knegte van die Here, ja selfs meer, kinders van die Here genoem word.

14 Oktober. **Lees** 1 Kon. 3:1-10. **Teks:** 1 Kon. 3:5.

BIDDAG VIR OES.

In die begin van Salomo se regering gaan hy eers na Gibeon om daar 'n offer aan die Here te bring. Met hierdie offer roep Salomo die guns van God in oor sy lewenstaak. Ons lees ook in die Bybel dat God geantwoord het op die offer van Salomo. God verskyn daar by Gibeon in 'n droom aan hom en sê: „Begeer wat Ek jou moet gee." In die besef van sy jonkheid en van sy moeilike taak, vra Salomo om wysheid wat hy nodig sal hê. Dit was goed in die oë van die Here dat Salomo dit begeer het. God belooof dan ook om hom 'n wyse en verstandige hart te gee.

Dit is mooi om so jou lewenstaak te begin. Eers die knieë buig en dan die hande uitsteek na die werk.

Hierdie dag is deur die kerk afgesonder as biddag vir die oes. Wanneer in die kerk gepraat word oor biddag vir die oes, dan word daar 'n letterlike sin bedoel: Saai en plant, veld en diere. Maar in ruimer sin gaan dit om ons almal se natuurlike en stoflike nood, om al ons materiële behoeftes. Dit gaan om die werk van die boer op die lande, maar ook om die werk van die besigheidsman en van die amptenaar; van elke arbeider in die skepping van God. Voor elke begin moet ons God se seën afsmeek. Nou moet ons nie sê: Nouja ek sal bid en dan rustig agteroor gaan sit, want God sal sorg. O nee, aan die sorg van God lê daar ook 'n voorwaarde. God skenk alleen op die weg van arbeid en pligsgetrouheid. Jou arbeid bepaal jou gebed en jou gebed bepaal jou arbeid. Net soos die geloof sonder die werke dood is, so is ook die bid sonder werk tevergeefs. Die voorwaarde van bid en Gods verhoring daarvan, is getroue arbeid.

Aan die sorg van God is daar ook nog 'n ander voorwaarde. God skenk ons alles genadiglik in Jesus Christus. Eers moet ons Christus aanvaar as die grootste gawe van God; as ons Verlosser en Saligmaker. Bid, saai, werk in pligsgetrouheid en laat dit dan in Gods hand.

15 Oktober. **Lees** 1 Kon. 3:7-14. **Teks:** 1 Kon. 3:9.

OM GOED EN KWAAD TE ONDERSKEI.

Toe Salomo koning geword het in die plek van sy vader Dawid, was hy volgens sy eie woorde nog jonk. In Gibeon verskyn God aan die jong koning in 'n nagtelike droom en sê vir hom: „Begeer wat Ek jou moet gee." Opmerklik is die beskeie antwoord van Salomo. Hy sê aan die Here: „Ek is nog 'n jong seun; ek weet nie om uit of in te gaan nie." Die volk waaroor die Here hom as koning aangestel het, is baie in getal. Daar sal talryke probleme wees; baie kere sal hy moet beslis en regspreek waar daar geskille kom. Hy sal dus genade en wysheid nodig hê. Nou vra hy aan die Here om vir hom 'n opmerksame hart te gee, sodat hy kan regspreek oor die volk van God en kan onderskei tussen goed en kwaad.

Wysheid is nodig vir elke regering om die volk te lei en om reg te spreek oor die volk en vir die volk. Daarom moet ons ook altyd by God bid vir ons regering.

Wysheid is nodig vir elke gelowige, om sy lewenswandel in te rig. Wysheid is nodig om die regte lewenshouding teenoor God te hê en die regte lewenswandel teenoor ons medemens. Ons lewenswandel moet nooit aanstoot gee of ander mense laat struikel nie. Ons lewe moet wees soos 'n brief van Christus, wat God se wil en liefde aan die wêreld openbaar.

Wysheid is nodig vir elke vader en moeder. Ons kinders word gebore in 'n vreemde wêreld wat verskeurd is deur sonde. Alles wat hulle sien in hom is vreemd. Elke pad is vir hulle onbekend. Hulle het baie vrae om te vra. Ons moet antwoord, ons moet die regte pad aanwys. Die jeug sien so baie dinge, hulle hoor so baie stemme praat. O God, gee aan die jeug 'n opmerksame hart om reg te spreek, om tussen goed en kwaad te onderskei, om te weet om uit of in te gaan.

16 Oktober. **Lees** 1 Kon. 8:44-50. **Teks:** 1 Kon. 8:46.

MOENIE IN DIE SONDE BLY NIE.

Salomo pleit voor God vir sy volk wat sonde doen. Vanaf die sondeval in die paradys staan alle mense onder die mag van die sonde. Salomo sê: daar is geen mens wat nie sonde doen nie. Hierdie teks mag egter geen gerustheid by ons wek of ons tevrede stel met die gedagte dat ek maar net soos alle ander mense is nie. Sommige Christene dink hoe groter sondaar hulle is, hoe groter sal die genade van Christus oor hulle wees. Hulle roem eintlik oor hulle sonde en roem oor die genade van Christus wat groter is, as hulle grootste sonde.

Paulus waarsku teen hierdie valse hoop; hy waarsku ons om nie in die sonde te bly nie. Hy skryf in sy tweede brief aan die Korinthiërs: „As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." Laat hierdie woord vir u duidelik wees: 'n Mens word nie net 'n Christen om in die hemel te kom nie, maar hy word 'n Christen om 'n nuwe mens te wees. Die ou mens deug nie, 'n nuwe mens moet in die plek van die oue kom.

Die godsdiens het nie net toekomstige hoop en verwagting nie. Die godsdiens is nie net 'n weg na die hemel nie, maar dit is ook 'n weg deur die lewe, die lewe van nou. Dit is ook 'n weg deur die wêreld, die wêreld waarin ons nou leef. Christus waarborg nie alleen 'n ewige saligheid in die hemel nie, maar wil dat ons hier reeds 'n nuwe mens word, 'n mens van ware geregtigheid en heiligheid.

17 Oktober. **Lees** 1 Kon. 8:52-56. **Teks:** 1 Kon. 8:56.

GELOOFD SY DIE HERE.

Koning Salomo wy die tempel in. Hy doen dit met offerande en 'n aangrypende gebed. Al die nood en die stryd van Israel word in die gebed uitgespreek. Telkens vra hy aan die Here dat God tog in die hemel moet hoor elke keer wanneer die volk Israel in hierdie huis tot Hom sal roep. En as God hoor, moet God tog vergewe. Die tempel is die plek waar God en sy volk mekaar ontmoet. Hier kom die volk met offer en gebed. Hier kom die Here met seën en vergewing. Ootmoedig buig Salomo in die nuwe heiligdom namens die volk voor sy God. Na die gebed staan hy op en spreek tot die gemeente. In diepe ontroering,

maar met 'n helder stem sê die koning van Israel: „Geloofd sy die Here wat aan sy volk Israel rus gegee het net soos Hy gespreek het." Die tempel wat God beloof het is reeds voltooi. Die ark van die Here sal nou eindelik daar plek vind en daar rus. Die rus van die ark beteken eintlik Israel se rus. Hier sal die Here woon in die midde van sy volk. Hier woon Israel rondom die ark van die verbond.

Die paasfees van Israel laat ons as Christene dink aan die kruis van Christus.

Israel se reis deur die woestyn laat ons dink aan die pelgrimsreis van die kerk deur die eeue. Jerusalem van Israel laat ons dink aan die hemelse Jerusalem daarbo. Salomo se woord profeteer ook vir ons: Daar bly ook vir die Nuwe Testamentiese gemeente 'n rus oor. Eenmaal kom daar ook 'n einde aan ons moeite en stryd. Nou nog is ons op die woestynpad; ons stry nog om die beloofde land in te gaan. Maar die dag sal kom wanneer ons as volk van die nuwe verbond, die ewige rus sal ingaan. Daar sal ons ook juig en sing: „Geloofd sy die Here!"

18 Oktober. **Lees** 1 Kon. 8:57-61. **Teks:** 1 Kon. 8:57.

GOD SAL ONS NIE VERLAAT NIE.

Salomo dink terug aan die liefde van God aan Israel deur die eeue heen. „Mag die Here onse God met ons wees soos Hy met ons vaders gewees het; mag Hy ons nie verlaat en ons nie verwerp nie." Die tempel wat gebou is, is die vervulling van God se belofte aan sy volk. Israel het na 'n moeisame geskiedenis tot rus gekom in die tempel. God het sy woord gehou.

Die Christen het in hierdie wêreld nooit rus in sy gemoed nie. Die rus lê in die toekomstige bedeling. Ook ons het die belofte van God, al is dit dat ons nog midde in die stryd staan.

Die kerk het elke Sondag 'n goeie woord vir slegte mense; dit is die woord van die vergewing van sondes deur Jesus Christus. Dit is die belofte van die Koning van alle konings aan sy volk; dit is die belofte van die Vader aan sy kinders. Eenmaal sal ons die heerlikheid van God sien. Ons moet Gods Woord glo! Ons moet opstaan en aanstap! Al is die stryd moeilik, die reis lank en die einddoel nie sigbaar nie. God se Woord hou ons op die pad, tot die blye dag wanneer geloof en hoop oorgaan in aanskouing. Deur sy belofte en deur die werking van die Heilige Gees, rus Hy ons toe tot die stryd teen die twyfel en teen die sonde. Deur die kruisdood en die opstanding van Jesus Christus mag ons seker wees van die oorwinning; seker wees dat Hy ons op die pad nie sal verlaat en nie sal verwerp nie. Geloofd sy Jesus Christus.

19 Oktober. **Lees** 1 Kon. 10:1-9. **Teks:** 1 Kon. 10:1.

DIE KONINGIN VAN SKEBA BESOEK SALOMO.

Die koningin van Skeba het van Salomo se wysheid gehoor. Net soos elke mens, sit sy ook met onbegryplike dinge wat sy nie kan verklaar nie. Sy het vrae en probleme wat sy self nie kan beantwoord nie. Sy besluit om na Salomo te gaan en raad te vra. Sy soek by hom 'n oplossing van haar lewensraaisels. Sy word ook nie by Salomo teleurgestel nie. Sy vind by hom 'n verklaring vir haar probleme en waaroms.

Christus is baie meer as Salomo. Sy wysheid oortref vêr die wysheid van die koning van die outyd. Wie Jesus Christus raadpleeg in sy evangelie, vind verklaring vir al die duistere geheime en onbegrypbare dinge wat die hart so kan kwel en onrustig maak. Daar is die sonde, daar is skuld — niemand kan dit ontken nie. Waar is die wyse op aarde, wie vir ons kan vertel hoe die sonde bedek en die skuld betaal kan word? Daar is net Een wat hierdie geheim kan verklaar, dit is Jesus Christus. Hy gee nie net die antwoord nie, maar Hy is self die antwoord. Hy is die Lam van God wat die sonde wegneem.

Daar is ook die probleem van die lyding. Waarom is daar lyding, waarom droefheid en leed? Waar is die wyse van die wêreld wat hierdie raaisel bevredigend kan oplos? Die evangelie verklaar vir ons, dat lyding dikwels die skool is om ons op te voed vir die ewige lewe. Net soos die beeldhouer met die hamer en beitel slaan, so slaan die Almagtige met sterker hand, baie skadelike dinge van ons af, sodat die beeld van God helderder in ons tevoorskyn kom.

Daar is ook die sterwensgeheim. Vir elke ongelowige wyse van die wêreld, bly die lewe na die dood 'n vraagteken. Christus sê vir die gelowige: Eendag sal julle die heerlikheid van God sien en altyd met Hom lewe.

20 Oktober. **Lees** 1 Kon. 10:18-24. **Teks:** 1 Kon. 10:18.

GENADETROON VAN CHRISTUS.

Dawid het met die swaard regeer en so sy koningskap bevestig. Salomo bevestig sy koningskap deur te regeer met vrede. Pragtig is die troon vanwaar Salomo regeer. Die Bybel beskryf dit as 'n troon van ivoor, oorgetrek met suiwer goud. Alles aan die troon spreek van heerlikheid en majesteit. Op hierdie troon sit nie 'n afskrikwekkende koning nie, maar 'n vredevors. Dit laat ons dink aan die groot en heerlike troon, waar Christus sit aan die regterhand van God, vanwaar Hy eenmaal sal kom om die lewende en dode te oordeel.

Eers het Christus op 'n weg van bloed en trane sy ryk, soos 'n Dawid van ouds gegrondves. En nou sit Hy as Vredevors op die hemeltroon in die magsentrum van die groot heelal, om almal te seën, wat in kinderlike en eerbiedige geloof na Hom kom.

Sy heerskappy is 'n heerskappy van vrede. Ons hoef nie met vrees en bewing op 'n afstand te staan nie. Ons het vrymoedigheid om nader te gaan, ons probleme voor Hom neer te lê, ons sonde te bely en hoopvol wag op sy ontwyfelbare genade. Ons moet altyd net onthou, sy troon is die troon van die heilige God. Tot Hom mag ons alleen nader in eerbied en ontsag. Geen aanspraak op reg of oneerbiedige vrypostigheid. Nader met vrymoedigheid, maar met geboë hoof en heilige ontsag. So sal ons ondervind dat die wit troon van heiligheid 'n troon van genade is.

21 Oktober. **Lees** 1 Kon. 12:26-31. **Teks:** 1 Kon. 12:28b.

GODSDIENS VIR POLITIEKE GEWIN.

In hierdie tekshoofstuk sien ons hoedat die godsdiens ingespan word vir politieke gewin. Dit is 'n skouspel van die duiwel, wat ons vandag ook dikwels teëkom.

Koning Jerobeam vrees dat as sy volk voortdurend te Jerusalem gaan aanbid, hulle van hom afvallig sal word, daarom bou hy altare te Dan en Bet-el en laat daar goue afgodsbeelde oprig, so voorkom hy 'n voortdurende aanraking met Jerusalem.

Kan 'n mens so laag sink, om die godsdiens te gebruik om jou eie posisie te beveilig? Meer nog, om God van sy troon te beroof, sodat jóú troon staande kan bly! Om 'n ganse volk tot afgodery te verlei, ter wille van politieke gewin? Kan 'n volk so blind wees, dat hulle nie meer kan onderskei nie en nie agterkom dat hulle van die ware God af weggelei word nie?

Wat ons hier verneem, gebeur vandag nog. Die godsdiens word 'n masker waaragter ons die onheilige dinge doen, 'n uithangbord waaragter ons die gevaarlike lading aan wal bring.

Hoe word Christus nie vandag in die wêreld gedevalueer tot 'n groot profeet, 'n vername mens, maar Hy is nie die Seun van God nie, nie die Verlosser van sondes nie, maar 'n sosiale hervormer, want dit is, volgens baie, die grootste nood van die mens.

So word die godsdiens vervlak tot 'n diens van die mens, 'n eiewillige godsdiens, waaruit God, soos Hy Hom in sy Woord openbaar het, verdwyn het. Dit mag dan mooi lyk en mooi klink, maar dit is afgodediens en geen godsdiens meer nie. As ons God wil dien, moet ons Hom dien soos Hy ons in sy Woord leer en nie soos dit ons behaag nie. Ons kan nie die godsdiens gebruik om ons eie belange te bevorder nie.

22 Oktober. **Lees** 1 Kon. 13:1-6 en Luk. 24:50-53. **Teks:** 1 Kon. 13:4c.

GRYPENDE HANDE.

Jerobeam gryp na die man van God vanweë die woorde wat hy in Naam van God verkondig het. Die hande is eintlik hande wat na God uitgebrei word, maar omdat God nie bereikbaar is nie, word na die gesant wat die woord gebring het, gegryp.

Hierdie grypende hande is die reaksie van die mens op die Woord van God, dit is teken van sy woede en verset. Hy wil die woord nie hoor nie, want dit is 'n oordeel oor sy sondige dade. Uitgestrekte, grypende hande, dit is simbool van die wêreld van vandag. Hulle gryp na God om Hom neer te haal, om Hom tot swye te bring. Hulle wil nie 'n God bokant hulle hê wat seggenskap oor hulle lewens het nie. Die mens wil self beslis en sy eie wetgewer wees. Hy wil die mag en reg van God vir hom toeëien.

In die Bybel lees ons egter ook van die ander hande, seënende hande, die hande van Christus. Van Hom lees ons „En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem." Hy was

seënende werksaam in die wêreld, vandag nog is Hy seënend in die hemel. Seënende hande brei Christus oor die wêreld uit. Grypende hande brei die mensdom na God uit. Ja, hulle het selfs die hande aan Christus geslaan en Hom aan die kruishout genael.

In watter hande soek u en ek ons heil? Die grypende hande van die mens wat God wil neerhaal, omdat hulle soos God wil wees? Of die seënende hande van Christus?

23 Oktober. **Lees:** 1 Kon. 13:4-6 en 31-34. **Teks:** 1 Kon. 13:6b en 33a.

'N TERUGKEER TOT GOD OF TOT DIE SONDE?

God kom tot ons en spreek tot ons deur sy Woord, om ons te red en salig te maak. As die mens op die Woord van God nie ag slaan nie, bring Hy ook beproewinge oor ons, om ons so tot bekering te bring.

Hier kom God ook deur sy profeet en kondig die onheil oor Jerusalem aan vanweë sy sonde. Al reaksie wat dit uitlok is, dat hy sy hand uitstrek om die man te gryp. As sy arm styf word sodat hy dit nie kan terugtrek nie, dan moet hy tog in alles die almagshand van God sien en besef dat hy teen God stry. Ons verwag dat hy hom sal verootmoedig en sy skuld voor God bely. Dit gebeur egter nie, hy vra alleen die profeet om God om genade te bid, sodat hy sy hand weer kan terugtrek.

So het Gods Woord deur die eeue heen tot die mensdom gekom, uiteindelik het die Woord gestalte aangeneem, dit het vlees geword in Christus Jesus en tot ons gekom. Ook na die vleesgeworde Woord het die mensdom nie geluister nie, maar Hom gegryp en aan die kruis genael.

Vandag gaan dit nog so, God spreek, maar ons luister nie. Hy bring beproewinge oor ons, en dan begin ons roep, nie om verlos te word van sonde nie, maar van die tydelike nood. God moet help, Hy moet dit wegneem, sodat ons maar weer kan voortgaan om die verkeerde te doen, soos Jerobeam. God wil deur sy woorde en deur die nood ons tot Hom bring, maar as die nood verby is dan keer ons maar weer terug na ons ou sondige lewe. Hoelank roep en wag God al op u en my tevergeefs?

24 Oktober. **Lees** 1 Kon. 13:7-10 en Hand. 8:18-23. **Teks:** 1 Kon. 13:7b

GEE MY JOU HART.

Hoekom koning Jerobeam skielik 'n geskenk aan die man van God wil gee, word nie aan ons gesê nie, niemand het hom dit gevra nie. Daar kan net twee redes daarvoor wees. Die eerste is dat Jerobeam daarmee die man wil vergoed vir die gebed, waardeur sy hand weer herstel het, die tweede moontlikheid is, dat hy besef hy het verkeerd gehandel en nou wil hy sy geskenk daarvoor vergoed en die „man van God" daarmee die swye oplê.

Met sy geskenk wil hy alles regmaak en dit kan nie. Om geld te gee vir sy verkeerde dade is 'n maklike manier van doen, daarmee bly hyself buite skot. Hy gaan aan soos tevore, maar God kan daarmee nie tevrede wees nie. Dit gaan nie om sy geld maar om sy hart, om hom, om die volk. Hulle moet hulle bekeer en ook die koning. God vra nie ons geskenke, Hy sê: „My seun, gee my jou hart."

God het ter wille van ons verlossing sy hart gegee, Jesus Christus sy Seun wat Hy lief het en nou vra hy ons hart.

Hoe dikwels vind ons dit nie vandag nie, dat mense met hulle goed en hulle geskenke alles wil regmaak, ook teenoor God! Hulle leef en handel soos hulle wil, hulle steur hulle nie aan God en sy gebod nie, hulle lees nooit in die Bybel nie. As hulle hieroor aangespreek word, dan is hulle gou om te sê: „Ja, maar ons gee darem baie vir die kerk!" Die geld moet sorg vir hulle ewige saligheid, met hulle geld wil hulle 'n plek in die hemel verseker.

God vra nie ons geld en geskenke nie, Hy vra ons harte. Om dus geld en geskenke te gee, terwyl ons harte ver daarvandaan is baat niks.

25 Oktober. **Lees** 1 Kon. 13:11-22. **Teks:** 1 Kon. 13:11a.

'N SWYGENDE PROFEET.

Behalwe die beskrywing van die goddeloosheid wat koning Jerobeam in Bet-el en Dan bedryf het, staan daar ook in hierdie tekshoofstuk opgeteken, dat daar 'n sekere ou profeet in Bet-el gewoon het.

'n Profeet is 'n geroepene van God. Hy het tot taak om die Woord van God te verkondig, ook om te getuig teen die sondes van die volk. Ons lees egter nie dat hierdie ou profeet dit gedoen het nie. Skynbaar het hy maar geswyg by al die sondes, dit ooglopend toegelaat. Miskien het hy homself verontskuldig met die feit dat hyself nie daaraan meedoen nie, of dat 'n mens tog ook 'n ope oog moet hê vir die gees van die tyd.

Hy het niks gedoen nie en daarom word daar „'n man van God" gestuur om te getuig teen die sondes van Jerobeam. So gaan God eintlik by die ou profeet verby, want hy doen nie sy werk nie. Al wat daar van hom gesê kan word, is dat hy die „man van God" met valse woorde tot 'n val gebring het.

Gods woord leer ons ook van 'n ander Profeet, ons groot Profeet, Jesus Christus. Hy het gedoen wat God Hom beveel het, tot die einde toe, selfs toe dit Hom sy dood aan die kruis van Golgota gekos het. Hy het ons gemaak tot sy profete. Elkeen van ons, waar ons woon of werk, ons is daar gestel as profete van Christus. Die vraag is net, wat doen ons daar waar ons gestel is? Sien ons ook maar deur die vingers en swyg, sodat daar eenmaal ook van ons gesê kan word, daar het 'n profeet gewoon? Of vervul ons, ons roeping as profeet?

26 Oktober. **Lees** 1 Kon. 13:11-15 en Luk. 18:1-7. **Teks:** 1 Kon. 13:11b.

ONS EN ONS KINDERS.

Die ou profeet te Bet-el het geswyg by die sonde van koning Jerobeam, terwyl hy as profeet 'n taak gehad het om daarteen te getuig. Hy het ook 'n taak ten opsigte van sy kinders gehad. As hy bang was om te getuig teen die koning en die volk, kon hy ten minste sy kinders die gebooie van God geleer het.

Hy het nie aan die sondes van Jerobeam deelgeneem nie, want uit die teks sien ons dat hy tuisgebly het, sy kinders was egter by die fees. Hy het sy kinders daarheen laat gaan, of hy het nie geweet dat hulle daarheen gegaan het nie, of hy het hulle nie geleer dat hulle nie daarheen mag gaan nie.

Hy het dus sy plig ten opsigte van sy kinders ook nagelaat, as hulle tot afgodery sou verval, of reeds verval het, dan was hy daarvoor verantwoordelik. Hierdie toestand tref ons vandag ook aan. Ons vind

ook ouers wat miskien nie self na die plekke van onheil gaan nie, maar wat toelaat dat hulle kinders daarheen gaan, of nog beter, wie se kinders sonder die wete van die ouers daarheen gaan. Ons swyg by die sonde van die wêreld en stel onsself tevrede met die feit dat ons nie daaraan deelneem nie, maar ons laat na om ons kinders teen die sondes te waarsku en hulle die weg na die lewe aan te wys.

Nou word daar baie geklae oor jeugverwildering en jeugverval, maar wie is die oorsaak daarvan? In baie gevalle, ouers wat nie hulle profetetaak teenoor hulle kinders nakom nie. Christus self het ons geleer: „Laat die kindertjies na My toe kom." Hy, die groot Profeet, het aan ons sy profete 'n taak ook teenoor ons kinders gegee en wat word daarvan?

27 Oktober. **Lees** 1 Kon. 13:25-32. **Teks:**1 Kon. 13:30.

'N TRAGIESE EINDE.

Uit hierdie tekshoofstuk tree 'n man van geloofsmoed en oortuiging ons tegemoet. Iemand wat nie terugdeins om te getuig teen die sonde al is dit ook die sonde van die koning. Hy laat homself nie deur die koning van die weg afbring wat God hom aangetoon het nie. Hy weier die koning se geskenke en voedsel.

'n Mens wat so in geloofsgehoorsaamheid hom hou aan die Woord van God, is nie vry van die aanslae van die duiwel nie, tot so 'n mens kom die aanvalle des te hewiger. Die duiwel probeer tot ons laaste oomblikke om ons tot ongehoorsaamheid te dwing. So het hy ook vir Christus in sy sterwensoomblikke aan die kruis nie met rus gelaat nie.

Die versoeking van die koning het „die man van God" weerstaan, dan egter kom dit in die gestalte van die ou profeet. Voor hierdie aanslag swig die man, hy word verlei deur die valse woord, hy luister daarna, instede daarvan dat hy hom tot die einde hou aan die Woord van God. Christus leer ons, salig is hy wat volhard tot die einde toe.

So staan daar by die einde van hierdie mens se lewe, in plaas van „goeie en getroue dienskneg" . . . alleen die jammerkrete, „Ag, my broer". Wat 'n tragiese einde van 'n lewe wat so mooi begin het?

Vandag ook kom die duiwel tot ons met Bybeltekste en hy doen hom voor soos 'n engel van die lig, en daar is baie wat in hierdie strikke val. Toe Christus deur hom versoek is, het hy ook tot Christus gekom met Bybeltekste, Christus het hom weerstaan deur Hom te hou aan die Woord van God. Ook ons kan alleen staande bly deur vas te hou aan die Woord van God tot die einde toe en te bid om genade, sodat ons kan onderskei tussen goed en kwaad.

28 Oktober. **Lees** 1 Kon. 17:1-12. **Teks:** 1 Kon. 17:1.

GEEN DOU OF REËN.

In die vorige hoofstuk word aan ons van die ergerlike sondes van Agab vertel. Buiten die beeldediens van Jerobeam, het hy ook nog saam met sy vrou Isébel, die Fenisiese afgode ingevoer. Hy het vir Baäl 'n tempel en altaar gebou, voor hom neergebuig en gedien. Verder het hy ook die godin Asjéra aanbid, heilige boomstamme opgerig en groot offerdienste gehou, en die volk het lustig hieraan meegedoen.

God laat egter nie met Hom spot nie. God se meule maal langsaam, maar as dit eers begin maal, maal dit alles tot gruis. God laat die sonde nie ongestraf bly nie. Hy straf dit om sy heiligheid ontwil, maar ook om die mens tot berou en bekering te bring. Hy roep sy profeet Elia uit Tisbe in Gilead om die strafoordeel uit te spreek: „So waar as die Here, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!"

Is ons, wat onsself gelowiges in Christus Jesus noem, in baie opsigte nie ook bedrywers van die afgodediens nie, en staan ons inderdaad nie nader aan Agab as wat ons self dink nie? Aanbid ons God met ons hele menswees in al ons handel en wandel of is ons ook aanbidders van ander dinge: onsself, ons eie begeertes en wil en luste, aanbidders van materialisme, ideologieë, die wêreld? Indien so, sal God dit aan ons straf: „geen dou of reën", geen geopende vensters in die hemel, geen God wat vir ons sal sorg nie.

29 Oktober. **Lees** 1 Kon. 17:13-24. **Teks:** 1 Kon. 17:14.

NE OPRAAK OF VERMINDER NIE.

Nadat Elia die strafoordeel oor die volk uitgespreek het dat daar in jare geen dou of reën sal val nie, het hy homself teruggetrek en op die bevel van die Here hom aan die spruit Krit gaan skuilhou, waar hy uit die beek gedrink en die kraaie tweemaal op 'n dag vir hom brood en vleis gebring het om te eet.

Toe die water in die spruit opgedroog het, is hy na die land van die Fenisiërs, na 'n weduwee in Sarfat gestuur. Elia ontmoet haar by die poort van die stad waar sy juis besig was om houtjies bymekaar te maak om van haar laaste bietjie meel en olie vir haar en haar seun 'n broodkoekie te bak, om dan maar daarna, soos sy gemeen het, van honger om te kom. Die profeet beveel haar om haar planne uit te voer en dan vir hom ook te bring, en dit is net hier waar dinge anders uitgekom het, as wat sy aanvanklik voorsien het. Die meel in die pot het, volgens die Woord van die Here, nie opgeraak en die olie in die kruik het nie verminder nie.

Voorsien ons ook nie dikwels in angs en nood, in gebrek en sorg 'n ander toekoms as wat God voor wil en kan sorg nie? Luister dan na sy Woord, doen wat Hy ons beveel en vertrou op die Here, en dan sal die meel nie opraak en die olie nie verminder nie — ja, Hy is magtig genoeg om selfs, soos in die verdere verloop van die verhaal, 'n gestorwene lewendig te maak.

30 Oktober. **Lees** 1 Kon. 18:1-15. **Teks:** 1 Kon. 18:1.

AAN AGAB GAAN VERTOON.

Na enige jare van droogte was die toestande in die land haglik. Hongersnood het geheers. Obádja, die paleisowerste het deur een deel van die land getrek, terwyl Agab self deur die ander deel langs die waterfonteine en spruite getrek het om weiveld vir sy diere te soek.

Toe het God besluit dat die tyd vir afrekening ryp geword het, en het Elia gestuur om hom aan Agab te gaan vertoon. Vir die profeet was dit uiters gewaagd, want Agab het hom gesoek om hom dood te maak.

Daar was geen plek of koninkryk waar hy nie na Elia gesoek het nie, want die skuld oor die droogte is op hom geplaas. Toe Elia Obádja teëkom en hom beveel: „Gaan sê aan jou heer: Elia is daar!" het Obádja aanvanklik geweier, omdat hy vir die lewe van die profeet gevrees het, waarop Elia hom verseker het: „Sowaar as die Here van die leërskare leef, voor wie se aangesig ek staan, ek sal my vir seker vandag aan hom vertoon!"

Om Godgestuurdes te wees beteken om niemand en niks te vrees nie, soos Paulus wat beslis het dat hy na Jerusalem sou gaan, Petrus van wie vertel word dat hy na Rome omgedraai het, en Maarten Luther wat aan 'n vriend van hom geskryf het dat al sou daar soveel duiwels as panne op die dakke wees, hy nog na Worms sou gaan. Dit is hierdie geloofsmoed wat die oorwinning aan die kerk van Christus gee.

31 Oktober. **Lees** 1 Kon. 18:16-29. **Teks:** 1 Kon. 18:21.

OP TWEE GEDAGTES HINK.

Met die ontmoeting tussen Elia en Agab, word Elia deur Agab beskuldig as 'n beroerder van Israel, waarop Elia antwoord dat dit Agab met sy familie is wat Israel met hulle afgodediens beroer het.

Om hierdie saak uit te maak moet Agab die volk op die Karmel laat saam kom. Wat 'n jammerlike, verwarde, verdwaasde en onsekere menigte het hier nie vergader nie! Net omdat hulle deur die vermenging van godsdienste nie meer die ware God geken het nie. Elia vra aan hulle: „Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!" Om 'n beslissing te bereik word 'n toets gestel. Eers moes Baäl en Asjéra hulle vermoë bewys om die vuur op die afgodsaltare aan te steek, maar hoewel daar deur die Baäl- en Asjéraprofete tot die middag toe geroep is, was daar geen reaksie. Baäl was of doof, of magteloos, of dood, want daar was geen stem of antwoord of opmerksaamheid nie.

Met die Kerkhervorming, wat jaarliks herdenk word op 31 Oktober, die dag toe Maarten Luther die 95 stellings aan die kerkdeur te Wittenberg vasgeslaan het, is die dwaalleringe van die Mariaverering, aanbidding van die heiliges, die onfeilbaarheid van die pous as plaasvervanger van Chrstus, die beeldediens, die afkoop van sondes en die hulp- of selfverlossing, aan die kaak gestel. Waak u as kinders van die Hervorming nog teen die dwaalleringe?

1 November. **Lees** 1 Kon. 18:30-46. **Teks:** 1 Kon. 18:39.

DIE HERE, HY IS GOD.

Die geleentheid het vir Elia aangebreek om sy geloof in sy God te bewys. Om enige twyfel uit die weg te ruim, is 'n nuwe altaar gebou, 'n sloot rondom gegrawe, die offerbul in stukke bo-op die hout gerangskik en alles nat gegooi sodat selfs die sloot rondom volgeloop het, en toe is daar gewag.

Elia het God gevra om ter wille van die eer van sy Naam en die terugbring van die volk tot hulle God, te antwoord en vuur het uit die hemel neergedaal en die hout op die altaar aangesteek, die offer, ja, selfs die klippe en stof verteer en die water uit die sloot opgelek, waarop die volk uitgeroep het: „Die Here, Hy is God, die Here,

Hy is God!" Met die afgoderye is afgereken deur die Baäl- en Asjéra-profete te gryp en af te bring na die spruit Kison waar hulle geslag is.

God gebruik krisisse vir keerpunte om die skewe verhoudinge tot Hom reg te stel en alle probleme op te los. Hy bewys Hom in sy almag, geregtigheid en liefde. Sy genade en seëninge is oorvloedig. As 'n wolkie soos 'n man se hand uit die see opsteek dan moet Agab gou maak en Elia word krag gegee om selfs voor Agab in Jisreël voor die neergietende reën te wees.

Watter seëninge in geloofskrag en -dade is daar nie sedert die Kerkhervorming ontvang nie! Laat ons daarin voortgaan om die koms van die koninkryk van God nie te vertraag nie.

2 November. **Lees** 1 Kon. 19:1-8. **Teks:** 1 Kon. 19:8.

GELOOP TOT BY DIE BERG VAN GOD, HOREB.

Met die ontvangs van die berig van die dood van die Baäl- en Asjéra-profete, was die koningin Isébel so woedend dat sy wraak teen Elia gesweer het en die doodvonnis oor hom uitgespreek het, en Elia moes vir sy lewe vlug.

In Berséba het hy sy dienaar laat agterbly en self 'n dagreis vêr die woestyn ingegaan. Sy mikpunt was die berg Horeb, in die land van die Midianiete, waarheen Moses ook eenmaal gevlug het. Alleen in die woestyn met al die liggaamlike beproewinge deur 'n blakende son, skroeiende hitte, honger en dors, moeg en afgematheid, het sy gees ook geknak vanweë die skynbare mislukking, doelloosheid en frustrasie van sy lewe en het hy sy kop in 'n besembos ingedruk en gewens dat hy mag sterwe. Hoewel hy nie daar aan gedink het nie, was God hom naby. Hy laat 'n engel vir Elia tot tweemaal toe wakker maak en met broodkoeke versadig en sy dors met water uit 'n kruik les, en deur die krag van hierdie voedsel en water en die besef van die hemelversorginge deur die troue God, is Elia liggaamlik en geestelik so versterk dat hy die hele ent pad en die volle tyd geloop het tot by die berg van God, Horeb.

My siel, wat treur jy nog verslae
en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae;
strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod,
my redder, is my God!

3 November. **Lees** 1 Kon. 19:9-21. **Teks:** 1 Kon. 19:15.

GAAN TERUG OP JOU PAD.

By die berg Horeb aangekom, het Elia sy intrek in 'n spelonk geneem om daar te oornag, en het die Here met hom gespreek en gevra wat hy daar maak, en hom beveel om uit die spelonk uit te gaan en op die berg hom te gaan stel in afwagting van die verskyning van die Here.

Die koms van die Here is voorafgegaan deur orkaan-winde, aardbewings en vuur uit die hemel wat Elia in sy spelonkskuiling teruggedruk het, en toe het die Here gekom in die gesuis van 'n sagte koelte. Buite die spelonk, met sy mantel oor die gesig, moes Elia die vraag van God aan hom beantwoord: „Wat maak jy hier, Elia?" Blykbaar wou Elia sy lewenstaak opgee en sy ontslag van die Here vra, want hy vertel van sy

ywer en van die mislukking van sy werk, die skreiende goddeloosheid onder die volk, die ombring van die lewe van die profete, sodat net hy oorgebly het, en hulle soek hom om hom dood te maak. Die Here se antwoord is egter, dat hy hom terugstuur op sy pad. Hy moes nog konings gaan kroon en Elisa as profeet gaan oplei.

Mede-gelowige, het u ook al gemeen dat u geroepe lewenstaak afgedaan is? God dink nie so nie. Daar is nog baie werk wat u vir God en sy koninkryk kan en moet verrig. Wat maak u hier? Gaan terug op u pad.

4 November. **Lees** 1 Kon. 20:26-30. **Teks:** 1 Kon. 20:28.

DIE WAT OP GOD VERTROU, OORWIN.

Benhadad, koning van die Arameërs, is met sy oormag deur 'n klein klompie van Agab se manskappe verslaan. Die Arameërs kon dit nie verstaan nie, en hulle skryf die oorwinning van Agab toe aan 'n bonatuurlike mag. Hulle sê vir Benhadad, dat die God van Israel 'n God is van die berge, en nie van die laagtes nie. Dit was dus 'n fout om Agab met sy leërs in Samaria aan te durf. Maar hierdie keer sal ons die Israeliete verslaan, want nou gaan ons die stryd aanknoop in die laagte en hier sal die God van Israel, hulle nie kan beskerm en tot oorwinning lei nie. Die God van Israel se mag is nie so groot nie, en dis bo-al beperk tot die berge.

Hierdie siening is tipies heidens, want hulle het verskillende afgode geken en aanbid, afgode wie se mag net tot 'n sekere plek beperk is, en buite daardie omgewing is die afgode magteloos.

Benhadad het nuwe moed geskep, en vir hom 'n geweldige sterk leër op die been gebring. Hierdie keer sal hy die Israeliete verslaan.

Weer word Agab bemoedig. Die man van God, dit is die profeet, kom na hom, en sê vir hom dat die Here die vyand in sy hand sal gee. Agab sal hulle verslaan, sodat Israel kan weet „dat Ek die Here is".

Die Godsvolk word vandag ook nog bedreig deur die baie vyande, en almal soek die ondergang van die kerk. Dit lyk dikwels soos 'n oormag waarteen ons nooit bestand sal wess nie. Dan het ons behoefte aan bemoediging en versterking — die versekering, dat God by ons is, waar en onder watter omstandighede ons ookal mag wees. Ja — Hy is ons God, wat in Jesus Christus alle magte, selfs die dood oorwin het.

5 November. **Lees** 1 Kon. 20:39-43. **Teks:** 1 Kon. 20:40.

VERGEET NIE JOU GODSDIENS NIE.

Agab, koning van Israel het die Arameërs vir die tweede keer verslaan. Koning Benhadad en die wat oorgebly het, het na Afek gevlug. Agab en sy leërs het hulle agtervolg. Maar dan word Benhadad wat van kamer tot kamer vlug, adviseer om rouklere aan te trek, en by die koning van Israel om genade te vra. Benhadad se dienaars sê vir hom dat hulle gehoor het, dat die konings van Israel altyd genadig is. Agab is baie bly en in sy eer gestreel, toe hulle kom pleit dat Benhadad gespaar mag bly.

Maar Agab vergeet, dat Benhadad nie sy gevangene is nie, maar God se gevangene. Baie tevrede met homself gaan hy nou terug, en op sy terugreis vertel 'n aanvanklik vermomde profeet nou vir hom hierdie

gelykenis. Agab herken die profeet nie, maar hy begin met die koning te praat. Hy sê vir Agab, dat in die hitte van die stryd het iemand 'n man na hom gebring, en vir hom gesê dat hy die man moet bewaak. As hierdie man miskien mag ontkom, dan sal hy met sy eie lewe moet betaal. En nou het hierdie man ongelukkig weggekom. Toe sê Agab vir hom dat hy self sy straf bepaal het.

Nadat die koning dit gesê het, neem die profeet sy vermomming weg, en sê vir Agab, dat hy Benhadad uit sy hand laat gaan het. Nou sal Agab se siel wees in die plek van Benhadad se siel, en Israel in die plek van die Arameërs. Agab verstaan hierdie gelykenis, en verbitterd kom hy in Samaria aan.

Wat sê hierdie gelykenis vir ons? Die soldaat sê vir die offisier, dat terwyl hy „hier en daar besig was," het die gevangene verdwyn. Dis geen verskoning nie! Ons het ook almal 'n opdrag van God ontvang — ons moet Hom aanbid en dien. Maar nou is ons ook so besig met ander dinge, dat ons dit vergeet. Mag God ons bewaar, dat ons dit nie te laat agterkom nie.

6 November. **Lees** 1 Kon. 21:1-7. **Teks:** 1 Kon. 21:3.

HOU VAS AAN JOU TRADISIES EN GODSDIENS.

Koning Agab se paleis staan in Samaria. Dis die hoofstad, vanwaar hy Israel regeer. Maar Agab het nog 'n ander paleis ook, waar hy in die somermaande bly. Hierdie somerpaleis staan in Jisreël, en daar is 'n stuk grond, waarop Agab 'n pragtige tuin aangelê het, en wingerd geplant het. Dis vrugbare grond, en Agab wil sy wingerd so graag uitbrei, maar hy het nie meer grond nie. Langs syne, lê die grond, wat aan Nabot behoort, en hierop het Nabot ook wingerd geplant. Agab begeer hierdie grond en wingerd van Nabot, en dan gaan hy na Nabot. Hy bied vir Nabot aan, om sy grond te ruil vir 'n ander wingerd, of as Nabot nie wil ruil nie, dan sal hy die grond van Nabot koop.

So gaan Agab nou na Nabot, en maak vir hom die aanbod vir sy grond. Maar Nabot weier. Hy wil sy grond nie verruil nie, en ook nie verkoop nie. Hy sê vir Agab dat die Here hom moet bewaar, dat hy die erfdeel van sy vaders sal vervreem. Met hierdie antwoord beroep Nabot hom op 'n ou Israelitiese wet, waarvolgens jy nie jou grond kan verkoop of verruil nie.

Met hierdie optrede van Nabot openbaar hy homself. Hy staan vas by die tradisie van sy volk, en hy handhaaf daardie wette en tradisies. Niks en niemand kan hom daarvan laat afsien nie, selfs nie eers die koning nie.

Wat sê hierdie houding van Nabot vir ons, in hierdie tyd waarin ons vandag leef? Nabot is vir ons 'n voorbeeld van 'n godsdienstige volksman. Die tradisies en die gebruike van die voorvaders het nog vir hom waarde, en daarvolgens leef hy. Is dit nie iets, wat spreek tot ons, in die tyd waarin ons leef nie? Sal ons nie opnuut oor ons christelike en godsdienstige waardebepaling gaan besin nie?

7 November. **Lees** 1 Kon. 21:8-13. **Teks:** 1 Kon. 21:10.

JESUS SE ONSKULDIGE DOOD LAAT ONS DIE SALIGHEID ERF.

Nadat Nabot geweier het om sy wingerd, die erfdeel van sy vaders, aan Agab te verkoop of te verruil, het Agab nou teruggegaan na Samaria. Hy is verbitterd en toornig. Toe hy by sy paleis aankom, het hy op sy bed gaan lê en hy wou nie eet nie. Sy vrou Isébel merk dat daar fout is, en sy gaan praat met hom. Sy sê vir hom, dat sy sal sorg dat hy die wingerd van Nabot kry. Hy hoef hom nie meer daaroor te bekommer nie, en hy laat haar begaan.

Isébel is listig. Sy neem Agab se seëlring. Nou skryf sy briewe aan die stadsbestuur waarvan Nabot blykbaar die voorsitter was, en met die koning se seëlring het sy dit verseël. In die briewe sê sy dat daar 'n vasdag uitgeroep moet word, want die koning is siek, en in 'n regspraak moet die skuldige nou aangewys word, want die ramp van God het nie verniet oor Israel gekom nie. Ook het Isébel, in die geheim gereël, dat twee deugniete teen Nabot sal getuig en sê dat hy God en die koning gevloek het. Nabot is skuldig bevind en uitgelei en buite die stad gestenig. Nou kon Agab Nabot se wingerd verniet kry.

Die dood van Nabot, wat heeltemal onskuldig was, laat ons dink aan die dood van iemand anders, baie eeue ná hom. Het die Joodse Raad dan nie ook valse getuies teen Jesus gesoek nie? Heeltemal onskuldig is Hy ook ter dood veroordeel. Hy is ook uitgelei en buite Jerusalem gekruisig.

Soos wat Agab die wingerd van Nabot heeltemal verniet kon kry nadat hy gestenig is, so erf ons ook iets na die kruisiging van Jesus. En ons kry dit heeltemal verniet, want ons saligheid word nie gekoop nie. Deur die onskuldige lye en sterwe van Jesus, word ons deur geloof in Hom, gered.

8 November. **Lees** 1 Kon. 21:17-22. **Teks:** 1 Kon. 21:20.

GOD STUUR SY BOODSKAPPERS.

Isébel haas haar na haar man. Haar bose plan het pragtig gewerk. Nabot met al sy erfgename is dood, en nou word sy wingerd koninklike besit. Isébel vertel dit vir Agab, en die koning is bly. Dadelik staan hy op, en soos 'n stout kind, wat nou sy sin gekry het, gaan hy na Jisreël waar die wingerd van Nabot is. Nou is hierdie wingerd ook syne. Dis alles die werk van sy vrou. Sy is darem baie knap. Dis ook daarom dat hy haar maar laat begaan het. Bly en opgeruimd stap Agab nou deur sy nuwe wingerd.

Maar Agab se blydskap is van korte duur. Dis juis hier in die wingerd waar God met hom praat. Om 'n bose daad te doen, of toe te laat dat dit gedoen word, is maklik en gou. So 'n bose daad kan ons ook vir mense wegsteek, maar nie vir God nie. God sien alles, en Hy weet ook van alles. En so 'n daad kan God nie ongestraf laat verbygaan nie. God stuur sy profeet na Agab, en terwyl Agab nog sy nuwe wingerd bewonder, sien hy iemand anders ook in sy wingerd, wat reguit na hom toe kom. Agab herken hom, dis mos die profeet Elia wat nou sy blydskap kom vergal. Agab praat met Elia. Hy sê vir Hom: „Het jy my gekry, my vyand?" En dan antwoord Elia: „Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here."

God soek Agab op. Hy laat hom nie in sy sonde onbekommerd voortleef nie. God stuur sy boodskapper, die profeet Elia na hom om vir hom sy straf aan te sê.

Vandag nog stuur God sy boodskappers na ons, om te sê waar ons verkeerd doen, maar gelukkig het God ook sy Seun gestuur, om al ons straf op Hom te neem, sodat ons kan lewe.

9 November. **Lees** 1 Kon. 22:1-8. **Teks:** 1 Kon. 22:7.

GOD WAARSKU ONS.

Dis nou ongeveer drie jaar gelede dat Agab vir Benhadad en sy leërs by Afek verslaan het. Toe het Agab die lewe van Benhadad gespaar, en Benhadad het belowe dat Agab al die stede en dorpe kan terugkry wat sy vader van Israel afgeneem het. Maar Benhadad het nog nooit Ramot in Gilead aan Agab teruggegee nie. In die tussentyd het Isébel, die vrou van Agab deur haar slinkse optrede, Nabot laat stenig, om so sy wingerd te bekom. Hieroor het God sy oordeel oor Agab aangesê en nadat Agab hom voor God verootmoedig het, is die straf uitgestel. Miskien het Josafat, koning van Juda, wie se seun met Agab se dogter getroud is, hiervan gehoor, en kom hy nou om sy swaer te bemoedig.

Terwyl Josafat nou by Agab is, praat Agab met Josafat oor Ramot wat nog altyd in die hande van die Arameërs is. Die Arameërs wil nie graag Ramot aan Israel teruggee nie, want vanweë sy ligging is dit 'n gunstige stad om Israel te bespied. Agab wil nou graag Ramot terughê, en hy vra of Josafat hom sal help in die oorlog teen die Arameërs. Josafat is dadelik bereid. Nou laat Agab die profete kom, en hy vra aan hulle, of hy kan optrek teen Ramot. Hulle antwoord is gunstig. Hulle sê aan Agab dat hy Ramot sal verower. Josafat sien dat dit valse profete is, want Agab het nog nooit met sy afgodsdiens gebreek nie, en nou vra Josafat: „Is hier nie nog 'n profeet van die Here, dat ons deur hom kan raadpleeg nie?"

En dan word Miga geroep. God praat deur sy profeet — woorde wat die mens nie altyd wil hoor nie, veral nie as jyself onafhanklik van God wil handel nie. Agab steur hom nie aan die waarskuwing nie, en hy sterf. Nog altyd waarsku God, en hulle wat luister en glo, word deur Jesus Christus gered.

10 November. **Lees** 1 Kon. 22:13-18. **Teks:** 1 Kon. 22:17.

DIE WOORD VAN GOD VERSKIL DIKWELS MET ONS MENSE.

Agab, koning van Israel het besoek ontvang van Josafat, die koning van Juda. Terwyl Josafat nou hier by hom is, vra Agab hom, of hy gewillig is om saam met hom teen die Arameërs op te trek, sodat hy Ramot weer kan herower. Josafat is dadelik bereid om te help, maar hy wil darem nog van 'n profeet hoor, of dit die wil van God is, dat hulle die stryd teen die vyand aanknoop. Dadelik kom die profete, toe Agab hulle laat roep en hulle profeteer gunstig. Maar Josafat is nie gerusgestel nie. Hy vra of hier nie nog 'n profeet van die Here is nie? En terwyl Agab dan vir Miga laat roep, het Sedekia een van die valse profete, vir hom horings van yster gemaak, en almal wat in sy omgewing kom, weggestoot en gesê, dat die koning, met die ysterhorings die Arameërs sal stoot totdat hulle vernietig is.

27 November. **Lees** 2 Kon. 18:17-37. **Teks:** 2 Kon. 18:35.

'N GROOT PRATER

Sanherib, die koning van Assirië, het dit gewaag om hom teenoor God te stel. Hy was nie die enigste en die eerste wat dit gedoen het nie. Farao, die koning van die magtige Egipte van dié tyd het dit alreeds met die wordingsgeskiedenis van Israel gedoen.

As Sanherib die gebied van Juda binneval tien jaar nadat hy Samaria die hoofstad van Israel ingeneem het en die volk in ballingskap weggevoer het probeer Hiskia, die koning van Juda, hom te beweeg om terug te trek met die belofte: „Wat u my oplê, sal ek opbring." Hy het aan hom gegee „al die silwer en goud wat in die huis van die Here te vinde was." Hoewel dit in ooreenstemming was met die bedrag wat Sanherib hom opgelê het om te betaal, was Sanherib nie tevrede nie. Hy het „'n swaar leër na Jerusalem toe gestuur en die rábsake, die opperskinker, 'n beampte wat ook militêre bevoegdhede gehad het, saam met sy stafhoof (tartan) en die hoof van sy howelinge (rábsaris) om die oorgawe van die stad te eis. Uitdagend roep hy die drie manne wat Hiskia na hom uitgestuur het toe: „Hiskia moet julle nie op die Here laat vertrou nie deur te sê: Die Here sal ons sekerlik red . . . Luister nie na Hiskia nie, want hy verlei julle deur te sê: Die Here sal ons red . . . wie is daar onder al die gode van die lande wat hulle land uit my hand gered het, dat die Here Jerusalem uit my hand sou red."

Hy het groot en uitdagend gepraat. Dit was egter tevergeefs. Deur die tussenkoms van die profeet Jesaja, laat God aan Hiskia weet: „Hy sal in hierdie stad nie inkom nie . . . met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan." In dieselfde nag stuur God sy engel na die vyandelike laer. Deur pes word duisende van die manskappe afgemaai en word Sanherib verplig om weg te trek.

Laat hierdie geskiedenis 'n waarskuwing wees vir elkeen wat hom teen God verhef. God is die Almagtige. As Hy vir ons is wie kan dan teen ons wees. In Jesus Christus is ons meer as oorwinnaars.

28 November. **Lees** 2 Kon. 20:1-21. **Teks:** 2 Kon. 20:5.

VERHOORDE GEBED.

Die gebed speel 'n besondere groot rol in die lewe van elke gelowige. Deur die Woord van God en die gebed is daar wisselwerking tussen hemel en aarde, tussen ons hemelse Vader daarbo en sy kinders hier benede. Gebed is 'n spreke tot God. Deur die gebed word sy Naam verheerlik, sy lof besing, en sy hulp ingeroep. Hoe menigeen kan getuig van heerlike uitreddinge, van berusting en troos. God hoor en verhoor. Om verhoor te word moet die gebed egter aan bepaalde vereistes voldoen. Dit moet opreg en in ootmoed opgestuur wees, waar nodig met berou gepaard gaan. Daar is miljoene deur die eeue heen en in feitlik alle lande wat hiervan kan getuig. Daar is egter ook gebede wat God nie verhoor nie, soos byvoorbeeld die gebed van Moses en die van Paulus. Omdat die gebede nie in ooreenstemming met sy wil is nie, nie aan die vereiste voorwaardes voldoen nie. Hy weet beter as ons wat vir ons goed is en met alles het Hy 'n doel.

Hiskia, die koning van Juda het die heerlike ondervinding gehad dat God sy vurige gebed om genesing verhoor het. By monde van die profeet Jesaja sê die Here aan hom: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou tranegesien; kyk Ek sal jou gesond maak.

Hiskia sê aan God: „Ag, Here dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in waarheid en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat reg is in u oë." Die geskiedskrywer voeg hieraan toe: „En Hiskia het bitterlik geween." Die antwoord van God toon baie duidelik aan dat nie om sy goeie werke sy gebed verhoor is nie, maar wel om sy trane, sy berou.

As u gebed opreg is en God verhoor nie, moenie dan kleingelowig word nie, moenie dink dat God aan sy beloftes dat Hy sal verhoor, ontrou geword het nie. Hou aan, God verhoor op sy tyd en sy wyse.

29 November. **Lees** 2 Kon. 20:1-12. **Teks:** 2 Kon. 20:7.

'N SIEK KONING.

Koning Hiskia is ernstig siek. Die dood staar hom in die aangesig. Hy besef dat sy einde vinnig nader kom. Daar is geen twyfel aan nie. God self het deur Jesaja, die profeet, hom dit meegedeel: „Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie." In ander woorde: Maak jou testament. Dit is vir die meeste mense in vreesaanjaende gedagte!

Hiskia ween bitterlik en pleit vuriglik tot die Here om sy lewe te verleng. Jesaja het nog nie die paleis verlaat nie toe hy van God die opdrag kry: „Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk Ek sal jou gesonde maak; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die Here. En Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg."

God doen alles op sy tyd en op sy wyse. Hy kon Hiskia dadelik genees het. In hierdie geval doen Hy dit nie. Hy verkies die weg van die middels. 'n Vyekoek word gemaak en op die sweer gesit en binne drie dae was die gevaar geweke en was die koning gesond.

'n Pleister van vye is 'n ou middel teen inflammasie. Vir ons voorouers was dit 'n bekende en beproefde geneesmiddel. Dit ly geen twyfel dat hulle die raad uit die Bybel gekry het nie. Daar is ook ander middels wat in die Woord van God opgeteken staan. Daarom moet nie na die bewering van sektemense geluister word nie dat dit sonde sou wees om 'n middel te gebruik as iemand siek is. God het alles geskape en dit is Hy wat die genesende krag in die plante en kruie gelê het.

Nooit mag egter vergeet word dat nie die middel op sigself alleen die genesing bewerk nie. Dit kan alleen help as Hy dit seën en vir die gewenste doel aanwend. Sonder Hom is alles tevergeefs. Hy skenk genesing.

30 November. **Lees** 2 Kon. 21:1-18. **Teks:** 2 Kon. 21:9a.

VERVAL EN ONTAARDING.

Die volk van Juda, wat beter moes weet, het deur die jare heen dieper gesink as die ergste heidendom. Hy was nie bestand teen die invloed veral van Assirië die toonaangewende moondheid van die tyd nie. Die Assiriese kultuur het sy stempel ook op Juda, die volk van God, gedruk. Alles wat Assiries was, is vereer. Daarmee het gepaard gegaan ook die verering van die Assiriese gode. Juda het algaande onder die mag en die invloedsfeer van Assirië geraak.

Dit word beweer dat die geskiedenis homself herhaal. Die neiging wat ons vind by Juda om feitlik alles wat van Assiriese oorsprong was oor te neem, na te volg en te vereer, is deur die eeue heen by baie volke op te merk. Dit word veral by kleiner en swakker volke gevind wat deur groter en sterker volke regeer word. Die eie word as minderwaardig beskou in vergelyking met die ingevoerde en gevolglik ingeruil. Alleen die sterk patriotiesgesindes wat dikwels 'n minderheid is, is daarvan afkerig en weerstaan dit, met alle mag, beskou dit as 'n bewys van swakheid, as 'n gebrek aan trots vir die eie, ja, selfs as verraad. Die veroweraar word soms deur God gebruik om die ontroue volk wat „nie luister nie", wat nie „sorgvuldig handel volgens alles wat die Here hulle beveel het nie" te straf.

Die verval en ontaarding wat in Juda ingetree het, word vandag ook onder Wes-Europese volke gevind. Hulle wat in die verlede die draers van die beskawing was en die verbreiders van die evangelie was, word steeds meer veragters van God en sy Woord. Hulle versink stelselmatig dieper in heidendom. Op godsdienstige en sedelike gebied is daar oral' groot verval en insinking. In die geval van Juda het God die vervloekte magspolitiek en die wrede oorwinningssug gebruik om Manasse en sy volk tot inkeer te bring. Langs 'n diepe weg van vernedering en vernietiging sou die siel van die volk weer moet kom om te dors na God. Die dag van afrekening vir die volke wat sonde verkies bo God, kom nader.

Wagter! hoe ver is die nag?

1 Desember. **Lees** 2 Kon. 23:1-27. **Teks**: 2 Kon. 23:2.

'N BIDDENDE VORS EN VOLK.

Vors en volk saam voor die aangesig van God, saam vergader in sy huis, saam luisterend na die voorlees van die Woord van God! Dit was die gevolg van die ontdekking van die Wetboek in die huis van die Here. Met die opruiming wat plaasgevind het is met die herstel van die huis van die Here op bevel die koning die boek gevind. 'n Bewys van die groot verwaarlosing op godsdienstige gebied by die volk.

Toe die boek aan hom voorgelees is en hy hoor van die straf van God as 'n mens volhard op die dwaalweg van die sonde, is die koning hewig ontroer en het hy sy klere geskeur. Hy het onverwyld met onverbiddelike gestrengheid begin met die suiwering van die erediens. Die afgodediens is uitgeroei en die afgodsbeelde almal vernietig. Die pasga is in sy ou glorie herstel en op luisterryke wyse gevier. Die leiding het vrywel geheel van die koning uitgegaan. Die hele volk is daardeur aangemoedig om weg te breek van die afgodediens en het toegetree tot „die verbond wat die koning voor die aangesig van die Here gemaak het om Hom te volg en sy gebooie . . . met die hele hart en met die hele siel te onderhou."

Dit toon hoe uiters belangrik dit is dat 'n volk godsdienstige leiers moet hê, manne wat die Here God opreg liefhet en dien. 'n Volk is altyd geneig om die voorbeeld van sy leiers te volg. Bejammerenswaardig is daarom dié volk wat leiers het wat hulle stel teenoor God en hulle nie buig voor die gesag van sy Woord nie. Daarenteen: „Welgeluksalig is die volk wie se God die Here is."

2 Desember. **Lees** Psalm 1. **Teks:** Ps. 1:1.

DIE TWEE WEË.

Geluk word hier nie net in beperkte opsig bedoel nie, maar in die groot omvang daarvan. Geluk word hier ook nie gelykgestel met wat die menslike hart goed aandoen as gevolg van prestasies en aansien nie, maar dit is 'n werklikheid wat alleen op die weg van die heiligmaking verwesenlik word. En dit is ook die voorreg van iemand wat nie neersit in die raad van die goddelose nie.

In die aanhef van die Psalm word die voortgaande versinking en toenemende ongeregtigheid geskilder, eers word gewandel op die sondaarsweg, dit is volgens 'n sondige beplanning en aanwysings soos in die dalende nedergang van sondaars. Dan volg die volgede stap, dit is om te gaan staan op die sondaarsweg, dit is om daar te begin tuis voel. Uiteindelik bereik mens dan die finale toestand, dit is om te gaan sit in die raad van die goddelose.

Deur gereelde omgang te hê met die goddeloses, ontstaan die versteuring van wat nog in jou reg is; 'n onsekerheid en rusteloosheid tree in wat aanleiding gee tot nog meer oortredings. Deur herhaalde en daadwerklike oortreding van Gods wet vind mens die voortgang na die diepere sondige en na die besliste afdwaling van die regte spoor. Groter sondes word gedoen deurdat die houding en gevoel vervreemd raak van die heilige. Die uiteinde van hierdie ontrou en afvalligheid is om te sit, heeltemal tuis te voel in die plek van die goddelose. 'n Volkome vereenselwiging daarmee ontstaan.

Nou sê Jesaja dat Christus met die goddelose gereken is. Maar, Hy het nie die weg daarheen gevolg en bewandel nie. Hy is net midde in daardie kring geplaas om ons ongeregtighede op Hom te neem en dit te dra; om die kwaad uit ons lewe weg te neem en ons te bring op die spore van die geregtigheid. Die skuld wat dit alles meebring, aanvaar en betaal Hy sodat ons in Gods guns herstel kan word. Waar ons weldra dink aan sy koms, doen ons dit met groot dankbaarheid by die wete dat ook ons uitgelei kan word uit die poel van sonde en dood.

3 Desember. **Lees** Ps. 2. **Teks:** Ps. 2:8.

ERFDEEL EN BESITTING.

Ons Heiland Christus het self gesê dat die voëls van die hemel neste het waarin hulle verblyf kan hou, dat die jakkalse gate het waarin hulle kan woon, maar Hy het nie eers 'n klip waarop Hy sy hoof kan neerlê nie. En tog word in hierdie Psalm gesê dat Hy die heidene as erfdeel sal ontvang en die eindes van die aarde as 'n besitting.

Ondanks wat Hy van Homself beweer oor hoe min Hy het, staan ons stil by hierdie profetiese woord dat Hy alles sal ontvang. Hy wat soos 'n misdadiger deur sy eie volk verwerp word, Hy sal so baie van die ander wat Hom nie eers geken het nie in besit kry. Kon mens ooit gedink het daar by die Kindjie in die stal van Betlehem, by die Worstelaar in Getsémané, by die Verstoteling voor die hof van Pilatus, by die Struikelaar op die Via Dolorosa, by die Sterwende aan die kruis op Golgota, dat sy erfdeel nog so groot sal word, en dat elke knie sig voor Hom sal buig; en om nasies te ontvang as erfdeel en die eindes van die aarde as 'n besitting.

Wie sou glo dat Hy die wêreld gaan oorwin sonder swaard? en tog dit moes al as 'n onverwagte werklikheid kom spreek het toe Hy die dood oorwin het en uit die graf opgestaan het.

En nou lyk dit ook nie na 'n oorwinningsweg daarop sy Woord gaan nie; nou lyk dit asof die magte teen sy ryk oorweldigend aanstorm en in kragte toeneem, ja, selfs so baie afbreek van wat opgebou is. So sien die mens dit, maar die Allerhoogste oorsien die eeue, die wording en verwording, die strydende en triomferende kerk, die gelowige mens wat bly opstaan en die uiteindelike seëpraal, die eindes van die aarde word sy besitting. Net soos die Heiland die bande van die dood en die graf verbreek het, so sal Hy met sy vrymakende genade intree in die lewe van almal wat deur die Vader aan Hom gegee word, ook in u lewe wat nou hier lees en die heiligmaking verlang.

4 Desember. **Lees** Ps. 3. **Teks:** Ps. 3:3.

GEEN HEIL OF VERLOSSING NIE?

Op daardie moment toe Dawid gevlug het as gevolg van die opstand onder leiding van sy seun, was daar maar 'n klein gevolg wat aan hom trou was. Daarom sy weeklag. 'n Groot bitterheid het in sy lewe ontstaan omdat die aanslag teen sy troon en teen hom juis uit sy gesinskring gekom het. Mense, sy eie mense het die rug op hom toegekeer, en nou word ook nog die bewering gemaak dat hy geen heil of verlossing by God het nie, asof God hom nou ook saam met die opstandelinge verlaat het. Hoe kon aan die breuk gedink word na die jare van troue diens en heelhartige toewyding?

Dit was egter net die mening van mense. Maar aan die kruis op Golgota sou die sterwende Heiland dit as 'n werklikheid ervaar en dit met 'n groot stem uitroep en aankondig. Verlate, van God verlate, omdat Hy plaasvervangend sonde voor God geword het en omdat God nie saam met sonde of wat sonde geword het, kon verkeer nie. Sy magtige toorn word teen die sonde uitgegiet. Ja verlate, van God verlate aan die kruis.

Wat maar net 'n mening was oor Dawid is verwesenlik aan Hom wat uit die stam van Dawid gekom het. En tog was dit dieselfde sterwende en van God verlatene wat die oë sluit met die woorde: „Vader, in u hande gee Ek my gees oor."

Van God verlate, dit is die bitterste wat 'n gelowige ook kan ervaar; om te weet alle vertroue was steeds op God gevestig en nou word dit nie beantwoord nie. Is daar 'n groter beproewing vir die gelowige hart? Maar sover kom dit nie in sy lewe nie; dit word nie die ervaring van die mens wat leef in werklike Godsvertroue nie, want Christus is aan die kruis op Golgota deur God verlaat sodat ons tot God geneem en nimmer deur Hom verlaat sou word nie.

5 Desember. **Lees** Ps. 4. **Teks:** Ps. 4:7.

DIE GOEIE LAAT SIEN.

Dawid verkeer in 'n moeilike posisie. Daar was reeds die beproewing dat hy 'n voortvlugtige is en nou dat nog 'n ramp sy groep manne tref, is sy getroues ook opstandig. Hy neem sy harp om in die lied van Psalm 4 sy toevlug andermaal tot sy God te neem, wetende dat God op wonderbaarlike wyse uitkoms kan gee. As mense vra wie kan die

goeie nog aan ons skenk dan bid Dawid dat God sy aangesig oor hulle sal verhef.

Die gevoelens van sy hart en die vertroue van sy lewe word beaam in die bekende seënspreuk: die Here laat sy aangesig oor u lig en wees u genadig; die Here verhef sy aangesig oor u en gee aan u vrede. Wat in sy hart aan hom gegee word, lei tot vrede en berusting.

Nou bid en soek hy terwyl die omstandighede in besonder daartoe aanleiding gee. Sy lewe was egter vol gebed en soeke. Maar eeue daarna word dergelike ervaringe in die lewe van hierdie soeker en worstelaar ook waargeneem deur die Seun van God en Hy laat sy getroue soekendes nie in verleentheid nie. Hy roep hulle toe: kom na My toe, almal julle wat vermoeid en belas is, en Ek sal aan julle rus gee; kom na My toe en leer van My dat my las lig is en my juk sag is.

Hoe dwars en dwaas mense mag optree teenoor die vertrouende volgelinge van die Here om hulle gevoelens te krenk en hulle geloofsvertroue te breek waar hulle worstel onder 'n lewenskruis en las, daar word steeds vasgehou aan die hand van die trou God, wat sy liefde in Christus bly openbaar; daar word met vertroue gewag op die lig van Gods aangesig wat hulle weer sal sien skyn. Deur Gods genade sal die uitkoms nie wegbly nie, want sy genade en goedertierenhede duur tot in ewigheid.

6 Desember. **Lees** Ps. 5. **Teks**: Ps. 5:3.

GEBED IN NOOD.

Dawid het in die môre sy hande in gebed opgehef en opgesien tot die heilige en regverdige God van hemel en aarde. Moontlik was dit elke oggend die gebruik, en dan word al die verskillende node en behoeftes van sy hart en lewe voor God gebring, met smeking om hulp en redding. Hy roep Hom in die nood aan as die Almagtige; in voorspoed as die Algoeie; te midde van sonde as die Barmhartige; en te midde van die lewensvraagstukke as die Alwyse. Ook gaan hy gebuk onder die boosheid en ongeregtigheid van die mense om hom en dan roep hy God aan as die Heilige en Regverdige, wat al die werkers van die ongeregtigheid haat en die leuensprekers sal laat omkom. God het steeds verhoring en uitredding geskenk.

Maar eeue daarna was daar Een wat weet van die boosheid en verraad in sy eie kring, maar Hy bly in gebed al was dit ook maar dat die drinkbeker verby moet gaan; in elk geval dat Gods wil nie verander word nie. Hy verdryf die felste pyn as die spykers met hamers deur sy hande en voete gedryf word en dan bid Hy om Gods vergiffenis vir hulle wat nie weet wat hulle doen nie; vir wie dit ook geregtigheid beteken dat die Herder sy lewe vir sy skape aflê.

Ja, maar Hy het ook gebid vir hulle wat om Hom geleef en Hom gevolg het; gebid vir hulle waar die Satan hulle wou sif soos die graan gesif word. En nog bid Hy daar waar Hy intree as Borg en Middelaar vir hulle wat in berou terugkeer tot opregte geloof en hartgrondige en boetvaardige belydenis. Nou nog word deur die Heilige Gees gebid met onuitspreeklike sugtinge.

Nou weet ons dat ons stamelende bede wat met opregte geloof en vertroue gepaard gaan, nie vervaag soos rook in die blou lug nie. Hy ons Voorbidder neem ons gebed oor en dit word 'n pleitgebed voor die troon van Gods genade.

7 Desember. **Lees** Ps. 6. **Teks:** Ps. 6:4, 10.

WANHOOP EN HOOP.

Al spreek daar mismoedigheid uit die woorde van Dawid tog is dit nog nie wanhoop nie. Dawid weet: barmhartig en genade is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid; daarom klae hy sy nood op kinderlike wyse. Nogtans, as mens hom so hoor dan raak mens verbaas oor dieselfde man wat eenmaal die reus Goliat oorwin het. Sterk mense het ook ure van swakheid, veral as die slae sig herhaal en die beproewinge lank duur. Selfs sterk nature kan onder die swaar las struikel.

Maar tog, die gelowige sal volhard in gebed en sal bly pleit op verlossing ter wille van Gods goedertierenheid en nie om menslike verdienste nie; en dat Gods beloftes vervul en sy genade uitgegiet word. Daar word gepleit dat God die gelowige in sy lyding aansien en help sodat die lied wat verstom het, weer kan aangehef word. Die Here hoor die smekinge en die gelowige jubel dit uit, ja toon dit in die wonderlike verandering wat intree deur Gods genadige hulp en verlossing.

Soms het die uiterlike omstandighede nog nie eers verander nie, maar innerlik het God 'n lig laat opgaan, die lig van die geloof, die hoop, die genade. Daar het 'n sekerheid gekom: die Here hoor my smekinge en neem my gebed aan. Al biddende het dit hier binne helder geword en 'n ligstraal het in die siel opgegaan. Vrede en bemoediging het ingetree.

Dink dan ook aan die Seun van Dawid in wie se siel so 'n vaart na God ontstaan het toe Hy in Getsémané opgestaan het uit die gebedshouding, nou vervul met die voorneme om die drinkbeker te gaan drink. Ja, Hy het opgestaan met die besliste woord: laat ons gaan. Met 'n seker wete in sy hart het Hy toegelaat dat Hy weggelei word op die weg van die bitterste lyding . . . en die groot verlossing.

8 Desember. **Lees** Ps. 7. **Teks:** Ps. 7:2, 10.

ONREG LY.

Dawid vra dat aan hom reg gedoen word. Hier is egter nie duidelikheid oor wie presies sy lewe verswaar het nie en waardeur dit gedoen is nie. Hy kom egter daarop neer dat hy onskuldig is aan die dinge waarvan hy beskuldig word; eintlik het hy aan sy beskuldigers goed gedoen en so liefdewerke, die diens van barmhartigheid verrig.

Wat verlang Dawid nou van die hemelse Regter wat hy aanroep om sy saak te rig? Hy vra dat Gods geregtigheid sal intree en dat sy eie onskuld so aan die lig sal kom. En daarby is daar ook die bede dat 'n einde gaan kom aan die boosheid van die goddelose mense. Vyandskap teenoor hom is vyandskap teen God en sy ryk. Die bevordering van God se ryk is die groot saak wat vir hom swaar weeg en wat deur die toedoen van die goddelose mense skade ly. Sy gesindheid is hier so anders as die van 'n bidder wat in sy gebed net soos in alle daaglikse sake gewoonlik eerste aan homself dink — aan sy sorge, wense, klagtes, smekinge. Tegelyk maak selfs die onheil wat ander tref op hom geen indruk nie, solank sy sake en belange maar nie geraak word nie. As sulke dinge uit die hart opkom en in die gebede beluister kan word, dan is dit nodig om deur self-ondersoek uit te vind of daar by ons 'n skadelike weg is. Ons kleinlike, ons menslike moet baie minder wees as Gods ewigheidsplanne en heilsgedagtes.

Christus het dit later so duidelik uitgebeeld waar Hy vermeld het van die dienskneg aan wie deur sy heer tienduisend talente vrygeskeld is, maar self het hy 'n ander in die gevangenis laat werp oor een honderd pennings. Christus het egter gekom, selfs ook vir die eie-geregtiges. Soos die vader in die gelykenis uitgegaan en sy oudste seun gesmeek het om in te kom na die fees, so het Christus gekom om in aller lewe in te tree en te verseker dat mense herbore word tot nuwe skepsels.

9 Desember. **Lees** Ps. 8. **Teks:** Ps. 8:5.

WAT IS DIE MENS?

Ons Psalm is 'n naglied waarin Dawid baie diep nadink. Hy kyk na die koninklike prag van die nag; die wonder van die maan en die sterre; die nag se stilte, en (wonderlik!) God het dit alles geskape. Ja, met sy vingers het die Here dit gemaak. Die hele orde in en om die wêreld is die werk van sy hande.

As iemand tot hierdie besef kom, kan hy nie anders as om die lof van die Here te besing nie: „O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!" Hierdie lof-uitroep omarm die hele Psalm, want Dawid begin daarmee en eindig met dieselfde woorde. Die besef van die grootheid van die Skepper beheers Dawid se hele gedagtegang.

Maar te midde van al hierdie wonderlike dinge staan die mens. Die mens in al sy nietigheid. Klein en onmagtig; soos kinders en suiglinge voor die grootheid van die Here.

Hier in die wêreld is die mens miskien nog iets; het die mens darem nog baie vermoëns. Maar tog, wat ís die mens? Dawid twyfel nie: „U het hom . . . gemaak . . . " Die mens is dus wesenlik 'n skepsel van God soos die maan en die sterre is ook ons 'n maaksel van die Here.

Maar Dawid is verbaas. Hy sien die maan en die sterre, maar daar is nog die aarde en die son ook — groot, wonderlike skeppings van God. Hoe is dit dan dat God Hom juis met die mens ophou? Met hierdie nietige, klein skepseltjie? En dit ís inderdaad só — die Here dink aan ons, Hy sorg vir ons en deur sy Gees besoek hy ons. Waarom? — Die mens is 'n weinig minder as 'n goddelike wese (geskape na die beeld van God), maar God het hom so gemaak. Dat ons dus denkende persone met vele vermoëns is, dat die mens dan ook heers oor die skepping, dit is GENADE.

So dan, prys Dawid die grootheid en die goedheid van God. Maar die grootste en beste daad, wat God aan ons gedoen het, was toe Hy díe Mens gegee het wat werklik 'n goddelike wese is en waarlik oor die hele skepping heers as Koning.

O, Jesus Christus, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!

10 Desember. **Lees** Ps. 9. **Teks:** Ps. 9:11.

DIE HERE IS GETROU.

As daar ooit in die geskiedenis 'n volk was wat kon sê: die Here is getrou, dan kon Israel dit sê. Van Abraham af was daar nooit 'n tyd gewees waarin God Hom nie oor sy volk ontferm het nie. Hy het Israel uitgekies om sy volk te wees, „'n volk om hom te dien en vrees". As teëhanger vir hierdie diens aan Hom, sou die Here vir Israel God wees. Dit was die verbond tussen God en Israel.

Maar Israel het nooit die Here hulle God na behore gedien nie. Ons kom so dikwels agter hoedat Israel sy deel van die verbond gebreek het; dat Israel die gebooie van die Here nie gehoorsaam het nie. Israel was nie getrou aan sy verbond nie. Maar, die Here het trou gebly aan sy verbond. Steeds was Hy vir Israel God en steeds het Hy sy volk beskerm en bewaar. In oorlog en stryd, as vreemde gode en invloede dreig het die Here altyd gered. En so het die Israeliete geleer dat hulle op die Here kan vertrou.

Dit is in hierdie vertroue wat Dawid ons Psalm en ons teks geskrywe het. Hulle wat die Here ken sal op Hom vertrou — hulle wat Hom leer ken het soos wat Hy Hom aan ons openbaar, sal weet dat Hy betroubaar is. Hulle sal ook in Hom glo, want geloof is om God te ken en op Hom te vertrou dat Hy sy beloftes sal nakom. Vir ons wat onder die nuwe verbond staan is die grootste belofte die vergifnis van sondes deur Jesus Christus. Geloof is dus om te vertrou dat die Here ons ons sondes sal vergewe deur sy Seun.

Dawid vertrou op die Here omdat Hy dié wat Hom soek nie verlaat nie; omdat Hy dié wat getrou is aan Hom nie in die steek laat nie. Die uitdrukking: „om die Here te soek", beteken eerstens om Hom te soek deur gebed en die aanroep van sy Naam in die erediens en tweedens om te strewe daarna om heilig en goed te lewe omdat Hy ons dit beveel het. Maar veral bedoel Dawid hier dat „die wat U soek" dié mense is wat Gods trou in sy verbond nodig het; wat dit weet en dit opsoek — en vir hulle sal God nooit in die steek laat nie.

Wat 'n wonderlike vertroosting!

11 Desember. **Lees** Ps. 10. **Teks:** Ps. 10:16a.

DIE HERE IS KONING.

Dikwels in ons lewe het ons probleme. Dan is ons bang, benoud en onseker oor wat die toekoms mag meebring, want dit kan dalk iets sleg wees. Dan soek ons gerusstelling en baiemaal draai ons dan na God toe om dit by Hom te soek. Dit kan met 'n skok kom dat ons Hom juis dan nie vind nie.

Ook ons Psalmdigter het dit agtergekom. Die Here kom nie sommer na vore nie, maar hou Hom verborge. Dit lyk vir hom of die Here Hom onttrek het selfs vir die vromes, want kyk net hoe gaan die goddelose te kere. Die goddelose verdruk die vrome, hy doen net wat hy lus het; hy versmaai God en sy gebod; hy is vol selfvertroue en bedrog. Boonop vergeet hy die Here, hy ignoreer Hom en dink dat die Here ook hom sal vergeet, hom ook sal ignoreer.

Nou bid die digter dat dit nie moet gebeur nie. Hy stel sy vertroue op die Here wat verborge is om na vore te tree en hierdie heerskappy van die goddelose te beëindig en reg te laat geskied, want die Here is die eintlike Heerser.

Daar is net een wat alle mag en krag en heerskappy het en dit is die Here. Hy is Koning. Sy heerskappy duur vir ewig. Nou kom die goddelose en hou sy nek styf teen die Here, maar die Here sal hom breek.

Ons grootste verdrukker is die sonde. Jesus Christus is ons Heer, ons Koning wat ons verlos en red. Wanneer ons dan in hierdie verdrukking en benoudheid is — en dit is altyd — moet ons vertrou op ons ewige Koning om ons te verlos.

Nou moet ons Hom altyd, elke dag soek in sy verborgenheid. Ons moet ons **altyd** onderwerp aan sy heerskappy as Koning, dan kan ons altyd die sekerheid hê dat Hy ons sal verlos van die goddelose, die sonde, wat dreig om ons in sy mag te kry en oor ons te regeer.

Die Here is 'n goeie Koning, 'n heerser in liefde vir ewig, wat sy volk sal bewaar vir elke onheil — al kan ons Hom nie sien nie. Maar dan moet ons Hom elke oomblik soek — nie net wanneer ons dink ons het Hom nodig nie.

12 Desember. **Lees** Ps. 11. **Teks:** Ps. 11:1c.

BY DIE HERE SKUIL EK.

Dawid is in nood. Nou gee sy vriende hom raad: Vlug weg, berge toe. Maak gou! Vlug so vinnig as 'n voël kan vlieg, anders gaan jy die prooi wees van die goddelose. Hulle lê skelm op jou aan soos op alle opregtes van hart. As jy nie vlug nie, Dawid, gaan hulle jou raakskiet. Bowendien Dawid, wat gaan dit jou help om te bly? Hulle sal jou net ruïneer. Dié goddelose mense sal nie tevrede wees voor hulle nie tot die fondamente onder jou uitgeslaan het sodat **alles** in puin lê nie. Wat kan jy dan daaraan doen? Niks! Die beste is om maar te vlug voor hulle dit alles aan jou doen.

Maar Dawid se antwoord is kragtig en skerp: „By die Here skuil ek." Hoe kan julle dan sulke raad vir my gee? Dis nie nodig om te vlug nie. God is Koning. Hy sien en weet van al hierdie dinge. Hy beproef die regverdiges, maar Hy haat hulle nie. Hy haat wel die goddelose en die geweldenaars. Hy sal hulle straf want Hy is regverdig. As ek by Hom skuil, is ek veilig — hoekom kan julle nog vir my aanraai om te vlug? Dis mos nie nodig nie.

Hierdie houding van Dawid is vertroue. Hy is absoluut seker van die Here se bystand en hulp, want Hy help altyd die opregtes, die nederiges, die regverdiges.

Daarom kan ons ook so vol vertroue deur enige teëspoed en beproewing gaan. As ons nie meer weet waarheen? of hoe nou? nie, moet ons by die Here skuil. Om te vlug sal nie help nie. Dis ook nie nodig nie, want die Here sal sy kinders altyd bystaan en help, ook wanneer die goddelose ons bedreig. Ons moet net nie kleinmoedig of kleingelowig wees nie.

13 Desember. **Lees** Ps. 12. **Teks:** Ps. 12:7a.

DIE LEUEN BEDREIG ONS.

Die samelewing is in gevaar, want die mense het vervlak — vromes en getroue dienaars van God is daar nie meer nie. In hulle plek is leuenaars, skynheilige tweegesigte. Daarom roep Dawid tot die Here om te red wat verlore is.

Wanneer mense só word, is die samelewing in gevaar. Want berus goeie samelewing nie juis op vertroue nie? 'n Leuenaar of 'n tweegesig is onbetroubaar want die waarheid ontbreek. Sonder die waarheid kan daar geen gesonde samelewing wees nie. Ons moet mekaar glo en mekaar vertrou anders kan ons nie met 'n lekker hart saamleef nie.

Vandag leef die wêreld in en van leuens. Geen land kan 'n ander meer volkome vertrou nie, geen politieke party 'n ander nie, dikwels geen man sy eie broer of seun nie. Die satan met sy leuen het al baie diep in ons samelewing ingedring. Saam met Dawid wil ons bid dat die Here dit sal uitroei.

In die binnekring van die gelowiges dreig die leuen ook al. En tog is daar vir die gelowige net een waarheid — dit is Jesus Christus. Die evangelie — die Woord van God — is altyd absoluut betroubaar. Sy Woord is onbesmet deur die leuen, soos silwer wat gelouter is tot dit heeltemal suiwer is.

Daarom, as gelowiges met mekaar en met die wêreld praat dan praat ons die waarheid, dan praat ons Jesus Christus, dan verkondig ons Hom. Dan is daar nie meer plek of tyd vir die leuen nie; dan het Jesus Christus die Waarheid, die oorwinning oor die leuen behaal ook in ons lewe, ook in ons samelewing.

14 Desember. **Lees** Ps. 13. **Teks:** Ps. 13:4.

VERLIG MY OË.

In hierdie Psalm gee Dawid 'n weergawe van 'n stryd wat hy binne homself moes voer. Hy het baie probleme gehad waarvoor hy maar net nie 'n oplossing kon kry nie. Dit het hom verskriklik bekommerd gemaak. Daarom dat hy die hele dag lank gesit en planne maak het: moet hy dit doen of dàt? Moet hy só maak of anders? As hy dít doen, wat dan? Ook is daar 'n vyand, 'n goddelose mens wat dreig om Dawid te oorrompel, om hom van sy diens aan God weg te ruk, maar wat ook dreig om deur sy optrede vir Dawid in sy geloof te laat wankel.

Die dinge word vir Dawid te veel. Wanhopig roep hy uit: Hoelank nogl Gaan die Here nooit weer aan hom dink nie? Gaan sy nood vir ewig duur? **Dan** kom Dawid se bede: Verlig my oë.

Dawid kan so maklik gebid het dat die Here sy probleme moet oplos en sy vyand moet uitwis, maar sy gebed is: Verlig my oë sodat ek nie met toe oë doodgaan nie. Met ander woorde, Dawid wil die lewe weer in die regte perspektief sien; dat God aan hom goed gedoen het (vers 6) ten spyte van al hierdie probleme. Hy wil graag staande bly en nie ondergaan of selfs wankel nie. Kortom, Dawid wil in sy geloof, in sy vertroue op die Here vas bly staan. Dít is wat hy vra: Here, gee dat die duisternis my nie oorweldig nie, maar dat u Lig dinge vir my duidelik en helder sal maak.

Hierdie gebed van Dawid in sy benoudheid is vir ons 'n goeie voorbeeld. As ons weer wanhopig en verlore voel tussen al ons probleme deur, laat ons ook bid om die geloof te behou. Laat ons ook dan weer bid om dinge in die regte lig te sien — laat ons besef hoe goed die Here eintlik vir ons is. Dan sal ons vertroue en geloof maak dat ons ook weer juig en sing tot eer van die Here „omdat Hy aan my goed gedoen het".

Dan het ek mos die geloof gehou.

15 Desember. **Lees** Ps. 14. **Teks:** Ps. 14:1.

GEEN GOD? OF GEEN GODSDIENS?

Dis net 'n dwaas wat kan sê daar is geen God nie. Omgekeerd kan net iemand wat wys en verstandig is, sê dat daar wel 'n God is. Dit is 'n krasse stelling wat Dawid maak. En tog, dit is so. Dawid redeneer (soos die hele Bybel, trouens) vanuit die geloof oor hierdie saak.

Dat iemand so iets kan sê soos: daar is geen God nie, spruit nie uit 'n kalme, bedaarde, beredeneerde, gefundeerde waarneming en/of argumentering nie. Nee, as iemand soiets sê dan is dit maar net 'n poging om weg te vlug van God en sy eise af. So 'n persoon sien maar net nie kans vir die veeleisende taak om God te gehoorsaam en te dien nie. Iewers agter in sy kop weet hy baie goed dat God alles beheer, dat Hy ook hom beheer en sekere eise aan hom stel. Maar eerder as om hom daarby neer te lê, probeer hy om hierdie werklikheid van God te ontvlug.

In sy dwaasheid is hy dan oneerlik en wil nie erken: daar is geen bereidwilligheid by my om God te dien nie. Dan probeer hy eerder iets anders, naamlik om dan maar te sê: daar is nie 'n God nie. Om hierdie standpunt te regverdig kom hulle met die gewone argumente soos: waar is Hy dan? Ek wil Hom sien voor ek Hom glo. Intussen is hulle net onwillig om God behoorlik te dien.

So 'n houding lei noodwendig na 'n afval van die Here af. Daarom is dit so gevaarlik om sulke dwase dinge te dink of te sê.

Laat ons maar liewer erken en bely ons is self net so verkeerd en dwaas, want ons is ook nie juis te vind vir behoorlike gehoorsaamheid en diens aan God nie.

16 Desember. Lees Ps. 15:1-16:11. Teks: Ps. 16:11a.

DIE PAD VAN DIE LEWE.

Die pad waarlangs 'n mens gaan hou altyd ook baie gevare in. Daar is só baie dinge wat ons kan oorval en . . . wié wil nou verdwaald voortbeweeg? Vir die gelowige het dit geen sin nie, want as hy so 'n verdwaaldheid gewoonweg sou aanvaar, dan word die strewe van sy lewe naamlik in gemeenskap met God verkeer daarmee prysgegee. Deur die sonde is die mens vervreemd van God. Op die lewenspad moet die mens hierdie vreemdelingskap probeer omskep in iets anders. Uit homself is hy daartoe nie instaat nie, en moet hy die genade van God aangryp. Hy mag nie tevrede wees om as 'n gas, as 'n vreemdeling voort te beweeg nie. Nee, hy verlang na ware burgerskap wat inhou veilig woon by die Here.

Om so met die Here te vertoef in sy tent, met Hom te woon op sy heilige berg, eis van die mens sekere dinge met betrekking tot die onderlinge verhoudinge met sy naaste: verse 3-5 noem dit duidelik. En, in die verhouding met God word sy pligte baie duidelik aangedui. Sekere dinge op die lewenspad is kenmerkend van die gelowige — sy vertroue is op God, vir hom is niks beter as God nie, hy soek omgang met die Godvresendes, en het 'n afkeer in afgodediens (16:1-4).

Op Geloftedag kom baie gelowiges op baie feesplekke saam of vertoef saam in die huisgesin. Die dag is vir hulle 'n sabbat en sonder hul hulself in sekere sin af om op die pad van die lewe in kinderlike danksegging saam te vertoef. Met ootmoedige toegewydheid word teruggeblik in die verlede en . . . soos Hy die pad van die lewe bekend gemaak het voer hul geloofsvertroue hul na die toekoms. Met vaste vertroue sien hul dit tegemoet „met ons nasie sal dit wel wees, God regeer". En diep in die hart lewe sekerheid vir die ewige toekoms deur die geloof in en deur Hom wat gesê het „Ek is die weg en die lewe, wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe".

17 Desember Lees Ps. 17:1-15. Teks: Ps. 17:6

DIE BLYDSKAP VAN GEBEDSVERHORING.

In hierdie tyd van die jaar merk ons orals tekens van bedrywigheid by die mense op. Hulle gesels en lag, en vriendelik word na allerlei verwys. Hulle doen navraag na die omstandighede van familie en vriende; hulle stuur groete, goeie wense en geskenke. Almal skyn bly te wees. Maar by nadere ondersoek tree groot verskille tussen mense op die voorgrond. Dit word hoe langer hoe meer duidelik dat die blydskap van die ongelowige of wêreldling verskil met die blydskap van die gelowige.

Die gelowiges sien alles wat hul in die lewe toegemeet word as gawes van 'n sorgende Vader — hulle heg geen waarde aan toeval of noodlot nie. Hulle het van kleins af geleer om te vra — te vra, soos 'n kind vir sy vader en moeder vra: vol verwagting en kinderlike sekerheid. In, wat hulle as nood of behoefte aanvoel, sal voorsien word. Heeltemal tereg word dan ook soms 'n duidelike NEE as antwoord op die vraag gegee. En, as dit algaande by die kind duidelik word dat hul reg en goed behandel is, dan is die geluk en tevredenheid groot. Hulle berus en besef dat vader en moeder beter weet — hulle gee die beste vir die kind. In die JA of die NEE tree hul liefde, sorgsaamheid en toegeneentheid na vore. Weldra hoor ons die duidelike benadering van die kindertjies: ons sal eers vra wat sê pa of ma. Rondom die huistafel by die ete of die huisgodsdiens verenig almal saam in gebed en danksegging — daar word gevra en gewag op die seën van die Vader, wat aangeroep word. Dit doen almal saam, maar soos wat ons Here Jesus Homself afgesonder het vir die gebed so doen die gelowiges en smaak dan die innige blydskap volgens sy woord „en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."

18 Desember. Lees Ps. 18:1-7. Teks: Ps. 18:2.

PERSOONLIKE LIEFDE.

Op baie terreine van die lewe is dit soms of dikwels die ervaring van die mens dat hy verloor — niemand wen altyd nie! Die mens word in die lewe so vasgeanker in dinge dat hy met homself baie maal geen raad het nie. Hoe hy ookal probeer om daarvan los te kom of daaruit verlos te word sy vermoë is nie instaat om te red nie. Reeds omdat die mens oor sulke mooi en sterk vermoëns beskik beland hy met dit alles dikwels in noodtoestande. Dit word vir hom onveilig. Hy span die vermoë waaroor hy beskik in so goed as wat hy kan — woorde, argumente, beskouinge, vriendskap, liefde en — dit bly onveilig, bedreigend, gevaarlik. Die stryd het vir hom te magtig geword. Dit is asof hy wil moed opgee en dikwels kom dan 'n duisendtal vrae in sy hart op. Hy is tog een van 'n gesin of 'n groep wat die mooi dinge van die lewe nagestrewe het. Sy lewensverhoudinge tot nou het só baie moois en goeds ingehou en die verwagtinge in die goeie rigting het aangegroei. En, meteens besef hy die eensaamte in die lewe. By 'n terugblik, die oënskou oor die hede en die vrae vir die toekoms — hy het meteens tot homself gekom! Dit is nooit maklik om sover te kom nie, maar die streng persoonlike in alle dinge is vir die lewe van die intenste belang. Dan word duidelike en werklike rekenskap van homself gegee — sy persoonlike tree op die voorgrond. Vir die gelowige is dit altyd waar: sy hoogste skat of besitting is die liefde.

Die liefde vir sy Vader wat uit al die stryd en bedreiginge verlos het dwing hom nie, maar dring hom om 'n loflied aan te hef — 'n persoonlike belydenis soos wat Dawid dit gedoen het „Ek het u hartlik lief, Here" en diep in sy hart beleef hy dit „omdat U my eerste liefgehad het."

19 Desember. **Lees** Ps. 19:1-15. **Teks:** Ps. 19:15.

VOOR U AANGESIG.

In die natuur kan 'n mens iets aanskou van die heerlikheid van die Skepper. By die aanskou daarvan — son, maan, sterre — alles verkondig die heerlikheid van die Here. Elke dag en elke nag dra boodskappe oor aan die luisterende siel. Niks en niemand is voor sy aangesig verborge nie. En te midde van hierdie heerlikheid is daar verder lig deur sy wet. Hy het Homself in sy wet openbaar. Selfs in die donker van die sonde is daar genadelig vir die wetsoortreder. Hieroor jubel die Psalmdigter. Hy noem dit onder andere volmaak, verkwik sy siel, gee wysheid, verbly die hart, ensomeer. Dit bring by die digter 'n bepaalde begeerte op — hy wil lewe in ooreenstemming met die wet van die Here. Die gelowiges behoort te onthou dat Hy alles sien en weet — hulle is voor sy aangesig: Mag die woorde van die mond en die oordenkinge van die hart welbehaaglik wees voor sy aangesig!

Hietoe kan die mens uit of deur homself nooit kom nie. Dit word duidelik by die aanskou van sy heerlikheid in sy skepping, en deur die kennis van sy wet. Daarom is dit nodig dat die mens wakend alles aanskou, en dan is die sekerheid deur die lewe die gerusstelling van die hart in ons toenadering soos ons lees in die gelykenis van die verlore seun (Luk 15:11-32): „En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen."

20 Desember. **Lees** Ps. 20:1-10. **Teks:** Ps. 20:8.

ONS SAL ROEM.

Al die bruikbare dinge in die lewe is vir die mensekinders van besondere belang. Dit maak nie saak waar ons woon of werk nie — dinge waaroor ons beskik is nodig om te help dat bepaalde oogmerke werklikheid word. Elke mens kan dit raaksien en daarom word aan baie dinge waarde geheg. Dié benodigdhede om in die voortgang van die lewe gebruik te word se waarde verskil. Soms het dit groot opoffering en koste meegebring om daaroor te kan beskik, en na gelang dit dan vrugbaar gebruik word is dit as't ware vanselfsprekend. Die gevaar is dan groot dat ons onsself hoe langer hoe meer op dié bepaalde dinge verlaat. Ons praat daaroor met groot waardering en heg daaraan waarde tot so 'n mate dat ons vertroue in dié dinge kan gestel word. Dié dinge is van betekenis en waarde, maar ons moet nougeset toesien dat dit **nooit** die hoogste waarde in die lewe verdring nie. Dit beklemtoon die Psalmdigter met duidelike woorde: „Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal roem op die Naam van die Here onse God!"

Die wêreldmagte beroem hulleself so maklik op die strydwaens en perde wat vir hulle oogmerke kan gebruik word. Hulle stel hulle vertroue om hul mag te laat geld daarop. Daarteenoor stel die gelowige sy volle

vertroue op die Here. Deur sy seëninge word en kan die dinge wat Hy sy kinders toemeet van waarde wees — alles hang van Hom af! Op 'n ander plek sê die Psalmis dit ook baie treffend „'n Koning word nie verlos deur 'n groot leër," en „Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur groot krag nie".

Die gelowige het sekerheid van oorwinning — uit of deur homself? Nee, omdat kinderlik geglo word in Hom wat sê: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

21 Desember. **Lees** Ps. 21:1-14. **Teks:** Ps. 21:8.

VERTROUE OP DIE HERE.

Dit is altyd bedroewend om te verneem hoe mense soms deur die lewe gaan sonder goeie verwagtinge. Vir die mens op homself toegespits hou die lewe altyd baie en groot gevare in. Dit gebeur dan so maklik dat die mens in die stryd ondergaan — sy moed is op, sy strewe gaan mank aan twyfel, sy toekoms word vir hom steeds donkerder. Dieselfde het in die hart van die koning opgekom in sy stryd met sy vyande. Toe hy oorwin deur die ontferminge van die Here kon die gemeente na gebed jubelsange aanhef. Hoe is hy bly oor die sterkte van die Here wat gesorg het vir die oorwinning. Dit is asof die Here hom na die oorwinning tegemoetgaan en weer opnuut die kroon op sy hoof plaas. Alles het so anders geword — twyfel word vervang deur sekerheid: in die hart kom nuwe vertroue. Dit is duidelik en die gemeente besing die mag van die koning „Want die koning vertrou op die Here". Alles word aan die Here toegeskryf.

Hoe treffend vertolk die Christelike gemeente in sy sang nou nog dié gedagte.

„Moet op prinse nie vertrou nie,
by wie niemand heil kan vind" — en die weg word heerlik aangedui:
„Salig hy wat in die lewe,
Sonder hulp en sonder raad,
vlug tot God sy Toeverlaat!"

Hierdie vertroue wek opnuut verlange en skep die blydskap in die hart wat die Christen laat roem rondom die krip van Betlehem. Met toewyding word die geloof op Hom opnuut beoefen en met steeds groter vertroue elke dag word die toekoms tegemoet gesien.

Nieteenstaande alles wat ons mag tref bly die vertroue op die Here die sterkte van ons lewe, en word dit as getuienis die wêreld ingedra want só het Hy gesê: „Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde".

22 Desember. **Lees** Ps. 22:1-32. **Teks:** Ps. 22:2.

VERLAAT.

Daar is seker nie baie dinge wat so verpletterend op die mens inwerk as eensaamheid nie. Vandaar dat die gelowiges altyd in voorbidding verkeer vir die eensames byvoorbeeld wewenaars, weduwees en weeskinders! En—daar is nog baie ander eensames in die lewe. Dit word erger as die eensaamheid nog gepaard gaan met lye, want die lye word soms so dat dit die volslae eensaamheid bewerkstellig. Dit is voor die handliggend dat die mens dan vra: waarom? Die vraag is nie om na die oorsaak van die lye te vra nie, maar druk die onbegryplikheid daarvan uit.

Die lye word so ontsettend dat die verlossing daaruit steeds ver verwyderd is. Verstandelik kan die Psalmdigter dit nie verklaar nie. Dat mense mekaar verlaat kan nog moontlik verklaar word, maar soos God Homself in die verlede betoon het kan so 'n Godverlatenheid nie begryp word nie. Dit is erger as deur mense verlaat te wees. Dit verskerp die lye en ellende tot in die hoogste mate. Die hoogste verhouding is die ervaring van Gods liefde. In verlatenheid is hierdie verhouding dan verbreek. Dit spreek vanself dat die WAAROM? as 'n angsgeroep uit die hart voortdurend opstyg. So 'n toestand gryp die mens aan en as die gelowiges by die vertoef aan die voet van die kruis dit aanhoor uit die mond van ons Heiland, dan swyg hul in aanbidding stil. Duidelik dring dit dan tot hul deur wat dit gekos het om die mens van die hoogste lye — verlatenheid — te verlos. Hy moes dit deurworstel om die blye nabyheid vir die mense te verseker soos die nagmaalsformulier dit so treffend uitdruk — „sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie".

18 Desember. **Lees** Luk. 1:1-16. **Teks:** Luk. 1:14.

BLYDSKAP OOR JOHANNES DIE DOPER.

Dit is 'n baie noukeurige beskrywing wat Lukas ons hier gee van 'n wonderlike gebeure. Hy doen dit so verfynd en sierlik, so indrukwekkend en verhewe en duidelik. Hy handel so in die besonder oor die dinge wat tot die priesterskap van Christus behoort. Dit is dinge wat alle Christene glo met volkome sekerheid en wat aan alle nageslagte oorgelewer moet word, sodat hulle daardeur 'n welgevestigde en duursame geloof mag ondervind.

Die gebede wat Sagarias so gedurig opgestuur het, is nou verhoor. Die gebede van die geloof word in die hemel nie vergeet nie, maar dit word op die rol geplaas. Eén dag word dit verhoor — al duur dit ook jare lank. Miskien het Sagarias nog weer gebid om 'n nakroos. Maar waarskynlik het sy gebed in verband met sy ampswerk gestaan. Dit wil sê dat hy gebid het vir die welsyn van Israel en dat die Here sy belofte aangaande die Messias sou vervul. Die seun wat vir Sagarias gebore sou word, sou ook nie wees om sy nageslag voort te plant nie, maar hy sal die wegbereider van die Messias wees.

Hierdie seun van Sagarias sou vir sy bloedverwante en vriende 'n vreugde wees. Daar sal nou seëninge kom waarop daar lank gewag is, en dit sal vir baie tot groot vreugde wees, en dit sal 'n eer en verroosting vir die familie wees. Baie sal hulle ter wille van die familie verheug. Andere sal wees deur 'n innerlike aandrang, waarvan hulle geen rekenskap kan gee nie, verheug wees as 'n voorteken van die blye dae wat die geboorte van hierdie seuntjie voorspel. Hy sal 'n besondere bevoorregte man en 'n gunsgenoot van die hemel wees. Hy sal tot 'n seën wees vir die hele aarde, want hy sal die boodskappe van die Here die wêreld indra! Hy sal meer wees dan net 'n profeet — hy sal die Christus aanwys!

24 Desember. **Lees** Luk. 1:57-66. **Teks:** Luk. 1:66.

AANKONDIGER VAN DIE GEBOORTE VAN CHRISTUS.

Wanneer 'n kindjie gebore word, dan kom die vraag diep uit die ouerharte: Wat sal tog van hierdie kindjie van ons word? Die ouerliefde kan ook nie anders nie. Dit werp altyd weer die blik in die toekoms wat vir ons verborge bly. En dit is ook goed dat die Here dit so beskik het dat die toekomstige lot van ons kinders vir ons verborge is. Tóg weet ons een ding: En **dit** is dat die toekoms van ons kinders in die hand van die Here rus, net soos die toekoms van Johannes die Doper ook in die hande van die Vader gerus het.

Maar vir elke mens wat gebore word het die Here 'n bepaalde taak of werk of roeping. So was dit die taak en roeping van Johannes die Doper om die boodskappe van God oor te dra aan Israel. Hy sou 'n profeet word — en selfs meer as 'n profeet. Hy was afgesonder vir die dienswerk van die Here. Daarom moes hy dan ook 'n lewe voer van selfverloëning. Sy hart en gees moes bewaar bly vir allerhande beroeringe deur die magte van die duisternis. Hy was geskik en bekwaam vir die groot en gewigtige diens om die volk op te roep tot ware bekering en om aan te kondig dat die Saligmaker weldra in hulle midde sou verskyn. Hy was vervul met die Heilige Gees. En dit mag ons wel altyd in gedagte hou dat diegene wat met die Heilige Gees vervul wil word, sober en matig moet lewe. Daarom kon Johannes die Doper dan ook die middel in Gods hand wees om baie siele tot die Here te bekeer en hulle te berei om die evangelie van Jesus te ontvang — en daarom kon hy **hulle** èn **ons** toeroep: Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld dra!

25 Desember. **Lees** Luk. 2:8-14. **Teks:** Luk. 2:14.

EER AAN GOD — VREDE VIR DIE MENSE.

In die salige en heilige nag toe Christus in Betlehem gebore is, het daar 'n hele hemelse leërskare van engele gekom om te sing: „Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae." En met hierdie lied word nou verklaar wat die rede is van die koms van Christus in die wêreld, naamlik die liefde of die vrye welbehae van God in die mense. En terselfdertyd word ook verklaar wat die doel is van die koms van Christus, naamlik om vrede op aarde te bring.

En die mense moet hierdie lied van die engele voortdurend op die aarde sing. Eenmaal het God die mens geskape met 'n hart en 'n tong tot lof en prys van sy Naam. Maar hierdie loflied is versteur toe die sonde sy intrek in die hart van die mens geneem het. Toe kon die hart en die mond van die mens slegs wanklanke voortbring. En die heilige Kersnag verkondig nou aan ons dat God in sy groot liefde en barmhartigheid die mens op aarde nie wou vergeet of loslaat nie. In sy herskeppende genade soek God die mens weer op. En as een aan wie genade betoon is, moet die mens weer gaan sing tot eer van die Here en tot lof van die Almagtige. Want God het sy wonder van genade geopenbaar: Christus, die Verlosser en Saligmaker, is gebore!

Christus het gekom om sy volk te verlos — en die verlossing van die mens strek tot eer van God. Daarom moet sy heerlikheid besing word met diep ootmoedige en dankbare harte.

Die saligmaking van die sondaar moet dan ook noodwendig uitloop op die lof van die Here. Want met die koms van Christus het die vrede ook op die aarde gekom. Die versoening met God is nou weer moontlik. Die koms van Christus waarborg dan ook vir ons die saligheid waarin ons die erfgename van God en die mede-erfgename van Christus sal wees. Máár dit vra geloof — die geloof wat die innerlike drang in ons wek om die engele dit na te sing:

„Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae."

26 Desember. **Lees** Luk. 2:15-20. **Teks:** Luk. 2:18.

ALMAL VERWONDERD.

Die verskyning van Jesus op die aarde was die wonder van alle wonders. Almal wat van sy geboorte gehoor het, was dan ook met verbasing aangegryp. Alles rondom Christus is dan ook ‚wonderlik'. Die profeet Jesaja het ook gesê dat Hy genoem sal word: Wonderbaar!

En Christus is ook waarlik te verwondere. Sy koms in die wêreld wat nie uit die natuurlike verloop van die geskiedenis verklaar kan word nie; sy lewe op aarde; sy lyding en kruisdood; sy opstanding en verskyning; sy versoening en hemelvaart is en bly altyd so wonderlik.

Maar 'n verbygaande verwondering bring geen blywende seëninge mee nie. Selfs 'n blywende verbasing werp ook geen vrugte af nie. Want dit is nie in die weg van verwondering nie, máár in die weg van geloof dat die saligheid te vind is.

Die verwondering oor die geboorte van Christus het by die mense dan ook nie lank geduur nie. Vir 'n tyd lank het die mense daaroor gepraat: 'n Kindjie is in 'n stal gebore! Engele het die eer aan God gebring! Skaapwagters het die wonderlike geboorte bekend gemaak! Daar het 'n wonderlike ster verskyn, en wyse manne het uit die Ooste gekom en groot hulde aan die Kindjie bewys! Maar so na drie, vier jaar het dit stil geword. En dertig jaar later toe die Here in die openbaar begin optree het, was daar weinig meer wat die wonderlike gebeure onthou het nie. Die verwondering was net tydelik. 'n Mens vergeet so go — en hy vergeet so baie.

Maar die verwondering is alleen langs die weg van geloof vrugbaar vir onse siele. Want alleen 'n gelowige verwondering kan ons voer tot dankbare aanbidding. Ons kan ons wel baie verwonder oor Jesus, maar tog nog vér van die geloof af bly. Want die verwondering is 'n menslike aandoening wat opgewek word deur dinge wat voortreflik is en wat bo ons begrip uitgaan. Máár die geloof is 'n **krag** van God wat die sondaar tot Jesus voer om níe weer van Hom af weg te gaan nie.

27 Desember. **Lees** Jes. 9:1-6. **Teks:** Luk. 2:19.

IN DIE HART BEWAAR EN OORDINK.

Die wonderlike geboorte van Christus het 'n groot verwondering by die mense veroorsaak. Maar by diegene wat hulle slegs verwonder het, was daar ook andere wat 'n diepere indruk ontvang en 'n blywende seën van die eerste Kersfees weggedra het. Aanvanklik mag Maria en die herders net so verwonderd gewees het, — maar by hulle het dit 'n innige en vaste geloof geword, sodat Maria alles wat sy gehoor en ervaar

het, bewaar en rustig oordink het, en die herders het God geloof en gedank. By Maria vind ons nou die stille ootmoed voor die Here. En ootmoed is in 'n ryke mate die sieraad wat in 'n stille en sagmoedige gees vertoon word — en dit is altyd kosbaar in die oë van die Here. Maria het geweet om te swyg, maar nie sonder om opmerksaam te wees nie. Niks van alles wat gebeur het ontgaan haar oog en haar hart nie. Sy bewaar dit alles omdat dit vir haar waarde het. Haar hart het 'n skatkamer geword waarin sy dit alles bewaar het. En dan bêre sy dit nie alles maar net eenvoudig daar weg nie, maar sy bly werksaam daarmee. Sy oordink dit en redeneer in stilte met haarself daaroor. Sy vergelyk die mededelings van die herders en die woorde van die engele en die aankondiging van die profete, en sy bring dit alles met mekaar in verband, en kyk hoe wonderlik dit alles met mekaar inskakel. En dit alles gebeur in stilte. Met 'n kalme en rustige stemming in haar hart oordink sy dit alles. In Maria sien ons die peinsende en nadenkende geloof wat nie baie praat of baie vrae stel nie.

En in stille bepeinsing en oordenking word die evangelie ook vir ons altyd ryker en voller vir ons sielelewe. En die Saligmaker self het gesê: „Salig is hulle wat die Woord van God hoor en dit bewaar."

28 Desember. **Lees** Hand. 1:1-8 en Luk. 2:15-20. **Teks:** Luk. 2:20.

LOFPRYSING.

Daar is nog altyd mense wat hulle verwonder oor die boodskap van die herders toe Christus in Betlehem gebore is. En daar is ook die wat by die verwondering saam met Maria alles bewaar en in die hart oordink. Maar by die verwondering en stille oordenking in die hart, moet daar tesame met die herders ook 'n loflied aangehef word om God te loof Want deur die evangelie van Christus word ons sielelewe altyd voller en ryker. Die stille Marias en die lowende herders moet mekaar altyd aanvul in die kerk van Christus. Maar elkeen in sy eie omgewing en in sy eie roeping. Die engele wat tot eer van die Here kom sing het, het terug gekeer na die hemel. En die herders het terug gegaan na hulle skape. Hulle is nog in dieselfde landstreek by dieselfde kudde. Alles is nog dieselfde, maar net die hart het verander. Die hart het verryk en verkwik geword — want daar by die krip in die stal van Betlehem het hulle die Saligmaker van die wêreld leer ken.

En as ook ons die Saligmaker eers leer ken het, bly alles nog dieselfde van vroeër: Ons huislike omgewing, ons swakke gesondheid, ons noodsaaklike omgang met onaangename mense, ons werksomstandighede en alles bly nog dieselfde, behalwe ons hart waarin die vrede van God neergedaal het, dié verander so dat dit God kan verheerlik.

En God kan oral verheerlik word. En ook eers **dan** wanneer ons die Verlosser en Saligmaker waarlik aanskou het soos Hy in hierdie wêreld gekom het in die stal van Betlehem, sal ons tot die werklike heilige verwondering kom; en ook **dan** eers sal ons saam met Maria alles wat ons van Christus gehoor en gesien het, in die hart bewaar en oordink; en ook eers **dan** sal ons God loof en saam met die skaapwagters van Betlehem die engele dit kan nasing:

Ere aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde vir die mense van Gods welbehae.

29 Desember. **Lees** Luk. 2:41-52. **Teks:** Luk. 2:49.

IN DIE DINGE VAN DIE VADER.

Dit was 'n vaste gewoonte by die volk van Israel om elke jaar in groot getalle na Jerusalem te gaan om die paasfees te vier. Aardse belange moet soms opsy gesit word ter wille van geestelike belange. Dit het Josef en Maria ook gedoen. En toe Jesus twaalf jaar oud was, het hulle Hom ook saam geneem. Die Joodse leraars het gesê dat kinders van twaalf jaar al van tyd tot tyd moet begin vas, om hulle sodoende te leer om op die Groot Versoendag te vas. Want op dertien-jarige leeftyd moes hulle reeds die pligte van die lidmaatskap van die kerk op hulle neem. Dit dien dan ook tot eer van Christus dat kinders reeds op 'n jeugdige leeftyd begin om die eredienste by te woon. Die Here het 'n welgevalle daarin dat kinders toon dat hulle aangetrokke tot Hom voel, en begering is om by die Here te vertoef, en dat hulle gewillig sy huis besoek.

Toe die ouers van Jesus na die fees teruggegaan het huis toe, het Jesus in die tempel agtergebly en het daarmee reeds vroeg in sy lewe getoon dat Hy sy roeping as Verlosser en Saligmaker verstaan. Jesus was opmerksaamheid en eerbied teenoor sy hemelse Vader verskuldig. Maar dit het nie beteken dat hy oneerbiedig teenoor sy aardse ouers was nie. Inteendeel word dit uitdruklik vermeld dat Hy sy ouers onderdanig en gehoorsaam was. En dit mag alle kinders **en** ouers ter harte neem.

Sy ouers het Hom gesoek todat hulle Hom gevind het. En almal wat Christus **wil** vind, sal dan **aanhou** met soek totdat hulle Hom vind. En hulle sal Hom dan ook vind in die dinge van die Vader: In sy Woord, in sy kerk, in die lewe van die ware geloof. En hulle sal Hom ook vind as die milde Beloner ten opsigte van al hulle behoeftes. Want Christus het „in die dinge van sy Vader" al die kennis en al die wysheid gevind om te weet dat Hy die Verlosser en Saligmaker is, die goeie Herder, wat sy lewe vir sy skape sou gee.

30 Desember. **Lees** Matt. 1:18-25. **Teks:** Matt. 1:23(b).

EMMÁNUEL: GOD MET ONS.

Met die geboorte van Jesus Christus is die profesie van Jesaja vervul: „Kyk die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, wat beteken: God met ons." Voor sy hemelvaart kom die belofte andermaal tot ons: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Ja, dit is ons enigste troos beide in lewe en sterwe dat ons nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al ons sondes tenvolle betaal het.

Emmánuel! Aan moedersknie het ons alreeds die woorde geleer: „Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my." Die apostel Paulus jubel dit uit: „As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?" Ja, ek is tot alles in staat deur Christus wat aan my krag gee! Deur hierdie vaste geloofsvertroue kon die martelare van die Christelike kerk, sonder vrees, getuienis lewer dat Jesus alleen hulle Redder en Verlosser is.

Deur hierdie sekerheid is Paulus in staat gestel om die aller swaarste offers te bring ter wille van die evangelie van Jesus Christus. Onder alle lewensomstandighede jubel hy die „nogtans" van die geloof uit. Wanneer die verskrikkinge van die huidige wêreldtoestande ons diep verontrus, kom die evangelie met sy troos dat die Here regeer, dat Hy ons enigste en laaste Toevlug is: „want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

31 Desember. **Lees** Matt. 2:13-18. **Teks:** Matt. 2:18(b).

RAGEL BEWEEN HAAR KINDERS.

Daardie skreiende droefheid van wenende en troostelose moeders na die vreeslike kindermoord van Betlehem, beskrywe die evangelis met 'n aanhaling uit die profeet Jeremia: „Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie."

Hierdie geween van Ragel is van daardie oomblik af die woorde waarmee die moederhart geteken word wanneer sy van haar dierbare kinders beroof is. Daar is byna geen huis nie of die stem van Rama is eenmaal gehoor: rouklag en geween. Meer as een moeder ken daardie diepe smart. Dan kom die vraag dadelik in die binneste op: waarom en waartoe?

Ons staan hier voor 'n duistere raaisel in die Godsbestuur. Met trane van weemoed staar ons op die onbegryplike en ondeurgrondelike in die weë van die Allerhoogste. Ons bevind ons hier in die teenwoordigheid van Hom wie se weë nie alleen anders, maar ook oneindig hoër is as ons weë! Dis alleen daardie kinderlike geloof wat aan so 'n beproefde berusting kan skenk en waardeur die wenende stem in Rama tot bedaring kom.

Onse Heiland het aan Petrus gesê: wat Ek nou doen begryp jy nie maar jy sal dit hierna verstaan. Wanneer die geloof dan eenmaal sal verander in aanskouing, sal ons sy goddelike wysheid aanbid. Wie in daardie geloofsvertroue lewe, weier nie meer langer soos Ragel om vertroos te word, omdat Hy wat die Opstanding en die Lewe is, die doodskaduwee in die ewige môrestond sal verander: „En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."